

AFDELING K.

---

DIE PERIODE 1825 - 1860 (voortgesit)

---

DIE PER DE SKOTSE PREDIKANTE EN HUL  
PREDIKING.

KERK EN PREKIKING IN SHOTLAND.

Die Prediking en Dordt.

Die ooreenkoms tussen Nederland en Skotland is in meer as een opsig merkwaardig. Nie slegs word dit gesien in die aard van die mense nie, maar veral geld die verwantskap op kerklike terrein. In die sewentiende eeu het Holland invloed op haar westelike buurstaat oorkant die kanaal uitgeoefen, want daar was gemene handelsbetrekkings, sedate het in die leers oor en weer gedien en studente van beide lande het mekaar ontmoet. Prof. Henderson sê: "One can distinguish the Dutch influences; and one finds that their importance in Scottish Church history is difficult to exaggerate." 1) Afgesien van hierdie direkte invloed het Skotland langs die bane ontwikkel en het die stroom van die kerklike lewe min of meer langs dieselfde pad gevloei as in Holland. Eers vind ons die stryd teen Rome dan die tydperk van stywe en koue regsinnigheid in die sewentiende eeu, wat later oorslaan na twee kante toe, die evangeliese en meer vrysinige rigting.

Die naam van die hervormer, John Knox, staan as met groot letters in die geskiedenis van Skotland geskrywe. Terwyl hy as balling in Genève verkeer, word die First Covenant in 1557 deur die "Lords of the Congregation" opgetrek, wat deur sy briewe daartoe geïnspireer was. Daarin onderneem die kerk om Gods Woord teen alle Romeuse magte te bevorder en te soek na die vrye prediking daarvan. 2) Die jaar 1560 sien 'n verder stap, die totstandkoming van die Confession of Faith en die First Book of Discipline, wat albei die gedagtes van Knox vertolk het. In eersgenoemde tree die gedagte op die voorgrond van/.....

---

1) G.D.Henderson: Religious Life in Seventeenth Century Scotland (Cambridge 1937), 78.

2) Cunningham: Church History of Scotland I. 243.

van die individuele verkiesing, die verkiesing van die geslag en van die volk. <sup>1)</sup> Terselfdertyd is vir die liturgie gesorg t.w. The Book of Common Order, wat deur dieselfde hervormer in Genève opgestel en vir tagtig jaar in die Skotse kerk gebruik is. Van daardie tyd af was die kerk van Skotland deur en deur calvinieties.

Die kontinuiteit van die kerk is hier nie deur die reformasie onderbreek nie, want die kerk het die hervorming self aangepak. Dit was hulle te doen om reiniging van die tempel. Tog was die stryd teen die Romanisme nie verby nie en het dit telkens opgeduik in die vorm van die Episkopalisme, veral aangehits uit die hoek van Engeland. Toe hierdie hoogkerklike party allerlei nuwigheite in die erediens wou invoer, is die National Covenant (1638) geteken, waarin die kerk onderneem om die "ware religie" te verdedig en alle innovasies teen te gaan. <sup>2)</sup>

Wanneer die Algemene Sinode besluit om alle biskoppe te skors, wil die koning die opstand met geweld onderdruk. Die "Covenanters", soos hulle genoem word, maak hulle egter slaggeveed en die twee leërs ontmoet mekaar by Duns Law. Al vind geen bloedvergieting plaas nie, behaal die "Covenanters" die oorwinning en maak goeie vriende met die puriteine van Engeland. Die Solemn League and Covenant word nog gemaak (1643) vir die hervorming en verdediging van die egte godsdiens in Skotland, Engeland en Ierland. Hulle beskou as vyand nommer een die volgende: "popery, prelacy, superstition, heresy and schism." <sup>3)</sup> Die Skotte was nog altyd trots op hierdie "Covenant"- tydperk. Saans by die haarde het moeders tot in verre geslagte hul kinders van die heldedade vertel. Daardie gees van durf, strengheid en onafhanklikheid is later meermal by die volk en hul geestelike leiers gevind.

'n Verdere/.....

---

1) Biesterfeld: Schets van die symboliek, 98.

2) Cunningham s.w. I. 526.

3) Idem II. 44.

'n Verdere kristallisering van die dogma vind plaas toe die Westminster Confession of Faith (1643) deur 'n spesiale sinode vasgelê is. Dit is tot vandag toe die belydenis van die Presbiteriaanse kerk. Ook die Larger Catechism, Shorter Catechism, Directory for Public Worship en die metriese uitgawe van die Psalms word by die Westminster byeenkoms aangeneem. <sup>1)</sup> Skotland is tans meer puriteins gemaak as ooit tevore.

Die episkopale en die "covenanters" het tussen 1643 - 1688 soms tot wrede botsings gekom, maar in 1688 bestyg Willem van Oranje die troon en begunstig die "covenanters." Nou het Presbiterianisme finaal geseëvier en in Skotland bevestig geword.

Ons opskrif bo hierdie paragraaf maak melding van 'n ander belangrike sinode n.l. van Dordt. Ons doen dit met opset omdat die prediking van die sewentiende eeu in Skotland soveel ooreenkoms toon met dié van die Nederlandse Dordtse gees. Ook daar was die verkondiging streng ortodoks na die letter, maar baie skolasties en droog na die gees. Wel was Skotland nie eers direk verteenwoordig op die sinode van Dordrecht (1618, 1619) nie, maar hulle het die besluite heelhartig oorgeneem. Dié kerklike byeenkoms het 'n besondere plek in die Skotse denke ingeneem. <sup>2)</sup> Na Dordt mag geen dominee in Skotland anders as 'n goeie Calvinis wees nie.

Veral het hulle gewaak teen die Arminianisme, 'n rigting wat in die prediking maklik insluip. Toe in 1622 in Engeland die verkondiging van "the deepe points of Predestination, Election, Reprobation or the Universalite, Efficacie, Resistibilitie or Unresistibilitie of God's Grace" verbied was, het Skotland dit beskou as 'n beskerming van die Arminianisme.

Die/.....

---

1) Biesterfeld a.w. 99.

2) Henderson a.w. 78.

Die gevaar was nie denkbeeldig nie, want die episkopale, in naam 1)  
 neg calvinisties, het erminiaanse, platoniese e.-. idees toegelaat.  
 Die presbiteriane egter was in hart en nurg gereformeerd en het geen  
 ruimte vir leervryheid toegelaat nie. Daar sou wel verskille  
 onder hulle in die toekomst kom, maar alleen ten opsigte van aksen-  
 tuering en in die graadverskil van hul Calvinisme. 2)

Die Scots Confession beskryf, net soos ons Heidelberg-  
 se Kategismus, die kenmerke van die ware kerk "first the true  
 preaching of the word of God ..... secondly, the right ad-  
 ministration of the sacraments." Die prediker is nie priester  
 nie, maar lerende ouderling. Die prediking was uitleggend van  
 aard, net soos by Calvyn, terwyl die metode ooreenkom met dié van  
 Nederland: disputasie, retoriek en sitate uit die hervormers.  
 Die verdeling volg die formule van "doctrines, reasons and uses",  
 eers die leerpunte in die teks, dan argumente om dit te bewys  
 en dan die toepassing. Die leerrede bevat eindelose subdivisies  
 wat die hoorder nie altyd kan volg nie.

Wat die erediens betref, die inrigting daarvan is ook  
 baie soos die in Nederland en Suid-Afrika. Die preekstoel staan  
 in die middel, die "precentor" (voorsinger of voorleser) onder  
 die kansel en die kerkradelede langs die kante. 3) Die orde  
 van diens is: gebed, "lecture" (skriflesing met kommentaar op  
 vers vir vers), gebed, preek, psalm en seën. 'n Besondere eien-  
 skap van die Skotse erediens was dat die voorsinger elke reël van  
 die psalm voorlees en die gemeente dit dan sing. 4) Die preek was  
 meestal baie lenk, droog en onaantreklik.

Die Prediking en die "Evangelicals".

Tot diep in die eerste helfte van die agtiende eeu  
 was die Presbiteriaanse kerk die enigste en die magtige in Skotland

Behalwe/.....

- 1) Idem, 68.
- 2) Cunningham a.w. II. 246.
- 3) Henderson a.w. 190, 192, 201.
- 4) Graham: The Social Life of Scotland in the Eighteenth Century  
 (London 1909), 291.

Behalwe die klein afsplitsing van die Cameronians in 1680 was daar geen ander mededinger nie. In 1737 egter het die eerste vernane afskeiding plaasgevind onder die naam van die "Secession." Dit het sy eerste stoot gekry deur 'n onskuldige boek in 1646 reeds deur Edward Fisher geskrywe. "The Marrow of Modern Divinity" is deur Thomas Boston in die huis van 'n lidmaat gevind en die lees daarvan was hom tot seën gewees. Hy gee 'n heruitgawe daarvan in die lig. Die boek het tot die ou puriteinse tipe van Engeland behoort, wat die weg tot saligheid wyd oopmaak, die sonde as magtelose bestempel en hem probeer oorrede om adellik die uitgestrekte hand van Gods genade aan te neem. <sup>1)</sup> Die Algemene Sinode lê in 1720 egter 'n verbod op die lees van die boek, omdat dit die volgende ketterye sou leer: (i) die algemene versoening; (ii) sekerheid lê in die wese van geloof; (iii) heiligmaking is nie nodig vir die saligheid nie; (iv) die vrees vir straf en die hoop op loon mag nie motiewe vir die gelowige se gehoorsaamheid wese nie; en (v) die gelowige is nie onder die wet as reël vir die lewe nie. <sup>2)</sup>

Die raison d'être van die "Secession Kirk" - soos hy genoem is - was egter 'n preek. As die prediking nie so ernstig in Skotland opgevat was nie, sou die sinodale preek van Ebenezer Erskine nooit so 'n opskudding veroorsaak het nie. "Scotland has been a land of preachers. Probably in no country in the world have pulpit ministrations exercised so much influence or been taken so seriously by the people." <sup>3)</sup>

Volgens die gebruik van die "patronaat" kon 'n prediker deur innenging van buite op 'n gemeente afgedwing word. Ebenezer Erskine "a non-jurer, a marrow man, an anti-patronage man", moderator van die provinsiale sinode, protesteer daarteen in die genoemde preek, met die gevolg dat hy, Thomas Boston e.a. gekors word.

Agt/.....

---

1) Garvie: The Christian Preacher (Edinburgh 1920), 167.

2) Cunningham e.w. II. 251.

3) David Woods: The Soul of a Scottish Church, 145.

Agt dominees kon in 1737 die "Associate Presbytery" stig. <sup>1)</sup>  
Op die oag was die die "intrusion" - beginsel op die spel, maar agter die beweging skuil die invloed van die "Marrow" en 'n reaksie teen die heersende dooie vorm van die godsdiens.

Nederland en Skotland het ook lft in gemeen dat daar gedurig kerklike afskeidings plaasvind. Al moet hierdie verskynsel betreur word, sien ons daarin die karakter van die Skotte. Hulle was baie onafhanklik van gods en wou geen tirannie oor die gewete duld nie. Die "Secession" is in 1747 weer gespits tussen "Burghers" en "Anti-burghers" op grond van die "Burgess Oath", waervolgens die burger moes sweer dat hy trou staan by die ware religie, soos deur die wet voorgeskryf. Die vraag was of die ware godsdiens dié van die "Covenant" was al dan nie. <sup>2)</sup>

Twee-en-vyftig jaar later kom daar 'n verdere jammerlike skeuring onder hulle gelede. Die "Burghers" wat nog aan die "Solemn League and Covenant" as norm vashou, verklaar hulle in hul Sinode teen alle burgerlike inmenging in godsdienslike sake, b.v. dat die magistrat sal intree om te straf. 'n Minderheid stem nie hiervoor nie en tree uit as "Original Burghers" of "Auld Lights" teenoor die wat voorgee om 'n nuwe lig op die "Solemn League and Covenant" te besit. Van hierdie nuwe stigting sê iemand dat hulle "one of the most stubborn and self convinced of little religious communities still lingering on obscurely in perfect conviction" is. <sup>3)</sup> Die Murrays van Suid-Afrika se voorouers het tot die "Auld Lights" behoort. <sup>4)</sup>

In 1820 is al die "Burgher" - groepe gelukkig hereni tot die "United Secession Church" met 'n totaal van 325 gemeentes.

'n Ander/.....

---

1) Cunningham a.w. II 285, 302.

2) Idem II. 329.

3) Graham a.w. 377.

4) J. du Plessis: Het Leven van Andrew Murray, 17.

'n Ander skisma was dié van Thomas Gillespie toe die "Relief Synod" (1761) die lig gesien het. Die aanleiding daartoe was andermaal die "patronage"; toe hy daarvan wegbreek beskou hy dit as "a relief from patronage". Hierdie afskeiding het nie so goed gegaar soos die ander nie, sodat Gillespie vir jare die enigste leraar was.<sup>1)</sup> Die "Relief kerk" en die "United Secession" het later (1847) saamgesmelt tot 'n sterk eenheid, die "United Presbyterian Church."

Al hierdie afgeskeie kerke het in die agtiende eeu 'n meer evangeliese voordrag van die godsdiens gesteun. Die Irskines was gekenmerk deur hul persoonlike toewyding en innige vrouweid. Ebenezer Erskine het 'n "warm and pure Gospel" gepreek. Toe iemand sy vriend vra of hy ooit Ebenezer Erskine hoor preek het en die antwoord ontkennend was, volg dit: "Then, sir, you have never heard the Gospel preached in his majesty."<sup>2)</sup> Dit tref ons dat die "Secession" ondersteun is deur talryke bidgeselskappe, wat oor die hele land georganiseer was. Meer as een afgeskeie gemeente het uit so 'n biduur ontstaan. Veral het hulle die geleeders gesluit teen die opkomende "Moderatism".

"Gospel-preaching" in sy intens evangeliese betekenis geneem, het tradisie by die "Secession" en aanverwante kerke geword. Dit was 'n warm hartelike prediking. Die volk het daarna verlang, want as die prediker droog was, den noem hulle hem 'n "yuill" (ale) predikant d.w.s. die mensse verdwyn tussen die diens en hier te gaan drink. As hy egter 'n "gospel man" of 'n "affectionate preacher" is, word hy as 'n "kail pot preacher" bestempel, omdat die gehoor so sandagtig luister dat hulle die "kail" in die pette tuis vergeet.<sup>3)</sup>

Die leer van die uitverkiesing is nie tipies Skots nie, maar eie aan die Calvinisme. Tog het die Skotte dit op hul besondere manier voorgedra. Die uitverkorenes kon alleen die eindelose wêl vryspring deurdat 'n offerande aan God gebring is

en/.....

---

1) Cunningham a.w. II. 351.

2) Woodside a.w. 29, 149.

3) Graham a.w. 307.

en dat Christus se lyding gelyk moes staan aan die wat die verlostes andersins moes verduur. Daarom moes Hy die toorn van die Vader verduur. Terwyl die meerderheid leer dat Jesus slegs die ellende gesmaak het wat die uitverkorenes moes ly, leer die "Marrow men", die Erskines en Boston dat Jesus vir alle mense gesterf het en daarom moes Hy die ellende van die hele wêreld dra. <sup>1)</sup>

Hulle het die genade aan almal aangebied en nie net aan die verkorenes nie. "They reckoned themselves Calvinists; but their Calvinism, as in the case of Calvin himself, did not prevent them from imputing to their hearers the most direct responsibility for the rejection of Christ and for neglecting the opportunity available for all of receiving the power of God unto salvation." <sup>2)</sup> Gervie sê dat hulle gematigde en nie hyper-calviniste was nie; hulle Calvinisme was "broad, catholic, liberal" en was geïnspireer deur die sendinggees van die Christendom. <sup>3)</sup> Vir ons in Suid-Afrika is hierdie punt van groot belang, soos ons later sal sien.

Die aanhangers van die "Marrow" het geywer vir die sekerheid van die seligheid en in hul prediking gevre dat die hoorder moet seker maak dat hy 'n gepredestineerde is. Hulle is gemaak en Christus as borg (surety) aan te neem en te glo dat Hy hul skuld betaal het by God. Daar was 'n sterk aandrang by die luisteraar om "to get to grips with Him", "to close with His offer," "to embrace Him", "to be espoused to Him." <sup>4)</sup> Hulle het die uitverkieëring so vertolk dat die sondeur 'n baie duidelike verantwoordelikheid ook besit. Die aanmoediging tot 'n persoonlike beslissing het dikwels gepeerd gegaan met heelwat gevoel en die "Evangelicals" is daarin onderskei van andere. 'n "Affectionate preacher" was 'n aanbeveling vir 'n vakante pos. <sup>5)</sup>

Gewoonlik/.....

---

1) Idem, 407.

2) Goodside a.w. 147.

3) The Christian Preacher, 138.

4) Graham a.w. 408.

5) Idem, 310, 295.

Gewoonlik word alle openbering van emosie op die kassal as meto- disties bestempel, maar die Skotse Calviniste was nie bang vir ge- veel nie. Van Arminianisme was hier geen sprake nie.

Gedurende die agtiende eeu was die tema in die ver- kondiging van hierdie mense byna altyd dieselfde. Dit was die "Fourfold state of man" t.w. (i) wat hy in sy oorspronklike staat was; (ii) wat hy was na sy val; (iii) wat hy onder die genade is en (iv) wat hy in die ewige staat sal wees. Dwers deur sy bediening borduur die prediker op hierdie stamien voort. In elke Bybelvers word hierdie tema gescek. Verder was hy beperk in die keuse van sy teks deur die "ordinary" d.w.s. 'n soort perikoopdwang, waardeur hy verplig is om oor sekere Skrifgedeel- tes te preek. "This was a custom universal in Scotland, for it was enjoined by the Church and beloved of the people."

Die gevolg was dat dieselfde preekmanier van die Cecejane in gebruik gekom het om b.v. soos Smytegeld 145 preke oor een teks te lewer. Thomas Boston preek vir een jaar oor die mens se verdorwenheid, een jaar oor Christus as redmiddel, dertien maende oor die toepassing van die redmiddel en rond sy "Fourfold state" af na byna vyf jaar. Die arme dominee was dikwels in duisternis en moeite om sy preekstof te vind en dit moes tot vindingrykheid van die prediker en tot verveling van die hoorder lei.<sup>1)</sup>

'n Ander kenmerkende eienskap van die Skotse predi- king was dat dit nooit gelees was nie, maar vry voorgedre is. Dit was wel uitgeskryf, maar die manuskrip is tuis gelast. So het die volk daarvan gehou en so is geglo dat die Here se seën daarop rus. Ralph Erskine het 'n "see-saw whine" in sy voordrag gehad en aan 'n liturgiese gedreun is in dié tyd geglo. Teen die einde van die agtiende eeu het hulle daarvan weggekou.<sup>2)</sup>

Sover het ons stilgestaan by die woordbediening van die afgeskeie kerke.

Die/.....

---

1) Idem, 294, 297.

2) Idem, 295.

Die evangeliese strekking was egter nie tot hul gelydere bepaal nie, maar het tot die gevestigde kerk ook deurgedring. Daar was binne die ou presbiteriaanse kerk 'n groep wat hulle "Evangelies", veral teenoor die "Moderates", genoem het en aan die begin van die neentiende eeu het hulle hulself tot 'n definitiewe party gevorm.

Die geestelike atmosfeer in Skotland was toe wêrelds, koud en onverskillig. Kerkgang was aan die orde, maar was vir die meeste net 'n gewoonte. Toe kom dr. Andrew Thomson op die toneel met sy prediking wat soos 'n bom onder die mense val. "He preached clear, well-reasoned, tersely-written discourses, strongly Evangelical." <sup>1)</sup> Hy het voorrang verleen aan die leerstukke van genade en versoening en sou was daar 'n verandering onder die mense. Sy volgelinge is "Thomson's Men" genoem. <sup>2)</sup>

Hierdie herlewing wat gevolg het, het gelei tot 'n merklike botsing. Die man wat hier in die midde van alles gestaan het, was die begaafde dr. Thomas Chalmers, wat met die evangeliese herlewing van Engeland in aanraking was. "He began preaching Christ as Paul, and Luther and Bunyan and Arskine had preached Him and the devils at once began to scamper." <sup>3)</sup> Hy het daarteen gestry dat die staat 'n predikant op die gemeente affers en in 1834 is die "Veto Act" deur die Sinode besluit, waardeur die gemeente besaar kan maak teen 'n kandidaat. Dit het uitgeloop op die Disrupsie van 1843 toe die "Free Church" ontstaan het na sy afskeiding van die "Established Church".

Die begin van die neentiende eeu was 'n tydperk van geestlike bloei vir die Skotse kerk. Daar is geywer teen slawery, teen die "Test and Corporations Acts", teen misstande in myn en fabriek, terwyl die sending-liefde opgevlam het. "That wave of evangelical religion.....had come streaming into the church of Scotland." <sup>4)</sup>

Die/.....

- 
- 1) Peter Bayne: The Free Church of Scotland, (Edinburgh 1894), 39.
  - 2) Garvie: The Christian Preacher, 224.
  - 3) Bayne a.w. 54.
  - 4) Idem, 92; John Mackay: The Church in the Highlands, 230, 231.

Die predikante wat na Suid-Afrika oorgekom het was meesal van die "Evangelicals". Van alle vreemde lande waar gesoek moes word vir versterking vir die kerk in Suid-Afrika, was daar seker geen oord, behalwe Nederland, meer geskik as Skotland nie. Die aard van die twee volke en die leer en strekking van die twee kerke het baie in gemeen gehad.

Die Prediking en die "Moderates".

Van 'n ander kant het daar in die agtiende eeu skerp reaksie teen die rigorisme van die "Covenanters" gekom. Die fynes en geleerdes, veral onder die episkopaal-geesinde, het begin voorkeur gee aan 'n ruimer opvatting van die godsdiens en gespet met die "Unctuous verbiage and nasal twang" van die steere puriteinse predikers. <sup>1)</sup> Al meer en meer het daar 'n party binne die kerk gevorm wat gestaan het vir "quiescence and acquiescence, for moderation and compromise, for humanism and for not being zealous overmuch." Trouens, hierdie neiging sit van nature in die menslike samestelling

Hulle staan skerp teenoor die "Evangelicals" en noem die Erskines en Gillespies "High-flyers." Die koning en die aristokrasie word deur hulle gerugsteun, terwyl die "Evangelicals" vir die regte van die volk stry. In die jare 1712 - 1751 was die "Moderates" sterk op die voorgrond, alhoewel nie oorheersend nie, maar tussen 1751 - 1800 het hulle onder leiding van Robertson die botoon gevier. Dit was die "hey-day of Moderatism." <sup>2)</sup>

Die agtiende eeu staan gekenmerk as die tyd van die Franse Revolusie, Voltaire, die Franse Ensiklopediste en Tom Paine. 'n Vlaag van skeptisisme het van Frankryk na Skotland oorgewaai en manne soos David Hume het dit groter ingang laat vind. Prof. Hutcheson van Glasgow gee aan sy studente lesings oor "moral philosophy", terwyl die glans van die gereformeerde dogmas al dowwer word. Teologiese studente word nou moeg vir die stywe Hollandse teologie en voeg hul liewers by Franse outoriteite. <sup>3)</sup> Dit was die eeu van die Verligting.

Die/.....

---

1) Cunningham II. 301.

2) Goodside a.s. 40

3) Graham a.s. 352.

Die gety van toleransie kom ook tot sy vloed. Prof. Simson wat beskuldig staan van Arianisme, word wel gekors, maar toegelaat om sy traktaat te behou. Prof. Campbell van St. Andrews van kettery verdenk, is volkome vrygespreek. Teenoor die skeptisisme van David Hume bewys die kerk hom verder tolerant.<sup>1)</sup> Hierdie vrysinnige gees was iets nuuts vir die kerk van Skotland.

Die kensel dien gewoonlik as klankbord van alles wat rondom gebeur en vroeg het hierdie gees in die prediking uiting gevind. Die temas van hierdie predikers was: "the duties of everyday honesty, charity, good neighbourhood..... poor-laws and benefit-societies." Daarom ook dat hulle "legal or moral preachers" genoem is.<sup>2)</sup> Edward Purt meen in 1756 "that ministers should speak more civilly of morality; for to tell people they may go to hell with all their morality at their backs, tends to diminish the fear of sin."<sup>3)</sup> Hulle het nie geglo dat die sondar geheel verdorwe is nie en daarom nie gepleit vir oorgawe en harte-verandering nie. Trouens, alle gesedrif in die godediens het hulle verfoei. Die gevolg was dat hulle preke "cold and stilted" was en geen dryfkrag bevat het tot 'n heiliger lewe nie. Net waar hulle kom daal die kwik van die geestelike termometer.<sup>4)</sup> Die gevolg was dat wanneer hulle die "heads" van hulle leerredes "neergelê" het "the congregation laid down their heads in the pews."<sup>5)</sup>

Hierdie vryere opvattinge het ook 'n stempel op die gedrag en leefwyse van die "moderate"-dominees gehad. Hulle was baie opgewek in geselskappe en die 'n asketiese beleid deurgevoer nie. Dr. Webster b.v. woon allerlei diners by en besoek selfs die kantien. Die "Evangelicals" beskuldig hulle van "spiritual deadness; of neglected parishes, of unvisited people, of foresken death-beis, and comfortless preaching."

Die/.....

---

1) Graham a.w. 355, 358.

2) Idem, 362.

3) Idem, 410.

4) Woodside a.w. 42, 43.

5) Graham a.a. 362.

Die Erskines het hierdie nuwe skool van predikers bestempel as "paganised divines" en Ralph Erskine sou uitgeroep het: "the legal path is the cleanest road to hell." 1)

Die volk het daarom hul sielespyse by die afgeskeie kerke gaan soek. "The people in many districts despised and detested all "legal preachers", who taught morality and dared to suggest that to do duties of life formed an element of christianity. They loved men.....who denounced all teaching of morality as causing men to trust in their filthy rage of selfrighteousness." 2)

As proewe van "Moderate"-prediking neem ons dr. Hugh Blair (1718-1800), wat baie mooi kon preek en van wie Koning George III verlang het dat sy leerredes in die hand van elke kind mag wees. 3) Dit tref ons dat hy in sy prediking samesien dat almal in die gemeente christene is, sodat die verlore sondear nie in die gewete aangegryp word nie. Daar is geen behandeling van die direkte nood van die siel en geen oproep om met God versoen te raak nie. Sy prediking is meer objektief as subjektief. 4) "His sermons are cold representations of the accepted Christian doctrines and ethics, without the warmth of evangelic earnestness or the driving power of great conviction. There is a want of vitality." 5)

Hierdie soort verkondiging staan gelyk met dié van die supra-naturalisme in Nederland en Suid-Afrika. Die Skotte het egter nie hulle gelede in ons land kom versterk nie, maar was meesal uit die kamp van die "Evangelicals". Vir die prediking van die Kaapse kerk was dit van hoë belang. Verder het die Skotse predikante wie se vaders soveel mees stry om die kerk te bevry van die staatsjuk, hulle heelhartig in Suid-Afrika ingewerp om die Ned. Geref. Kerk los te weel van die leiband van die burgerlike owerheid. Daar is 'n noue band tussen die kerk se eis om geestelike onafhanklikheid en die geloof in die evangeliese leer.

---

1) Idem, 303, 410.

2) Graham a.w. 369.

3) Muir: The Church of Scotland - a sketch of its History, 144.

4) Woodside a.w. 148.

5) Gervie a.w. 170.

HOOFSTUK 36.

DR. GEORGE THOM.

Lewensloop.

Nadat die Engelse die Kaap vir die tweede keer in 1806 in besit geneem het, is 'n doelbewuste angliseringsbeleid ten opsigte van die kolonie deurgevoer. Lord Charles Somerset het aangekondig dat die amptelike taal voortaan Engels sal wees. Die skole moes dieneoreenkomstig omgeskep word en die Hollandse kerk, die belwerk van die Nederduitse kultuur, moes dieselfde weg opgaan. Om dit te bewerkstellig het Somerset die plan beraam om Engelse onderwyers en predikante van oorsese in te voer. Kintlik het luit.-kol. John Graham die wenk aan die hand gedoen. <sup>1)</sup> Om hierdie gedagte tot uitvoering te bring het die goewerneur van ds. George Thom gebruik gemaak.

Gebore op 18 Junie 1789 het die jonge George reeds vroeg die neiging openbaar om sendeling te word. Sy opleiding daartoe het hy in die seminarie van Gosport, geleë teenoor Portsmouth op die kus van die inham, ontvang. Hierdie inrigting het in 1780 onder leiding van dr. David Bogue tot stand gekom vir jongmense wat in diens van enige non-konformistiese denominasie in die ewangeliebediening wou gaan. Later het dit in noue verband met die Londense Sendingsgenootskap gestaan. <sup>2)</sup>

Sy vorige akademiese afrigting het aan die universiteit van Aberdeen geskied. In hierdie tyd het hy die gewoonte gehad om 'n opsomming te maak van elke preek wat hy hoor. Uit so'n oorgeblewe boekie <sup>3)</sup> blyk dit dat hy nou in noue aanraking met die Independente was, want hy sit dikwels onder die gehoor van hul predikante.

Hy/.....

---

1) Records IX-264.

2) "David Bogue" deur A.B. Crossart in The National Biography (uitgegee deur L. Stephen en S. Lee 1906).

3) "Heads of Sermons (No.1); begun at Aberdeen Feby. 1804 finished 1st Jan'y 1805". Aan my geleen deur ds. George Thom van Bloemfontein-Oos.

Hy word in 1812 deur die L.M.S. na Calcutta, Indië, gestuur, maar sy prediking vind by 'n Skotse regiment aan die Kaap soveel byval dat hulle hom versoek om onder hulle te bly. <sup>1)</sup> Die "Sutherland Fencibles", in 1793 opgerig, was van die begin van die negentiende eeu in Kaapstad gestationeer. Begerig om hul godsdienslike voorregte, soos hulle gewoon was, te geniet, stig hulle 'n eie gemeente en versoek eers. Thom om die gesandmiddels te bedien. <sup>2)</sup> Die gedrag van die besondere gemeente word gereken. "The regiment was a pattern for morality," skryf Thom, "they read their Bibles, they observed the Sabbath, they saved money in order to do good .....If ever apostolic days were revived in modern times on earth, I certainly believe some of these to have been granted to us in Africa." <sup>3)</sup>

Toe die garnisoen die land verlaat, het eers. Thom hom metterheen as sendeling in Kaapstad gevestig, waar hy 'n gesonde werk verrig het. Nadat hy hom van sy Genootskap losgemaak het "for reasons which are not material to those unconnected with that body," het Lord Charles Somerset hom aangestel as predikant van die Ned. Geref. gemeente Calcutta, aangewies deur ds. H.C. Vos weens oordadigheid sy emeritaat aanvaar het. Die goewerneur het voor dié eers sekerheid van di. Vos, von Manger, A Faure en Kiecherer gekry dat daar ooreenkomstige is tussen die godsdienslike oortuigings van eers. Thom en die belydenis van die Kaapse kerk. <sup>4)</sup> Hy is in 1819 deur ds. J.H. von Manger in sy amp bevestig.

George Thom was 'n innige gelowige en het saam met sy vrou Christina Louisa die Here van naby gevolg. Dit is duidelik dat hy tot die puriteinse groep van die Skotse kerk behoort het. Hulle bring 'n hele dag in vas en gebed deur, terwyl die inrigting/.....

---

1) De Honigby 1842. 156.

2) Gordon Balfour: Presbyterianism in the Colonies (Edinburgh 1899), 282.

3) Christian Herald, Oct. 1814, by Balfour a.w. 284.

4) Records XII.58, 116.

inrigting van hul private godsdiens in die teken van die askese gestaan het. <sup>1)</sup> Die Sabbat was vir hulle baie heilig. As hy op nuwejaarsdag, 1820, preek, waarsku hy die gemeente om Sondag steeds te verbiedig. Met huisbesoek bestraf hy 'n paar jongmense omdat hulle die vierde gebed oortree.

Sy dagboek gee die verrigtinge van een week weer. Sondag, 9 Julie 1819, preek hy na aanleiding van Sag. 9 v.12: "Keert gyliden weder tot de sterkte, gy gebondenes, die daar hoop<sup>2)</sup> Die sakrament word aan sesstig kommunikante uitgedeel, waaronder sewe slawe en kettentette is. Met danksegging neem hy tot tekswoorde: "Het is volbrucht." Die sand lei onderling Lourens 'n diens in die woning van die koster, want die buitense is reeds huistee.

In sy aanstellingsbrief aan ds. Thom het Samerest veral melding gemaak van die heidene rondom Caledon en die leraar gevra om sy aandag aan hulle te wy. <sup>3)</sup> Vir die oud-wedding was hierdie deel van sy arbeid ongetwyfeld 'n vreugde. Ons lees in sy dagboek telkens van vrygemaakte slawe wat in die biduur bid of aan die nagmaal deelneem.

Tydens sy Caledonse bediening het hy verlof gekry om twee jaar na Skotland te gaan. Met hierdie besoek moes sy Alma Mater, die universiteit van Aberdeen, hom 'n doktorsgraad honoris causa toegeken het, want van nou af is hy dr. Thom. Terug in sy gemeente was die verhouding tussen hom en die kerkraad gespanne. Op oujaarsdag, 1824, skryf hy dat sy gemeentelide wêreldgeesind is, dat kerkraadslede hom onbroederlik behandel, veral een onderling tydens censura morum. <sup>4)</sup> Ons weet nie wat die oorsaak van die veranderde houding was nie.

Gelukkig/.....

- 
- 1) Gedeeltes van sy dagboek, De Gereformeerde Maandblad, 1899.155.
  - 2) In hierdie tyd moes hy 'n studie van Zagaris gemaak het, want hy kies sy teks dikwels uit hierdie profesie.
  - 3) Records XII. 59.
  - 4) De Gereformeerde Maandblad, 1899. 175.

Gelukkig dan dat hy in 1825 as opvolger van ds. Kieherer na Tulbagh verplaas kon word. Dit die ses jaar van sy verblyf alhier het hy drie jaar nie gepreek nie, omdat hy aan verstandeverbystering begin ly het. Die voorleser moes hulpdiens verrig. Iemand kla in die dagers oor die toestand; die wa van die kerkraad waarmee huisbesoek gedoen moet word, word deur die dominee vir plesierritte gebruik en dan lui dit dat die vers lug sy gesondheid sal verbeter! <sup>1)</sup> Op 10 mei 1842 is hy oorlede.

Met die eerste sinode van 1824 het ds. Them waardevolle dienste verrig. Met die oproeping daartoe deur ds. A. Faure het hy 25 beskrywingspunte opgestuur wat hy behandel wil sien. <sup>2)</sup> Ons neem net No. 17: "No member of this church should be allowed to expound the Holy Scriptures publicly without having been first examined by the consistory of the District to which he belongs, and obtaining written permission from the minister; and he should only be allowed to hold such services in the District to which he belongs, unless he obtains the consent of the minister of another District where he may keep divine service and the permission may be withdrawn according to the decision of the consistory to which he belongs without appeal." Dit was die dag van lastige oefenars en lekepredikers wat op die heutigie konwentiekels wou hou. Hierdie beskrywingspunt het 'n plek gekry in die nuwe reglement van die kerk.

Ds. Them was assistent-scriba van die sinode, lid van die kommissie tot ondersoek van die werk van sendelinge in die kolonie, en voorsitter van die kommissie vir die oprigting van 'n eie kweekskool.

Hy sal egter altyd in die kerkgeskiedenis onthou word as die skakel tussen ons kerk en die Skotse kerk, as die persoon wat die eerste Skotse predikante na Suid-Afrika oorgebring het.

Tee/.....

---

1) De Zuid-Afrikaan, 9 Des. 1831, 20 Jan. 1832, 19 Des. 1834.

2) Acta Synodi 1824, S. 1. 24, K.K.A.

Toe hy met verlof in die buiteland was, is hy daartoe deur Lord Charles Somerset versoek. <sup>1)</sup> Omdat George Thom self vroom was en tot die evangeliese party binne die Skotse kerk behoort het, het hy na manne gesoek van gelyke oortuigings en beginsels. Deur sy bemoeiinge het die volgende leraars na Suid-Afrika getuig: Andrew Murray, Alexander Smith, Henry Sutherland, Colin Fraser en George Morgan, almal evangeliedienaars wat die kerk met toewyding gedien het. <sup>2)</sup>

Sy prediking.

Dr. George Thom/<sup>het</sup>terloops enige beskouings omtrent die verkondiging en die verkondiger aan ons nagelaat. Hy besef die verantwoordelikheid van die prediker om die weg aan sondears aan te wys. Toe hy 'n man, Mnr. Shepherd, wat dodelik krank lê, opsoek vra hy aan die dominee, waarom hy nie vroeër in tye van gesondheid met hom onderhandel het nie, want dan kon hy hom bekeer het. "This reproof I felt," skryf Thom, "a dying man looking to me with an eye which I shall never forget, addressing me in that manner.....O God, may I not find any at the bar of judgment, who shall charge me with having neglected their souls, when I had an opportunity of being useful to them on earth. <sup>3)</sup>  
Hy/.....

- 
- 1) Dreyer : Boustowe, 170.
  - 2) Ds. A.R.Thomson het ook saamgekom, eers as sendeling, maar later het hy predikant van Stockenstron geword. Van 1828 - 1836 het die volgende sewe bygekom: A.J. Edgar, J.Cassie, J.Pears, A. Robertson, A. Welsh, R.Shand en Thomas Reid. Daarna het die stroom voorlopig opgehou, omdat 'n geneegsame aantal landseuns uit Europa teruggekeer het. Moorrees a.w.508
  - 3) Narrative of the last sickness and death of Mr.Richard Shepherd, merchant at the Cape of Good Hope: in a letter to Joseph Reyner, Esq. by the Rev. George Thom, missionary at the Cape of Good Hope (London 1816), 12.

Hy meen dat in die oordeelsdag dit nie moeilik sal wees om te ontdek wie se plig dit was om sekere persone te waarsku nie.

Sy ondervinding met Shepherd, laat hom verder die noodsaaklikheid voel van "evangelical preaching". Toe die oorleiene jonk was, het hy in Yorkshire, en later in Londen, met 'n evangeliese prediking in aanraking gekom. Hy het intussen afgekoel, maar toe hy eersw. Thom in Kaapstad ontmoet en sy hartelike preke hoor, het al die ou indrukke van weleer teruggekeer. "There is an innate excellence in the gospel, however plainly delivered," skryf Thom, "which always leaves an impression on the mind. Discourses that are highly polished frequently lose the native simplicity of truth, and hence such sermons generally please the imagination, but do not profit the heart."<sup>1)</sup>

Mr. Shepherd het ses dae voor sy dood gesê dat daar 'n klas van prediker is wat die evangelie reduseer tot 'n paar sedelike beginsels. Hulle preek omtrent die hemel, maar toon nie die weg daarheen aan nie. Hulle nodig 'n hervorming van wandel en beoefening van die deug aan sonder om die bron van krag aan te dui. Dr. Thom wil dus dat die prediking eenvoudig en vir sy doel ingerig moet wees. Hy sê: "there is much in pulpit services which, through the deceitfulness of man, tends to lend the ear astray with pride."

Die harde werklikhede van die lewe, soos hierdie sterfbed - ondervinding met Shepherd, het 'n stigma op sy preke daarna afgedruk. Wanneer hy die kansel bestyg, dan is die voorname van Richard Baxter sy deel n.l. om te preek asof dit die laaste preek is, as 'n sterwende tot sterwendes. Sy slotopmerking lui: "Many a sermon is preached in vain, because it has not that edge which visits to the house of mourning are calculated to give." 2)

Sy/.....

---

1) Idem, 24.

2) Idem, 26.

Sy vrou is soms die fynste critica van die prediker. Mev. Thom het die kanselwerk van haar man hoog geskat. Sy skryf dat sy die Sabbatmôre met vreugde ontwaak het om na die huis van die Here te kan opgaan en voedsel vir haar siel te haal. "I went and experienced much joy," sê sy, "and on my return I sought retirement, and was comforted much in prayer." 1) Toe sy op 'n ander dag in sy kerk was, het allerlei gedagtes van twyfel haar beetgepak. Die leerrede gaan oor Sag. 13 v.1 en verskaf haar plesier. "The proclamation of the Gospel," skryf sy, "afforded me much satisfaction. O, what a pleasure it is for my soul to have one minute of fellowship with God the Father and Christ." Alle onheilspellende gedagtes is tans verban. 2)

Sy vergesel haar man na die gevangenis, waar 'n menigte aandagtig na die heilswoorde luister. Die tekswoorde Sag.9 v.11 is toepaslik op hul omstandighede: "Ook sal Ek, wat jou betref, o Sion, kragtens die bloed van jou verbond jou gevangene loslaat uit die put sonder water." Mev. Thom skryf: "When the text was explained, I saw many in tears. I offered up a mental prayer to God: O God, engrave this precious word of Thine on their hearts, and may thy spirit shed a blessing upon the service." 3)

Proewe/.....

---

1) Memoir of Mrs.Christina Louisa Thom of the Cape of Good Hope, who died March 13, 1816, aged 27, prepared from the manuscripts of her husband, the Rev. George Thom D.D.minister of the Dutch Reformed Church, Caledon, S.A., by Ingram Cobbin M.A.(London 1822), 34; Levensbeschryving van Mej.C.L.Thom, gedrukt by A. Greig, Kaapstad.

2) Idem, 40.

3) Idem, 35.

Proewe van sy verkondiging vind ons in 'n sketsboekie, op die voorste blad waarvan staan: "Plans; Gosport Septr. 1809" en op die volgende bladsy "George Thom, missionary 1809".<sup>1)</sup> Of dit is tydens sy studietyd te Gosport geskryf of net daarna, want hy noem homself reeds "missionary". Waarskynlik het hy meer maal later gebruik gemaak van die sketse, want met donker ink word by die preekmateriaal nuwe gedagtes bygevoeg. Dit lyk of die een oor Openb. 5 v. 9 op Kaapse bodem kon uitgespreek gewees het, want as hy praat oor "The Persons Redeemed" dan voeg hy in swart ink by "The Sable African, the polished Asiatic, the rude hotentot, the degraded."

Geen prediking kan volgens sketse goed beoordeel word nie. Ons weet egter dat dr. Thom se kasselaarheid in die teken van sendingywer gestaan het. Sy opleiding het hy in 'n sendingkollege geniet en daarom vind ons nie die deftig-geleerde predikasies van die alumni van die Hollandse universiteite nie. Inteendeel, soos hy self gepleit het, hy wil die preke "plain and to the point" sien." Die invloed van Watts, Tillotson en Doddridge het reeds in Engeland diep deurgewerk sodat sy metode meesal sinteties is.

Ons neem tot voorbeeld sy eerste skets, oor 1 Thess. 5 v. 2.

"Exordium.

I. Enquire why the last day is called the day of the Lord:

1. Because Christ will be seated on his throne of judgment;
2. Because He will be avenged on his enemies;
3. Because the righteous will be openly acquitted;
4. Because the whole conduct of God will appear just.

II. To whom this day will come suddenly:

1. To mere moral man;

2. To/.....

---

1) Aan my ter insae geleen deur prof.dr. H.B.Thom van Stellenbosch.

2. To the man who wishes only as much religion as keep from Hell;
3. To the man who banishes the thoughts of a change of heart;
4. To the man who seldom thinks on Christ coming;
5. To the man who is deceiving himself and others;
6. To the man who denies the day of Judgment.

Improvo: If this day is coming suddenly, what are we doing?"

In meeste gevalle het hy sy slot heeltemal geimproviseer en dit aan die indruk van die moment oorgelaat.

Ons het geen twyfel nie, uit hoofde van wat reeds behandel is dat dr. George Thom 'n evangeliese voordrag van die godsdiens voorgestaan het. Hy het op 'n innerlike geloof aangedring. In die bogenoemde II (1) sê hy: "There is a kind of religion very prevalent in the world. Moral steady life, but there is no genuine love to God. No life within."

Hy is egter geen arminiaan nie. Hy glo nie dat die menslike natuur goed en gaaf is en homself kan verbeter nie. "Sinners are born captives," sê hy na aanleiding van Openb. 3 v. 9, "they are slaves as soon as they are born, for the chains of corruption bind them down." Nee, die mens kan hom nie bekeer nie. "Only Truth applied to the heart can effectually change the soul. Hundreds, I am afraid, mistake conversion." En as hy in dieselfde rede beklemtoon wie almal gered sal word, skryf hy: "Note. It is not said all nations, but out of all nations. There the Arminians will find.....<sup>1)</sup> difficulty."

Ons besit geen preek van hom in Hollands nie. Dit is egter duidelik dat die getuienis van Lord Charles Somerset dat "Mr. Thom speaks the Dutch language with great fluency"<sup>2)</sup> nie korrek is nie. Hy was nie soos die ander Skotte eers in Utrecht om die taal aan te leer nie, maar moes in Suid-Afrika daarmee vertrouwd raak en hy was nie te suksesvol nie.

Ek/.....

---

1) Twee woorde onleesbaar.

2) Brief aan Earl Bathurst, 28 Des. 1818, Records XII.117.

Ek neem net 'n proewe uit sy notule in eie hand geskrywe:  
"De Cassier word verzogt eenige honderd Rix DS die thans in  
zyn handen zyn te moogen voor eenige maanden of (op) Interest  
gesteld worden aan een veilige mensch - zoo dat deselfden mogen  
in komen te ontmoeten de verwagte onkosten tot verbetering van  
kerk en Pastory". Of nog 'n voorbeeld: " Zyn de Principaal I.  
Callaw en den heer Wassenaar binnen toegelaten als Borg, de  
welken en den Heer I. Theron verzogt hebben by de Predikant en  
oud. H. Moller en Diaken Marais ontslaan indien het Geld voor-  
schoten zal terug in handen van de Cassier Diakon gegeven zal  
worden. Welke is toegestemd." 1)

---

1) Notule kerkraad Tulbagh, 9 Jun., 26 Des. 1829.

HOOFSTUK 39.

DS. ANDREW MURRAY, SNR.

Lewensbesonderhede.

Die bewering van prof. Lauts dat die Skotse predikante "verzamelings van leerredenen, in Nederland uitgegeven, aangeschaft (hadden) en uit deze bundels droegen zy hunne leerredenen voor" <sup>1)</sup> word deur die feite weerspreek. Veral word die stelling geloonstraf deur die preekarbeid van ds. Andrew Murray, een van die eerste Skotte wat in 1822 voet aan wal hier gesit het. Weliswaar kan ons aanneem dat die Skotse studente tydens hul sesmaandelikse verblyf in Utrecht Hollandse preekbundels aangeskaf het om geskikte modelle vir hul preke te vind en om meer tuis te raak in die taal. Elke prediker maak vandag nog gebruik van die werke van sekere predikers om hom te help in sy kanselvoorbereiding. Maar as Lauts wil beweer dat die Skotte leerredes uit die Hollandse preekbundels voorgelees het, dan doen hy aan die eerlikheid en waardigheid van hierdie manne nie reg nie.

Van Andrew Murray, Snr. getuig sy dogter: "His sermons were all most carefully prepared and written. In this, as in all else, he was most methodical, and in his study shelves could be seen files of sermons all dated and most neatly arranged, ranging over many years." <sup>2)</sup>

En op 'n ander plek: " This (preparation of sermons) meant for him hard work. The sermon written out word for word on Friday, was committed, to memory on Saturday. The notes for the afternoon sermon had also to be written down." <sup>3)</sup> Sy bewaarde preke bewys sy oorspronklikheid bo alle twyfel.

Dit/.....

---

1) De Kaapsche Landverhuizers of Nederlands afstammelingen in Z.A. (Leyden 1847), 37, 38.

2) Helen Murray: The Andrew Murray Family. (geen datum of plek nie), 6.

3) M.N. : Unto Children's Children, 14.

Dit is ook die geval met die meeste Skotse predikante.

Die Murrays behoort aan die "Old Light Presbyterians" of "Auld Lights", 'n onderdeel van die Skotse Presbiteriaanse kerk wat baie innig en vroom was. <sup>1)</sup> Die familie het hulle groepeer by die evangeliese seksie binne die kerk. Toe Andrew se vader op sy sterfbed lê, het hulle hem in die nag gehoor bid vir elkeen van sy kinders, terwyl hy elkeen by die naam noem. Dit het so 'n indruk gemaak op die oudste, John, dat hy besluit het om predikant te word. Dit was onder laasgenoemde se dak waar Andrew se seuns, John en Andrew, later tydens hul studiejare huisvesting gevind het. Tydens die Disrupsie in 1843 het hulle oom, ds. John Murray, die "Established Church" verlaat en by die Vrye kerk aangesluit. Hierdie kerklike gebeurtenisse het so 'n diep indruk op die Murrays, en die ander Skotte gemaak, dat hulle in Suid-Afrika kampioene vir die regte van die kerk teenoor die staat geword het.

Die vader het jonk gesterf, sodat die moeder alleen die mas moes opkom. Andrew wou graag sendeling word, maar sy moeder was sterk daarteen gekant, sodat hy die aanbod om na New Foundland as missionaris af te reis, van die hand wys. Hy het aan King's College, Aberdeen, studeer om hom in die teologie te bekwaam. Wanneer 'n beroep uit Suid-Afrika in 1821 kom kan hy kwalik weier, want die nood daar is dringend, en hy meen dat hy nog vir die inboorlinge ook iets kan doen. George Thom was juis toe in Engeland en het op las van die goewerneur gesoek na geskikte leraars vir Afrika. Georden deur die Ring van Aberdeen, vertrek hy na Utrecht om vir tien maande Hollands te leer. Hy het dit goed gedoen, want hy is een van die weinige Skotte wat die taal tamelik magtig was.

Hy het tot bekering gekom toe hy nog baie jonk was.

Dit/.....

---

1) J. du Plessis: Het Leven van Andrew Murray, 17 v.v.

Dit staan in verband met 'n lied "When I can read my title clear." Toe hy as seun aangaande sy siel in groot angst verkeer het, het hy dié vers geneem en die hele dag in 'n bos deurgebring, met die vaste besluit om nie na huis te gaan nie, totdat sy reg op die hemelse erfenis vas en seker geword het. <sup>1)</sup> In Holland het hy egter nog baie geworstel om volkome sekerheid van sy saligheid en algehele vertroue te verkry.

In 'n dagboek <sup>2)</sup> wat hy aangehou het, skryf hy sub dato 30 Des. 1821: "This evening I was at Dr. Scholtens, where we spoke about faith in prayer. He said decidedly that the prayer without faith was sin, and it was therefore wrong to offer it, but suppose I find a great desire to pray, cannot I do it unless I know that it is offered in faith? ..... In my general walk I have been enabled to remember God, but it has no practical effect on my life." Dit blyk dat hy in sy geestelike strewe eerlik en opreg was. Op 4 Jan. 1822 teken hy aan: "A new year has begun and I have been this day to be "bevestigd" as a member of the church visible. I think I can say that I believe in Jesus. But oh, what a faith. I know theoretically what faith is, but it is not in my practice. Even my sins I do not know. In many things I find myself thinking that there really is some good in me. Oh, that God would teach me!" In sy christelike loopbaan sou hy nog tot meer rypheid moes kom.

As dertigjarige jongman vertrek hy saam met dr. Thom na die Kaap. Die seilskip was maar 180 ton en het dikwels in gevaar verkeer. Saans hou Thom vir hulle lesings oor wat hulle in die nuwe vaderland kan verwag. Sondag, 30 Junie 1822, hou Murray 'n godsdiens oefening na aanleiding van 2 Kor. 5 v.21.

Gebruikierwyse/.....

---

1) Idem, 33.

2) In Manuskrip-vorm, in K.K.A.

Gebruiklerwyse preek hy die eerste Sondag na sy aankoms in die Groote kerk, Kaapstad. P.J.Rabie het sekere herinneringe gegee van hierdie gebeurtenis. Ds. von Manger, oudste predikant van Kaapstad, het hom na die kansel begelei. "Zyne reevoering geschiedde in de groote kerk en in naauwkeurigheid der Nederlandsche taal, die zyn eerw. in Nederland verkregen heeft. De aangevoerde leerstellingen waren van een zeer heilzame aard. Hy zyn verzekerd dat deze Godsdienst oefening algemeen voldaan heeft." Die eerste indrukke was dus gunstig.

Hy word aangestel as opvolger van ds. A. Faure te Graaff-Reinet, sy eerste en enigste gemeente, waar hy sy hele lewe gearbei het, 45 jaar lank. Twee jaar na sy begin is hy getroud met Maria Stegmann. Andrew Murray het hom heeltemal vereenselwig met sy nuwe vaderland en hy het nooit die mens uitgespreek om sy geboorteland weer te sien nie. Dikwels het hy uitgeroep: "De snoeren zyn my in liefelyke plaatsen gevallen, en eene schoone erfenis is my geworden." Die liefde vir sy volk is op aandoenlike wyse openbaar, toe hy met huisbesoek buite, terwyl hy nie gezond gevoel het nie, 'n jongman teenkom wat 'n warm baksteen vir sy voete op die kar neersit en die dominee uitroep: "Ik woon in het midden myns volks." <sup>1)</sup>

Invloede van die Puritanisme word by hom aangetref. In sy huishouding was hy baie streng; niemand mag tepraat, geen kind of bediende nie, want sy woord was wet. Daar was in die pastorie eerbied vir die Naam van die Here, sy Sag, sy Woord.

Sondae/.....

---

1) M.N. .a.w., 12.

Sondae is geen kos gekook nie, terwyl almal na die kerk moes opgaan en hulle slegs 'n wandeling in die tuin vir ontspanning kon onderneem. <sup>1)</sup> Aan sy twee seuns, John en Andrew, wat gereed staan om na Utrecht te vertrek, waarsku hy dat hulle in Holland aan die gevaar sal blootstaan van die gebruik van "Schiedammer (alias jenever) en water en het roken van tabak of sigarens." Hierdie "afakwelike gebruike" moes hulle weerstaan en liewers hulle vriende op tee en koffie onthaal. <sup>2)</sup> Hulle het ook dan by die sjokolade-klub aangesluit! Die Skotte was oor die algemeen bekend vir hulle puriteinse strengheid van lewenswyse.

Die predikant van Graaff-Reinet het diep spore in sy aangenome kerk getrap. In die eerste sinode in 1824 het hy 'n werksame aandeel gehad en het op kommissies gedien om die nodige reglemente op te trek vir die beheer van die kerk en vir die toekomstige seminarie. Al die sinodale vergaderings is deur hom bygewoon behalwe dié van 1829, toe hy deur landsonstandighede verhinder is. Met die sinode van 1837 word hy tot voorsitter gekies en in 1847 toe die noodroep van die Overvaalse gehoor is, is hy afgevaardig om saam met ds. P.K. Albertyn die Voortrekkers te besoek. <sup>3)</sup>

#### As Prediker.

Hoofkenmerk van ds. Andrew Murray, Snr. se lewe en verkondiging was sy nederige vroomheid. Van huis uit was hy omring met geestelike invloede en daar het na sy bekering 'n evangeliese strewe hom bygebly. Op sy beurt het sy getrag om sy kinders in daardie rigting te stuur.

Gewoonlik/.....

- 
- 1) "In die woning van ds. Murray op Graaff-Reinet het hierdie piëtistiese vroomheid 'n ietwat puriteinse vorm aangeneem", Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 6.
  - 2) J. du Plessis a.w. 60.
  - 3) K.B. 1866. 219.

Gewoonlik Sondagaande na huisgodsdienst wanneer hy hulle 'n goeienag-kus kom gee, sê hy: "Nu, liefling, heb je het hart aan Jezus reeds gegee?" Of, "Zal jy niet, voordat jy van-nacht naar bed gaat, je aan Jezus geeven?" Op 'n verjaardag sal hy sê: "Dit is je verjaardag; ben je wedergeboren?" Gedurig het hy ook die ouer kinders aangemoedig om met die jongeres oor hulle siele te praat.<sup>1)</sup>

Uit die aard van sy samestelling het hy innig belang gestel in die herlewing wat destyds in die Angelsaksiese lande ontstaan het. Elke Vrydagaand het hy hom in die studeerkamer toegesluit om van vroeëre herlewinge in Skotland e.a. lande te lees en dan te bid dat Suid-Afrika ook mag deel hê aan so 'n voorreg. Soms kom hy uit die studeerkamer met Gillie se "Collection" in sy hand om aan die huisgenote die verhaal van die openbaringe van Gods Gees in die kerk van Shotts, of van die "revivals" van Kilsyth en Cambuslang voor te lees. Eenkeer lees hy van leraars wat veertig jaar gebid het om 'n herlewing voordat die gebeel verhoor is, om daarop te laat volg: "Ja, en dat is langer dan 36 jare." Sy kinders het soms buite die deur gestaan en luister na sy smekinge om herlewing in eie gemeente.

Hy het nie tevergeefs gebid nie. Op die Worcesterse konferensie (1860) moes hy praat oor die noodsaaklikheid van 'n opwekking in ons wêrelddeel, waar daar soveel heidene is; in ons gemeentes, waar soveel uiterlike vertoon van die godsdienst heers; in die kring van hulle wat die Here in waarheid liefhet, waar daar nog soveel traagheid en louheid aangetref word.<sup>2)</sup> Sy stem het hom geheel begeef toe hy hieroor spreek. Kort daarna het die Here Graaff-Reinet met sy seën besoek! Op die sinode van 1862<sup>3)</sup> gee hy verslag daarvan en wil dat die herlewing moet beskou word as 'n ernstige waarskuwing tot alle onbekeerdes en onverskilliges/.....

---

1) M.N. a.w. 17.

2) K.B. 1860. 141.

3) Act. Synodi 1862, sessie 8.

onverskilliges. Op 'n broederlike onderhoud is daar gepraat oor die prediking.<sup>1)</sup> Sy mening was dat evangeliepredikers veel in die gebed moet verkeer en dat hulle 'n onvindelijke kennis moet besit en die krag van die waarhede wat hulle verkondig, moet voel. Toe die herlewing in sy gemeente uitbreek, was die lydszaamheid van die hoop van die landman beloon en het hy, saam met Simeon, uitgeroep: "Nunc dimittis." Op sy sterfbed fluister hy: "Jesus, uw verzoenend sterven, blyft het ruspunt van ons hart!"

Die biograaf van Thomas Francois Burgers sê dat hierdie piëtistiese vroomheid van Murray Burgers nie altyd bevredig het nie. Toe met die nagmaalviering van April 1861 enige opgewektes uit die wyk Camdeboo (Graaf-Reinet) die dorp singende binnery en met die dankseggingsdiens ook in die kerkgebou rumoer maak, het hy openlik sy afkeuring daaraan te kenne gegee. In Holland het daar by Burgers 'n reaksie teen die Piëtisme ingetree en het hy na rasionalistiese kant oorgeslaan.<sup>2)</sup>

Hierdie diepe vroomheid was juis die krag in ds. Murray se prediking. Hy het terdeë die waarhede wat hy verkondig, in sy hart gevoel. Na sy dood kon iemand getuig dat vele die dag dankbaar sê, waarop hulle onder die gehoor van sy woordverkondiging gekom het, want hulle is deur die Gees van sonde en geregtigheid oortuig en is tot selfkennis en die geloof in Christus gebring.<sup>3)</sup> Ds. J.T.Gray sê van hom in 'n preek in Junie 1866 op Graaff-Reinet: Ik ken niemand, die meer van Christus geleerd heeft.

Zyn/.....

- 
- 1) Sessie 48. Dit was die sinodale vergadering, toe Andrew Murray Jnr., die Moderator, elke keer eerbiedig opgestaan het wanneer sy vader praat. Cachet: Vyftien jare in Z.A., 175.
  - 2) Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 7, 29, 43.
  - 3) K.B. 1866. 220.

Zyn geheele omgang was Christelyk. Met uitstekende talenten begaafd, was zyne nederigheid echter zeer groot." En van sy prediking vertel hy: "Zyne woorden tot de boetvaardigen gerigt, waren vol van liefde en teerheid, maar wanneer hy den vermetelen zondaar aansprak, was zyn geheele wezen verheven, als iemand die het zich ten volle van bewust is, dat hy spreek in den naam van de Majesteit der hemelen." <sup>1)</sup>

Daar het allerlei afstigtinge van Graeff-Reinet tydens sy bediening geskied: Aberdeen, Colesberg, <sup>2)</sup> Middelburg en Murraysburg. Voor dit moes hy almal bedien en het dikwels preekreise onderneem. Op 10 en 11 Okt. 1858 wy hy die nuwe kerkgebou op Middelburg in. Iemand het sy indrukke as volg in digvorm weergegee: <sup>3)</sup>

" 'k Herdenk met ware zielevreugd  
Het feest dat nog myn hart verheugt;  
'k Denk nog aan 's leeraar dierbaar woord,  
Te Middelburg door my gehoord."

Die teks was Ps.132 v. 7. Die Graeff-Reinetse leraar sê volgens die digter verder:

" Geliefden! dient den Heere uw God  
In dezen tempel naar 't gebod;  
Hier woont de Heer, die u behoedt.  
Kom buigt u neder voor zyn voet.  
Dan vindt gy hier voor uw gemoed,  
Een rust, een kalmte, o zoo soet!  
Dan is des Heeren vrees uw deel,  
En eindelyk vindt gy Hem geheel."

Wanneer/.....

---

1) K.B. 1866. 330, 331.

2) Dr.Andrew Smith gee 'n mooi beskrywing van 'n nagmaal op Colesberg voor die afstigting. Ook is daar besonderhede omtrent die doopsbediening en die aanneming. Hy sê dat die mense bly was om hul predikant te sien. Firby: The Diary of Dr.Andrew Smith (V.R.3.) vol.1.62,65,66.

3) K.B. 1858. 397.

Wanneer die kerk van Murraysburg in gebruik geneem word, hou ds. Murray 'eene hoogst welsprekende predikatie over Eph.2:19, 20. " Dan word gesê: "De tekst was goed gekozen, en zoo wel aangewend, dat de diakens het in het zakje wel gevoeld zullen hebben." <sup>1)</sup> Die prediker vertel van die herlewing te Philadelphia en New York. "Men luisterde naar hem met gespannen aandacht." 'n Ander korrespondent voeg by dat almal moet erken dat ds. Murray se preke uitmunt in eenvoudigheid en hartelikeid. <sup>2)</sup>

Ook Colesberg het hy besoek om ds. T. Reid te help. Die Skotse predikante was nie altyd takvel in hul optrede teenoor gemeentelêde nie. Tot groot aanstoot van sommige het ds. Reid net gesange in die erediens laat sing en die aanhangers van die Psalms vervreemd. <sup>3)</sup> Ds. Murray sou met sy besoek aldaar gepreek en die advies gegee het om die jongmense wat belydenis wil aflê, die belofte af te dwing dat die Evangeliese Gesange "de ware leer" is. <sup>4)</sup> Dit het baie ontevredenheid verwek en later tot die afskeiding gelei.

Ons ken hom as prediker veral uit enige preke wat vir ons nagelaat is. Behalwe 'n sinodale leerrede word onder die Murraypapiere in ons Kaapse Kerkargief agt preke in manuskrip-vorm aangetref en wel oor die volgende tekste: Ef.4 v 14, Jak. 4 v 8, 2 Kor.5 v 9, Mk.10 v 26, 27, Dan.3 v 16-18, Mk.10 v 45, Ps.145 v 7 en Openb. 5 v 9. Dit is besonder fyn sonder spasiering geskryf, sodat 'n vergrootglas soms gebruik moet word om die handskrif te ontsyfer. 'n Mens begryp nie hoe die prediker op die kansel die geskrewe kon lees nie, maar ons onthou dat hy die leerredes gememoriseer het. Een ding staan vas, sy voorbereiding was uiters degelik en hy het alles uitgeskryf, behalwe die slot, wat ex tempore voorgedra is. Hierin het hy sy hele/.....

---

1) Het Volksblad, 17 Aug. 1858.

2) Idem, 9 Sept. 1858.

3) K.B. 1852.365.

4) Postma: Geskiedenis der Geref.kerk, 267; Beyer: Journal gehouden van Nederland naar Zuid-Afrika in het jaar 1861 (Kaapstad 1865) 268.

KERK EN PREKING IN SKOTLAND.

Die Prediking en Dordt.

Die ooreenkomste tussen Nederland en Skotland is in meer as een opsig merkwaardig. Nie slegs word dit gesien in die aard van die mense nie, maar veral gold die verwantskap op kerklike terrein. In die sewentiende eeu het Holland invloed op haar westelike buursteat oorkant die kanaal uitgeoefen, want daar was gemene handelsbetrekkings, soldate het in die leers oor en weer gedien en studente van beide lande het mekaar ontmoet. Prof. Henderson sê: "One can distinguish the Dutch influences; and one finds that their importance in Scottish Church history is difficult to exaggerate." 1) Afsien van hierdie direkte invloed het Skotland langs die bane ontwikkel en het die stroom van die kerklike lewe min of meer langs dieselfde pad gevloei as in Holland. Eers vind ons die stryd teen Rome dan die tydperk van stywe en koue regsinnigheid in die sewentiende eeu, wat later oorslaan na twee kante toe, die evangeliese en meer vrysinnige rigting.

Die naam van die hervormer, John Knox, staan as met groot letters in die geskiedenis van Skotland geskrywe. Terwyl hy as balling in Genève verkeer, word die First Covenant in 1557 deur die "Lords of the Congregation" opgetrek, wat deur sy briewe daartoe geïnspireer was. Daarin onderneem die kerk om Gods Woord teen alle Rome se magte te bevorder en te soek na die vrye prediking daarven. 2) Die jaar 1580 sien 'n verder stap, die totstandkoming van die Confession of Faith en die First Book of Discipline, wat albei die gedagtes van Knox vertolk het. In eersgenoemde tree die gedagte op die voorgrond  
van/.....

---

1) G.D.Henderson: Religious Life in Seventeenth Century Scotland (Cambridge 1937), 78.

2) Cunningham: Church History of Scotland I. 243.

hele hart uitgestort. "Who that ever heard him preach, can forget the earnestness, the tone of persuasion, entreating with tears - almost compelling, by the urgency of appeal?"<sup>1)</sup>

Die Sinode van 1837 was 'n moeitevolle, want die Shand-saak was toe aan die orde. Van hierdie kerkvergadering was hy die voorsitter. Sy openingsrede was geen preek nie; maar 'n toespraak oor die geloof(belydenis) en wandel van die Christen.<sup>2)</sup> Hy gee o.a. 'n goeie getuienis van die prediking van sy kerk as hy sê: "De leerstellingen in onse Hervormde kerk beleden, en op den eenen Sabbath na den anderen verkondigd, zyn naar myn oordeel overeenkomstig Gods heilig Woord." Hy betoog verder dat die gewigtige leerstukke wat onder ons verkondig word, 'n heilige invloed op die hart en wandel van leraar en toehoorders moet uitoefen, as dit ooit 'n reuk van die lewe tot die lewe sal word.

Hierdie rede maak 'n gunstige indruk, veral as dit vergelyk word met die stamperige leerrede van ds.J.J.Beck van die vorige Sinode. Net so knap is sy openingspreek uitgespreek op 14 Okt. 1862, weer voor 'n sinode,<sup>3)</sup> wat nie minder onstuimig sou wees nie. Die storm van die stryd teen die Liberalisme het reeds lank gebroei en sou nou ontketen word. Daarom beluister ons by hom: "Verborgenheden, oneindig ver boven ons beperkt verstand, zyn ons in het woord geopenbaard tot de gehoorzaamheid des geloofs, niet om ze te onderwerpen aan de beoordeling van schepselen, die van gisteren zyn en niets weten. Waar de godheid van onzen Verlosser ontkend, of by de prediking van het evangelie verzwegen wordt, wordt de grondslag der hoop voor de eeuwigheid van onder de voeten van den zondaar geheel weggenomen."  
Sy/.....

---

1) M.N.: Unto Children's Children, 14.

2) Acta Synodi 1837, 9.5 en 6. 423 v.v. K.K.A.

3) Acta Synodi 1862, S.1.11 p. 700 v.v. K.K.A. Ook te vinde in "Leerredenen uitgesproken by de opening van de Hoogerw. Synoden der Nederduitsch Gereformeerde kerk van Z.A. in 1857 en 1862"(by N.H.Marais, Kaapstad 1862).

Sy metode was deurgaans analities-sinteties, soos blyk uit die behandeling van sy teks Sag.6 v. 13: "Hy zal den tempel des Heeren bouwen en Hy zal het sieraad dragen." Hy was lief vir die drieverdeling:

- I. "De Tempel hier bedoeld - des Heeren Tempel.
- II. De Bouwheer, Hy, Jezus, de Spruite, Hy zal bouwen.
- III. De heerlijkheid, welke Hy daarvan dragen zal. Hy zal het sieraad dragen."

Die gedagtes volg mekaar deurgaans logies op en is uit die Skrif opgebou. Sy styl is eenvoudig en steek af by b.v. dié van dr. S.P. Heyns wat o.a. die deftige Hollandse trant aan die Kaap hooggehou het. Soos reeds gemeld was sy taal tanelik suiwer, sy Hollands goed. Tog moes die Skotse aksent meer as een nog gehinder het. Toe ds. G.W.A. van der Lingen in 1842 Graaff-Reinet besoek en 'n preekbeurt waarneem, was dit vir 'n korrespondent aangenaam om die Toord verkondig te hoor op so 'n indrukmakende wyse "in de volkomene zuiverheid onze dierbare Moedertaal, en met het vereischte Hollandsche accent." 'n Mens beseef dat hy dit teen die Skotte het wanneer hy verder sê: "dat Afrikaansche talenten, ten opzichte van den Predikstoel, verre weg alle anderen overtreffen."<sup>1)</sup>

Die geheim van Andrew Murray se suksesvolle prediking het gelê in sy hartelikeheid en blanke opregtheid met sy kudde. Dit was evangeliese verkondiging. Die temas deur hom behandel was by voorkeur die bekering, wedergeboorte en heiligmaking. Sterk kon hy aandring by die hoorders om hulle aan die Here oor te gee en nie te wag nie. Aan hulle wat redeneer dat daar nog tyd is, sê hy: "O Geliefden, die ongelukkig genoeg zyn om No te denken. Wat is uwe levenswyze, uw hart aan de wereld en dus  
aan/.....

---

1) De Zuid-Afrikaan, 8 Sept. 1842.

aan de zonde toetewyden totdat gy haar haast moet verlaten en de hoop dat die God die gy nooit vrywillig gezocht hebt, nooit begeert hebt welbehagelyk door Christus te zyn, u zal dan aan-nemen! Zulks zoude wezen Hem het kreupele, het blinde, het verminkte ten offer te brengen." <sup>1)</sup>

Die predestinasie en die prediking.

Dit val ons egter op dat wanneer hy die teks Ef.5 v 14: "Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn," behandel, dat hy nie op suiwer Dordtse grond staan nie. Ten eerste beweer hy: "daar onze Tekste vooral gerigt word aan degenen die het licht des geestelyken levens nog niet aan sehouw hebben en die meestal gerust voortslopen," en wil daarom die vermaning eers aan hulle rig. Dit is nie juis nie. Die Apostel rig sy brief "aan die heiliges wat in Efese is en die gelowiges in Christus Jezus" (Ef.1 v 1), en nie aan ongelowiges nie. Die gelowiges moes opstaan uit hul slaap. Die onwedergeborene is dood in die misdade en die sonde en kan vanself nie opstaan nie, tensy die Gees hom eers wederbaar. Al sê die prediker dat hy nie op die diepsinnige leerstuk van die vrymag van God en die vrye wil van die mens wil ingaan nie, veronagsaem hy tog in sy toepassing van die leerstuk die soewereiniteit van God. Gedurig moedig hy die ongereddes aan: ontwaak, staan op, word behou, en oorbeklêntoon die menslike kant.

Andrew Murray was een van die geestelike kinders van die "Marrow Men" van Skotland, wie se Calvinisme "broad, catholic, liberal" was en wat die liefde van God aan alle mense aangebied het.

Dit is teen hierdie steen waarteen sekere lede van die kerk in die Oostelike Kaapland hulle gestamp het. Die Skotse predikante was meesal in die grensgemeentes geplaas en in hul prediking was daar 'n ontbrekende element, wat deur sekere lidmate aan gevoel is.

Hierdie/.....

---

1) In sy leerrede oor 2 Kor. 5 v 9.

Hierdie mense was dikwels baie geïsoleerd vanweë die lang afstande en min predikante. Hulle het eienaardige gewoontes in die kleredrag en andersins ontwikkel, maar veral in die godsdiens. Geen vreemdeling is by die huisgodsdiens toegelaat nie en hulle het staan de gebid. Toe ds. T. Reid 'n harmonium in sy kerk gebruik, kla hulle hom aan dat hy 'n afgod in die tempel bring. Hulle verwar die woord "seraphine" met "teraphim"<sup>1)</sup>. Daar was geen geleerdes onder hulle nie, sodat dit moslik gegaan het om altyd hulle besware teen die heersende godsdiens te formuleer. Besware het hulle terdeë gehad. Veral het hulle dit gehad teen die predikante van Skotse oorsprong, wat geen simpatie met hulle getoon het nie. Hierdie seksie het hulle dus al meer geestelik gaan voed met die Hollandse gereformeerde skrywers, soos h. Brakel, Smytegeld en ander "outeurs," en die gereformeerde leer ingedrink.<sup>2)</sup> Hulle is later "coppers" genoem en het bestaan voor die koms van ds. L. Postma in 1859.

Veral meen hulle dat die leer van heil, soos deur die Skotse leiers voorgestel, nie ooreenkom met dié van die Skrifte nie. Hulle mis die strenge opvatting van die leer van die predestinasie, soos deur die Sinode van Londen in 1618 en 1619 in die Lordtse Leerreëls geformuleer. Daarom dan ook toe ds. Dirk Postma, die gesant van die Afgeskeie kerk in Holland, vir wie hierdie leer skering en inslag was, op die plaas van die blinde Louw Coetzer, naby Burgersdorp, die eerste keer preek, was die mense aangenaam verras en roep uit: "Nu hebben wy Smytegeld weer gehoord!" Die teks waaroor hy gepreek het was uit Rom. 9: "Heeft de Pottenbakker geen macht over het leem, om die te bereiden tot wat hy wil?"<sup>3)</sup> Hy het oor die verordining gepreek en hulle het dit klaarblyklik lank lank hoor.

'n Dergelyke verklaring hoor ons van B. G. Venter. Toe Postma in die huis van Piet Venter te Strydfontein (Reddersburg) "kerk" hou, sê eersgenoemde broeder: "Het was voor ons heerlijk om/....."

---

1) Het Volksblad, 10 Sept. 1857.

2) Jan Lion Cachet by Postma: Geschiedenis der Geref.kerk, 262.

3) Getuigenis van J. H. Kruger by Postma a. w. 234.

om nu voor de eerstemaal het blyde Kvangellie op Dortsch Gereformeerde wyse te hooren verkondigen." Hy vertel ook dat hy van ds. Andrew Murray 'n boek oor die Reformasie gevra het, maar vind dit verkeerd. Ds. Postma bevestig sy bevinding.<sup>1)</sup>

Ds. Postma het later, 25 Feb. 1860, in 'n kerkradevergadering van sy afgeskeie kerk op Burgersdorp verklaar dat die N.G.kerk "de leer der voorverordineringsmet meer leert"; dat ds. John Murray 'n kind op katekisasie belet het om oor die predestinasie te praat;<sup>2)</sup> dat sy mense "in de prediking des Kvangellies, voor hen geen voetsel vonden, maar dat hunne zielen hongerig en dorstig zyn gebleven."<sup>3)</sup>

Hierdie bevinding het sy neerslag gevind in die offisiële stukke van die nuutgestigte Geref. kerk. In die "Openbare Verklaring van onze afscheiding van de Ned. Herv. Kerk in de Z.A. Republiek en van de Ned. Geref. kerk in de O.V.S. en K. Kolonie"<sup>4)</sup> verklaar hulle: "Onze onkunde het ons veel in het donker, maar ons hart gevoelde, en by inzage van die Dertsche Leerregels en dergelyke schriften, verstonden wy, dat ook hunne leerwyse meer smaakte naar het Remonstratsche dan naar het Gereformeerde." In 'n katekisasieboek van dr. S.O. Les leer hy: "In de noordelyke distrieten, kwam verzet tegen de prediking, waarin de uitverkiezing uit vrye genade werd ontkend."<sup>5)</sup>

Ons/.....

- 
- 1) Idem 249.
  - 2) Hierdie bewering is oordryf, want ds. J. Murray behandel die leerstuk self in sy Katechisatie Boek (Kaapstad 1921) p. 102.
  - 3) Getuienis van P.J. Viljoen en P.J. Joubert van die N.G. kerk, K.B. 1860. 89.
  - 4) Handelingen van de Vierde Algemene Synodale Kerkvergadering 1868 (Kaapstad, 1869); ook as byvoegsel by "Synodale Bepalingen der Geref. Kerk van Z.A. 1904."
  - 5) Kort Overzicht van de Geschiedenis der Gereformeerde Kerken in Z.A. ten dienste van myn Katechisanten (Pretoria 1911), 9.

Ons het reeds uit die skrale preekgegewens van Andrew Murray Snr. gesien dat hierdie aantyging nie van grond ontbloot was nie. Daar is nog ander uitwendige getuienisse van die kant van ons kerk, dat dit die geval was. Vroeër het ons reeds die opinie van Andrew Murray Jnr. genoem dat ons taal vir die "dopper" vreemd was en dat ons kerk sy hart nie kon bereik nie.<sup>1)</sup> Ook ds. D.P.M. Huet het geskryf: "Ik geloof dat in hen een sluimerend, zicht onbewust gevoel van gemis aan Calvinistiese prediking, hun door oude Gereformeerde Boeken overgeleverd, bestond."<sup>2)</sup> Hy meen egter nie dat dit die direkte oorsaak vir die afskeiding was nie, want, al was dit ongetwyfeld waar dat aan sommige plekke die "zuivere Evangelieprediking" gemis is, het hulle openlik vir die afskeiding gestem "niet het minste daar, waar het aan geestelyke, ondervindelyke prediking het minste ontbrak." Hy voel eerder dat die breuk gekom het deur 'n verkeerde ywer om die misbruike van Calvinisme teen te gaan.

Daar was onder die "doppers" aan die ander kant 'n dweepsieke opvatting van die predestinasie. Hulle het gewag op die bekering, drome, openbaringe, ontmoetinge. "Het Volksblad"<sup>3)</sup> sê: "Zo syn er, die zichzelf eenen doode natuur noemende, jaar op jaar voortleven, wachtende op de bekering en de wedergeboorte, zonder ooit de minste poging aan te wenden om dezelve deelachtig te worden. Of wel, zichzelf, zonder eenigen grond der hope, voor uitverkorenen houdende, leven zy onverooroomedigd en onvernieuwd voort, roepende met een farizeeuwsch hart onder tollenaars gedaante: Nader tot my niet, want ik ben heiliger dan gy." Nou sê Huet dat hierdie misbruike deur suiwer Calvinisme weerlê moes gewees het, maar daarteenoor is "dikwels verkeerdelyk Arminianisme gepredikt."

Al/.....

---

1) Sien p. 408

2) Elpis 1860. 329.

3) 10 Sept. 1857.

Al stem ons nie saam met prof. Laüts dat die Skotse le-  
raars hul preke uit Hollandse preekbundels voorgedra het nie,  
blyk dit dat hy ten dele juis is, wanneer hy verder beweer:  
"Daarby kwam dat zy in hun gevoelens vaak geheel afwyken van de  
leerstukken der Dordsche Synode, waaraan de leden hunner gemeen-  
te stiptelyk vasthielden." <sup>1)</sup> Hy stel dit egter baie skerp,  
sodat dr. Abraham Faure heftig reageer en van "vuile laster"  
praat. <sup>2)</sup> Soos dit deur Laüts gestel word, lyk dit natuurlik of  
die Skotte nou heeltemaal die "Rationalistiese gevoelens van die  
tegenwoordigen tyd" toegedaan is.

Die feite wil dat die Skotse dominees calviniste was,  
maar in die gematigde vorm van die "Marrow Men". Hulle het op  
die menslike kant klem gelê, op die verpligting van die mens om  
hom dadelik te bekeer. Soms het hulle hierin selfs te ver ge-  
gaan. Dit spreek vanself dat sommige "doppers" wat lydelik op  
die bekering gewag het, hierteen aanstoot sou neem.

Die indruk wat Frans Lion Cachet in 1862 van die leer-  
stellige standpunt van die Kaapse kerk gekry het, was as volg:  
"Verkieping en verwerping, de twee stukken die by zoovele ortho-  
doxen in Holland op den voorgrond staan, staan in de kerk van S.  
Afrika (en terecht) niet op den voorgrond." <sup>3)</sup> Dit lyk of die  
Skotte die Kaapse kerk hierin beïnvloed het.

---

1) Laüts a.w. 38.

2) K.B. 1849. 9.

3) Vyftien Jaren in Z.A., 177.

HOOFSTUK 40.

DR. JAMES EDGAR.

Taalmoelikhede.

'n Skotse predikant was as gevolg van sy vreemde afkoms nie ingepas het in die kerk van 'n Hollandse gemeente nie, was James Edgar.<sup>1)</sup> As seun van Maxwell Edgar van Erskine in Renfrewshire (Skotland), behaal hy die M.A.-graad aan die Universiteit van Glasgow en is op 28 Maart 1827 deur die "Presbytery" van Glasgow georden. Gehoorsaam aan die dringende roepstem van dr. George Thom, verklaar hy hom in 1828 gewillig om na Suid-Afrika te kom.

Hy was bestem vir Tygerberg (Durbanville) en is daar afgelaai "without any solicitation on their part," soos 'n aantal lidmate later kla. Hulle het nie om hom gevra nie. Van meet af was daar ook moelikhede tussen leraar en gemeente, wat hoofsaaklik te wyte was aan gebrekkige aanpassing.

Binne twee maande was daar 'n klagskrif van enige lede by die Goewerneur.<sup>2)</sup> Die verneemste beswaar was 'n taalmoelikhed. "The congregation soon discovered in his very first sermon the great difficulty he experienced in endeavouring to explain himself in the Dutch language;" hulle wil nie haastig oordeel nie, maar wil 'n toegewing maak vir menslike swakhede, in die verwagting dat met gedurige oefening hy die taal nog onder beheer sal kry. In hierdie verwagting is hulle egter na geduldige stilswe teurgestel. "The sermons of this gentleman continue to be, both with respect to language and pronunciation, so unintelligible that it is impossible that his discourses can in the least tend to the edification of the hearers, who/.....

---

1) Dreyer: Kerksouvenir van Durbanville. Geschiedenis van het Honderdjarige Bestaan van de Ned. Geref. Gemeente Durbanville 1826-1926 (Kaapstad, 1926), 19 v.v.

2) "Landdrost, Cape District," No. 6.8, K.S.A.

who consequently cannot derive any benefit therefrom." <sup>1)</sup> Omdat die opkomste dus kleiner geword het, is die kollekte ook baie minder.

Dit blyk verder dat die dominee nie bekend is met die kerkgebruike van die Ned.Geref. kerk of sy eie pligte nie, soos dikwels gesien is met die bediening van die heilige doop en die nagmaal. Hulle moes hom b.v. telkens herinner om met die fees-dae kerk te hou, wat andersins verwaarloos sou gewees het.

Daar was aan die ander kant geen pastorie vir hom nie, sodat hy die huishuur uit eie sak moes betaal. Hy kon geen huis-gesin vind wat hom herberg wil skenk nie, sodat hy by 'n Lutherse familie sy intrek moes neem. <sup>2)</sup> Die ontevredenheid het dus van beide kante gekom.

In die eerste kerkraadsvergadering eis hy 'n afskrif van die klag teen hom, maar dit word hom geweier. Daar bruis dit ook op oor die pastoriekwessie. Dit dien selfs voor verskeie Ringsvergaderinge en beland in die Sinode, waar 'n kommissie bestaande uit di. M. Borgherds, T.J.Herold en Ouderlinge Vos en Smuts, aangestel word om die verdeeldheid in die gemeente te ondersoek.

Ds. Edgar blyk in sy opvatting konserwatief te wees. Op dieselfde Sinode stel hy 'n vraag: "Is het regelmatig godsdienstig zingen met muziekgezelschap te ondersteunen; moet zulks met by afwezigheid, met voorkennis van den predikant geschieden?" In die kerkraad het hy kennis gegee dat hy in die Sinode sal voorstel dat dit nie mag geskied nie, "daar er niets van in den Bybel gevonden wordt." Agter hierdie beskrywingspunt sit egter  
ook/.....

- 
- 1) Geen wonder dat hy die eerste was om 'n beskrywingspunt na die Sinode (1834) te stuur, om die N.G. predikante toe te laat om in Engels te preek. Acta Synodi 1834, S.4.67, K.K.A.
  - 2) Brief van Edgar aan Lord Elgin, 21 April 1829. C.O. 1316, Despatches Rec. K.S.A.

ook weer 'n persoonlike kwessie. Hy en die voorleser, H.F.Mellet kon dit nie met mekaar vind nie. <sup>1)</sup> Gedurende sy afwesigheid uit die gemeente het die voorleser 'n blaasorkes die kerkgebou binnebring. Hy het verder sy posisie soms misbruik deur terwyl ds. Edgar preek, sy gesig op allerlei maniere te trek, om sy opinie oor die preek bekend te maak en dit bespotlik voor te stel.

Ds. Edgar het in 'n skrywe aan die Sekretaris van die Goewerment gesê dat hy meen dat die voorleser agter die klag-skrif van 28 Julie 1828 skuil. <sup>2)</sup> Dit is nie waar dat die kollekte net 'n paar 'Schellings' elke Sondag bedra nie. 'n Kollega wat insae in die boeke gehad het sê aan hom: "I suspect your church clerk is at the bottom of it." Hy skryf dat hy Mellet privaat oor sy gedrag gespreek en selfs van die kansel gewaar-sku het. "He is a most improper person to be in a place where the clergyman is opposed and where the people have strong pre-judices against the English," so besluit hy.

Neg voor die moeilikheid met die voorleser ondersoek kon word, het die Regering dit goed geag om ds. Edgar na Hottentots-Holland in die plek van ds. J. Spyker, te verplaas. Met sy vertrek na die gemeente Somerset waar hy bly tot sy dood in 1848, is die vrede in Tygerberg herstel. Ons twyfel nie daaraan nie dat hy 'n vroom man was nie. Van hom word getuig: "Was zyn leven gekenmerkt door nauwgezette deugd en ware godsvrucht, zoo gaf hy dan ook in zyn lyden, en in de laatste oogenblikken zyns levens, de duidelykste blyken van een gerust en kalm geweten, en ontsliep in volle vertrouwen op de verdiensten van zynen Heer en Zaligmaker." <sup>3)</sup> Ds. J. J. Beck, sy opvolger, kon ook later vertel hoe hy in die gemeente ondervind het dat ds. Edgar vir die vromes innerlik veel beteken het. Hulle het hom begryp, alhoewel hulle hom sleg kon verstaan.

Vir/.....

---

1) Idem, 31.

2) C.O. 369 p.673, K.S.A.

3) De Zuid-Afrikaan, 30 maart 1848.

Vir ons studie is dit van belang om daarop te let dat ons hier 'n geval het, waar die Hollandse element nie tevrede is met 'n Skotse predikant, veral omdat hulle sy preke nie kan verstaan nie. Dreyer kies vir ds. Edgar kant deur te sê dat die klaers onbillik was om na twee maande van hom perfekte Hollands te verwag en gaan voort: "Een ding is zeker - zyn kennis van de Hollandse taal was zeer goed, al was zyn uitspraak er van gebrekkig. Als een gegradueerde van Glasgow was het hem zeker niet zo erg moeilijk de taal aan te leren. Hy kende hem beter dan eenige Schotse predikant van die tyd in onze kerk. Dit blykt uit brieven door hem geschreven, en vooral uit een leerrede die hy by de sluiting van de Synode 1829 heeft gehouden." <sup>1)</sup>

Ek kan met hom nie ten volle instem nie. Afgesien van die uitspraak wat beroerd moes gewees het, <sup>2)</sup> bedien hy hom van 'n swak Hollands en is die taal van dr. Robertson b.v. veel beter as syne. In die genoemde sluitingsrede <sup>3)</sup> praat hy, om maar 'n paar voorbeelde te noem, van die "roef" (Eng.roof) in plaas van die dak van die huis. Hy sê dat die gewete van die mens deur 'n kors breek "en geeft aan zyn gestel een geweldigeren (sic) schok dan ooit de aarde door onderaardsch vuur geleden heeft." Verder is sy taal ook onbeholpe en sy styl stroef. Hy is lief vir beeldspraak en hou mooi beskrywings gee. Hier volg 'n goeie voorbeeld: "Wy kunnen dikwels een storm waargenomen hebben, van deszelfs eerst begin tot het toppunt. Wy hebben dan bemerkt dat hy ten eerste slechts eenige oogenblikken blies en dan ophield. Dat hy dan vermeerderende weder om onze woning blies en dan wederom ophield en dat dit eenigen tyd dus voortduurde, gelyk als de ademhaling in het ligchaam. Dat echter weldra de rukwinden langer en luider en de tussehenruimten korter werden, en  
dat/.....

---

1) Dreyer a.w. 27.

2) W. Meyer skrywe plus minus 1840 in sy "Reisen in Suid-Afrika während der Jahre 1840 und 1841" op p.183 dat die Skotse predikante so 'n merkwaardige spraak van die kansels laat hoor het "Es ist ein aus Holländisch und Breit-Schottisch zusammengesetztes Redewesach"

3) *Acta Synodalia 1829* p. 100

dat eindelyk de storm opstak. Dat nu een dondered geluid langs den roef en de vensters der wooning gehoord werd en dat de regen regelregt en luid in hevige plassen teen de glazen gudste, in evenredigheid van de groote rukwinden....."

Die teks van hierdie rede was Teeg.33 v 11 en die preek is in sy handskrif as bylae by die Hand-linge van die Sinode gevoeg. Dit pas nie juis by die slot van so 'n hoogerwaarde vergadering nie, want dit behandel stof wat meer by 'n gewone erediens hoort en wat aan die gewone lidmaat gerig is. Trouens, dit kom my voor of dit 'n ou preek is, gelewer in sy gemeente, en opgeknip vir die okkasie; want telkens word met nuwe swart ink ingevoeg: "Myne Eerwaarde Broeders" of "Myne Eerwaarde Vaders en broeders als wachters." 'n Mens sou verwag dat die prediker 'n nabetrugting van die afgehandelde werk hou en voorts 'n nuwe opdrag aan die deputate vir die toekomst sal gee n.a.w. dat staatsmans-visie en kerkbeleid openbaar sal word, maar niks daarvan nie. Daarvoor was hy egter ook nog te jonk, slegs meer as 'n jaar in die kerk. Dit is die eerste keer dat 'n lid uit die vergadering gevra word om die slotrede te hou en hy het miskien nie veel tyd vir bepeinsing en voorbereiding geniet nie.

Sy leerrede het geen duidelike verdelings nie, maar dit lyk of hy eers die gehoor onder die indruk van die "dood" van die sondaar wil bring; tweedens, dat die Here daar geen behae in het nie en dardens, dat die Evangeliedienaar moet waarsku om gereed te wees. Sy eerste punt beslaan 22 uit die 33 bladsye, terwyl die ander twee te kort is.

Sy slot is evangelies en op die man af. Hy versoek elke hoorder om sy gewete die volgende vrae af te vra: "Het ek probeer om altyd die gedagtenis van God in my gewete te koester? Het my siel behae gevind in die navolging van sy voorskrifte, in die beskouing van sy volmaakthede, in die bewondering van sy heiligheid.....? Het ek genoeg gemaak van die lees van sy woord? Was dit my dagelikse vermaak? Het ek begeer om in Gods Huis te gaan om Hem te aanbid? Het ek, van my jeug af,

die/.....

die grootste ontsag vir die heilige Sabbat betoon en my op die dag gedurig aan God gewy? Het ek altyd die grootste eerbied vir Gods geboorte, daarin genoeg gesmaak?

Da James Edgar het ongetwyfeld sy verdienste ook gehad, maar Tygerberg het aan die Goewerneur laat weet: gee vir ons liewers weer ons konsulent, die Hollands-Afrikaanse

J.C.Berrange! Hierdie teensin teen die Skotse leraars was nie geïsoleerd nie. Lord Charles Somerset het in 1825 reeds aan die Minister geskryf dat daar onder die koloniste 'n gevoel teen die Skotte opgewek is wat hy ongearne sien ontstaan. <sup>2)</sup>

In 1826 skryf die Kommissaris van Onderzoek aan dieselfde Minister: "We are aware that there exists among the Native Dutch inhabitants a certain degree of jealousy of the preference that has been shown to the Scotch clergy by the late selection, which has been made of them for the service of the Reformed Church." <sup>2)</sup>

Die geval van ds. Edgar in gedagte houdende, sal ek nie saamstem dat dit "jealousy" of afguns by die gemeentes was nie, maar dat hulle grondige besware teen sommige Skotse predikers gehad het. <sup>3)</sup>

---

1) Records XX.391 v.v.

2) Records XXVII. 329.

3) In die gemeente Calvinia het die taalkwessie tydens die bediening van ds. Thomas MacCarter so onoorkomelik geword, dat dit tot 'n ernstige skeuring gelei het, vgl. A.P.Smit: Na Honderd Jaar, Keufees N.G.Gemeente Calvinia, 74.

HOOFSTUK 41.

DR. ROBERT SHAND.

Sy lewensloop.

"That it is not at all times that the believer is enabled to adapt this soul-inspiring declaration" (n.l. God het my tot heil geword), het dr. Robert Shand in sy laaste boodskap op aarde gesê. "There are times of trouble, of chastisement, and sore visitation, when this blessed and soul-satisfying truth is hid from his view. There are days of darkness, often not few in number, in which the glory of this truth is obscured and the lively apprehension of it obstructed." <sup>1)</sup> Hy het uit sy hart en uit sy ondervinding gepraat, dat die weg van die gelowige nie altyd met rose bestrooi is nie. In die gemeente van Tulbagh moes hy baie donker dae beleef, veral aan die begin van sy bediening.

Hy was gebore in die gemeente van Aucherlees in Aberdeenshire, Skotland, in 1803, en het aan die King's College en die Universiteit van Aberdeen studeer. <sup>2)</sup> Nadat 'n aantal Skotse leraars onder aansporing van dr. Geo. Thom na Suid-Afrika gekom het is daar tussen die jare 1828-1836 nog sewe bygevoeg, waaronder Robert Shand seun was. Hy skrywe later dat hy voor sy vertrek "in a state of mental trouble and aberration" verkeer het. <sup>3)</sup>

Wat/.....

---

1) Sermon preached by the late Rev. R. Shand, at Swellendam, 12th Nov. 1876, who died 21st November 1876 (Saul Solomon & Co, Cape Town 1878).

2) In memoriam, K.B. 1871. 394.

3) Brief aan Sekretaris van Staat, "Consistories" 1835 Vol. 769 No. 97. K.S.A.; Moorrees a.w. 527 voetnoot.

Wat die oorsaak hiervan was en of hierdie geestestoestand meeghelp het om die moeilikhede in Tulbagh te begin, weet ons nie.

Reeds voor sy vertrek in 1834 het Shand kennis van die Sekretaris van Staat ontvang dat hy tot predikant van Tulbagh aangestel is. Toe die storms later al hewiger om hom woed en na besware gesoek is, het sommige o.a. hom dit ten euwel bedui dat hy nie na sy aankoms in die Groote kerk gepreek het nie "soos die kerkorde van de Mist voorgeskrywe het." <sup>1)</sup> Die kerkorde maak egter geen sodanige bepeling nie, maar dit het in die verloop van jare usansie geword. 'n Mens wonder waarom Shand ook nie die eerste Sondag na hy voet aan wal gesit het, die gewone preekbeurt daar waargeneem het nie.

Met sy toetree tot die nuwe gemeente word van meet af 'n wanklank verneem. Daar was geen voorsiening vir die pensioen van die diensdoende leraar dr. G.Thom gemaak nie, sodat ds. Shand weier om as predikant van Tulbagh bevestig te word voordat die stoflike welvaart van Thom en sy gesin verseker is. <sup>2)</sup> Toe dr. W.Robertson ook namens die Ring protesteer, word die aanstelling van Shand deur die goewerneur teruggetrek. Hy was deur die edelste motiewe gedrywe en die feit dat hy die goewerneur kon teenstaan - 'n buitengewone kloekmoedige daad in daardie dae - getuig van sy onverskrokke karakter; maar of hy verstandig gehandel het, is 'n ander vraag. Deur te berus in die aanstelling en deur die Ring van Swellendam die belange van dr. Thom te bepleit by die regering, sou die bevredigendste resultate afgewerp het.

Hoe/.....

- 
- 1) H.F. Möller Smr. in De Ware Afrikaan, 21 April 1840.
  - 2) Geschiedenis van het ontstaan der Ned.Geref. Gemeente van Kruisvallei (Jan Regter - Hofmeyr en Regter - Drukker, Kaapstad 1886), 2. 'n Volledige dokumentering word gegee van die stukke met betrekking tot die afskeiding.

Hoe dit sy toe ds. Shand by die kerkraad aanvra om op Tulbagh te mag preek, word dit hom geweier! <sup>1)</sup>

Na 'n jaar word hy deur ds. Sutherland op 1 Nov. 1835 in sy amp bevestig. Na die preek word die nuwe leraar voor die kansel geroep om op die drie voorstellingsvrae te antwoord, maar hy weier om daarop ja te sê. Om die ontsteltenis van die gehoor te beëaar, laat die konsulent enige gesange sing en verwyder hom, saam met ds. Shand en die kerkraad, na die konsistorie. Dit blyk toe dat hy gemoedsbesware besit om in die namiddag die heer Zinn te trou, wat op Sondag van Graaff-Reinet gereis het. <sup>2)</sup> Hy versoek dus uitstel tot na die troue om dan op die vrae te antwoord. <sup>3)</sup> In 'n verdediging van Shand sê 'n skrywer dat dit nie die groot beswaar was nie, want dan kon hy mos vantevore gereël het met die konsulent om nie na die kansel te tree nie, maar die eintlike struikelblok was die vraag of hy gevoel wettig van Gods gemeente en mitsdien van God self geroep is te wees. <sup>4)</sup> Hy sê dat hy nie deur die gemeente beroep was nie, maar aangesel deur die goewerneur.

'n Uitweg uit die dilemma is gevind deurdat ds. Sutherland die huwelik van Zinn voltrek en Shand instem om met die bevestiging die namiddag deur te gaan. Toe die bevestigde egter sy intreerede moet hou, gee hy opnuut aanstoot deur te verklaar dat hy liever wil sterf as om kinders van ouers te doop wat onbekeerd is, of die nagmaal te bedien aan hulle wat nie in 'n godsalige lewe wandel nie.

En/.....

---

1) Notule van die Kerkraad van Tulbagh, 13 Des. 1834.

2) Geschiedenis van het ontstaan der Ned. Geref. Gemeente van Kruisvallei, 3.

3) H.F. Müller Snr. in De Ware Afrikaan, 21 April 1840.

4) De Afscheiding in de Ned. Gereformeerde Gemeente Tulbagh in het jaar 1843, 2.

En hy was 'n man om dit nie by woorde te laat nie. Kinders bly ongedoop en die nagmaal word nie uitgedeel nie.

Hy word deur die kerkraad aangekla en die Ring besluit om hom provisioneel te skors as leraar van Tulbagh omdat hy hom nie stiptelik hou by die akte van ondertekening nie. Die regering stel ds. H.A. Moorrees aan as tydelike predikant aldaar.<sup>1)</sup> Die Sinode van 1837 sou hoofsaaklik hierdie kwessie behandel. Ds. Shand stem nou in om die sakramente aan onbesproke of ongesensureerde lidmate te bedien en selfs huwelike op Sondag te voltrek, sodat hy in sy vorige pos herstel word. Daarop reën die petisies op die goewerneur om Shand nie terug na Tulbagh te stuur nie. Die kerkraad skryf aan sir Benjamin D'Urban: "Niet alleen de leerstellingen welke de Wel Eerwaarde heer Shand omtrent de Sakramenten gekoesterd en en welkers handhaving hy op de plegtigste wyze van den predikstoel heeft bekend gemaakt, welke ons en de gemeente in de onaangename noodzakelykheid zullen brengen den Wel Eerw. heer Shand van den predikstoel te weren, maar ook de herhaalde beleedigingen door hem aan de gemeente gedaan. Hoe zouden wy den Wel Eerw. heer Shand den predikstoel weier durven doen beklimmen?"<sup>2)</sup>

Die goewerneur het advies van die "Committee of the General Assembly of the Church of Scotland for Colonial Churches" in Skotland ingewen, wat lui dat dit goed sal wees as Shand, op gesag van die kerklike besture, elders verplaas word. Daaraan is egter geen gehoor gegee nie en het hy, tot groot ontevredenheid van baie, sy werksaamhede hervat. Op 15 Okt. 1840 gee hulle kennis aan die goewerneur dat hulle hul tot 'n afsonderlike gemeente gaan vorm,<sup>3)</sup> en beroep ds. H.A. Moorrees,<sup>6)</sup> van Riversdale/.....

---

1) Geschiedenis van het ontstaan, ens., 10-13.

2) Idem, 17.

3) Idem, 61.

Riversdale, tot predikant van Kruisvallei.

Ds. Shand het intussen voortgegaan met sy aanswerk in die gemeente Tulbagh tot 17 Sept. 1871, toe hy sy demissie aanvaar het. Sy laaste jare is op Stellenbosch deurgebring waar hy op 21 Nov. 1876 die assem uitblaas. Van hom is gesê dat hy in Suid-Afrika geen beter man nagelaat het nie. Almal het hom geëer as 'n ware Godsmen en selfs van hulle wat hom vroeër vyandig was, het na beter kennismaking, hom liefgekry.<sup>1)</sup>  
Besware teen hom.

Griewe teen hom het ontspruit nie slegs uit sy optrede onder die kansel n.l. die weiering om die bondseels te bedien aan onbekeerdes nie maar ook uit sy optrede op die kansel. Die kerkraad beweert dat hy gesê het voor die uitspraak van die seënbede: "Hoe kan ik zegenen die God vervloekt heeft?" Elke hoorder was verbaas oor dié uitdrukking.<sup>2)</sup> Shand het later 'n beëdigde verklaring voortgehaal om te beklemtoon dat hy nooit daardie woorde gebesig het nie. Hy was 'n eerbare man, sodat daar ergens 'n misverstand moes ingesluip het.

Op 'n ander dag het hy die gemeente vergelyk by "de uitzinnige Galaten" en die uitdrukking gebruik: "Gy uitzinnige Tulbagh, wie heeft u betooverd?" en hulle voorgehou dat hulle vir die kerk "zamenrotten". Nog 'n keer was die gemeente vir hom soos die "Herodiane" en het hy die geskiedenis van 'n sekere moordenaar nie onduidelik op hulle toegepas nie. 'n Verdere kansel-uitlating was dat baie lidmate wat tevore hier aangeneem is, voor die duivel hul belydenis afgelê het.<sup>3)</sup> Almal uitdrukkinge wat ook vir ons ore hard klink, maar dit hang alles af in welke verband hy dit gebruik het.

As/.....

---

1) In Memoriam K.B. 1871. 393.

2) Geschiedenis van het ontstaan ens., 19.

3) Idem, 20.

As die prediker die moeilikhede in die gemeente voor oë gehad het, dan was sy woorde bealis onreëlik, maar miskien was hy besig om die gemeente oor ander sondes oor die kole te haal. Sy gehoor egter was merendeel baie bevooroordeeld teen hom.

Na sy suspensie en terugkoms in die gemeente verwyt hy hulle in sy derde preek dat hulle in die interim 'n ander leraar (ds.H.A.Moorrees) aangeneem en dus "eene geestelyke Hoerery" gepleeg het. Nadat sy eerw. so 'n rukkie stilgebly het, laat hy daarop volg: "Gy geestelyke Hoeren van Babel, bekeert u van uwe zonden!" Dit is die getuienis van H.F.Möller Snr.<sup>1)</sup> Op sy vraag aan ds. Shand daaromtrent antwoord laasgenoemde dat dit vroeër nie sy bedoeling was nie, maar die woorde het hom op die kansel te binne geskiet. Toe het hy gedink dat hy liewers sal sterwe as om dit te verswyg. 'n Mens sou dit nie gedink het van so 'n streng en kalme man soos Shand, dat hy so impulsief kon optree nie.

Möller vertel verder dat die dominee in 'n ander erediens eensklaps in sy preek stilgehou het om die mense wat snuif en hoës te berispe en veral die voorleser die les te lees. Die voorleser ly aan 'n borskwaal en kon die hoës nie verhelp nie. Van toe af gaan Möller nie meer kerk toe nie "te meerterwyl ik, vooral als de tyd my te lang valt, ook een liefhebber van snuiven ben."

Die beswaar dat hy nie die sakramente aan sekere ongesensureerde lidmate wou bedien nie, was ongetwyfeld 'n gewettigde. Ter verskoning van Shand is aangevoer dat die gemeente deur andere beskryf is as "vervalle, zedeloos, verarmd" na die vierjarige krankheid van dr. Thom en dat die nuwe dominee sterk moes optree om goddelose gewoontes teen te gaan.<sup>2)</sup>  
Aan/.....

---

1) De Ware Afrikaan, 21 April 1840.

2) De Afscheiding in de Ned.Gereformeerde Gemeente Tulbagh in het jaar 1843, 2.

Aan die ander kant is betoog dat die strewe van ds. Shand om 'n gemeente van "heiliges" te hê die aanleiding tot huigelary is, want 'n vader, wie se kind die doop geweier is, kom in een nag tot bekering.

Ds. Shand is nie die eerste om so 'n strenge houding ten opsigte van die bediening van die sakramente in te neem nie. So vroeg soos die tweede helfte van die sewentiende eeu het Jodocus van Lodenstein beswaar aangeteken teen die eerste vraag van die doopsformulier, omdat hy gemeen het dat alleen kinders van wedergeborenes in Christus geheilig is en dat hulle alleen behoort gedoop te word.<sup>1)</sup> Ook onder die Puriteine in Engeland en Noord-Amerika tref ons 'n dergelike rigting aan. Dit kan wees dat Shand met hierdie invloede in Skotland in aanraking was. So 'n houding is in gereformeerde kringe egter nie toelaatbaar nie. Wanneer 'n lidmaat belydenis afgele<sup>e</sup> het en sy wandel dit nie weerspreek nie en hy bereid is om op die drie vrae te antwoord, dan mag die kerk nie weier om sy kinders te doop nie. Die oordeel van liefde word in elke geval toegepas. Per slot van rekening, wie is die mens dat hy oor die toestand van die hart kan oordeel?

Dit is gesê dat ds. Shand innig vertrouwd was met die Institusies van Calvyn,<sup>2)</sup> maar hier deel hy seker nie in die gees van die groot hervormer nie. Calvyn het duidelik geleer dat die koringkorrels deur 'n hoop kaf bedek word en aan God alleen moet die kennis van sy kerk oorgelaat word.<sup>3)</sup>

Die mededeling van ds. J.H.M. Kock is interessant, dat ds. Shand onder invloed van eerw. Corrie sou gekom het, waar dié meen dat die tyd aangebreek het vir die gemeente om alleen uit "heiliges" te bestaan.<sup>4)</sup>

Herw./.....

---

1) Ypey & Dermout a.w. III. 201.

2) K.B. 1871. 395.

3) Institutie (vert. Sizoo) IV. par. 2.

4) De Nederd. Gereformeerde gemeente van Kruisvallei (1898), 20.

Eerw. Gorrie was, net soos Shand, 'n Skot en het oorspronklik aan die "Established Church of Scotland" behoort. Hy het as ouderling van ds. George Morgan in Kaapstad dikwels gepreek, sodat hy later aanvra om georden te word. Toe dit hom geweier is, appliseer hy na die Vrye kerk en doen vir hulle sendingwerk.<sup>1)</sup> Die Kaapse Sinode het sy aansoek om ordening ook geweier omdat hulle die verstandhouding met die Skotse kerk nie wou stoor nie.<sup>2)</sup> Meer weet ons nie van hom nie, sodat ons die bewering van ds. Kock nie kan staaf nie.

Sy puriteinse strewe.

Reeds by die begin het die nuwe leraar van Tulbagh hom openbaar as 'n man met "onversettelyke beginselen," al was dit ook soms 'n "eigendunkelyk voornemen."<sup>3)</sup> Hy het die kerk ongetwyfeld 'n diens bewys deur sy kragtige protes teen die bevestiging van die huwelik op Sondag, wat dikwels tot growwe ont-heiliging van die dag van die Here gelei het. Die manier waar-op hy geveg het, was egter nie steeds die gelukkigste nie. Die koninklike weg sou gewees het om langs kerkregterlike kanale die euwel teen te gaan in plaas van deur eienagtige verset 'n deur die landswet gewettigde gebruik te wil opskort. Maar sy temperament en samestelling was sodanig, dat hy dikwels eienaardig opgetree het.

Met/.....

- 
- 1) Geo.Morgan: Remarks on the State of the Scottish Church Cape Town, 84-87.
  - 2) Acta Synodi 1852, 9.1/9 p.1196, F.K.A. Sien verder Handelingen van de Synodale Commissie 1852-1856 9/2/3 p.p. 23, 161.
  - 3) Geschiedenis van het ontstaan enz., 3.

Met streng puriteinse idees was hy terdeë beheb. Veral was die Christelike Sabbat vir hom heilig. In 'n lang preek oor die onderwerp wat voorkom in die enigste preekbundel <sup>1)</sup> wat ons van hom besit - deur enige vriende van hom in die lig gestuur - sê hy dat "daar geen sekerder middel is om ongodsdienstigheid, sedeloosheid, en allerlei kwaad in huisgesinne en gemeentes, in stede en dorpe in te voer nie, dan deur die instelling van die sabbat in minagting te bring..... Die mens wat die sabbat verontheilig, veronagsaam heiligheid van hart en lewe, is 'n vyand van die bekering, weerhou die gebed, en werp die vrees van God van hom. Hy vrees nie om te sondig en sidder nie op die gedagte van die toekomstige oordeel nie. Hy het geen lus tot die hemel en geen afskrik van die hel nie."

So het hy oor die Sabbatskender geïnk. Geen wonder dat hy die hoorder waarsku nie - en ons gee sy eie woorde om Shand op sy beste as prediker te leer ken - "Indien gy voortvaart met Gods heiligen dag uwe eie wege te doen, uwe eigenenlust te vinden, en uwe eie woorde te spreken; zoo gy den Sabbat besteedt in wereldsche bezigheden of vermaken, of u, in uwe wereldschebetrekking, van denselven bedient, ten einde in de overige dagen der week meer tyd tot uwe geliefkoosde bezigheden of vermaken over te houden; indien gy den Sabbat misbruikt tot onnoodig reizen, of om hier of daar een zinnelyk vermaak te gaan opzoeken .....ik betuige u in den naam van den grooten God, dat het u kwalyk gaan zal. God zal u overgeven in eenen verkeerden zin, om te doen dingen, die niet betamen..... God straft zonde met zonde. Indien gy de Sabbat veracht, God zal u versachten..... Hy zal u berooven van uwe gezondheid, van uwe genoegens, van uwe bezittingen. Hy zal uwe zegeningen vervloeken.

De/.....

---

1) Twaalf Preeken door den geleerw. Zeergel. Heer Robert Shand A.L.M. emeritus predikant by de Gereformeerde Gemeente te Tulbagh, Zuid-Afrika (Utrecht by C. van Bentum, Kaapstad by N.H. Marais 1875), 127.

De dieren selfs, u tot noodig en nuttig gebruik gegee, doch welke gy misbrukt om den Sabbat te schenden, zal Hy u ontnemen. Ja, uwe kinderen zullen teen u opstaan en u tot vyanden worden. Uwe plagen zal Hy vermenigvuldigen en vermeederen, totdat gy verteed zyt." <sup>1)</sup>

Daar het dan ook teenoor sulke heftige uitlatings skerpe reaksie gekom. Die moeilikheite in die gemeente is reeds bespreek. "Een lid der kerk" skryf in 'n dagblad: "Wil men alhier die Schotsche kerktucht in het vieren van den wekelyksche rustdag invoeren? Indien dit zoo is, dan vrees ik dat men zich te laat beklagen zal over de scheuring in de kerk." <sup>2)</sup> "Een lid der gemeente" is kwaad oor die gerug dat die Ned.Geref.Gemeente met die Skots-presbiteriaanse kerk gaan verenig <sup>3)</sup> en vra: "zult gy u aan al de uitzinnigheden van de Schotsch Presbyteriaanse kerktucht onderwerpen? Zulj gy toelaten dat uwe opgeruimde vrolyke vereering van God gedurende den Zondag in eene ik weet niet welke sombere, het ligchaem en de ziel pynigende, en alle veerkracht benemende zoogenaande Sabbatviering zal ontaarden?" <sup>4)</sup>

Volgens hierdie twee korrespondente lyk dit of nie net Shand nie, maar die ander kotte ook bekend was vir 'n strenger handhawing van die Sabbatshelighheid. Die sinode van 1837 het dan ook besluit, op 'n vraag van die kerkraad van Swelendam (waar dr. .Robertsom leraar was), dat koop en verkoop, dans, timmer, messel oneennodig reis op Sondag tugwaardige sendes is. <sup>5)</sup>

'n Paar/.....

---

1) Idem, 135.

2) De Zuid-Afrikaan, 17 Nov. 1837.

3) Treffend is dit dat Shand juis die voorstel van ds.A.Murray Jnr. om die twee kerke te verenig, opponeer het. Acta Synodi 1862, sessie 4.

4) De Ware Afrikaan, 12 Mei 1840.

5) Acta Synodi 1837, sessie 4.

'n Paar maande na die Sinode, 30 Maart 1838, word 'n nuwe Sondags-ordonnansie deur die Regering gepasseer, wat strenger was as die vorige.<sup>1)</sup> Die proteste van Shand het dus nie op dowe ore geval nie, maar 'n gunstige uitwerking gehad.

Jare later, toe die agitatie deur ds.G.W.A.van der Lingen en ander op tou gesit is teen Sondagtreine, het hy natuurlik heelhartig met hulle daarin saamgewerk.<sup>2)</sup>

Nie slegs teen Sabbatsontheiliging het hy gepreek nie, ook ander sosiale euwels en vermake, soos resies, die komediehuis en dans het hy gestriem.<sup>3)</sup> Hy het 'n oog gehad vir die behoeftes en die gevare van die volk. Op vaderlike wyse maan hy hulle om vir skuld bang te wees. Huisvaders en huismoeders moet sorg dat hul uitgawes nie die inkomstes oorskry nie. Aangesien hulle in gemeenskap van goedere getroud is, mag die man/vry skuld maak of vir ander borgstaan nie, sonder die toestemming van sy eggenote.<sup>4)</sup> Sy hele leerrede het hierdie strekking.

#### Didaktiese prediking.

Met hierdie laaste paragraaf kom ons dan by 'n besondere kenmerk van ds. Robert Shand se verkondiging. Hy het oor die algemeen genome meer geleer as gepreek. Die aksent het sterker op die didachē-As die kerugma geval. Waar hy leer hou hy b.v. baie van definisies, as voorbeeld dien die preek oor 2Kor.3 v.17b: "Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid."<sup>5)</sup>

Sy/.....

- 
- 1) De Zuid-Afrikaan, 6 April 1838.
  - 2) Brief aan prof.J.Murray d.d. Tulbagh, 14 April 1862, Shand-papiere K.F.A. (ongeorden).
  - 3) De vryheid van den geloovige, Twaalf Preeken, 34.
  - 4) De Oneerlikheid, Twaalf Preeken, 102, 105.
  - 5) Twaalf Preeken, 33.

Sy verdeling is as volg: (i) wat hierdie vryheid nie is nie; (ii) wat dit wel is; (iii) aan wie ons dit verskuldig is; (iv) deur wie en waardeur ons dit deelagtig word. Onderpunt 1. kom vyf ander onderverdelings van wat die vryheid nie is nie. Soms  
Blikk sy onderskeidings baie skolasties. <sup>1)</sup>

In hierdie preek verduidelik hy sy onderwerp tot die einde toe en ontbreek die toepassing. Die hele boodskap hang dus in die lug. Dit kan goedskiks 'n mooi opstel uit die dogmatiek genoem word. Naas die Bybel was die Institusies van Calvyn sy geliefde boek en dit kom ons voor of hierdie meesterwerk hom baie beïnvloed het. Sy hele manier van 'n teks aanpak was meer leerstellig as eksegeties.

Soms is sy strewe om as onderwyser op te tree waarlik oordrewe. Wanneer hy dit het oor stilheid en vertroue, <sup>2)</sup> sê hy: "Gelyk de woorden met het voegwoordje en zamengevoegd zyn, zoo zyn ook de zaken door deze woorden uitgedrukt, zamengevoegd..... Wy dienenby het lezen en onderzoeken van Gods Woord op de kleine woordjes, inzonderheid op het voegwoordje en te letten. Zoo menigmaal de woorden met dit voegwoordje zamengevoegd zyn, moeten wy de zaken dood de woorden uitgedrukt als zamengevoegd aanmerken en wel zoo, dat wy het eene zonder het andere niet kunnen bekomen. Hier maak hy te veel drukte oor die klein woordjie en. 'n Mens Kannie help om 'n vergelyking met die prediking van dr. W. Robertson te maak nie. Hy was kort en sonder omweg, met een strewe om die hart van die gemeente te raak.

Die sterk didaktiese element in sy preke in aanmerking geneem, verwonder dit ons dat hy sy bundel "Twaalf Preeken" noem en nie "Twaalf Leerredenen" soos al die ander nie. Hy was die eerste om van die geïkte benaming, met sy sterk rasionalistiese bysmaak, weg te breek.

Dit/.....

---

1) Sien ook leerredes 5 en 6 vir 'n soortgelyke behandeling van die teks.

2) Twaalf Preeken, 82.

Dit wil darem nie sê dat Shand diekerugma nooit tot sy reg laat kom het nie. In die reeds genoemde preek oor Sabbatsheiliging raak hy die gewete van die hoorder terdees aan. Ons het slegs die algemene tenders in die voorhande preke onderstreep.

As dogmatikus is hy nie erg geïnteresseerd in die verband en uitleë van sy teks nie. Hy is baie gou by die hoofmaterie van sy preek. Wat 'n mens verder tref, is dat hy feitelik nooit 'n inleiding of twee inleidings, soos die tradisie tot dusver konsekwent gehandhaaf het, gee nie. Na die noem van sy teks kondig hy die verdelings aan en begin met sy onderwerp. Dit alles maak sy preke verkwikkend kort, wat seker met welgevalle aangehoor is, maar aan die ander kant sou sy prediking aan waarde gewen het, as dit meer skrifinhoud besit het.

Terwyl ons by die metodologiese van sy prediking stilstaan, noem ons verder dat sy Nederlands verstaanbaar was. Toe hy die eerste keer in Tulbagh preek - die tweede maal in die Nederduitse taal - kon iemand opmerk dat sowel die leerrede as "het suiwer en grammatikale Hollandsch" die lof en goedkeuring van almal weggedra het.<sup>1)</sup>

#### Ortodokse prediking.

Robert Shand was 'n stoere Calvinis en sy oortuiging het hy nie onder stoele en banke weggesteek nie. In die stryd teen die Liberalisme het hy heftig die ou waarheid verdedig, nie alleen in die Sinode<sup>2)</sup> nie maar ook van sy kansel. "Lidmaat" skryf dat 'n mens in daardie dae baie hoor van "'n nuwe lig" of "ander evangelie" en daarom was dit so 'n voorreg om ds. Shand op Swellendam die suiwer evangelie met klem te hoor verkondig. Hy het die leer van die triniteit, die godheid van Christus, die noodsaaklikheid van 'n inwendige verandering deur die invloed van die Gees met krag voorgestel.<sup>3)</sup> Wanneer/.....

---

1) De Zuid Afrikaan, 26 Des. 1834.

2) Hy stel o.a. voor dat die formuliere van enigheid en die liturgiese geskrifte in Hollands op las van die Sinode uitgegee word. Acta Synodi 1862, sessie 52.

3) De Overbergsche Courant, 8 Jan. 1840.

Wanneer die kerk hom in 1867 gereed maak om tydens die leerstryd 'n belangrike sinode tehou, word die gemeentes tot 'n algemene biddag opgeroep op 25 Augustus. Die Tulbaghse leraar kies tot tema "Het Vrouwenzaad en het Slangenzaad," waarin hy die stryd tussen die kerk en die duiwel skilder en nie skroom om die liberale onder laasgenoemde se heerskappy te sorteer nie. Hy sê dat die gemeente nie verbaas moet wees dat daar stryd, beproewing en selfs lyding wag, nadat twee leraars afgesit is en weer deur die regbank herstel is in hul amp nie. Maar die Here sal dit die kerk ten goede laat gedy en die duiwel sal besef dat hy nie baas is nie.<sup>1)</sup> In die heftige manier van hom uit te druk, laat hy baie aan ds. G.W.A. van der Lingen dink.

In sy afsheidsrede<sup>2)</sup> meld hy dat die evangelie vir die Grieke dwaasheid was (1 Kor. 1 v. 23) en pas dit dan toe op "de menigte in de Christelyke kerk, die op de verlichting, de rede, de wetenskap, en wat dies meer zy, roem dragen, en die bekend staan onder de naam van Neologen, Rationalisten, liberalen en Modemen." Hulle leer is bepaald teen die skrif en hulle sal die gewisse prooi van die verderf word.

Op die stuk van die uitverkieping het hy baie beslis gestaan. Hy behandel dit in twee preke in sy bundel en beklemtoon dat hierdie belangrike waarheid in die gemeente nie verswyg mag word nie. In hierdie opsig verskil hy wyd van die ander Skotse predikante, wat liefs nie hieroor gepreek het nie, of 'n breër interpretasie aan die leerstuk gegee het.

Hy/.....

---

1) Twaalf Preeken, 147.

2) Christus de Gekruisigde de Hoofinhoud der Evangelieprediking zynde Eene afsheidsrede gehouden in de Ned.Geref.Kerk te Tulbagh, deur den Veleerw. Robert Shand, emeritus leraar, na eene Evangeliebeoëning in de genoemde gemeente van ruim 35 jaren. In druk verschenen op verzoek van den kerkeraad (gedruk by Smuts en Hofmeyr, Kaapstad 1873).

Hy definieer die verkiesing as volg: "Zy is het voornemen Gods, naar zyn welbehagen, om af te zonderen een bepaald getal der zondige menschenkinderen, ten einde zy tot zyne kinderen worden aangenomen, en voor de eeuwige heerlykheid opgeleid." Hy sê verder dat wat ons aandag verdien dié is, dat die verkiesing uit Gods vrye en onderskeidende genade geskied, na sy welbehag, en dat dit niks te doen het met enige waardigheid of goedheid in die geroepene nie. Dit kan alleen daar wees as vrug van die verkiesing.<sup>1)</sup>

As dié leerstuk in die gemeente verswyg of weggeneem word, dan (i) word die ware nederigheid ondermyn, want die siel meen dat hy kan bydra tot sy saligheid; (ii) die hoop van die ellendige word geweld aangedoen, want waarheen moet hy hom wend en (iii) die sekerheid van die saligheid word ons ontnem. In hierdie laaste punt blyk hy eg Dordts te wees.<sup>2)</sup>

Aan die einde van sy bediening bly die uitverkiesing nog sy vertroosting. In sy afskeidsrede sê hy dat hy die bevinding van die mens se onmag hy al meer en meer tot die oortuiging kom dat die leer van Gods vrye genade, in die belydeniskrifte so volledig geleer, die waarheid van die hemele is en in alles met Sy Woord ooreenkom. Die Here het 'n volk wat Hy van ewig af uitverkies het en deur Sy Woord en Gees vergader.

Dit het hy hom egter geen valse sorgeloosheid laat posvat nie, want hy het hom steeds voorgeneem om die kruis van Christus te bring. Daarvan getuig hy in bogemelde rede: "Christus de Gekruisigde de hoofinhoud der Evangelieprediking." Robert Shand was 'n innige gelowige. Hy het die taak van die evangeliedienaar ernstig beskou. In die broederlike onderhoud tydens die Sinode van 1862 oor die prediking, was dit sy opinie dat die evangeliebediening so weinig vrug afwerp, omdat die leraar in eie krag optree/.....

---

1) Onze roeping en verkiesing vastgemaakt, Twaalf Preeken, 69, 70.

2) De zaligheid der uitverkorenen als den raadslag en het werk van den Drieëenigen God, Twaalf Preeken, 56, 57.

optree en nie genoeg in die versoenende genade van God in Christus staan nie.<sup>1)</sup> Veral kom sy beskouing duidelik uit in die preek oor "Het Gebed en de bediening des Woords." Die prediker moet worstel in die gebede ten einde die verborgenhede van die koninkryk te verstaan. Wat 'n naartigheid in die lees, in die ondersoek van die goddelike waarhede, om 'n bevindelike kennis daarvan te bekom en kan sê: ons spreek wat ons weet en getuig wat ons gesien het.

Die leraar kan daarom nie nog boer en hendeldrywe of skoolhou nie, maar al sy tyd aan die diens van die Woord wy. Die gemeente moet baie vir hom bid. Hy self kon van die wyk Bokkeveld (Ceres) getuig: "Konden de bosschen en rotsen, de kloven en sloten spreken, zy zonden moet getuigen, hoe menigmaal en aan hoevele plaatsen, ik voor u, daar gy my aan het hart leagt, in den gebede geworsteld heb." Hy het die wyk tot in die hoeke toe deurgebid.<sup>2)</sup> Shand was 'n man van gebed. Op die beroemde konferensie van Worcester in 1860 moes hy 'n referaat hou oor bidure, maar weens gebrek aan tyd is dit nie gelees nie.<sup>3)</sup>

Hierin het veral sy krag gelê, meer as in die elkwensie en bekoring van sy prediking, n.l. in die integriteit van sy karakter en in die opregtheid van sy hart.

---

1) Acta Synodi 1862, sessie 25.

2) Twaalf Preeken, 175, 177, 183.

3) Bidstonden. Eene verhandeling opgesteld voor de Christelyke Conferentie, gehouden te Worcester, op den 18 den April 1860, doch wegens gebrek aan tyd nie voorgelezen door Wel Eerw. R.Shand, predikant van Tulbagh (Swellendam 1860).

HOOFSTUK 42.

DS. COLIN FRASER, SNR.

Biografiese besonderhede.

En nag het ds. Colin Fraser en sy ouderling in die veld onder een velkometers geslaap. Dit was met geleentheid van huisbesoek in 'n verafgeleë buitewyk. Meteens fluister die ouderling dat daar 'n groot slang onder die kometers ingekruip het en oor sy liggaam lê; die dominee moet stadig uitkruip, die slang aan die stert gryp, wegruk en dan vakant maak.<sup>1)</sup> Sulke voorvalle gee 'n mens die besef van wat die meeste Skotse predikante, wat gewoonlik in die grensgemeentes gestaan het, moes deurmaak en aan welke persoonlike gevare hulle blootgestel was. As vreemdelinge uit 'n ver land het die meeste hulle tuis-<sup>hulle</sup>gemaak in Suid-Afrika en vir 'n groot mate/vereenselwig met die lotgevalle van die volk onder wie hulle gearbei het.

Daar was geen gebaande weë in die Noord-Kaapland nie, net voetpaasie en waspore van een plaas na die ander. Die gemeentes was uitgestrek sodat die leraar herhaalde reise moes onderneem om die kudde bymekaar te maak, om te preek, te doop en aan te neem. Hy en sy ouderling gaan uit te perd met agterryer, met pakperd, kooigoed, klere, toga, proviand en nagmaalser-vies. Die gemeente is toe al in wyke verdeel en elke wyk kry sy besoek. Dit was soms 'n kuns om die mense in die hande te kry, want hulle was bang vir die predikant, omtrent wie allerlei gerugte rond versprei is.

John Fraser vertel dat sy vader dikwels maande van die huis weg was en dat briewe van hom deur amouse of per ander geleentheid hulle bereik het. Een Sondag het hy 'n hele familie voor die kandel gesien; oupa, oma, vader, moeder en enige kinders moes gedoop word.

Dit/.....

---

1) John G. Fraser: Episodes in my Life (Cape Town 1922), 11.

Dit was 'n familie Kruger wat ds. Fraser in die omgewing van Prieska ontdek het. Die trekboere het reeds vroeg buite die bereik van woord en sakramente weggetrek. "One is in a position to gauge the value of their labours towards the redemption of the people to the Christian life, and their recovery for the Church," konkludeer John Fraser in verband met die dienste van die Skotse dominees.<sup>1)</sup>

Colin Fraser was die seun van Alexander Fraser en Lilian McDonald en gebore 28 November 1796 te Killernan, Ross-shire in Skotland. Vir sy akademiese opleiding is hy na Aberdeen waar hy sy magister-graad in "King's College" behaal en daarna sowel in die "King's" as in "Marischall College" in die teologie studeer.<sup>2)</sup>

Toe dr. G.Thom in Engeland was om na leraars vir die Kaapse kerk te soek, het hy dr. Wm.Manuel, Skotse predikant in Londen, aangestel om aspirerende jongmense raad te gee.<sup>3)</sup> Deur sy bemiddeling het Colin Fraser ook 'n pos in Suid-Afrika bekom en skrywe hy nou aan R.Wilmot Horton, sekretaris van Earl Bathurst, sekretaris van Kolonies, dat hy gereed staan om na Nederland te vertrek en verlang die £50 wat hom toekom vir daardie doel, aangesien hy geen geld meer het nie.<sup>4)</sup> Vir 'n paar maande het hy Nederlands aan die universiteit van Utrecht studeer. Nou vra hy aan Horton 'n bewys vir die Ring van Chanomy dat hy werlik 'n aanstelling aan die Kaap het, met die oog op sy ordening.<sup>5)</sup>

Hy is in besit van 'n getuigskrif van James Ross D.D., senior predikant van Aberdeen, John Murray predikant van Trinity/.....

---

1) Idem, 10.

2) Idem, Inleiding viii.

3) C.Fraser aan R. Wilmot Horton, 9 Mei 1823, Records XVI. 7.

4) Records XVI. 133.

5) Idem, Records XVIII. 44.

Trinity Chapel en James Bently, professor in semitiese tale, King's Kollege, Aberdeen, dat hy toegelaat is tot die preekdiens en in besit is van "a licence to preach the Gospel according to the rules of the Church of Scotland." <sup>1)</sup> Fraser was dus lid van die ou gevestigde kerk van Skotland en nie van een van die afgeskeie kerke nie. Kort daarna is hy deur die ring van Chanomy georden.

Hy verlaat Inverness op 18 Junie 1824 om in die laaste maand van die jaar Tafelberg vir die eerste keer te sien. Sy bestemming was Beaufort, waar hy sy hele lewe geslyt het. Lord Charles Somerset het 'nbehae daarin geskep om nuwe dorpe of distrikte na hom of sy familie tenoem. Hy was 'n seun van die Hertog van Beaufort en daarom is die pos wat gestig is om wegdrostende slawe na die Grootrivier voor te keer, Beaufort genoem. In latere jare heet dit Beaufort-Wes ter onderskeiding van Fort Beaufort en Port Beaufort. <sup>2)</sup>

Daar was min inwoners in die dorpie en geen kerk nie. Ds. John Taylor, sy voorganger, het onder 'n populierboom diens gehou, terwyl 'n tent van waselle as kerkgebou dien. Later is in die huis van Kom. Abraham de Klerk preekdiens gelewer. Ds. Colin Fraser is deur ds. A. Murry<sup>2</sup>, Snr. op 19 Jan. 1825 bevestig en dadelik het die nuwe dominee geywer vir 'n kerk wat in 1830 eers gereed was. Met die hoeksteenlegging word "de onvermoede pogingen van den braven en ywverigen Leeraar der Gemeente" in die Zuid-Afrikaansch Tydschrift geroem. Landdros A. Stockenström getuig daar van die sigbare verandering wat reeds in die sedes van die inwoners aanwesig is. <sup>3)</sup>

Selfs in hierdie klein samelewing het allerlei sosiale euwels die verskyning gemaak. Een daarvan was drankmisbruik

Die/.....

---

1) Records XVII. 297.

2) A.P.Smit: Gedenkboek van die Ned.Geref.Gemeente Beaufort-Wes (1820 - 1945), 8.

3) N.Z.A.T. 1826. 394.

Die "taphuizen" op die dorp was 'n doring in die vlees vir die kerkraad. Daar was ook gevalle van oortreding van die sewende gebod., sodat die kerkraad voortdurend met tuggevalle te doen gehad het. Ds. Fraser het as Skot met sy streng puriteinse opvatting die tug konsekwent gehandhaaf.<sup>1)</sup> James Backhouse kon in 1839 gewaar dat op aandrang van die kerkraad daar geen kantienes op die dorp meer oop was nie.<sup>2)</sup>

Uit die godsdiensverslag aan die Ring van 1838 blyk dit dat in die môre en middag getrou ere-dienste gehou is, terwyl volgens gewoonte in die namiddag oor die kategismus gepreek is. Die bywoning van die kerkdienste is deurgaans baie bemoedigend en die huisgodsdiens verbeter. In daardie tyd reeds was daar twee maandelikse bidstonde in die wyke Swartberg en Nuweveld, sowel as 'n werklikse biduur op die dorp.<sup>3)</sup>

Tog is Backhouse nie baie ingenome met die gehalte van godsdiens in Beaufort nie. Die godsdiensige vorms word getrouer nagekom deur die Boere as deur die Engelse, maar "the power of religion is known only to a very limited extent." Hy soek die fout nie by die prediker nie, want telkens maak hy gewag van die "pious minister," maar hy meen dis aan dié feit toe te skrywe dat die Ned.Geref. kerk deur die staat oorheers word, sodat geen privaat inisiatief van die lidmate self uitstraal nie.<sup>4)</sup>

Die/.....

---

1) A.P. Smit a.w. 32.

2) Extracts from the letters of James Backhouse, whilst engaged in a religious visit to Van Dieman's Land, New South Wales and South Africa accompanied by George Washington Walker, Vol. 2, 98.

3) A.P.Smit a.w. 35.

4) Backhouse a.w. 99.

Die leraar self het later in sy verslae gekla oor doodsheid en agteruitgang in die godsdiens en het verlang na beterskap. Sy wense sou vervul word in die herlewing van 1860 toe sy gemeente ook kenlik besoek word deur die Gees van die Here.

Kort daarna vra hy sy emeritaat aan weens toenemende swakheid en ongesteldheid.<sup>1)</sup> Op Sondag, 25 September 1870, is hy te Beaufort-Wes in die ouderdom van 74 jare die rus ingegaan. Deur herhaalde beroerteanvalle is sy spraakvermoë aangetas sodat hy moeilik kon praat, maar het tot drie weke voor sy dood nog armes en krankes opgesoek.<sup>2)</sup>

Sy verkondiging.

Alleen as die navorsers 'n verteenwoordigende en genoegsame aantal preke van iemand besit, kan daar 'n juiste beeld van sy verkondiging gemaak word. Ons is gelukkig om 'n preekboek van ds. Colin Fraser, Snr. te hê waarin 151 leerredes in sy eie handskrif teruggevind word.<sup>3)</sup> Daaruit laat hy hom ken as prediker. In hierdie boek lees ons ook 'n register van doopname 23 Jan. 1825 - 9 Des. 1833, die name van katkisanse wat nie kon lees en leer nie en die name van 'n paar weeskinders. Dit is 'n historiese geskrie.

Reeds is melding gemaak van uitgebreide preekreise in sy parogie. Toe ds. W.A. Krige in die nuwe gemeente Victoria in 1844 ontvang word, was Fraser die prediker met 1 Tim. 4 v.16 tot teks. Hy proponeer die gewig van die evangeliebediening, die moeilikhede en die salige gevolge vir die getroue dienskneg.<sup>4)</sup>  
Met/.....

---

1) K.B. 1862. 191.

2) K.B. 1870. 356, 357.

3) Argief, Ned.Geref. Gemeente, Beaufort-Wes.

4) De Honigby 1844. 352.

Met geleentheid van ds. P.K. Albertyn se intree in Zwarteberg preek hy weer oor Jer. 48 v.10: "Vervloekt sy, die des Heeren werk bedriegelyk doet." Die korrespondent skryf dat sy afskeid van daardie deel nie maklik vergeet sal word nie, want hy het hulle getrou en gemoedelik gedurende 'n vyfde van 'n eeu bearbei.<sup>1)</sup>

Dit was baanbrekerstye en - omstandighede. Dit was besondere ondervindinge wat hom soms te beurt geval het. Eendag sit hy tussen die doringbome langs 'n rivier, besig om stil te wees en hom voor te berei vir sy prediking. Terwyl die Bybel op sy knieë oop lê en sy oë toe was, diep in gedagte gesonke, voel hy 'n gewig op die Bybel druk. Met die oopmaak van die oë, kyk hy vas in die oë van 'n leeu wat sy voorpoot op die Bybel plaas. Die prediker bid God om verlossing. Meteens bemerk hy dat die dier swaar asem haal en vreesbevange was. Wilde boesmans tree nou vorentoe met pyl en boog in die hand om die wegvlugtende leeu te verjaag. In stilte kon hy God dank vir sy bewarende hand.<sup>2)</sup>

Aan Colin Fraser kleef die roem van 'n eminente prediker nie. Sy waarde lê meer daarin dat hy getrou was in die woordverkundiging. Vir duisende het hy die blye boodskap in 'n ver land gebring. Op sy ses-en-sestigste verjaardag het 'n paar lidmate hom 'n adres aangebied, waarin hulle die Here dank vir sy gespaarde lewe "zodat wy al dien tyd het dierbaar genot der Evangelieverkundiging byna onafgebroken hebben mogen smaken en zodoende tot de waarheid, welke in Christus is, langzamerhand hebben mogen geraken." Baie gemeentes was tot groot skade lank herderloos, maar Beaufort-Ves was bevoorreg om ds. Fraser gereeld op sy pos te sien. Al sy vermaninge en liefdevolle teregwysinge waardeer hulle hoog en wil dit in die hart bewaar.<sup>3)</sup>

Sy/.....

---

1) Idem, 1845. 138.

2) John Fraser: Episodes in my Life, 12.

3) K.B. 1861. 424.

Sy oorgelewerde preke getuig nie van soveel degelike voorbereiding, soos b.v. van dié van ds. A. Murray, Snr. nie. Die handskrif is baie moeilik om te ontsyfer en die leerredes is nie altyd volledig uitgeskryf nie. In 'n ander opsig is daar ooreenkoms tussen hom en die so pas genoemde leraar en baie predikers van die ou tyd, dat die toepassing selde neergeskryf is. Dit is jammer, want die slot bevat die belangrikste deel van die preek, waar die waarhede van die teks op die hart van die gemeente gelê word, en moet met sorgvuldigheid vooraf aandag geniet. Dit kannie slegs aan die ingewing van die oomblik oorgelaat word nie. Ds. Fraser het sy toepassing slegs aan die einde van die predikasie gemaak.

Sy indelinge het gewoonlik heel maklik gevloei b.v. Jak. 5 v.19,20: "Broeders, as iemand onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer het ons." (i) die oogmerk van godsdienstige ywer; (ii) die middels daartoe en (iii) die gelukkige gevolge.

Trouens, sy verkondiging is deurgaans baie eenvoudig, sodat hy maklik verstaanbaar was. Hy bedien hom graag van sulke woorde: "Wy spreek zeer eenvoudig." Dit was dus sy opset. Maar tog mis ons die geleerde agtergrond wat uit die preke gestraal het van manne wat in die Nederlandse hoërskole hul opleiding ontvang het. Ons dink o.a. aan di. S.P. Heyns en P.N. Ham.

Ds. Fraser het dan ook meestal die waarhede rondom die heilsorde behandel. Sy verkondiging het 'n swaer soteriologiese inslag gehad. 'n Didaktiese strekking, soos hy ds. Robert Shand, mis ons heeltemal. As hy die tweede gebod in 2 preke behandel vind ons niks van die leringe van die Heidelbergse Kategismus daarin nie. Immers, sy preekbundel bevat geen kategismusprek nie, maar dit wil nie sê dat hy nie oor die Heidelbergse gepreek het nie, want in sy godsdiensverslae word vermeld dat in die namiddae die gemeente wel kategismuspreke gehoor het.

Waarskynlik/.....

Waarskynlik het hy dit in 'n aparte boek geskrywe. Sy oorgelewerde preke toon egter geen sterk belydenis agtergrond nie. Van die groot waarheid van die uitverkiesing word daar niks geryp nie.

Die toon van aktualiteit word verder in sy prediking gemis. Hy sal melding maak van wêreldsgesindheid in die gemeente maar nie meld van die "taphuizen" en ander sosiale euwels wat so vroeg reeds op Beaufort die kop opgesteek het nie. In sy leerrede oor Jer. 6 v. 7,8 behandel hy die afval van Israel in dae van voorspoed en sê na aanleiding daarvan: "De Banier draagsters van ongeregtigheid verheft met ongedeelte hoofd hare banier in het midden van u." Die lesers vandag weet egter nie waarop hy sinspeel nie. Rampe en gebeurtenisse soos die Groot Trek, die epidemie van masels en droogtes word nie in die voorhande preke teruggevind nie.

As tere sielsorger kon hy egter sy kudde mooi aanspreek. By die nagmaal hoor ons hom: "Zyt gy niet een er van het avondmaal wordt gebruikt maar niet daarna te handelen en zyt gy niet een die trouweloos handelen? Gy komt met een belofte om den Heer te dienen gy doet een belofte maar verzuimt om te betalen handelt gy hierin niet zeer trouweloos, en Gy die op den dag der Aanneming het u anders voorgesteld hebt bedenkt u van uwe voornemens en moet u niet als met uwe hand het tekenen. Ik ben de Trouweloos en volk des Heeren. By treurt van uwe trouweloosheid maar wy vragen uw zyt gy verdrietig van uw trouweloosheid en ontstaat deze verdriet hieruit dat de Naam des Heeren en de Instellingen het Verbond het aanbod van zaligheid ganschmaal niet in acht genomen wordt. Ach zyt gy daarom verdrietig dinkt dan dat de Heer alleen uw geklag veranderen kan .....

1)  
In/.....

---

1) Leerrede oor Ps.119 v. 158.

In sy nagmaalpreke kon hy skerp wees om die kommunikante op die oordeel van God te wys, indien hulle onwaardig aansit.<sup>1)</sup> Dit laat dink aan die "fencing off the tables" wat in Skotland toe aan die orde was.

'n Ander Skotse praktyk wat hy invoer is die "ordinary" van daardie kerk. Hy preek b.v. agt keer oor Klaagl. 5 v.16. Dit lei tot gekunsteldheid en onnatuurlikheid, want allerlei stowwe moet later bygesleep word om die teks nog interessanter te maak.

Uit die sitaat hierbo aangegee merk ons hoe onbeholpe sy taal en styl was. Hy is ook iemand wat met die Nederlandse taal moeite ondervind het. In sy preek oor Rom. 5 v. 5 sleg hy somer oor in Engels: "The Spirit of God witnesseth with their spirit that they are children of God." Sy uitspraak moes ook soos die van die meeste Skotse leraars hier gewees het, want hy skryf konsekwent "Gheest"<sup>2)</sup> i.p.v. "Geest". Die Engelsen kan die gutturaal nie reg uitspreek nie. Die ou mense vertel nou nog hoe die Skotte gepreek het van "De kees komt door de kloof" i.p.v. "De Geest komt door het geloof."

Nie slegs egter in die taal nie, maar dwarsdeur sy verkondiging mis ons die element van nasionalisme. Die prediker moet van dieselfde kultuuragtergrond wees as dié van sy hoorder om die maksimum vrug te sien. Sy beelde moet geheel word uit die daelike lewe van die volk waarmee hulle vertrou is.<sup>3)</sup> Hy moet die taal van hul hart kan praat. Dat ds. Fraser nie die vryheidsstrewe van die Afrikaners begryp het nie, blyk uit sy afkeer van die/.....

---

1) Vgl. leerrede oor die tweede gebod.

2) Vgl. leerredes oor Klaagl. 5 v.16.

3) E.P.Groenewald: Nasionalisme in die Prediking, Die Huisgenoot, 7 Des. 1945, p.13.

die Groot Trek. Hy kon dit nie goedkeur nie. Teenoor hul geestelike belange egter het hy nooit onverskillig gestaan nie, maar tree in korrespondensie met twee oud-lidmate. Die antwoord van Kom.M.A.Oberholster aan "Eerwaarde heer Vreezer" was bemoedigend, maar dié van Kom. J.G. Moeke aan sy "oude leraar" was berispelend "dat hy myn en myn onderhoorige burgers, zoo lang vergeeten heeft." <sup>1)</sup>

Toe die Ring van Graaff Reinet besluit om die predikant van Beaufort, ds. T.A.Krige (Victoria) en ouderling Barend Burger af te vaardig na die Voortrekkers, het die Kaffer oorlog uitgebreek. Ds. Fraser het gevra om liewers verskoon te word, maar die Afrikaner-predikant, W.A.Krige, het geen oorlog hom laat keer om sy broers te gaan help nie.

Ds. Colin Fraser het sy waarde as prediker gehad. Wanneer dit in die Voortrekker-gemeente van Pietermaritzburg nie na haar sin gaan nie, verlang die gevoelige Catharina Susanna Smit na "den bejaarden Leraar Frazer van Beaufort." Voor hulle trek was sy daar met hom in aanraking. Dit is vir haar asof hy die geskikste persoon is "om de verstrooyde gemeente alhier weder tot eenigheid des geloofs te vergaderen, en de kerke Christi te herbouwen, want die is door alle winden van leere omgevoerd dat het my toescheind schaersach acht, of tien is overgebleeven, die nog vast houde aan het dierbaar belydenis die ons door onze vaders als het eenigst en ware geloofsbeleidnis, is overgeleverd." <sup>2)</sup>

---

1) Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 79, 81.

2) Mev. C.S.Smit: Dagboek, Mei 1847, XXXI. 32. N.S.A.

HOOFSTUK 43.

DS. GEORGE MORGAN.

Sy lewensloop.

Die Skotse predikante wat na Suid-Afrika oorgekom het, word in twee groepe verdeel. Die grootste meerderheid van hulle was van 'n sterk ewangeliëse rigting wat in duidelike verband gestaan het met 'n stroming binne die Kerk van Skotland, wat 'n ruimer opvatting van die predestinasie - leer daarop nagehou het. Die ander groep het nader aan Dordt gestaan en was deur - en - deur calvinisties. Ons het reeds ds. Robert Shand as voorbeeld hiervan voorgehou. Vervolgens kom ons by ds. George Morgan, van wie ons geen gegewens besit van sy beskouing oor die uitverkiesing nie, maar wat andersins toon dat hy weer na die enger gereformeerde rigting oorgehel het.

Hy het in die nabyheid van Aberdeen grootgeword <sup>1)</sup> en het aan daardie universiteit sy opleiding tot predikant ontvang. Ds. John Murray, die broer van Andrew Murray Snr., het 'n goeie getuigskrif van hom na die owerhede in Suid-Afrika gestuur. <sup>2)</sup> Ook dr. Wm. Manuel van Londen skryf aan R. Wilmot Horton dat Morgan in hoë estimasie staan by almal wat hom ken. 'n Veelheid van jongmense kan vir die Kaapse kerk verkry word, maar alleen kandidate word gesoek wat oor talente en ander eienskappe beskik wat hulle sal help om aan te pas in die nuwe land. Hy sê: "I believe him to be a superior young man and deserving the favourable notice of Earl Bathurst." <sup>3)</sup> Hy was lid van die gevestigde kerk en is deur die "Presbytery" van Lochcarron gorden.

Na sy aankoms word hy deur die goewerneur tot predikant van Somerset-Oos aangestel, waar hy gestaan het gedurende die jare 1825-1841, toe hy die Ned. Geref. kerk verwissel het vir die Skotse kerk in Kaapstad.

Hy/.....

---

1) Records XVI.494.

2) Records XIX.102.

3) Records XVI. 494, XVII. 1.

Hy was die eerste perdikant van Somerset-Oos en het aan die verre grens van die beskawing vele tot nut en seën gewees. Toe hy afskeid van hulle neem, kon daar getuig word dat hy deur sy leer en wandel menigeen gestig het en dat hulle met leedwese hul geliefde leraar sien vertrek.<sup>1)</sup> Sorterende onder die Ring van Graaff-Reinet saam met ander Skotte soos A. Murray Snr., Alex Smith, John Pears, F.R. Thomson, John Taylor en Alex. Welsh, het hy as scribe en quaestor waardevolle diens verrig.<sup>2)</sup>

In kerklike vergaderings het sy oordeel gewig gehad en in die buitengewone sinode van 1837 het hy 'n leidende aandeel geneem in die stryd vir die vryheid van die kerk teen die kommissaris-politiek. In hierdie sinode het een van die kommissarisse in heftige botsing met die meerderheid van die vergadering gekom met die gevolg dat die sinode voorstel dat ds. Morgan by die regering om die losmaking van die knellende band sal aandring.<sup>3)</sup> Die losmaking het dan in 1843 geskied. Met die agtergrond van hul eie geskiedenis was die Skotte te gereed om in Suid-Afrika te ywer vir die vryheid van die kerk van die staat.

Sy afskeidsrede tot die gemeente Somerset-Oos het tot grondslag Kol. 1 v. 28 gehad: "Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel;" terwyl hy die aand 'n slotboodskap na aanleiding van Hand. 26 v. 27,28 aan die Engelse gemeente rig. Hy word in die St. Andrews gemeente van Kaapstad deur die weleerw. J. Adamson Theol. Dr. op 14 November 1841 bevestig. Ds. Morgan se intreesprek verhandel 2 Kor. 5 v. 20: " Ons tree dan op as gesante, ens." <sup>4)</sup>

In Kaapstad het die gemeentewerk onder sy hande snel gegroei, behalwe dat hy verder 'n ruime aandeel in werksaamhede  
van/.....

---

1) De Honigby 1841. 438.

2) Idem 1841. 379.

3) Dreyer: Ds. Geo. MORGAN in Kerksoewenier van die gemeente Albanie (Kaapstad 1931)

4) De Honigby 1841. 438.

van allerlei mensliewende en opvoedkundige aard gehad het. In 1872 tree hy in voltydse diens van die Brits en Buitelandse Bybelgenootskap. Reeds 78 jaar oud sterf hy in 1880 op Rouxville. Sy seun, C.S.Morgan, was een van die eerste vier kweklinge van die teologiese seminarie.

Na die disrupsie in die Skotse kerk (1843) het ds. Morgan in Kaapstad in moeite beland. Dit blyk dat 'n ouderling van die Vrye Skotse kerk van Calcutta (Indië), Mnr. Hawkins, op reis was aan die Kaap en by monde van die "Free Churchmen", 'n kerkblad, beswaar aangeteken het teen die feit dat die Kaapstadse gemeente van ds. Morgan in verband staan met die gevestigde kerk van Skotland. In 'n brosjure van 93 paginas verdedig ds. Morgan sy gemeente en sê o.a. "I desire to see the Free Church prosper as a branch of the Church of Christ, and her principles maintained in their integrity by all her adherents and friends,"<sup>1)</sup> maar hy wraak die gedrag van iemand van elders om hier in sy parogie saad van verdedigheid te kom saai. In vermelde boekie toon Morgan dat hy 'n man was van "strong and vigorous mind".<sup>2)</sup> Hy gee interessante gegewens oor die stigting van die Presbiteriaanse kerk aan die Kaap en sy verhouding met die staat, waarmee die navorser sal moet rekening hou.

Uit sy pen het heelwat geskryfte gevloei, sodat 'n mens meer van sy gedagtes kan leer ken. Hy het die werke van die kerkhervormers liefgehad en voortdurend uit hulle geskryfte aanhalings gemaak. Toe die sterfdag van Calvyn 300 jaar oud was, het Morgan 'n lesing oor hom gegee.<sup>3)</sup>

Hy/.....

- 
- 1) Geo. Morgan: Remarks on the state of the Scottish Church Cape Town (Cape Town 1846), 89.
  - 2) Dreyer oor George Morgan in sy Plakboek, K.K.A.
  - 3) A lecture on Calvin, his life; labours and writings, delivered on occasion of the celebration of the Tercentenary of his death, in the Scottish Church, Cape Town, on May 27, 1864 by the Rev. George Morgan (Cape Town 1864).

Hy eer hom as die waardevolste vertolker van die Woord van God en neem sy beskouings aan in soverre dit ooreenkom met hierdie onfeilbare toets van die godsdienstige waarheid. "But acting on the principle," gaan hy voort, "which he in common with all the other Reformers maintained, we claim the right of private judgment and free inquiry: we bow to the supremacy of the word of God, and in matters of faith we call no man master." Hierdie gedagte het hy vroeër in 'n preek "Christ the Head of the Church" breër uitgewerk.

Aan die einde van sy Calvyn-lesing moedig hy sy hoorders aan om in navolging van die hervormer nederig te buig voor die gesag van die Bybel, om ernstig te stry vir die geloof oorgelewer deur die vaders "in opposition to every prevailing form of anti-christian error and delusion" en om die leer met 'n heilige lewe te versier.<sup>1)</sup> Morgan se standpunt teenoor die inspirasie van die Skrif was baie duidelik en gesond. Daarom ywer hy ook vir die Evangeliese Alliansie omdat die kardinale waarhede van die christelike geloof in die grondwet onderskrywe word, soos die inspirasie van die Heilige Skrif, die reg van persoonlike ondersoek daarvan, die versoening deur Christus, die regverdigmaking deur die geloof.<sup>2)</sup> Die Alliansie was egter nie 'n ongemengde seën vir die Kaapse kerk nie.

#### As prediker.

Die enigste preek wat ons van ds. George Morgan in Hollands besit is een wat met danksegging na nagmaal op Maandag, 6 Julie 1835, uitgespreek is te Somerset-Oos.<sup>3)</sup>

Dit/.....

---

1) p.23.

2) Geo. Morgan: Address of the committee of the South African Evangelical Alliance to the Christians of all denominations in S.A., on the origin, principles, constitution and objects of the Alliance (Cape Town 1858).

3) Leerrede over de Pligten van Christenen in de tegenwoordigen tyd, door G. Morgan, leersaar der Hervormde Gemeente te Somerset - Graham's Stad (gedruk deur M. Curant en Godlonton 1835).

Dit was 'n ware tydpreek want tussen die twee nagmale het die gemeente swaar gely onder die strooptogte van die kaffers. In sy inleiding bring hy in herinnering hoe "sy die in rust en vrede woonden, en voor geen gevaar vreesden, op het onverwachtst aangevallen zyn en in die diepste armoede en droefheid gedompeld. Buiten staat zynde om eenigen tegenstand te bieden, zagen zy hun vee geroofd, hunne huizen geplunderd, de vrucht van hunnen arbeid vernield, en hunne dierbare bloedverwanten in koele bloede vermoord." Dit was maar die ou geskiedenis wat hom gedurig aan die grens herhaal het.

Uit hierdie gebeurde probeer die prediker nou munt slaan en verdeel sy teks, Jes.26 v.9b: "Wanneer uwe Gerigten op de aarde zyn, zoo leeren de inwoonders der wereld geregtigheid" in ses onderdele: (i) ons moet die hand van God in ons rampe opmerk en sy handelwyse billik; (ii) sonde is die verdiende oorsaak van al ons onheile en rampe; (iii) dankbaarheid dat die Here ons met mate en in liefde getugtig het; (iv) ons moet God alleen vertrou en van Hem vrede, voorspoed en beskerming verwag; (v) as ons van drukkende rampe sal verlos en van dreigende gevare beveilig word, dan moet ons die sonde verlaat en tot God keer; (vi) enige raadgewinge omtrent ons plig teen die heidense volkere wat die Here soos 'n roede teen ons gebruik het. Die verdelinge is lomp geformuleer maar gee ons 'n goeie oorsig oor die inhoud van die preek.

Onder die tweede punt bestraf hy die volk hard: "Zyn wy niet een zondig volk, een volk van zware ongeregtigheid? Hebben wy niet de Heer op ontelbare wyzen getergd, en moeten wy n niet bekennen dat het zyne goedertierenheden zyn dat wy niet vernield zyn." Dan neem hy die sondes by name: verslaafdheid aan die wêreld, vloektaal, Sabbatskending, liefdeloosheid. "Voegt hierby de leugentaal, " sê hy, " welke ik hier opzettelyk noeme omdat dezelve onder ons een hoogen trap schynt bereikt te hebben. Gedurende de jongste inval, toen het te verwachten was dat men, al ware het slechts uit vrees voor Gods oordeelen, de waarheid zoude eerbiedigen, werden de grofste leugens gesmeed en

Verspreid/.....

verspreid, zoodat men naderhand niet meer wist wat men gelooven zoude."

Met behandeling van punt vyf loof hy die hulp van die owerheid. Die wette van die land is nou nie volmaak nie, maar as hulle dit vergelyk by dié van ander lande, dan moet hulle alle klagte laat vaar en die Here dank vir so 'n burgerlike owerheid. Die regering het die noodlydendes onderhou en die vrede herstel. Maar, sê ons op ons beurt, dit was egter juis die grief van so baie wegtrekkers dat die regering hulle nie genoegsaam beskerm het teen die invalle van die inboorlinge nie, maar selfs vir die naturelle meermaal party getrek het. Wat help die nasorg aan geplunderdes, wanneer geen voorsorgsmaatreëls getref is om die onluste te voorkom nie? Dr. Morgan was natuurlik Skot en het die Britse regering heelhartig ondersteun, sodat hy nie altyd die klagtes van sy gemeentelede kon verstaan nie.

Die prediker neem in die laaste plek die geleentheid te baat om sy gemeente te wys op hul plig tot sendingwerk. "Indien immer vrede tusschen ons en de naburige heidensche volkeren op een vasten grond zal bevestigd worden, het zal door middel van de <sup>d</sup>prekiking des Evangeliums geschieden," besluit hy. Hierin was hy volkome juis, al kan 'n mens begryp dat baie van sy hoorders na hul verliese waarskynlik nie gunstig was tot sendingprekiking nie.

Die hele preek maak 'n gunstige indruk. Al maak hy nie genoeg van sy tekverband nie, staaf hy tog elke stelling met 'n Skrifbewys. Sy Nederlands is vry goed en bevestig van hom gesê is "that he became a fluent preacher in the Dutch language." <sup>1)</sup> Hierdie leerrede oor die pligte van Christene in die teenswoordige tyd is verder van historiese belang omdat dit 'n voorbeeld is van kanselbelangstelling in die lotgevalle van o  
volk/.....

---

1) Dreyer in sy Plakboek.

volk op die verre buiteposte vlak voor die aanvang van die Groot Trek.

George Morgan se suiwere opvatting omtrent die Bybel loop soos 'n rooi draad deur sy prediking. In 'n kinderpreek praat hy b.v. baie oor die Woord van God as die aangewese middel om met die Here in aanraking te kom.<sup>1)</sup> Wanneer hy feesvier met geleentheid van die vyf-en-twintigjarige herdenking van die bou van die St. Andrew's kerk, hou hy sy gemeente voor om die Skrifte te ondersoek sodat hul geloof nie staan in die wysheid van mense nie, maar in die krag van God.<sup>2)</sup> "This duty," kontinueer hy, "is inculcated in every Protestant Church and in none more strongly and constantly than in the Presbyterian Church of Scotland. There, every child is taught to regard the Bible as the only infallible standard of faith and practice, and unhesitatingly to reject all doctrines and ceremonies that are not founded on or agreeable to this rule." Omdat Morgan geen onsekerheid omtrent sy uitgangspunt, geen twyfel omtrent die Woord gekoester het nie, is sy verkondiging outoritatief en gewigtig.

Op dieselfde saakbeeld slaan hy wanneer hy in die inleiding op sy preek oor Deut. 11 v.13 - 17 sê: "So long as we acknowledge the authority of the Holy Scriptures, we are bound to inquire in the first place what they teach us on the subject, and so far as their utterances are distinct and unequivocal, to make them the ground and rule of our faith, in spite of all the plausible - may I say superficial - arguments that are urged against/....."

- 
- 1) G. Morgan: An address to Children (by A. S. Robertson, 21 Heerengracht, Cape Town 1847).
  - 2) A sermon preached in the Scottish Church, Cape Town, on the 28th May 1854 on occasion of the 25th anniversary of the opening of that church, by the Rev. George Morgan (Cape Town 1854)

against them. If the Bible be the word of God, its statements must not only be true, but they must be in harmony with all other truths or facts, from whatever source the knowledge of them may be derived. <sup>1)</sup>

Uit die Skrif dus moet die gemeente die boodskap van God oor die heersende droogte ontvang. Wat sê Hy? As die mens gehoorsaam is, sal Hy die sluise van die hemele oopmaak. Niks is vir Hom onmoontlik nie, want Hy staan agter die natuurwette.

Hierdie preek met die oog op verootmoediging maak die indruk van 'n eg gespierde gereformeerde leerrede te wees. Hier is geen soetsappigheid nie, maar 'n boodskap wat gerig is tot die verstand en hart. Op 'n besadigde wys maak hy van die apologetiek gebruik om die ongeloof te stil. Wat 'n mens egter hânder is dat die didaktiese strekking, net soos met ds. R. Shand die geval was, te predominerend is. Ds. Morgan leer graag en preek te weinig.

Dit tre 'n mens veral in sy twee preke oor Kol. 1 v. 18, <sup>2)</sup> waarin hy sy kerk- en Skrifbeskouing breër uitwerk en optrek teen die Roomse en Anglikaanse leringe daarentrent. Die stuk sit baie goed inne kaar en getuig van studie en geleerdheid.

Dit/.....

- 
- 1) A sermon preached in the Scottish Church, Cape Town, on Friday, 12th Jan. 1866, being the day publicly set apart for humiliation and prayer on account of the distress arising from long continued drought by the Rev. George Morgan (Cape Town 1866).
  - 2) Christ the Head of the Church, being the substance of two discourses, preached in the Scottish Church, Cape Town on the 1st and 8th February, 1857, by the Rev. George Morgan (Cape Town, Saul Solomon, 1857).

Dit is egter meer 'n lesing in die dogmatiek as 'n preek en gelukkig dan ook dat hy dit beskryf as "discourses" en nie as "sermons" nie. Sy leerrede oor "de pligten van Christenen" beantwoord beter aan die homiletiese vereistes.

George Morgan was vir die 17 jaar wat hy op Somerset gestaan het 'n bate vir die Ned. Geref. kerk. Hy het oor sekere eienskappe besit wat hom 'n goeie prediker gemaak het. Tog tref dit my dat met sy vertrek "Een lidmaat voor velen" skryf hoe bly hulle is dat "een van onze Landgenooten" tot plaasvervanger aangestel is. Hulle wil die Kaapenaar met perde en waens gaan inhaal.<sup>1)</sup>

---

1) De Zuid-Afrikaan, 10 Sept. 1841.

HOOFSTUK 44.Sy loopbaan. Dr. William Robertson.

„Een Schot van geboorte, een Afrikaner by adoptie, en geheel berekend voor het moeiljelyk ambt van scriba Synodi, dat hy sedert jaren met eere bekleedt; syne preeken te Utrecht in 1860 herinnert gij u wel.....Hy heeft nooit vry;<sup>1)</sup> gelukkig dat hy soo werken kan.” So teken ds. Frans Lion Cachet vir dr. William Robertson, wanneer hy hom in die Sinode van 1862 ontmoet. 'n Prediker met 'n verbasende werkkrag, met groot invloed in sy kerk en 'n lewendige boodskap aan sy aangenome volk, dit was hy.

Gebore op 13 Julie 1805 te Inverurie in Aberdeenshire, Skotland, het hy sy skoolopleiding in die „Grammar School” van Aberdeen geniet, waar hy as dertienjarige seun 'n beurs verower.<sup>2)</sup> Aan die plaaslike universiteit is hy sy matriek af. Sy gesondheid het nou egter deur ooreising padgegee, sodat hy 'n verandering van klimaat moes soek. Hy besluit om as onderwyser na Suid-Afrika af te reis, kom saam met Archibald Brown en dr. James Rose Innes na die Kaap en vestig hom op Graaff-Reinet. Baie leerlinge wat later presteer het, o.a. Pres. Jan Boshof, het aan sy voete gesit.

In 1827 keer hy terug na Skotland om in die teologie te studeer. Die Graaff-Reinetters gee hom as aandenking 'n massiewe goue sakhorlosie, wat later altyd voor hom gelê het as hy preek of 'n lesing gee. Op 23 jarige leeftyd word die Magister-graad aan hom toegeken, waarop hy hom vir drie jaar wy aan sy voorbereiding vir evangeliedienaar. Vir sy goeie vorderinge is hy tien jaar later deur sy Alma Mater vereer met 'n Th.Dr.-graad honoris causa. Met die oog op die taal is hy vir die gebruikelike tyd na Utrecht, Holland.

Tot/.....

- 
1. Vyftien Jaren in Z.A., 174.
  2. Home Re-Union, a Memoir of the Rev. Wm. Robertson D.D., some time Moderator of the Dutch Reformed Church by the Rev. James Baker, F.L.S., F.S.Sc., Canon of St. George's Cathedral, Rector of Swellendam, and Chaplain of Robben Island (Cape Town 1894), 1 v.v. Dreyer: 'Eeuwfeest-Album van die N.G. Kerk in Z.A., 81, 82.

Tot die Kaapse kerk word hy in 1831 toegelaat en lewer sy eerste preek in die Groote kerk op 9 Oktober oor Luk. 22 v 17. Volgens die teks moes dit 'n nagmaalsdiens gewees het. Sy eerste staanplek was Clanwilliam (1831-1833), dan Swellendam (1834-1871) en Kaapstad (1872-1879). Sy groot werk het hy in die tweede gemeente verrig, wat so uitgestrek was dat dit die latere parogiëe Riversdale, Ladismith, Robertson, Montagu, Heidelberg en Bredasdorp ingesluit het. Na sy fisiese insinking in Skotland het hy in Suid-Afrika so'n stale gestel opgebou, dat geen arbeid vir hom te veeleisend was nie. „He travelled from farm to farm, from village to village, visiting, preaching, directing education and establishing centres of influence in various parts of that extensive and prosperous division.”<sup>1)</sup> As oud-onderwyser het sy belangstelling by die onderwys en katekisasie geleë en het hy selfs jongmense soos dr. C.H. de Smidt, G. van Niekerk en Horak voorberei vir hul buitelandse studies.<sup>2)</sup> In sy gemeente het hulle hom genoem: „Die goeie ou Doktor”.

Met dr. Philip Faure van Wynberg het hy in 1848 die Voortrekkers 'n besoek gebring. Sy kerk het sy dienste waardeur en hom telkens 'n vertrouensposisie toebedeel. Hy is deur die Sinodes van 1842 en 1852 tot voorsitter gekies en het van 1862 tot 1876 die amp van seriba Synodi gevul. 'n Ander belangrike werk aan hom deur die Worcesterse konferensie van 1860 opgedra, was die taak om in Holland en Skotland na vrome en regsinnige predikante en onderwysers te soek.

#### Engelagesindheid.

Toe hy hiervoor aangestel is, was baie bevrees dat hy deur sy nasionale gevoelens in die keuse van persone gelei sou word. Hulle kon wel bang wees, want hy was uitgesproke Engelagesind. Dit het veral uitgekóm in sy houding teenoor  
die/.....

1. Home Re-union, 9.

2. Vgl. sy aanspraak by die opening van die S.A. Atheneum op 4 Okt. 1831, N.Z.A.T. 1832. 84 - 93.

die Groot Trek. Aan die redakteur van die S.A. Commercial Advertiser skryf hy destyds dat hy die oorsake van die Trek nagegaan het en vind dit alles „foolish ideas”; hy het <sup>1)</sup> privaat en openlik sy mense afgeraai om te emigreer. Wanneer Sir Harry Smith Swellendam besoek lees hy 'n adres namens sy kerkraad voor, waar o.a. staan: „In your Excellency we recognise an important instrument in the hand of God for the manifestation of His benevolent purposes towards the nations and tribes of South Africa.” <sup>2)</sup> En dan dreig dieselfde Sir Harry die Voortrekkers met die geestelike swaard!

Toe dr. Robertson dan ook sewe Skotte, een Hollander en een Hollandse Amerikaner kies, <sup>3)</sup> is hy deur liberaalgesinde Afrikaners en Hollanders skerp aangeval en beskuldig van partydigheid. Iemand skryf b.v. dat as ds. van der Lingen met dieselfde taak belas was „de oogst van Hollandsche leeraars soo ontzettend gering sou sijn geweest”. <sup>4)</sup>

Tot sy eor kan egter vasgestel word dat dit nie die geval was nie. Hy was wel partydig, maar slegs in dié kwessie of die kandidaat liberaal was, al dan nie. In Holland het 20 hulle aangemeld, maar deur hulle onregeinnigheid is hulle afgewys. Daarna het hy met 19 andere self in verbinding getree, maar geeneen wou kom nie. <sup>5)</sup> Hy ontken die beskuldiging dat die eis van Engels ook deur hom gestel is. <sup>6)</sup> Ds. G. Barger sê in sy verslag aan die lede van die kommissie van die Worcesterse konferensie dat ook by hulle in Holland die vrees ontstaan het

of/.....

- 
1. Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 6. Sien verder P. 491.
  2. De Zuid-Afrikaan, 9 Maart 1848.
  3. Di. Andrew McGregor, Dugald MacMillan, John McCarter, Thomas McCarter, Thomas M. Gray, William Cormack, David Ross (Skotte), H. van Broekhuysen (Hollander) en G. van de Wall (Amerikaner).
  4. Het Volksblad, 20 April 1861.
  5. K.B. 1861. 126 v.v.
  6. Het Volksblad, 15 Jan. 1861.

of dr. Robertson as Skot die nodige ywer aan die dag sal lê.  
 „Maar hoe heeft sijn rusteloose arbeid en onvermoeide inspanning elk ongunstig vermoeden ten volle beschaamd! In waarheid sijn Eerw. heeft sich by ons meer Hollander, dan Engelschman of Schot getoond,<sup>1)</sup>

Robertson kan egter nie van sterk Britse gevoelens vrygepleit word nie. Hy het b.v. kragtig meegehelp - saam met hom ander Skotse leraars - om Engelse eredienste in die Ned. Geref. kerk in te voer.<sup>2)</sup> Hy stuur 'n beskrywingspunt na die Sinode van 1837 om aan te dring dat nuwe aankomende leraars in plekke waar Engelse inwoners hulle bevind, verplig sal word om in Engels in die Ned. Geref. kerkgebou te preek. Toe die teenstand te skerp word, trek hy sy beskrywingspunt terug, maar kry gedeeltelik sy sin deurdat sy voorstel aanvaar word om die Heidelbergse Kategismus en die Kort Begrip in Engels vertaal word. Op 23 Okt. 1862 is die pogings van Robertson en andere bekroon, toe 'n begin in die Kaapstadse kerkgebou gemaak is met die hou van gereelde Engelse eredienste. Daardeur het die kerk in groot gevaar gestaan van die alagoffer van Lord Charles Somerset te word en sy Hollandse karakter te verloor. Vroeër was daar reeds 'n poging om die N.G. kerk met die Presbiteriaanse kerk te verenig.<sup>3)</sup>

Hy self het die Hollandse taal goed gepraat. Die indruk wat sy Swellendamse kollega, eerw. Baker, van hom gehad het, was: „The Dutch language was like his mother tongue.”<sup>4)</sup> Sy kanseltaal het volkome meegeval in Holland, waar hy in die Domkerk van Utrecht en ander belangrike kerke gepreek het. Ds. G. Barger sê hierop: „Ik sta versteld over hetgeen sommige Nederlanders, nu en dan in de dagbladen van Zuid-Afrika, aan onze Kaapsche broeders, over het Hollandsch der Schotsche Predikanten, durven wys maken.”<sup>5)</sup> Eerw. Baker meen dat/.....

1. K.B. 1861. 414.

2. Ek behandel die invoering van Engels as kanseltaal in die N.G. kerk nie, omdat J. du P. Scholts: Die Afrikaner en sy Taal, 88-100, dit breedvoerig bespreek.

3. Moorrees a.w. 564.

4. Home Re-union, '9.

5. K.B. 1861. 414.

dat die Hollandse taal hom leen vir ernstige onderwerpe; dit is plegtig en moet stadig uitgespreek word. „With the Doctor it was a thing of power in itself and his deep and clear voice solemnized his hearers”<sup>1)</sup>

As Prediker.

So kom ons vanself by Robertson as prediker. Ons leer hom as sodanig ken uit sy preekbundel wat hy, op aandrang van vriende, tydens sy besoek aan Holland in 1860 die lig laat sien het.<sup>2)</sup> Daarin word, op twee na, enige preke weergegee wat op Nederlandse bodem uitgespreek is, asook 'n toespraak op die bekende konferensie van Worcester in 1860. Behalwe dit vind ons leerredes van hom in sommige tydskrifte, in die sinodale acte en in apart uitgegewe preke, waarvan 'n hele aantal tot ons beskikking is.

Vir William Robertson was die verkondiging 'n saak van erns; hy het al sy krag daarby gesit. Eerw. Baker vertel dat „he had no hobbies, no favourite studies, no wish to be thought able in anything secular, but delighted in his proper work of preaching and in other ministerial functions of his office. The pulpit was to him always a place of mental vigour”. Op die kansel het hy baie lewendig vertoon met sy gestikulasies en beweeglikheid en al het hy altyd sy preke vol uitgeskrywe en voor hom gehad, het dit hom nie gehinder om vry in sy aflewering te wees nie.<sup>3)</sup>

Hy was besonder welsprekend, sodat hy sy gehoor deur die mag van sy woorde meegesloop het. Sy eie gemeente het geweet om sy prediking reg te waardeer, soos blyk uit die adres wat hulle hom aanbied het met die viering van sy twintigjarige verblyf onder hulle te Swellendam. Hulle getuig

dat/.....

- 
1. Home Re-union, 10.
  2. Zestal Leerredenen en eene Redevoering van W. Robertson Theol. Doct. en Pred. te Swellendam in Zuid-Afrika (Utrecht, Kemink en Zoon, 1860). Voortaan aangehaal net as „Leerredenen”.
  3. Home Re-union, 9.
  4. Het Volksblad, 27 Aug. 1857.

dat hy die Woord van God getrou verkondig, die saad aan alle waters gesaai, tydig en ontydig aangehou het. „Gy hebt niet het onse, maar onse sielen gesocht,” vervolg die adres, „g̃y hebt geweend met onse weenenden, en u verblyd met onse blyden; g̃y hebt getrouwelyk bestraft en gewaarschuid.”<sup>1)</sup>

Waar hy in ander gemeentes optree was hy net so gewild. 'n Korrespondent uit Oudtshoorn vertel hoe Sy Eerw. daar algemene genoeë op die kansel gegee het voor 'n skare van 1,000 siele. „Zyne taal was allerbemoedigendst voor elk onser arme sondaren. Zyn Eerw. was onvermoed in syn prediken,” sê hy en sluit af met die bede: „Moge elke Evangelie-dienaar een voorbeeld nemen van Zyn Eerw. en sich in hem spiegelen.”<sup>2)</sup>

#### Bevattelijke prediking.

Een van die geheime van Robertson se suksesvolle Woordbediening was dat dit verstaanbaar vir die eenvoudige hoorder was. Hy het hom dit in die besonder ten doel gestel. Die eerste leerrede in sy bundel betitel hy „Die noodzakelykheid van eenvoudigheid en getrouheid in het prediken”<sup>3)</sup> en bepleit daarin, net soos van Lier destyds, die noodsaaklikheid van bevattelijke preke. Dit is maklik vir die prediker, sê hy daarin, om, veral vir die onwetendes, 'n vertoning van geleerdheid en groot bekwaamheid te maak, onverskillig of hy dit verstaan aldan nie; hy sou 'n bewondering van sy wesentlike of veronderstelde talente maklik kan verwek, en deur te preek in 'n taal wat vir die meerderheid van sy toehoorders onverstaanbaar is, baie laat glo, dat hy diepsinnig dink en buitengewoon geleerd is. Dog wat baat dit alles, as hy nie tot stigting spreek nie, as die basuin van die evangelie 'n onsekere/.....

1. K.B. 1854. 12.

2. De Zuid-Afrikaan, 16 Feb. 1854.

3. Leerreden, 3. Dit het ook apart verskyn as „Eene leerrede uitgesproken door den Wel-Eerw. Wm. Robertson Th.Dr., leraar der Gereformeerde kerk te Swellendam” gedruk by Saul Solomon, Kaapstad, 1845.

onsekere geluid gee, en baie daardeur verlei word? Die leerredes van ons Saligmaker is voorbeelde van eenvoud. Hy gaan voort: „Het is van oneindig meer aanbelang, dat hy nuttig, dan dat hy welsprekend s̄y; dat hy met de basuin verstaanbaar dan voortreffelyk blase. Hoe kunnen menschen salig worden door de prediking van een Evangelie, dat hun in een vreemde taal verkondigd wordt? Hoe kunnen s̄y gesticht worden, soo s̄y niet verstaan?”

As daar herlewing in die kerk sal kom is 'n getroue, eenvoudige en toepaslike prediking sinsinsiens 'n onmisbare vereiste. „De prediking om haar verheven doel onder den goddelyken segen te bereiken, moet niet bestaan in uitnemendheid van woorden, of van menschelyke wysheid, maar in duidelyke en getroue voorstelling van de heerlykheid van Christus”<sup>1)</sup> Hy meen dat dit nou 'n gemis is in die verkondiging van die kerk.

Kenkeer het hy saam met eerw. Baker na Montagu afgeris om 'n diens vir ruwe Engelse arbeiders te gaan hou. Hy het aandagtig na die Engelse preek geluister om later kritiek daarop uit te oefen. Sy mening was dat die toepassing oor persoonlike ervaring die meeste nut sou stig. Baker het besef dat die formele deel van die preek weinig effek het met sulke ruwe luisteraars. Vir dr. Robertson was dit steeds die vraag: welke soort preek sal die beste resultaat afwerp? en daarna het hy sy boodskap ingeklee. Baker getuig van hom: „He was a good preacher, and had a natural style, not trammelled by any approved system, not too logical, or too metaphysical or philosophical, or encumbered with an array of texts, but pointed earnest and commanding.”<sup>2)</sup> Robertson se preke bevestig hierdie woorde gedurig, dat daar geen diepsinnige redeneringe of bespieëlinge is nie, maar net die nodige om/.....

- 
1. Sien sy redevoering voor die konferensie van Worcester, Leerredenen, 129.
  2. Home Re-Union, 10.

om die hart te bereik.

Hy kon die behoeftes van die tyd goed raaksien en daarna niks. Op 'n ander geleentheid was hy, eerw. Baker en 'n naburige Ned. Geref leraar op 'n plaas om 'n diens waar te neem in verband met 'n heersende droogte. Laasgencemde prediker was aan die woord, maar het 'n al te stywe rede gelewer, bo die bevatting van die hoorders. Sy teks het gegaan oor die hand van die Voorsienigheid in die lotgevalle van die mens, maar hy het geen enkele woord gerep oor die droogte nie, dié onderwerp wat almal se gedagtes besig gehou het. Dr. Robertson kon later net uitroep: „What a loss of an opportunity!“<sup>1)</sup>

In Nederland, tydens sy besoek aldaar, het hy die „Stywe preekmetode“ ook afgelê en eenvoudige Bybelverklarings gehou „welke aan de Kaap bekend sijn onder den naam van „oefeningen“. Hy het hom m.a.w. bedien van homilies<sup>2)</sup> en die uitlê van die Bybel, die eenvoud waarvan baie bekoor het.

Om die preek so ver moontlik by die hoorder tuis te bring en die boodskap sy eie te maak, probeer hy ook om nie slegs die redmiddel teen die sonde aan te toon nie, maar die praktiese stappe aan te dui, hoe dit te bekom. Hy haal met instemming Ewaldus Kist aan, wat protesteer teen die gewoonte om die gemeente met 'n blote vermaning huistoe te stuur, sonder die nodige nader informasie.<sup>3)</sup> In sy leerrede oor die noodsaaklikheid van 'n eenvoudige prediking sit hy die daad by die woord en moedig die gemeente aan om toevlug te neem tot die bloed van besprenging, te bid om genade, die Skrif te ondersoek en gebruik te maak van die genademiddels.<sup>4)</sup>

Sy/.....

- 
1. Idem.
  2. Brief van hom uit Sandwÿck naby Utrecht d.d. 2 Okt. 1860, De Overbergsche Courant, 21 Nov. 1860.
  3. Christus de Gekruiste, de wysheid en de kracht Gods. Leerrede gehouden in Kaapstad den 27 sten October 1847 by de inwyding der nieuwe kerk door Wm. Robertson, Theol. Dr., predikant te Swellendam (Kaapstad 1848).
  4. Leerredenen, 14, 16.

Sy ernstige strewe tot toepaslike en bevattelijke verkondiging in ag geneem, verbaas dit ons dat hy sy leerredes so lank uitgerek het. Om die hoogste uitwerking te verkry, sou 'n korter preek meer bevrediging geskenk het. Eerw. Baker skryf dat sy eie preke lank was, maar niks in vergelyking met die van dr. Robertson nie. Hy weet van 'n preek wat twee uur geduur het. Van tussensange moes ter verposing gebruik gemaak word. Sommige lidmate het die Engelse diens op Swellendam bygewoon net om die lange redes van hul eie leraar vry te spring.<sup>1)</sup> Sy leerrede oor „de ware Christen” bevat nie minder as 7,500 woorde nie.<sup>2)</sup> Ons onthou egter dat dit die gewoonte van sy tyd was om sulke lange predikasies te lewer.

Wanneer dr. Robertson streef na eenvoud in die verkondiging, beteken dit nie dat hy oppervlakkig is nie. In die breederlike onderhoud van die Sinode 1862 oor die evangelieprediking,<sup>3)</sup> was dit sy weloorwoë mening dat die leraar elke week van een van die twee preke, een wel doordacht stuk” maak. „De geloovigen, so word sy toespraak weergegee, „moeten niet altoos met melk, maar wel met vaste spyse gevoed worden; en syne ondervinding heeft hem geleerd dat weldoordachte preken wel op prys gesteld worden door velen; daardoor worden ook de gemeenten langzamerhand in kennis en godsaligheid opgebouwd.” Sulke gespierde preke van hom het vir ons nie bewaar gebly nie, want dié wat ons ken, is meesal prakties en eenvoudig. Wel getuig sy intrepreek op Clanwilliam<sup>4)</sup> daarvan dat hy instaat daartoe was.

#### Geleentheidsprediking.

Omdat hy, volgens Baker, „appeared to see what was required and could strike the mark”, was hy 'n gewilde geleentheidsprediker/....

- 
1. Home Re-union, 9.
  2. N.Z.A.T. 1842. 321 - 333.
  3. Acta Synodi 1862, sessie 48.
  4. N.Z.A.T. 1832. 3 - 29.

geleentheidsprediker. Hy kon 'n gebeurtenis wat vars in die geheue van sy gemeente was, tot voordeel benut. Toe twee persone as gevolg van drankmisbruik op een dag sterwe en in die plaaslike kerkhof begrawe word, het hy die alkoholmisbruik en die verkoop daarvan streng gestriem. „One almost trembled when listening to such outpourings of righteous indignation and warning.”<sup>1)</sup> Hy kon dit so aktueel maak.

Toe hy een Sondag op die kansel staan en gereed was om 'n lydenspreek oor Jesus in Getaemane te gee, beswyk die dertienjarige dogter van mnr. Zwart in die kerk en word na die apteker se huis gedra. Kort daarna kom die berig dat sy dood is. Die leraar stoot sy manuskrip op sy en voel hom geroepe om oor Job. 14 v. 1, 2 te preek en te wys op die onsekerheid van die lewe, dat ouers moet let op hul kinders ens.<sup>2)</sup>

Ons voel vir hom innig jammer, wanneer hy die lykrede by die heengaan van sy eerste vrou self moet uitspreek. Hy het tot Saterdagmiddag gewag in die hoop dat 'n kollega van 'n naburige gemeente sou opdaag om die dienswerk te verrig, maar sy hoop is verydel. Hy doen dit egter meesterlik.<sup>3)</sup>

Die teks uit Esag. 24 v. 15 - 18, veral die woorde „en my huisvrou het in die aand gesterf”, het hom vantevore diep getref en skyn nou vir die geleentheid toepaslik te wees. Hy sien in die verlies van die profeet 'n duidelike ooreenkoms met syne. Vir die volk moes dit 'n teken en waarskuwing wees. Vir Israel 'n voorbereiding vir die sware rampe wat hulle nog sou tref en 'n teken om hulle te weerhou van die sonde. Vir die gemeente van Swellendam 'n vermaning tot bekering/.....

- 
1. Baker a.w. 6.
  2. Het Volksblad, 25 Feb. 1858.
  3. De Beproeving van den dienstknecht een teeken voor het volk. Lykrede uitgesproken in de Nederduitsche Gereformeerde kerk te Swellendam, op den 12 den Maart 1865, door William Robertson Th. Dr., ter gedagtenis aan syne geliefde echtgenote, Elisabeth Henrietta Trüter, die hem op den eersten dag dier maand plotseling door den dood ontnomen werd (gedruk by Van de Sandt de Villiers, Kaapstad, 1865). Die perdekar het op loop gesit en mev. Robertson het noodlottig verongeluk.

kering. „Voor vele uwer echter,” roep die gepynigde prediker uit, „sijn myne waarschuwing te vergeefs geweest. Gy gaat noch op de weg der onverschilligheid en der sonde voort... Bekeert u, bekeert u dan van uwe boose wegen!” Verder be-  
moedig hy eggenotes wat nog vir mekaar gespaar bly, om in mekaar se geestelike welsyn belang te stel en mekaar te help op die weg na die hemel.

Dr. Robertson besef egter dat daar vir hom ook 'n les opgesluit lê n.l. dat hy met meer erns as voorheen moet preek. Hy troos hom met die gedagte dat sy vrou gelukkig is, aangesien sy deur die dood van enige van haar kinders, haar saamwoon met hom, gepaard „met de eenvoudige doch getrouwe prediking van het evangelie gedurende vele jaren” gelei was om haar hart aan die Here te gee.

Hierdie begrafnisrede getuig van sonderlinge selfbeheersing by die prediker. Van hierdie geleentheid het hy gebruik gemaak nie om die aandag na homself te trek nie, maar om die gemeente in sy hart te gryp. Die rede is ook 'n voorbeeld van suiwer eksegesi.

Dr. Robertson het dikwels as feesredenaar opgetree by geleentheid van hoeksteenlegginge, kerkinwydinge en sinodale handeling. Hy het dan ook die vertrouwe van die kerk geniet en is afgevaardig om meer predikers in die buiteland vir Afrika te soek. By sy afskeid van Swellendam voor sy vertrek, preek hy oor Lev. 16 v. 21, 22, wat as „'n voortreflike rede, ernstig, liefderik en gepas” beskryf word.<sup>1)</sup> Kort voor die bediening van die nagmaal gebeur daar iets van besondere belangstelling. Onder die lees van Ges. 130 word 'n briefie aan die leraar oorhandig van die oorlye van weduwe P.G. Steyn, vir wie in die voorgebed gebid is. Hy maak dadelik die droewige gebeurtenis aan die gemeente bekend, wat baie aangedaan  
geword/.....

---

1. De Overbergsche Courant, 13 Junie 1860.

geword het. Sommige stort tranes en kan hul gevoelens nie onderdruk nie. Vir baie het dit 'n huis van God, ja, 'n poort tot die hemel geword. Die aand neem hy tot teks Rom. 15 v. 30 - 33 en vergelyk sy reis na Europa met die van Paulus na Jerusalem.

Sy optrede in Nederland het byval gevind. In die meeste gevalle het hy preke wat in Swellendam gelewer was, oorgepreek, sommige waarvan in sy preekbundel tereg gekom het. Op 26 Aug. 1860 preek hy in die bekende Domkerk van Utrecht voor 'n skare van 2,000 siel, en wel oor Rom. 5 v. 21. In 'n brief, d.d., 30 Aug. 1860 Utrecht,<sup>1)</sup> skryf hy dat dit lyk asof sy prediking vele gestig het, want al is daar vele leraars reeds van die suiwere leer afgewyk, word daar nog baie lidmate gevind wat dit bemin. Van alle kante word hy nou gevra om te preek, sodat hy sommige uitnodigings van die hand moes wys. Hy het in 'n biduur vir die uitbreiding van Gods koninkryk voorgegaa en die behoefte aan arbeiders aan die Kaap voorgedra. Regsinnige manne is skaars en word in die vaderland beroep. Hy dring daarop dat hulle die formuliere hartelik moet onderteken.

Sondag, 9 Sept., preek hy in die hoofkerk van Rotterdam voor 'n gemeente van 5,000 siel, terwyl die skare op 23 Sept. in die nuwe kerk van Amsterdam op 4,000 geskat is.<sup>2)</sup> „Het is een ontsagwekkend gesigt”, vervolg hy, „sulk een groote schare by een versameld te zien om het evangelie te hooren, en het vereischt eene sekere mate van moed, in eenen vreemdeling en uitlander vooral, om in tegenwoordigheid van een soodanige schare op te treden. De Heere echter gaf my by beide gelegenheden vrymoedigheid in het spreken, en ik vertrouw dat myne prediking aan velen niet ongesegend was.”

Saam/.....

- 
1. De Overbergsche Courant, 24 Okt. 1860.
  2. Brief uit Sandwyck naby Utrecht d.d. 2 Okt. 1860, in De Overbergsche Courant, 21 Nov. 1860.

Saam met ds. Barger gaan hy na Elberfeld en Barmen om 'n „Kirchentag" by te woon, waar hy die aand met die Rynse sendingfees 'n toespraak in Hollands hou. Terug in die laaglande bedien hy die Woord te Zeist die mōre in die Ned. Herv. kerk en die aand voor die Morawiese Broeders. Hy sê dat hy „de stýve preekwýse" afgelê en in eenvoud gespreek het.

Die bekende kerkblad „De Heraut" getuig <sup>1)</sup> dat hulle in dr. Robertson gesien het dat gesonde en getroue regsinnigheid in gene dele te kort doen aan die gloed van Christelike liefde nie en die leer van vrymagtige genade die vurige evangeliedienaar nie belet om met alle nadruk siele op te wek tot bekering en geloof nie. Dit het die blad natuurlik teen die onregsinnige predikers van sy tyd. „De Heraut" vertel verder van die voordragte van dr. Robertson in die Skotse kerk aldaar, hoe selfs die leraar, dr. Schwars, aan die slot van die predikasie bewoë was. Hy sê dat dr. Adams van New York die mōre daar aangekom het en vanaand preek iemand uit Afrika, sodat Amerika, Afrika en Europa mekaar in Christus die hande gereik het.

In Leiden preek die Afrikaanse dominee voor die bekende Prof. Scholten, wie se leer so hard bestry is en hou 'n diskussie in die privaat met hom. <sup>2)</sup> Hy tree in Brussel op en ontmoet die vroeëre sendelinge van Basutoeland, Casalis en Grandpierre, in Parys. Terug in sy geboorteland ontmoet hy baie ou kennisse en preek op verskeie plekke. <sup>3)</sup> Sommige van die Skotte, wat nie oor veel inligting van Suid-Afrika beskik het nie, was verwonder „dat een leeraar van Afrika soo goed kon prediken". <sup>4)</sup> Toe hy ds. Cassie, vroeër van Caledon, ontmoet, was daar by hom die oortuiging dat daar vir hom net een vaderland was, en dit is die Kaap.

Christosentriese prediking.

Dit/.....

- 
1. De Overbergsche Courant, 21 Feb. 1861.
  2. Idem, 23 Jan. 1861.
  3. Idem, 20 Feb. 1861.
  4. Idem, 20 Maart 1861.

Dit is duidelik dat dr. W. Robertson hom tot doel gestel het om Christus en Hom alleen te verkondig. Dit straal gedurig uit sy verkondiging en dit het bekoring aan sy kanselwerk verleen tot die einde toe. In die eerste leerrede <sup>1)</sup> van die preekbundel as hy dit as volg: „Het Evangelie kondigt u aan, uit naam van den grooten God van hemel en van aarde, dat er verlossing is door het bloed van Christus. ....Dit is de hoofinhoud van de blyde boodschap, die my als een Evangelie-dienaar is toevertrouwd om u te verkondigen.” In sy derde leerrede „Christus, gepredikt tot onze volmaking” bou hy hierdie gedagte verder uit, veral in sy eerste punt waar hy handel oor „Christus Jesus, die hoofonderwerp van die evangelieprediking”. Hy vra: „Of kunnen wý, die belyden hetselfde Evangelie te prediken (as Paulus), u eenigen anderen weg ter saligheid, dan door Christus den gekruisigde aanwysen?” Dit stel hy later teenoor die beoefening van die deug, wat <sup>2)</sup> ander mense verkondig.

In sy reeds genoemde preek „Christus de Gekruiste, de wysheid en de kracht Gods” hamer hy nog op dieselfde aanbeeld. „Het verkondigen van dese leerde blyde boodschap der versoening door het bloed van den eenigen Zaligmaker Jesus Christus - moet dus altoos de hoofbesigheid uitmaken van eenen Evangelieprediker. Die prediking sonder 'n versoeningsleer sal, net soos 'n mooi lied, die sinne bekoor, maar nie die hart van die sondaar verander nie.

Dit/.....

- 
1. Oor „de noodzakelykheid van eenvoudigheid en getroutheid in het prediken van het Evangelie”, Leerredenen, 6.
  2. Leerredenen, 40, 43. Die preek het ook apart in Hollands verskyn: „De Prediking van Christus het middel tot volmaking van den mensch - Eene leerrede uitgesproken door den Wel. Eerw. Wm. Robertson Th.Dr., leeraar der Geref. kerk te Swellendam (by Saul Solomon, Kaapstad 1842); en in Engels: „Apostolic Preaching Explained and Exemplified - A sermon preached before the English congregation assembling in the Dutch Church of Swellendam, on Sabbath, the 15th July 1855 by W. Robertson D.D., minister of the Dutch Reformed Church of Swellendam (Cape Town 1855).

Dit was vir hom nie slegs teorie nie, maar praktyk. Na hy twintig jaar in die gemeente Swellendam gestaan het, kon hy met vrymoedigheid getuig dat hy niks onder hulle gewest het nie as Christus wat gekruisig is. En die gemeente het in die toesprake en adresse daarop „Amen” gesê.<sup>1)</sup> Hy het hierdie tema „Christus as gekruisigde” ook in gebruik geneem by die kerkinwyding van Riversdale en by die van Bredasdorp.<sup>2)</sup>

#### Ontdekkende prediking.

Toe dr. Robertson die konferensie op Worcester in 1860 toegesprek het, was dit sy weloorwoë mening dat een vernane rede, waarem die evangelieprediking nie meer geseën word nie,<sup>3)</sup> dit is, dat die gewete van die hoorders nie geraak word nie. Van sy kant het hy probeer om in sy eie verkondiging daardie versuin te vergoed deur tydig en ontydig tot die hart van Jerusalem te spreek. Hy meen dat die vriendelike diens wat die evangeliedienaar aan sy gemeente kan bewys, is, om hulle op te wak tot selfondersoek.<sup>4)</sup> Verder af in hierdie preek sit hy die daad by die woord, wanneer hy uitroep: „Ik bercep my hierin, M.T., op uw eigen geweten. Zyn niet veler uwer zich bewust, dat, wat de godsdienst des harten betreft, gÿ in de Godshuis niet beter sÿt dan levenloosen beelden? Moeten niet veler uwer getuigen dat, alhoewel gÿ somtyds onder de prediking des Evangelies selfs tot tranen bewogen wordt, uwe aandoening- en sich gewoonlyk tot den tyd der godsdienstoefening bepalen?”<sup>5)</sup> Dit gee ons 'n proewe van sy prediking, moedig, reguit en raak.

Die woorde „ondersoek juiself” kom veelvuldig van sy lippe.<sup>6)</sup> In sy redevoering op Worcester sê hy dat daar herlewing sal kom slegs wanneer elkeen die staat van sy eie siele ondersoek/.....

- 
1. K.B. 1854. 13.
  2. De Zuid-Afrikaan, 21 Jun. 1839, 8 April 1842.
  3. Leerredenen, 130.
  4. Leerrede oor „Gedaante en kracht der godsaligheid”, Leerredenen, 86.
  5. Idem, 90.
  6. Leerredes oor „De Noodsakelykheid ons. in het prediken van het Evangelie, Christus, gepredikt tot onze volmaking”, Leerredenen, 11, 52.

ondersoek. Dan laat hy elkeen die volgende vrae afvra: „Is er geestelyk leven in myne siel?.....Heb ik dan geloovig de toevlugt genomen tot den Zoon van God, en is myn gansch vertrouwen op syne soenverdiensten gebouwd? Heb ik, onder een gevoel myner schuld tot den Heer Jesus Christus genomen?"<sup>1)</sup> So gaan hy voort. Hy het die godsdiens tot 'n baie persoonlike saak gemaak.

Om die gehoor verder in die gewete te raak en hulle aan hulself te ontdek, het hy onderskeidenlike prediking bygepas en soms die mense in klasse verdeel. In sy leerrede oor Kol. 1 v. 28 praat hy in die toepassing eers met die jongmense en later met die bejaardes.<sup>2)</sup> Nie dat hy soos van Lier in elke preek hom gestereotipeerd rig tot die onbekeerdes, naanchristene en kinders van God nie, maar hy wissel sy metode af. Die prediker toon dat hy weet wat in die siele van sy hoorders omgaan.

In sy leerrede oor 1 Kor. 14 v. 8 onderskei hy eers sommige wat die hoop koester dat hulle Christene is, maar geen genoegsame ywer aan die dag lê om die kentekens van 'n Christen te toon nie. Vervolgens hulle wat onder 'n diep oortuiging van sonde kom, maar die hart teen Christus nog meer verhard. Daar is ook mense met vele voortreflike deugde maar „die een nodige" ontbreek en op hul goeie werke steun. Eindelik diegene, van wie ook teenwoordig is, wat in bekende sondes soos ontug, dronkenskap, bedrog ens., leef.<sup>3)</sup> So gaan die prediker voort om, as anatomis van die hart, die innerlike roersele van die sielelewe te ontleed en die mes te hanteer.<sup>4)</sup> Daarin het veel van sy sukses as evangeliedienaar gelê.

#### Evangeliese prediking.

Dr. Robertson laat in baie opsigte aan ds. H.R. van

Lier/.....

- 
1. Idem, 124.
  2. Idem, 52, 53.
  3. Idem, 10 - 17.
  4. Sien ook p.p. 90 - 95.

Lier dink, veral waar hy ywer vir 'n lewende geloof en 'n proefondervindelijke godsdiens. As 'n mens in gedagte hou dat Robertson in sy eie Christelike ontwikkeling 'n baie gelyke baan gehad het, dat hy nooit deur skeptiese denkbeelde geskud was nie, dat hy soos 'n Timotheus in die Skrifte groot-<sup>1)</sup>geword het, dan verwonder jy jou dat hy so'n evangeliese krag in sy woordbediening openbaar het. Gewoonlik is dit manne wat ver van God gedwaal en teruggekom het, wat met soveel vuur kan optree. Hul eie ondervinding staan hulle duidelik voor die gees en dryf hulle voort om met siele te pleit. Robertson was nistemin 'n tere gelowige.

Toe hy by die Sinode van 1847 die rede uitspreek met geleentheid van die ordening van eerw. Dyke,<sup>2)</sup> het hy die verband tussen persoonlike vroomheid en die evangeliebediening beklemtoon. Dit was sy woorde: „The success of your exertions for the conversion of sinners, must surely be ever your highest aim; personal piety, then, will under the blessing of God greatly contribute to the attainment of that end. The spiritual food which feeds and strengthens your own soul you will then know how to place before others; from your own experience you will then be able to speak to others of the blessedness of living in a state of nearness to God, and thus the holy fire which burns in your own soul will, under the Divine blessing, kindle and maintain a similar fire in the hearts of those who are entrusted to your spiritual care.”<sup>3)</sup> Sy evangeliese ywer het hy van Skotland meegebring en vir baie jare was hy „a tower of strength to evangelicalism in the Cape Colony.”<sup>4)</sup>

As/.....

- 
1. Baker: Home Re-Union, 9.
  2. Dyke was verbonde aan die Franse sending in Basutoeland, maar kon weens geldgebrek nie na Frankryk gestuur word om georden te raak nie. Die Sinode het dus toegestem die kerklike plegtigheid vir hulle te verrig.
  3. Ordination of Rev. Dyke by the Synod of the Dutch Reformed Church (gedruk in Kaapstad).
  4. Gordon Balfour: Presbyterianism in the Colonies, 282.

As prediker het hy nie in die lug geslaan nie, maar stellig vrugte verwag. In sy sluitingsrede by die agste sinode (1852),<sup>1)</sup> waar hy Ps. 85 v. 7 verhandel, sê hy dat as iemand gedurig die akker bebou, jaar vir jaar plant en saai, en niks oes nie, sou hy nie verneem na die oorsaak van onvrugbaarheid nie? Wanneer dan die prediking van die evangelie en ander genademiddels ergens in oorvloed geniet word, en 'n mens nogtans weinig en soms geen vrug bespeur nie, betaam dit hom nie om te ondersoek na die oorsaak van hierdie geestelike onvrugbaarheid nie? Een van die oorsake is dikwels die gebrekkige geestelike lewe van die leraar self. Toe hy die openingsrede by die Sinode van 1842 hou, preek hy oor dieselfde onderwerp n.l. die groot verantwoordelikheid van die bedienaar van die evangelie na aanleiding van Esag. 33.<sup>2)</sup> As hy nie getrou gewaarsku het nie en die siel gaan verlore, dan sal sy bloed van sy hand geëis word. Hy moet oppas dat waar hy vir andere preek, hy self nie verlore gaan nie.

Wat 'n verhewe en nougesette opvatting het dr. Robertson nie van die preekamp gehad nie! Dit kom ook uit in die leerrede voor sy vertrek na die Voortrekkers, wat hy spesiaal „aan myne geliefde gemeente” in druk laat verskyn.<sup>3)</sup> Die tema „die bekommernis van 'n leraar” is genoegsaam om te laat sien waaroor die preek handel. „Nogtans kan ik in waarheid betuigen, eene soodanige liefde voor uwe sielen te gevoelen,” sê hy, „en een soodanig belang in uw geestelyk welsyn te stellen, dat ik, in sekeren zin, de taal van den tekst (Gal. 4 v. 19, 20) de myne kan maken.” Hy is bekommerd oor hul verwaarlosing van die gebed, die huisgodsdiens en ander gebruike. Sy verantwoordelikheid as prediker het hy terdeë gevoel.

Sy/.....

- 
1. In druk uitgegee deur M.H. Marais, Kaapstad 1852.
  2. Acta Synodi 1842, S.l.7.275 v.v. ; De Honigby 1842. 353-364.
  3. De bekommerning eens leeraars - Leerrede uitgesproken door den WelEerw. Wm. Robertson Th., Dr., leeraar der Geref. kerk te Swellendam (Kaapstad 1848); Ministerial Anxiety - A Sermon (Cape Town 1848).

Sy aandrang tot dadelike bekering, die gevaar van uitstel en die sekerheid van die dood was kenmerkend van sy verkondiging. Reeds met sy eerste preek op Clanwilliam het die gemeente gewaar geword dat dit vir hom erns is. „Kom!“ hoor hulle hom pleit, „is er iemand thans teenwoordig, die onder het prediken van het woord, of in het onmiddelyke vooruitsigt van den dood, of onder een swaar oordeel, of in het uur van eene onverwacht weldaad, geene overtuiging ondervonden heeft van de nietigheid en de schuld der sonde.....Streeft Hy niet welligt op dit oogenblik met eenigen, om te smaken en te sien dat de Heere goed is? Staat en klopt Hy niet op dit oogenblik aan de deur van de harten van eenigen uwer?“<sup>1)</sup> Hy het sy hoorders voor hom raakgevat en hul persoonlik aangespreek.

Later in sy bediening het hy die metode tot 'n fyn kuns ontwikkel en met die hamer van die Woord die harte verbrysel. In sy meer genoemde „Christus, gepredikt tot onse volmaking“<sup>2)</sup> pleit hy as volg: „Ik bidde u dan, gedenkt ernstig wie en wat gy s̄yt. Gy bevindt u op reis naar de ewigheid, en weet den dag niet, noch de ure, waarin aangaande u gesegd sal worden, dat de tyd voor u niet meer s̄yn sal. Vele uwer betrekkingen, bloedverwanten en vrienden s̄yn reeds door den dood weggenomen; en nog in dezen dag kan Gods langmoedigheid over u een einde hebben, en uwe ziel van u opgeëischt worden. Laat dan, bid ik u, m̄yne medereisigers naar de ewigheid, de welmeenende, waarschuwende stem des Evangelies by u ingang vinden. Vergunt m̄y er b̄y u op aan te dringen, om dese belangryke vragen aan u selven te doen: „Waarheen sal m̄yn teenwoordige loopbaan my brengen? Hoedanig is de teenwoordige staat m̄ner ziel? Wat heb ik tot hiertoe gedaan? Wat/....“

---

1. N.Z.A.T. 1832. 15.

2. Leerredenen, 47.

Wat doe ik nog voor de eeuwigheid?" Gy sýt van nature kinderen des toorns, en gy loopt gevaar om voor eeuwig 1) verloren te gaan." Op hierdie trant gaan hy dan voort.

Hy bedien die sleutels baie getrou, hy sluit oop, maar sluit ook toe. Die uitnodiging om te kom na die Heiland is vry en dringend, maar as dit geweier word, kom daar 'n "wee" 2) van sy lippe.

### Sy teologiese rigting.

Uit sy preke blyk dit dat hy as Skot, saam met di. Andrew Murray Sr., en Robert Shand, 'n puriteinse inslag gehad het. Veral neem hy 'n sterk houding teenoor Sabbats-ontheiliging in. Die ware Christen weet om die Dag van die Here volgens die vierde gebod te onderhou. In Suid-Afrika is daar vele wat Sabbatsbrekers is. 3) Sy afkeer en bestryding van drankmisbruik kom aan die lig wanneer hy die begrafnis 4) van 'n dronkaard hou.

As „evangelical” van die Skotse kerk het hy verder vierkant gestaan teen die „moderates” en alle vrysinnigheid in die leer bestry. Toe dié verskynsel in Suid-Afrika die kop opgesteek het, was hy een van die eerstes om dit te beveg. Met die inwyding van die Nieuwe kerk te Kaapstad in 1847 sê hy dat daar ook in hulle dae diegene is, wat deur die invloed van vooroordeel, of „valsche lyk genaamde wetenskap” 'n afkeer het van die eenvoudige prediking van die leer van die kruis en dit as dwaasheid beskou; wat bestraal is deur „het nuwe licht” van latere tye en meen dat Paulus in sy geloof gedwaal het.” Hy wil dat die nuwe kerkgebou bewaar sal bly vir „alle  
 nuwigheden/.....

- 
1. Vir 'n soortgelyke proewe sien leerrede oor „De Uitnodiging”, Leerredenen, 71, 72.
  2. Vgl. „De Noodsakelykheid van eenvoudigheid, ens.”, Leerredenen, 8, 9.
  3. Leerredenen, 16, 81, 84, 123; De ware Christen, N.Z.A.T. 1842. 327. Ander sosiale euwels word tegelyk gestriem.
  4. Baker: Home Re-Union, 9.

nieuwigheden, uitvindingen van menschen, alle valsche genaamde wetenskap, en alle dwaling van welke aard die ook s̄.<sup>1)</sup> Waar die Liberalisme veral iets wou afding van die eenvoud van die Kruisewangelie, het hy hom skerp uitgelaat.<sup>2)</sup>

Toe hy met sy sending in Holland was, het sy standpunt ook glashelder geblyk uit sy briewe aangaande die kerklike toestande aldaar. Hy het die byna algehele afwyking van die gesonde leer deur die leraars betreur en as maatstaf vir die keuring van nuwe predikante vir Suid-Afrika die suiwerheid in die leer geneem.

William Robertson was gereformeerd in sy teologie. Op die stuk van die predestinasie het hy sterk gestaan. In sy intreerede op Clanwilliam spreek hy duidelike taal, wanneer hy s̄ dat die verkiesing uit onverdiende vrye genade van God is. Daar is geen verpligting van Sy kant om die mens te verlos nie. Hierdie leer werk nie sorgeloosheid in die hand nie, want Paulus b.v. het dit verkondig, maar sy plig nooit versuin nie. Dit is dikwels die voorwerp van bespotting gemaak, dog dit kan alleen wees vir diegene, wat die leer nie verstaan of die invloed daarvan nog nie ondervind het nie. God wat die einddoel bepaal het, het ook die middele uitverkies.<sup>3)</sup>

Of hy ook die verwerping onderskrywe het, weet ons nie. Daar is nie genoegsame preekgegewens tot ons beskikking nie. In sy latere leerredene, waar hy so dikwels aandring op die bekering, gee hy die indruk van geesverwant met die „Narrow Men” te wees, dat hy die saligheid aan almal sonder reserve aanbied. In die stryd teen die Liberalisme het hy geblyk dogmaties minder ultra te wees, saam met drs. A. en P.E. Faure,<sup>4)</sup> di. A. Murray Snr. en Jnr. en andere.

Gebreke/.....

- 
1. Christus de Gekruiste, ens., 5, 22.
  2. Vgl. 'n rede van hom, De Zuid-Afrikaan, 18 April 1845; 4 Julie 1853; Leerredenen, 125.
  3. N.Z.Af. 1832. 11 - 13.
  4. S.P. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, voetnoot, 78.

Gebreke in sy prediking.

Tot sover het ons gelet op die sukses en seën van hierdie prediker. Ons wil daar niks van afding nie. Tog is ons van mening dat hy groter sukses en miskien meer blywende stigting sou geniet het, as hy die volgende beginsels in ag geneem het.

Die eerste gebrek is formeel van aard, maar tog belangrik n.l. die bou van sy preke. Dit is wel meesal analities-sinteties in sy strewes, maar in te veel gevalle loop dit uit op 'n „mottopreek“. Neem as voorbeeld „De bekommering eens leeraars“, waar sy teks Gal. 4 v. 19, 20 as volg onderverdeel word. Hy is in twyfel omtrent (1) die verwaarlosing van die huisgodsdiens; (2) die versuim van die eensame gebed; (3) die feit dat hulle op uiterlike godsdienslike gevoel steun; (4) die feit dat godsdienslike oortuigings by hulle uitgewis is; (5) die feit dat die wêreld hul harte beheers. Dit is nie die materie van die teks wat verdeel word nie, maar sekere los gedagtes omtrent sy gehoor.<sup>1)</sup>

Daar kon baie meer Skrif in sy leerredes gewees het; daardeur sou dit meer aan die eis Woordprediking beantwoord het. Soos vroeër gesien, om die eenvoud te verkry, wou hy sy preek nie „encumber by an array of texts“ nie, maar dit sou meer gesag by die gesprokene gels het. Sy preke is ook nie genoeg dogmaties-gespierd nie. Ja, toe hy nog vars van Holland uit die universiteit kom en sy eerste preek op Clanwilliam gee, vind ons nog vaste spyse, keurig versorg. Met die verloop van jare egter het dit anders geword. Die bou van die preek het 'n belangrike uitwerking op die inhoud daarvan.

'n Ander klank wat ons gesteur het, is sy woordkeuse van 'n „nuwe uitstorting van die Heilige Gees“. In sy Sinodale slotrede van 1852 sug hy die volgende bede: „Mogten wy allen duidelik insien en gevoelens, niet alleen hoe noodig,  
maar/.....

---

1. Sien ook leerrede no. 1 in preekbundel; nos. 3 en 4 vergelyk daarteenoor veel beter wat dit betref.

maar hoe wenschelyk eene uitstorting van den goddelyken Geest is. Zonder dese goddelyken invloeden spreken wy, die de Evangelie verkondigen, tot slechts dorre beenderen, waarin noch leven, noch kracht is." <sup>1)</sup> Sy redevoering op Worcester word ook betitel "Eene nieuwe uitstorting van den Heiligen Geest." <sup>2)</sup> Van 'n weeruitstorting van die Gees kan daar geen sprake wees nie, want dit was eenmalig. Die uitstorting van die Heilige Gees is, na die skepping en vleeswording, die derde groot werk van God. Geeneen van hierdie drie word herhaal nie. 'n Gebed om 'n herhaalde uitstorting sou 'n miskenning wees van wat reeds op Pinksterdag gebeur het en van die bestendige inwoning van die Heilige Gees in die gemeente.

#### Besluit.

Daar is 'n treffende ooreenkoms tussen die agtergrond en kerklike ontwikkeling van die laaglande van Nederland en die hooglande van Skotland, sodat die Skotse predikers wat herwaarts gekom het, in meer as een opsig geskik was om die tekort aan leraars in Suid-Afrika aan te vul. Hulle was predikers van opregte inbors, van vrome wandel en was gewillig om die gevare van die vreemde te trotseer. Heelhartig het die meeste hul aangename kerk en vaderland gedien en groot offers daartoe selfs gebring.

Die Skotse predikante is deur dr. George Thom merendeel uit die evangeliese rigting binne die Presbiteriaanse kerk gekies. Die gevolg was 'n hartelike warme prediking in die Kaapse kerk, wat die draad van ds. van Lier en die Hollandse piëtisme weer opgetel het. Dit was 'n verkondiging wat die gewete en die wandel van die volk geraak het. Dit het verder gestrook met die konserwatiewe aard van die kerk, daar die Skotte 'n natuurlike antipatie teen die „moderates" van hul land/.....

- 
1. Redevoering, ens., 13.
  2. Sien Leerredenen, 116, 117.

land en dus teen die liberaliste van Suid-Afrika gekoester het. Hulle prediking het dus aangesluit by die belydenis van die kerk.

Daarby vind ons dat die element van Puritanisme sterk by hulle aanwesig was. Streng is van die kansel aangedring op die wet en die plig van die gelowige om nougeset te wandel. Die tug is deur hulle getrou gehandhaaf. Die beste tradisies van die Skotse preekstoel is deur hulle na Suid-Afrika oorgebring.

Omdat die „evangelicals“ op voetspoor van die „Marrow Men“ 'n ruimer vertolking van die uitverkiesingsleer as Dordt gehad, die uitnodiging tot saligheid aan almal sonder uitsondering gerig het en verwag het dat die hoorder beslis daarop sal antwoord gee, het sommige grensboere, veral die wat 'n baie fatalistiese beskouing van die leer gehad het, aanstoot aan die Skotse prediking geneem. Die predestinasie is wel deur die Skotte aanvaar, maar is gewoonlik verswyg van die kansel, sodat daar 'n leemte was, waarvan sekere „dopper“ - voelende elemente bewus geword het. Van twee Skotse predikers weet ons egter wat gestreef het om die Calvinisme nouer te neem en dit in hul prediking in te dra, n.l. Robert Shand en George Morgan.

Die dominees van Britse oorsprong het verder die bestanddeel van nasionalisme in hul verkondiging gemis. Hulle kon hulle nie ten volle aansluit by die kultuur-agtergrond van hul gemeente en het die vryheidstrewes, soos geopenbaar in die Groot Trek, nie waardeur nie. Inteendeel, baie van hulle het meegewerk om Engels as kanseltaal ingevoer te kry en het die oorspronklike karakter van die N.O. kerk in gevaar van verandering gebring. Verder het hulle groot moeite met die aanleer en uitspraak van Hollands gehad, sodat veel stigting daardeur verlore gegaan het. In sommige gemeentes was dit 'n onoorkomelike struikelblok gewees.

Wanneer/.....

Wanneer egter die voordele en nadele ten opsigte van die bydrae van die eerste Skotte tot die prediking van die Kaapse kerk opgeweeg word, dan moet ons besluit dat die eerste meer was as die laaste. Daar was wel allerlei moeilikhede in hul pad om die hart van die Boer te raak, maar hulle prediking was deurgaans in die betooning van gees en van krag,<sup>1)</sup> en was hulle arbeid nie tevergeefs nie.

---

1. K.B. 1860. 188.

AFDELING F.

DIE PERIODE 1825 - 1860 ( voortgesit.)

DIE PREDIKING IN 'N OORANGSTYD.

HOOFSTUK 45.BY DIE UITDRAAIPAD.Verandering in die kerk.

Die jaar 1860 is 'n belangrike jaargetal in die geskiedenis van die Ned. Geref. kerk. Dit sal altyd geken word as die tyd toe die herlewing in verskillende gemeentes van die Kaap uitbreek het. Hierdie gebeurtenis het die wese van die kerk aangetas. In 1860 is verder die Worcesterse konferensie gehou toe vir die eerste keer tot buitenlandse sendingaksie besluit is. Dr. W. Robertson is ook afgevaardig om meer Skotse predikante en onderwysers te gaan soek vir die Kaapse Kerk. Aan die begin van 1860 het die eerste vier leerlinge van die pasgestigte Teologiese Kweekskool hulle voorbereiding tot die evangeliebediening met alle erns begin. <sup>1)</sup>

Die dekade 1850 - 1860 bly vir ons ook betekenisvol. Die aanvalle van die Liberalisme het al sigbaarder en brutaler geword met die nasleep van twis en skeuring. Ds. Dirk van der Hoff het van oorsee gekom en die Transvaalse gemeentes beweeg om die Ned. Herv. kerk in die republiek te stig. In 1859 vind 'n tweede skeuring onder leiding van ds. Dirk Postma plaas, toe die Gereformeerde kerk die lewenslig in Suid-Afrika aanskou. Die N.G. Kerk moes deur geestelike groeipyne heen tot volwassenheid kom.

Die hele tweede kwartaal van die neëntiende eeu was 'n periode van transisie en verandering vir die kerk in Suid-Afrika. 'n Man soos ds. G.W.A. van der Lingen, wat met sy geestelike verkyker die gesigseinder gedurig deurskou/..

---

1) Die Kweekskool is 1 Nov. 1859 geopen. Prof. J. du Plessis sê: "Het jaar 1859 was voor onse kerk een gewichtig keerpunt in haar geschiedenis." Een Historiese Oorsigt, Jaarboek van die Ned. Geref Kerk 1929, 86.

deurskou het, skryf aan dr. A. Faure in 1849 „er is eene overgangs-periode by ons“.<sup>1)</sup> Hy meen dat die leuse van die Franse Rewolusie ook deur sommige hier aangeneem word en dat die strewe na 'n losbandige vryheid ons land nadelig beïnvloed.

In sy verslag van die staat van godsdiens aan die Ring<sup>2)</sup> in 1858 rapporteer hy dat daar beginsels van toekomstige verandering op te merk is, wat die stand van die godsdiens sal verander. Hy kan wys op beginsels wat deur staatkundige en maatskaplike veranderinge op die kerklike liggaam ingeënt is. Ook kan hy blye of treurige verskynsels beskryf wat in die openbare godsdiens, in kerkisasies, aan siekbeddens, in huisbesoek opgemerk word, as beginsels van toekomstige goed of kwaad. Wanneer ons van der Lingen later behandel, sal hierdie tekens verder nagegaan word.

Deur beter kommunikasie-middels het Europa al nader na Suid-Afrika geskuif en sou hierdie uithoek al meer beïnvloed word deur die geestesstrominge van oorsese. Die Nederduitse kerk ter lande sou dit ook terdees bewus word in sy karakter en in sy kansel. Ek wys op een uitvloeisel n.l. die selfstandigwording van die kerk.

Reeds in die vorige eeu wou die Kaapse kerk sy huishoudelike sake deur 'n Gekombineerde Kerkvergadering reël, maar is deur die Classis van Amsterdam stopgesit. In 1824 egter is die eerste Sinode gehou en van toe af is pogings aangewend om die knellende band van die Staat los te maak. Na 'n kwasi stryd het die kerk deur die ordonnansie van 1843 daarin geslaag om vry te raak en op eie bene te staan.

---

1) Herinnering aan het leven en den arbeid van weleerw. G.W.A. van der Lingen, 88, 91.

2) R.l. 9. 51, K.K.A.

'n Ander, meer innerlike, band sou verder algaande losgewoel word, die betrekking met die Moederkerk in Nederland. Selfs na die Engelse okkupasie is die hoof nog steeds na Holland gekeer. In die Sinode van 1852 word 'n onverwagte brief van die Nederlandse Hervormde Sinode voorgelees waarin die groete oorgebring word, wat groot geesdrif verwek en selfs in die herderlike brief vermeld word. Ons Sinode antwoord terug dat die kerk in Suid-Afrika met die gevoel van die warmste liefde aan die moeder dink en begeer om altyd in die nouste met haar verenig te wees.  
1)

'n Sinsnede in hierdie skrywe „megt Jesus Christus en die gekruisigd, waarachtig God en waarachtig mensch, steeds de bron uwen vreugde en de hoofdsak uwer prediking sijn” is egter betekend. Dit sinspeel op die toenemende ongeloof binne die Herv. kerk. Daarvan getuig die Nederlandse Sinode self in 'n volgende brief, waarin hulle allereers die wens meer uiter om in noue korrespondensie met Suid-Afrika te bly, maar erken: „ons allen geliefde Moederkerk is met scheuring en ontbinding bedreigd”.  
2)

„Een Lid van de Synode” voel bekommerd dat die Kaapse kerk so veelvuldig sy liefdegevoelens teenoor die ander kerk betuig, want dit kan afgelei word dat met die afwykende leringe van die Herv. kerk gesimpatiseer word.  
3)  
Hy getuig „het echt Kaapsche hart klopt voor Nederland; en ik Kaaplander van top tot teen, veel sijnen polsslag in nynen aderen”, maar die Nederlandse ongeloof stuit hom teen die bors. Ons leraars moet aan die vrysinnige universiteite opgelei word, keer dan terug met vooroordele teen die suiwere leer en „aan de, vooral onder ons, soms seer onkundige gemeenten het brood des levens wordt onthouden,  
en/.....

---

1) K.B. 1853. 62,63.

2) K.B. 1857. 30.

3) K.B. 1857. 246 - 248.

en alſoo de herlewing onser kerk uit haren doodschen toestand wordt bemoeiylykt en tegengewerkt."

Nieteenstaande dit alles besluit die Kaapse Sinode van 1859 om „die band van Christelike gemeenskap, wat die kerk in Suid-Afrika en in die moederland verenig, innig vaagesnoer te hou en te versterk". <sup>1)</sup> 'n Sinodale skrywe volg kort daarop <sup>2)</sup> van oorse wat die moeder-dogter betrekking hoog roem.

Toe die stryd teen die moderne ongelooft egter op eie bodem al venyniger word, kom die Sinode van 1862 daartoe om die band vir goed met die Moederkerk te breek. Ons gee die eie woorde terug: „De Synode gelet hebbende op de verwoestende theorieën des ongeloofs die in de Hoogeschole van de Geref. Kerk in Nederland worden verkondigd, gelet hebbende op de verschillende verzoekschriften dienaangaande by de Hoog Eerw. Synode der kerk in Nederland en op herhaalde onvoldoende behandeling gelykstaande met verwerping van deselve, kan niets anders dan aanmerken dat de Synode der Geref. Kerk in Nederland hare geloofsbelydenis feitelyk versaakt, en siet sich alsoo verplicht den band, die haar tot nu toe aan de synode der Geref. kerk in Nederland verbond, te breken." <sup>3)</sup>

Tot hierdie historiese stap was die N.G. kerk feitlik gedwonge; om sy belydenis suiwer te bewaar, moes hy homself isoleer van kwade invloede. Maar aan die ander kant het hy in gevaar gestaan om sy Nederduitse karakter te verloor, waar die aansluiting met Skotland en Amerika op daardie stadium sterk gepropageer is. In elk geval is hy nou daartoe gebring, waar die kind van die moeder gespeen is, om op eie bodem te ontwikkel. Die Ned. Geref. kerk staan in geen korrespondensie met/....

- 
- 1) K.B. 1859. 46. Hierdie besluit het die volgelinge van ds. D. Postma baie gewraak; hy self noem dit „een vleyen van de hoere en een miskenning van het echte kind".
- 2) K.B. 1860. 365.
- 3) Acta Synodi 1862. Sessie 33; K.B. 1862. 397.

met enige buitelandse kerk nie en het in die gesonde zin van die woord 'n nasionale kerk geword.

Hierdie proses van selfstandigwording was egter reeds lank voor 1862 aan die werk. Sedert 1824 is geywer vir 'n eie kweekskool om landseuns vir die preekamp bekwaam te maak en einde 1859 kon die doelwit bereik word. Die herderlike brief van die sinode van 1857 het voorspel: „De Kweekschool sal een keerpunt sijn in de geschiedenis onser kerk”.<sup>1)</sup> Toe twee Nederlandse dominees tot hoogleraars beroep word en hulle bedank, het die kerk besef dat hulle los moes kom van die Moederland en langs eie bane ontwikkel. Afrikaanse professore sou Afrikaanse leraars oplei. En hierdie seminarium sou algaande 'n eie stempel op die prediking van die kerk afdruk.

#### Verandering in volk en taal.

Nie alleen die kerk het mondig geword nie, ook die land en volk het al meer selfstandigheid verkry. In 1853 het Suid-Afrika sy eerste parlement en daarmee selfregering bekom. Die Hollandsprekende deel van die bevolking het almeer gaan voel dat hulle vaderland hier lê en nie in Nederland nie. Baie vroeg in die agtiende eeu reeds het die bewussyn van Afrikaners te wees gekristalliseer. „They called themselves Afrikanders, a term in common use as early as 1735”.<sup>2)</sup>

Hierdie verandering is veral weerkaats in die taal, sê Theal. Vir die alledaagse gebruik het die kolonist 'n afwykende vorm van Nederlands gebruik wat baie verskil het van sy Bybel- en kerktal. „Even with this knowledge of grammatical Dutch, however, most of the uneducated South African colonists were unable to understand fully a commercial newspaper in Holland”. Die mense rondom Kaapstad word hier natuurlik

uitgesluit/....

---

1) K.B. 1857. 399

2) Theal: History before 1795 III. 354.

uitgesluit!

As dit waar was van die agtiende eeu, hoeveel te meer van die neëntiende. Na aanleiding van die konferensie op Worcester (1860) en die bespreking oor lektuur, skryf „R“: „Hoe langer hoe meer sal men het moeten insien dat onze ingezetenen, van wat afkomst ook eene eigenaardige maatschappy vormen. Wÿ hebben onze eigene denkbeelden en denkwÿzen, ons veelbetekende woorden en zinnen, onze eigene spreuken en termen. Wat ons aangeboden wordt, is ons veelal vreemd“. En dan laat hy hierdie betekenisvolle woorde volg: „Wÿ sÿn noch Hollanders,<sup>2)</sup> noch Engelschen, wÿ sÿn en blyven Kaapenaars“.

Hiermee moes die kansel terdeë rekening hou. Veral toe die drieste poging aangewend word om Engels as kanseltaal in te voer, het baie kerkmense die kontras bewus geword en geredeneer dat die preektaal in elk geval nie deur almal verstaan word nie. Skrywende oor Engelse dienste sê die redakteur van 'n bekende dagblad: „Het hollandsch dat in de samenleving gesproken wordt vry wat verschilt van hetgeen op den kansel gehoord wordt“. Hy gee egter ook toe dat met die meer opgevoede klasse die onderskeid nie so groot is nie. 3)

'n Anonieme skrywer beklemtoon in dieselfde jaartal die verskil tussen die Kaaps-hollands wat met die diensbodes gepraat word en „het deftige Hollandsch dat wÿ van den kansel verwachten en meestal ook hooren“. Iemand kan die spraak van die daelikse lewe genoegsaam verstaan en praat, en tog so vreemd wees teenoor „den deftigen styl van den kansel, dat hy een preek schaars kan verstaan“.<sup>4)</sup> Hierop het ds. J.H. Neethling geantwoord dat hy van die skrywer verskil: die preektaal is nie so byster deftig nie; die eenvoudiges lees  
nog/.....

1) Idem

2) K.B. 1860. 187.

3) De Zuid-Afrikaan, 25 Feb. 1856.

4) IBts omtrent onze kerk, K.B. 1856. 56

nog boeke geskrywe in die deftige skryfstyl. Hy het opge-  
dat leerredes, in goeie Nederduits uitgespreek, oor die al-  
deur die hoorders goed verstaan word. Die denkbeelde moet net  
1)  
duidelik ontwikkel wees.

Predikers, soos ds. J.H. Meethling, wat in Nederland  
gevorm is, was nog nie bewus van die groot verandering wat  
volk en taal ondergaan het nie. Die gewone hoorder, soos uit  
die bostaande blyk, het dit terdeë aangevoel. Ons sal later  
uit die proewe van enkele predikers aantoon dat dit wel waar  
is dat die taal en die styl van die toenmalige verkondiging nog  
al te deftig en onverstaanbaar was.

Nie slegs die uiterlike inkleding van die preke nie,  
ook die materiële daarvan, moes hom in die periode van oorgang  
meer aangepas het by die ontwikkelde volksbewustheid. Wat van  
die Skotse leraars oor die noodsaaklikheid van nasionalisme in  
die prediking gesê is, geld ook hier. Net soos die Skotte deur  
hul vreemde afkoms nie altyd een met die volk kon voel nie, so  
was daar baie Hollandse predikers wat nie genoeg rekening gehou  
het met sulke uitsprake nie: „wy sijn en blyven Kaapenaars”.  
Dit sou nog tientalle jare duur voordat hulle b.v. hul voor-  
beelde van die lewe uit die ryke bodem van ons eie land neem.

In 1871 gee prof. John Murray 'n preekbundel in die lig  
„Die Volksprediker, korte en eenvoudige preeken”<sup>2)</sup> en skryf  
in die voorwoord dat daar 'n groot behoefte aan „Kaapsche  
volkspreeken” bestaan. Agt jaar later gee ds. P.D. Rossouw  
verder uiting aan die taalgevoel deur vir die eerste keer preke  
te publiseer in Afrikaans.<sup>3)</sup>

### Verandering in die maatskaplike lewe.

Tydens die jare 1825 - 1860 het die land die deining  
van/.....

1) K.B. 1860. 85 - 88

2) J.C. Juta, Kaapstad en Johannesburg.

3) P.J. Mienaber: Evangelii in di volkstaal, 7.

van die oorsese golwe baie sterk gevoel. Alles wat van die buiteland ingevoer word, was nie steeds 'n aanwinst nie. Vryheid van denke het vryheid van sedes en gewoontes vir Suid-Afrika meegebring, waarmee die kerk terdeë rekening moes hou.

Drankmisbruik, is byna so oud soos die mens en so oud soos die volkplanting self, maar die ewel het nou groter afmetings aangeneem. Fawcett wat die Kaap in 1835 besoek, sê dat hy van beskouing was dat dronkenskap sy limiet in Indië bereik het, maar dat hy in Suid-Afrika „a still more awful display of its alarming lamentable and debasing effects” moes aanskou. Brandewyn en ander gefortifiseerde wyne is orals te verkry, terwyl kantiene in elke stad en dorpie aangetref word.<sup>1)</sup>

In baie verslae van die godsdiens moet kerkrade kla dat Bacchus sy slagoffers by hope vind. Stellenbosch sê dat vir die kleurlinge veral die taphuise draaikolke is, waarin die merendeel geslinger word.<sup>2)</sup> Die herderlike brief van die Ring van Swellendam waarsku die gemeentes in 1846 teen hierdie maatskaplike kwaad.<sup>3)</sup> Die S.A. Commercial Advertiser weet vir sy inleidingskolom te vertel dat daar 'n parlementêre ondersoek na die noodlottige gevolge van drankmisbruik ingestel en dat daadsake bevestig is deur die duidelikste getuienis. Hy probeer om die volk van die drankgewoonte te laat afsien.<sup>4)</sup> As teëvoeter vir die dronkenskap word van Metodistiese kant „Temperance Societies” vir oud en jonk in 1836 gestig.

Dans en drank is gewoonlik in dieselfde geselskap. „Civil Servant” vind in 1822 reeds dat „the love of dancing is a ruling passion throughout the Cape population in every rank”<sup>5)</sup> In Kaapstad vind hy biljart- en kaartkamers en 'n danssaal, waar die/.....

- 
- 1) Account of an Eighteen Month's Residence at the Cape of Good Hope in 1835 - 1836, 8.
  - 2) Staat van die godsdiens 1836.
  - 3) De Honigby 1846. 381.
  - 4) S.A. Commercial Advertiser, 2 April 1836, 5 Nov. 1836.
  - 5) The state of the Cape in 1822, 149 - 166.

die glasies tot laat in die nag geklink word. „Dancing is the favourite amusement of the Cape ladies.....The waltz or quadrille are now the high Cape tone and country, now termed kitchen dances, are neglected.” Hy maak melding van deftige bals en voeg daarby: „It cannot be pretended that these balls add to the morals of the town”. In die „Advertiser” verskyn daar gedurig briewe wat die ondermynende invloed van dans vir die geestelike wandel beklemtoon.<sup>1)</sup>

Iemand het beweer dat drank, dans en dobbel 'n drieling-suster is. Van dobbelary lees ons: „This vice extends mightily we believe, among many classes of the Cape community, and to the serious injury of many poor families”.<sup>2)</sup> Lotery was 'n algemene gewoonte. So word 'n advertensie in 'n dagblad geplaas om 'n lotery van 'n dubbelloop-jaggeweer aan te kondig.<sup>3)</sup> Die Metodiste het hierdie sosiale euwel ook nie met rus gelaat nie, maar bekamp. Hulle wys daarop dat die sogenaamde eenvoudige kaartspel dikwels tot sondige dobbelary lei.<sup>4)</sup>

Die dobbelgees word veral by die resies gevind. „Civil Servant” was verbaas om so baie vertoon by die resiesbaan te bespeur, om sovele „fashionable curricles, chariots, barouches with four horses, landaus, tilburies and dennets” te sien.<sup>5)</sup> Advertensies van wedrenne op Kaapstad, Malmesbury ens. kom veelvuldig voor.<sup>6)</sup> 'n „Race-ball” vergesels ook soms so 'n resiesvertoning.<sup>7)</sup> Die Wesleyaanse kerk veroordeel dit alles baie sterk as „an unmitigated evil, injurious to society”.

Ons kom vervolgens by die toneel, wat algaande 'n plek in die hart van 'n deel van die volk verower het. In 1822 reeds kon opgemerk word: „the play-house is a favourite place of amusement, and/....

- 
- 1) S.A. Commercial Advertiser, 5 Aug. 1835, 26 Maart 1836.
  - 2) The Meditator, 23 Mei 1837.
  - 3) Kaapsche Courant en Afrikaansche Berigter, 28 Feb. 1825, sien ook S.A. Commercial Advertiser, 4 Jan. 1826.
  - 4) S.A. Commercial Advertiser, 10 Aug. 1836.
  - 5) State of the Cape in 1822, 163.
  - 6) De Zuid-Afrikaan, 3 Aug. 1841, 4 Maart 1852.
  - 7) Idem, 28 Sept. 1841.
  - 8) Grahamstown Journal, 25 Feb. 1836.

and there exists a considerable degree of theatrical taste:

Daar was 'n skouburg in St. John's Street. Verder word m...ang  
gemaak van die „Garrison Theatre”<sup>2)</sup> en 'n private amateur teater  
in Roelandstraat.<sup>3)</sup>

Die Wesleyane het die toneel hand en tand bestry en selfs  
'n blad South African Christian Recorder in die lewe geroep.  
Daarin word 'n resensie oor 'n reeks preke oor die toneel van  
eerw. C. Best van Sheffield geplaas, wat 'n groot indruk op die  
Kapenaars gelaat het.<sup>4)</sup> Hy veroordeel die toneel op grond daar-  
van dat dit „not of the Father, but of this world is”. Verder  
sê hy, dit is „unchristian and of a demoralising character.....  
utterly opposed to the spirit of our holy religion”.<sup>5)</sup>

As 'n mens hoor dat die invloed van die Metodiste so  
sterk was, dat die toneel tussen die jare 1836 - 1842 nie voor-  
kom aan die Kaap nie, besef jy wat 'n mag die Wesleyaanse ge-  
dachte reeds in Suid-Afrika geword het.

Die vraag kom egter, wat van die Ned. Oeref kerk en die  
Nederduitse bevolking; het hulle die stryd dan ook nie teen  
hierdie nuwe maatskaplike verskynsels aangegord nie? Hier en  
daar het wel stemme van protes opgegaan „Serious” skryf in 1825  
„Iets over het Dansen en de Toneelspelen”<sup>6)</sup> veral gemik teen die  
kindertoneel van J. Suasso de Lima, dat in die dansplekke sluimer-  
ende drifte opgewek word en in die teater allerlei stukke „met  
verpeste liefdegeschiedenis” afgespeel word. Hy betoog later  
dat die skouburg eindelijk bo die kansel verhef word.

A.M.E. Changhion vra of dit wenslik is dat in Kaapstad  
'n skouburg sal bestaan. Nee, antwoord hy, want gedurende die  
afgelope winter het gesinne uitgedos en opgetuig daar gesit,  
terwyl elke pennie vir die huishouding nodig was.<sup>7)</sup> As

liberalis/....

- 
- 1) State of the Cape in 1822, 166. Vir die rol van die teater sien F.C.L. Bosman: Drama en Toneel in S.A., 343 - 356.
  - 2) De Zuid-Afrikaan, 3 Aug. 1841.
  - 3) De Versamelaar, 16 Mei 1843.
  - 4) S.A. Commercial Advertiser, 3 Aug. 1836.
  - 5) Bosman A.W. 353.
  - 6) N.Z.A.T. 1825. 304 - 309.
  - 7) N.Z.A.T. 1833. 444 (nachschrift).

liberalis was hy nie teen die beginsel van die toneel nie, maar teen die praktiese uitwerking daarvan. Ds. G.W.A. van der Lingen rapporteer aan die Ring dat enige lede van die gemeentes Stellenbosch en Paarl 'n „ellendige komedie" opgevoer het, maar is na 'n paar opvoeringe gestaak, omdat ernstige siele skade vir goeie sedes gevrees het.<sup>1)</sup>

Maar het die kerk as geheel, het die kansel van hierdie verskynsels kennis geneem en daarvan getuig ten goede of ten kwade?

'n Redevoering verskyn in die Z.A. Tydschrift van 1838<sup>2)</sup> oor die teks Heb. 12 v. 16, 17 waar Esau sy eersgeboortereg verkoop het, en bestempel „het dansvermaak, kosbare verlustiging, spel, schouwburg, pracht in meubelen ten koste van noodige werkzaamheid, het welsyn van kinderen en huisgesin" as gelykstaande met die handelwyse van Esau.

Ds. C. Fleck val terloops die toneel aan in een van sy preke,<sup>3)</sup> wanneer hy uitroep: „Weg dan met alle ydele vertooningen van minnehandel; met fraai opgetooide romans; met alle roerende liefde of driftopwekkende toneelstukken". Hy sê dit is gif vir beide geslagte „aanstekende smertstofe van eene krankheid, welke den dood kan aanbrengen".

Dr. W. Robertson keur die danssaal,<sup>4)</sup> Kaarttafel en skouburg in sy leerrede oor „de ware christen" af. Ds. R. Shand wat 'n meer as een opsig 'n reaksionêre persoonlikheid was, het hierdie euwels raakgesien. „Het soo gretig najagen en bedryven van allerlei soogenaamde onschuldige doch zielverwoestende vermaken", sê hy, „en welke men ongestoord en met volle teugen geniet op de renbaan (op sijn Engelsch gezegd „races"), in de danskamer, in het komediehuis, meermaal ook by huwelyksvieringen ... sijn<sup>5)</sup> regelregt in stryd met Gods instelling en gebod".

Dit/....

- 
- 1) Staat van die godsdiens, 1849.
  - 2) N.Z.A.T. 1838. 95
  - 3) Leerredenen over verschillende onderwerpen (1821), 278.
  - 4) N.Z.A.T. 1842, 327.
  - 5) Twaalf Freeken, De vryheid van den geloovige, 34.

Dit is al wat ek kan vind wat in die prediking handel oor dans, die skouburg, perderesies en andere nuwere verskynsels. Selfs die talle anonieme leerredes wat in die Z.A. Tydschrift en De Honigby in die periode verskyn, maak daar nie melding van nie. Dit is vir my duidelik dat die verkondiging in die oorgangsjare 1825 - 1860 nie genoeg aktualiteit besit het, nie genoegsaam rekening gehou het met die tydgeses nie. Die kerk moet in sy evangelieverkondiging rekening hou met die tyd waarin dit leef en rekenskap gee van die vrae, wat die tyd aan hom stel. As die prediking dit nie doen nie, verloor hy kontakte en doen aan die Woord geen reg nie. Die Woord van God staan wel bo die tyd, maar is juis Gods openbaring in die volle konkrete lewe van die tyd.

#### Verandering in die godsdiens nodig.

Uit wat voorafgegaan het, kan ons aflei dat daar iets in die kerk teen die middel van die neëntiende eeu gehaper het. Dit tref ons dat 'n honderd jaar terug daar 'n verstening van die kerklike lewe was en dat nou dieselfde verskynsel hom weer voordoet. Alle vorme van die kerklike roetine was aanwesig, maar die nodige lewenskrag en vitaliteit het ontbreek.

Die toestand in die hoofgemeente was byna 'n voorbeeld van wat in die res van die kerk gebeur het. Die jare 1850 - 1860 was vir Kaapstad 'n tydvak van agteruitgang: bywoning van die eredienste het afgeneem, die aantal lidmate het weggeslink,<sup>1)</sup> die finansies het verswak, huisbesoek is nie gedoen nie. Ds. (later prof.) N.J. Hofmeyr prekende oor die sending sê aan hulle: „Gemeente van Kaapstad! voor God en mensch moet gÿ erkennen, dat gÿ tot nu toe maar al te traag en nalatig sÿt geweest....<sup>2)</sup> ontwaak dan, gÿ, die slaapt“.

Wanneer/.....

---

1) Notule v.d. kerkraad, 12 April 1853.

2) Uw koningryk kome! Toespraak gehouden door N.J. Hofmeyr predikant der Geref. Kerk aan Hantam by geleentheid van het biduur in de Grootte kerk in de Kaapstad op Maandag-avond den Aug. 1851 (Kaapstad N.H. Marais, Langestraat 1851), 18.

Wanneer ons kom by die kerk as geheel, dan skryf V.D.L. (ds. G.W.A. v.d. Lingen?) dat die lidmate eerbied het vir die erediens en opofferinge daarvoor maak, maar die kerk is in 'n doodslaap en daar heers 'n selftevredeheid wat onheilspellend is. <sup>1)</sup> Die redaksie van De Gereformeerde Kerkboe vra in 1858: hoe is dit met die kerk gesteld? Is hy wakker of slaap hy? Maak hy die wêreldlinge onrustig of is hy self gerus geword, predikende vrede, vrede, en geen gevaar? Bestraf hy die wêreld deur woord en daad, of doen hy die ergenis van die Kruis weg om met die wêreld 'n bedrieglike verbond te sluit? Die redaksie antwoord die vrae self en wel in die negatief; 'n mens hoor selde van bekeringe, want die menigte is tevrede met die erflike godsdiens van die land. <sup>2)</sup>

Van prof. Hofmeyr se jeugtyd word gesê dat die mense selde geesdriftig oor die godsdienstige geword het. Hulle was geheg aan die kerk, woon die dienste by, hou huisgodsdiens met die slawe, maar veel dieper as die oppervlakte gaan dit nie. Dit lyk of hulle die godsdiens nie te „warm” wil opvat nie. <sup>3)</sup>

Die kansel is gewoonlik die klankbodem van wat in die kerk plaasvind. Die prediking het dieselfde tekens van slapheid en doodsheid vertoon. Die kanselarbeid in Kaapstad was, uitgesonder die van ds. A. Faure, nie innig nie. Wel stel hulle die weg van saligheid regsinnig voor, maar daar was in die leerredene 'n gemis aan ernstige opwekking tot bekering en geloofsoorgawe. Die redevoeringe was baie statig. <sup>4)</sup>

Iemand skryf dat as aan die leraar gevra word of sorgeloses tot verandering van hart en lewe in die laaste tyd gekom het; of hy weet van diegene wat onder 'n ernstige preek of by die nagmaal so ver gekom het om te getuig: ek was blind, maar nou sien ek - dan kry ons waarskynlik die antwoord: „so iets gebeur by ons byna nooit nie”. Dit lyk of hulle meen dat geloof, wedergeboorte en bekering sake is waaroor gepreek moet word, maar wat nie noodwendig verkrygbaar is nie. <sup>5)</sup>

Ds./.....

- 
1. K. B. 1849. 3
  2. K.B. 1858. 389
  3. J.D. Kestell: Het leven van Prof. N.J. Hofmeyr, 5.
  4. Idem, 10.
  5. K.B. 1855. 22

Ds. J.R. Albertyn, Snr., se herinnering van die verkondiging van sy jeugjare was ook nie te gunstig nie. Dit het nooit op sy gemoed of lewe 'n gunstige invloed gehad nie. Hy tipeer dit as „wetprediking“, d.w.s. daar was erns en nogmaals erns, daar was 'n probeer, 'n strewer, 'n worstel, maar die vroom gemoed het selde tot die aanname van Christus en die blymoedige versekering van die saligheid gekom.<sup>1)</sup>

Welligwaar was daar evangeliese manne soos W. Robertson, A. Faure en G.W.A. van der Lingen, wat harteliker dienste gehou het, maar selfs sommige Skotte wat in teorie die evangeliese rigting voorgestaan het, was in werklikheid vormlik en droog.<sup>2)</sup>

'n Korrespondent van De Volkvriend<sup>3)</sup> sien graag dat predikante in alle eenvoud die woord van God verkondig. Daar is in sommige preke geen boodskap vir die sondaar nie. Vir die prediker is daar meer bekommernis om „het er goed af te brengen“ dan om siele vir die koninkryk te wen. Hulle geleerdheid staan in hul pad. Ander leraars durf weer nie 'n beroep op die gewete van die hoorders maak nie.

'n Mens sou vra wat dan die oorsaak was van hierdie algemene verslapping! Ek wil alleen een noem, die suurdesem van die Supra-naturalisme, wat al was dit nie so omvangryk nie, tog die kerklike lewe algaande gerysmier het. Die predikers was meesal in aanraking met proff. Rooyards, Vinke en Bouwman in Utrecht en is deur hulle onderrig sommige meer ander minder, gekleur geword. Verder was van der Palm<sup>4)</sup> die modelprediker van baie. Die Suid-Afrikaanse predikers het merendeel nie volbloed supra-naturaliste geword nie, maar hy het tog sy dorre adem oor hulle geblaas.

Hou/.....

- 
1. J.R. Albertyn: Leven en preken van ds. J.R. Albertyn, 30 -33.
  2. b.v. Henry Sutherland, vgl. J. du Plessis: Het Leven van Andrew Murray, 194, 196, 210.
  3. 23 Aug. 1862.
  4. Elpis 1875. 1

Nou het daar 'n intense verlange na veranderinge en vernuwing gekom. By die deurlees van die godsdiensverslae kom 'n mens onder die indruk daarvan. Da. G.W.A. van der Lingen het gevoel dat as toestande nie van binne regkom, as die Gees nie oor die kerk vaardig word nie, dan sal die uitwendige ook nie verbeter nie. Hy soek nie na wêreldse beskawing en verligting om die kerk te verander nie. <sup>1)</sup> Saam met hom was daar honderde ander wat 'n nuwe belevenis van die ou waarhede verlang het.

Aan die anderkant het daar 'n groep predikers in die kerk opgekom wat die verbetering langs 'n ander weg gesoek het. Die liberales wou die ou waarhede verruil vir nuwes en die boodskap in 'n meer moderne kleding bring. Dit is die wêreldse beskawing en verligting, waarvan die Paarlse leraar gewag gemaak het.

Voordat die waters van die Sambesi oor die magtige Victoria-valle verdwyn, vloei dit eers gelyk en stil op die oppervlakte. Die stroom van die kerklike lewe het in die jare 1825 - 1860 breed en vlak geloop maar moes daarna tussen die scylla van die herlewing (of Metodisme) en die Charybdis van die Liberalisme deurseil. Vir die eerste keer miskien is daar werklik gevra: waarheen nou? Die kerklike prediking het op 'n viersprong gestaan. Quo vadis?

---

1) Staat van die godsdiens 1858, R. 1. 9. 51, K.K.A.

Dr. Abraham Faure.

Biografiese Besonderhede.

Vir 'n halwe eeu het hierdie prediker in die aktiewe diens van sy kerk gestaan en gehelp om geskiedenis vir die N.G. kerk te maak. William Porter noem hom „a man of great weight and influence among his brethren of the Dutch Reformed Church”. <sup>1)</sup> F. Lion Cachet bevestig hierdie opinie met die woorde „de invloedrykste man in de kerk” en sê dat hy in die Sinode van 1862 bekend staan as „Vader Faure”. <sup>2)</sup> „Juvenis” noem hom telkens na sy heenvaart „onse Faure”. <sup>3)</sup>

Abraham Faure spruit uit 'n Hugenotegeslag, wat via Holland aan die begin van die agtiende eeu na Suid-Afrika verhuis het. <sup>4)</sup> Sy vader, Jacobus Christiaan Faure, was ouderling en landdros van Stellenbosch, 'n gesiene man. Van die sewe seuns wou drie predikant word, Abraham, Philip Eduard en Hendrik Emanuel, maar laasgenoemde het tydens sy studietyd in Utrecht gesterwe.

Abraham, gebore 29 Augustus 1795, het sy eerste skoolopleiding onder dominie Knoop op Stellenbosch ontvang. Ds. Meent Borchers het in sy ontwikkeling belanggestel en hom sy „jonge Timotheus” genoem. <sup>5)</sup> Faure self getuig by die begrafnis van Borchers van die welwillende vriend en wegwysers van sy jeug. <sup>6)</sup> Op sestienjarige leeftyd kom hy onder diepe indrukke van 'n gehore preek en besluit om self die evangelie aan sy medemens eendag te bring. <sup>7)</sup> Hy het veral gedink aan die nood van die heidendon. Sy verdere opleiding was in Kaapstad aan die Latynse skole van rektor Kleyn en dr. Halloran.

Toe hy hoor van die oplewing van die Christelike godsdiensgevoel in dele van Wes-Europa in verband met die sending, wou hy daarmee kennismaak en vertrek vir twee jaar na Gosport. Dr. David Bogue, draer van die nuut-ontwaakte sendinggees, het in 1780 'n opleidingskool te Gosport, geleë teenoor Portsmouth op die/.....

- 
1. Speeches, 217.
  2. Vyftien jaren in Zuid-Afrika, 175.
  3. Abraham Faure - ter gedagtenis, K.B. 1875, 120, 121.
  4. D.P. Faure: My Life and Times, 2.
  5. Idem, 3.
  6. N.Z.A.T. 1832. 138
  7. Begrafenisrede deur W. Robertson, K.B. 1875. 101.

die kus van die inham, gestig vir die vorming van sendelinge vir nou-konformistiese genootskappe. Veral het die Londense Sendinggenootskap hiervan gebruik gemaak. <sup>1)</sup> Bogus het in meer as een opsig grondleggende invloed op Faure gehad. As stigter van die opleidingskool het hy die Afrikaner besiel om 'n eie teologiese seminarie te begin. Bogus het groot waarde geheg aan godsdiens-tige traktate en self baie geskryf, elk met sy duidelike puritein-se stempel. Hy het die Brits- en Buitelandse Bybelgenootskap en die Godsdienstige Traktaatgenootskap help stig, inrigtings waar-voor Abraham Faure hom ook in Suid-Afrika beywer het. Faure het ook van hom sy sistematiek en organisasietalent aangeleer, wat hom goed te staan gekom het met sy bybelverspreiding, kweekskoolplan-ne en godsdiensonderwys. <sup>2)</sup>

In Gosport het hy diep gedrink aan die bronne van die cal-vinistiese teologie van die puriteine, wat aan 'n streng behou-dende opleiding geglo het. Hy het kennis gemaak met die werke van Jonathan Edwards, <sup>3)</sup> die man wat met sy kragtige prediking 'n verandering wou teweegbring na die stadige agteruitgang van die Calvinisme en veral van die Puritanisme vroeg in die agtiende eeu. <sup>4)</sup> Daarna is Abraham Faure na Utrecht vir een jaar om aan die voete van Heringa, Rooyaards en van Oordt te sit, manne wat die rasioneel - supra naturalistiese rigting toegedaan was. Dit is beweer dat Faure hul voetstappe gevolg en in dieselfde gees gewerk het. <sup>5)</sup> Dit is waar dat hy hulle voortdurend sy vriende noem en van hul preke in sy tydskrifte plaas; dat die eerste nummer van die Z.A. Tydschrift tekens van die Supra-naturalisme toon. <sup>6)</sup> Die eenjarige verblyf in Holland was egter te kort om die diep spore van die Gosportse studie uit te wis, al het dit daartoe meegewerk om hom van sekere afwykinge wat by hom was as gevolg van sy aanraking met Edwards, te genees. Die provinsiale bestuur/.....

- 
1. The National Biography (uitgegee deur L. Stephen en S. Lee 1908) I : David Bogus deur eerw. A.B. Grossart.
  2. H.A. Heyns: Die Kerklike Werkzaamhede van Abraham Faure (M.A. - skripsie, Universiteit van Stellenbosch 1946, ongepubliseer), 7.
  3. K.B. 1875. 118
  4. Heyns a.w. 8.
  5. J.D. du Toit e.a. De Geschiedenis van de Christelyke kerk 311
  6. vgl. Een verstandige en oprechte godsdiensstoefening het beste sieraad van den mensch, N.Z.A.T. 1824. 8.

bestuur van Utrecht laat hom in 20 Aug. 1817 tot die evangeliebediening toe.

Tien maande daarna is hy terug in sy vaderland, waar hy in die gemeente, Graaff Reinet, geplaas word. Sy eerste preek het Joh. 1 v. 29 verhandel, wat later in die lig gegee is. Dit was een van die moeilikste paragieë daar ver in die Oos-Kaapland, getref deur politieke oproere en kafferoerloe, maar die jonge dominee het vertroue ingeboesen. Hy het uitgebreide huisbesoek verrig en op voetspoor van Bogue probeer om leelus van die verspreide mense aan te wakker. Hy gebruik die drukpers van die dorp om eenvoudige preke en ander godsdienstige geskrifte te laat druk en onder die lidmate te sirkuleer. <sup>1)</sup> Diegene wat die kerk weens die afstande nie kan besoek nie, het Sondae 'n gedrukte preek van hom voor hulle oë gehad. Hy het verder baie tyd aan die sending gewy, want hierdie belangstelling het hom gedurig bygebly. Hy ontvang 'n aanbod om die Engelse setlaars van Grahamstad te bearbei, maar wys dit van die hand.

Sonder dat hy daarin geken is, of kennis daarvan ontvang, word hy in 1822 verplaas na Kaapstad, waar sy lewensarbeid verrig moes word. Hier het hy hom onderskei deur 'n loopbaan van ywerige, selfverloënde werksaamheid vir sy gemeente, vir sy land en volk, vir die kerk van Suid-Afrika, ja vir die ganse kerk van Christus op aarde. As predikant van die hoofgemeente roep hy die kerk op tot die eerste sinode van 1824 en word tydens die reses scribe tot 1837 toe. Na ds. J.C. Berrange's is hy gekies tot actuaris in 1827, 'n pos wat hy veertig jaar beklee het. Al die aankomende dominees moes in daardie tyd by hom legitimeer word. Verder was hy argivaris en questor van die predikant weduweefonds. <sup>2)</sup> Vir baie lank was hy voorsitter van die Evangeliese Verbond. <sup>3)</sup>

Sy literariese arbeid was omvattend. Na sy aankoms in die hoofstad begin hy met die uitgee van Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift. Saam met Thomas Pringle het hy gestry vir die vryheid van die pers, dog waar Pringle se South African Journal/.....

- 
1. Moorrees a.w. 504.
  2. K.B. 1875. 119
  3. K.B. 1858. 106 - 112, 1859. 267.

Journal met twee uitgawes beleef, het sy letterkundige produk 20 jaar lank volgehou. Voor die staking hiervan het Faure in 1838 'n tweede tydskrif, De Honigby, in die lewe geroep. Toe hy vir twee jaar weens 'n keelkwaal nie sy preekdiens kon verrig nie, het hy hom net soos die heuningby altyd bedrywig, met hierdie nuttige maandwerk onledig gehou. Die man se werkkrag was, ten spyte van sy swak gestel, fenomenaal. Hy kon alles baasraak alleen omdat hy 'n sistematiese werker was. De Honigby is in 1849 vervang deur De Gereformeerde Kerkbode waarvan hy vir die eerste 20 jaar die bekwame redakteur was. Verder het hy 'n uitgebreide korrespondensie gehou met mense oor die wêreld, terwyl sy briewe steeds sorgvuldig en netjies opgestel was.

Abraham Faure het geglo aan die mag van die geskrewe woord. Om geestelike kennis verder te verbrei, stig hy in 1853 De Zuid-Afrikaanse Christelyke Boekvereniging. Hy vind baie huise waar, behalwe die Bybel, net 'n gebede- en predikasieboek nog aangetref word en dan is laasgenoemde dikwels weinig geskik om verstaan te word. Hy belowe om die werke van Kist, Egeling, van der Roest, van Alphen, Krummacher en van Oostersee te sirkuleer,<sup>1)</sup> maar sy puriteinse inslag verrai hom, wanneer hy<sup>2)</sup> liefs vertalings maak van Engelse skrywers en dié uitgee. Hy skryf ook 'n troosboekie vir siekes<sup>3)</sup> vir die traktaatgenootskap. 'n Dagboek wat getrou gehou is, is 'n paar uur voor sy dood op eie versoek vernietig.

Behalwe sy letterkundige prestasies het dr. Faure 'n lewendige aandeel gehad aan die opvoedkundige ontwikkeling van sy tyd. Hy was een van die oprigters van Tot Nut van 't Algemeen en van die ou Suid-Afrikaanse Athenaeum, waar hy vir drie jaar selfs onderwys in die klassieke tale gegee het.<sup>4)</sup> Vir die dagskoolonderwys bewys hy groot dienste deur 'n kerkskool op die been te bring.<sup>5)</sup> Sy naam sal verder altyd met gulde letters geskrywe/....

- 
1. K.B. 1853. 225.
  2. vgl. Wm. Arthur: De Vuurtong of de ware kracht des Christendoms, P. Doddridge: Oorsprong en voortgang van ware godsdienstigheid, ens.
  3. Bybelsch Leesboek voor zieken, aanbevolen door A. Faure, predikant in de Kaapstad (Kaapstad 1844)
  4. N.Z.A.T. 1830. 398.
  5. K.B. 1861. 314.

geskrywe word as die baanbreker op die Sondagskoolterrein. Op Pinksterdag, 26 Mei 1844, maak hy 125 leerlinge in die konsistorie bymekaar vir 'n Sondagskool. <sup>1)</sup> Vir twaalf jaar het die beweging tot Kaapstad beperk gebly. Hy het nie iets nuuts begin nie, want die kategese was so oud soos die kerk in die volkplanting, maar hierdie nuwe stelsel van Robert Raikes het bykomende krag by die ou instelling geplaas. <sup>2)</sup>

Hy word tereg as die vader van die Stellenbosse seminarie beskou. Op die eerste Sinode is 'n kommissie gekies om 'n ontwerp vir die oprigting van 'n eie kweekskool te maak, waarvan ds. A. Faure die saamroeper was. Die drangredes deur hom aangevoer en gereeld bepleit, was: 1) die swaar onkoste verbind aan 'n oorsese opleiding; 2) ons studente sou vir die Liberalisme gespaar wees; 3) die tekort aan predikante mag verhelp word; 4) die sending sou deur 'n eie inrigting gedien word; 5) die Kaapse kerk moet selfstandig wees. <sup>3)</sup> In hierdie laaste verband skryf hy „De banden sijn gebroken, en de zonen krygen van de moeder geene ondersteuning meer. En soude wy eene stiefmoeder aannemen en erkennen, daar wy ons selven kunnen helpen?“ <sup>4)</sup> Dit toon ons weer hoe vroeg reeds die drang tot selfstandigheid in die kerk bespeur word.

Dr. Robertson roem in die genoemde lykrede Faure se „public spirit“. Hy wou almal dien en het in woorde van die Skrif „vir almal alles geword“. So staan hy die kerkgebou aan die Vrymesselaars af, mits hulle nie onchristelike seremonies daar uitvoer of die stoele van die vrouens verskuiwe nie. <sup>5)</sup> Hy gee die kerkgebou vir die biskop van Calcutta om sy lidmate en predikante daar te bevestig vir die Church of India, en vra voorbidding vir die saak. <sup>6)</sup> Op die ringsitting stel hy voor dat die Lutherane tot die nagmaal toegelaat word. <sup>7)</sup> Met die opening van so'n toleransie-gees vervul Faure amper die rol van 'n supra-naturalis.

'n Mens/.....

- 
1. Bylae tot die kerkraadsnotule, 1 Jan. 1844.
  2. E. Greyling: Godsdiensonderwys in die kerk, 25.
  3. Gedenkboek van die Teol. Seminarie, Driekwart Eeufees, 11-13.
  4. N.Z.A.T. 1824. 137.
  5. Notule v.d. kerkraad, 5 Jan. 1829.
  6. Idem, 1 Sept. 1830.
  7. Notules van die eerste Ring, 25 Apr. 1827, Rl. 1. 135, K.K.A.

'n Mens wonder egter waarom hy nie so ruim teenoor die Voortrekkers gevoel het nie. Hoe hy hulle strewe gladnie waardeer het nie en hulle selfs teengestaan het, is in 'n vorige hoofstuk reeds beskrywe. <sup>1)</sup> Faure was wat dit betref heeltemal Brits geïntereerd. Ons weet dat hy ten gunste van die invoering van Engelse dienste in die kerk was. Die feit dat hy in Engeland studeer het en met 'n Engelse dame, Isabella Caldwell, getroud was, het seker 'n woord meegesprek.

Hy was altyd vriendelik en hulpvaardig teenoor besoekers van elders. Die buiteland het hom dan ook vereer deurdat die Rutgers College van Amerika hom 'n eregraad doctor divinitatis in 1862 toegereik het. <sup>2)</sup>

#### Sy prediking in die Gestig.

Die Groote kerk het gaandeweg te klein geword om al die aanbidders te bevat, sodat sommige dikwels teleurgesteld moes omdraai. Ds. A. Faure stel op 6 Julie 1829 voor dat die regering gevra word om 'n tweede gebou daar te stel. Die goeweneur gee sy toestemming daartoe en skenk hulle die Kuipersplein tussen Bree- en Buitengrachtstrate.

Op 18 April 1833 word die hoeksteen gelê en hou ds. Faure „met een luide en alom hoorbare stem" 'n „uitsluitende aanspraak in de Hollandsche taal". Na 'n kort welkoms-groet, preek hy as volg: „Op dit verheven gedeelte der stad staande, weid het oog sich over dese vallei, geen twee eeuwen geleden nog maar een woeste plaats waar het roofgedierte ongestoord rond dwaalde, en slangen en adders hunne woningen hadden, en nu aanschouwt men vruchtbare akkers, geurige boom- en wÿngaarden, en onwillekeurig verbeeld men sich, in eenige opzigten het profetisch gezegde vervuld te sien: de wildernis verheugt sich, de dorre plaatsen sÿn vrolyk, want de heerlykheid van den Libanon is deselve gegeven .....". Hy kon met sulke geleenthede skitter; veral sy taal het die oor gestreel.

Die bede van die feesredenaar: „Geen Bislam noch Mithredath, geen Tabeël, Rehum of Simsai store u in uwen arbeid, met soveel hartelykheid begonnen. Vrede, eendragt, eensgesindheid/.....

1. Sien p. 383.

2. Dreyer: Die drie doctores Faure, Jaarboek van die N.G. Kerk, 1929, 42.

heid wonen, en heerschen onder u" <sup>1)</sup> is helaas, nie verwesenlik nie. Omdat daar twyfel was of die fundamente sterk genoeg is, is die werk na enige maande gestaak. Intussen het die ou kerkgebou so bouvallig geword, dat besluit word om sy deure te sluit en om Sondag twee eredienste in die Lutherse kerk te hou nadat hul dienste afgeloop is. Enige ontevrede lede versoek om 'n diens in die Sendinggestig in die Langestraat, want die Lutherse kerk kon nie al die N.G. lidmate huisves nie. Met ds. Faure is hiertoe egter bereid, want di. Spyker en von Manger vind „onvoldoende redenen" om te weier. <sup>2)</sup>

Toevallig was dit Faure se vrye preekbeurt die eerste Sondag daarna en hy gaan voor die diens in die Lutherse kerk 'n godsdiens oefening in die Gestig hou sonder toestemming van die kerkraad vir omtrent 1,000 mense. Ten spyte van teenstand van sy twee kollegas gaan hy voort om elke derde Sondag vir ongeveer 'n duisend toehoorders daar te preek. Die kerkraad erken dit nie, maar honderde verbly hulle daarin. Hy en die Hollander, Spyker, bots dikwels, want albei is ewe koppig. In 'n woorde-wisseling verklaar ds. Faure dat hy die saak beskou as 'n private diens deur hom gehou, waarvoor goedkeuring van die kerkraad nie nodig is nie. <sup>3)</sup> Die gemeente is nou verdeel in 'n Spykerparty en Faureparty. <sup>4)</sup>

Die kwessie dien nou voor die Ring, maar daar word net kennis geneem van die klag van Spyker teen sy ampsbroer. Die kerkraad weier om die bouwerk van die Nieuwe kerk te hervat en breek daarby die ou gebou tot op die grond toe af. Die volgende Ring (1837) vind dit nodig om die kerkraad tydelik onder sensuur te plaas. Dit was o.a. die aanleiding tot die hou van die vyfde Sinode, waar ds. Faure 'n skitterende oorwinning behaal. Die Sinode besluit met 'n groot meerderheid van stemme dat hy „door het prediken in het Z.A. Gesticht in voldoening aan den wensch van/.....

- 
1. Correspondentie tussen den Eerw. Kerkraad der N.H. Gemeente in de Kaapstad en een aantal leden derselve, 80; N.Z.A.T. 1833. 155.
  2. Moorrees: Die Nederduitse Gereformeerde kerk in S.A., 63.
  3. Notule v.d. kerkraad, 15 Sept. 1836.
  4. Heyns a.w. 67.

van vele leden s̄nen gemeente onder de bestaande omstandigheden, allessins loffelyk en overeenkomstig de uitspraken der H. Schrift als een getrouw Evangeliedienaar gehandeld heeft".<sup>1)</sup>

Die Nieuwe kerk waarvoor hy soveel geywer het, kon op 27 Oktober 1847 ingewy word.<sup>2)</sup> Sy geesdrif om die openbare godsdiens te bevorder, word uit bogenoemde onverkwiklike stryd duidelik gesien. Toe hy na Kaapstad verplaas is, was daar 3 leraars aan die hoofplaas met net twee gereelde preekteurte per Sondag. Hulle is nooit van oordrewe preeklustigheid beskuldig nie,<sup>3)</sup> want buitendienste is haas nie gehou nie. Abraham Faure was hierin 'n uitsondering. Ds. Dirk Postma getuig van hom: „De oude Faure is met een woord een man die leeft voor de dienst van God, en terwyl anderen zeggen, dat h̄y s̄ne krachten daarin b̄yna heeft versleten, segt hy nog: ach, wat heb ik voor den Heer gedaan!"<sup>4)</sup>

#### Evangeliese prediking.

Toe Abraham Faure in die Kaapstad as predikant aangekom het, was hy die indrukwekkendste prediker in die kerk, as gevolg van sy imponerende styl en voordrag. Hy het groot moeite gemaak in die voorbereiding van sy predikasies en het verlang dat die maksimum sēn daarop sal rus. Op Graaff Reinet het hy op die buiteplase die gehoor gevra om agter te bly, sodat hy hulle kan katekiseer oor die preek, maar nadat dit geen gunstige uitwerking geniet het nie, het hy die proefneming laat vaar.<sup>5)</sup>

Ons het vroeër daarop gelet hoe geneig dominees is om hul slot aan die ingewing van die moment oor te laat. Nie so Abraham Faure nie: Dit word vertel dat hy een Saterdagavond nog nie die slot van sy preek gehad het nie. Hy het egter die nag oor sy teks gedroom en die volgende m̄re 'n uitstekende slot deur homself geskryf, op sy studeertafel gevind.<sup>6)</sup> Die Here gee dit  
aan/.....

- 
1. Acta Synodi 1837, sessie 28, S. 1. 5. 341, K.K.A.
  2. Op 2 Mei 1844 het hy 'n opwekkingsrede ter bevordering v.d. bouwerk van hierdie kerk gehou, waarvan elf jaar tevore reeds die hoeksteen gelê is. Aan die hand van die geskiedenis van teruggekeerde Israel en hul ywer om 'n Godsgebou op te rig, bestraf hy die gemeente om hul laksheid. Sien rede De Honigby 1844. 154 - 159.
  3. K.B. 1875.
  4. Postma: Geschiedenis der Gereformeerde kerk, 60.
  5. Acta Synodi 1862, sessie 48.
  6. Heyns a.w. 17.

aan sy bemindes in die slaap. Hy het gewoonlik uit sy hoof gepreek en sy aangesig, om beter verstaan te kan word, na die hoeke van die kerk by die ingang gerig. <sup>1)</sup> Doelbewus het hy probeer om met allerlei kunsgrepe sy verkondiging doeltreffend te maak, maar rypere insigte van die gevorderde ouderdom, het hom laat afsien van pogings om te imponeer. <sup>2)</sup>

Oorgetuies het vertel dat sy prediking aan die begin 'n meer streng en ernstige karakter gedra het. Aangevuur deur die puriteinse skrywers en predikers van Engeland het hy probeer om vrees in te boesen vir die regmatige oordeel van God oor die sonde. <sup>3)</sup> Sy neef, D.P. Faure, wat later 'n modernis was, vertel watter uitwerking die aanhoor van Abraham se preke op hom gehad het: „The Rev. A. Faure preached unadulterated calvinism, the blood and hell theology which is no longer heard. His favourite psalm, which he made us sing four Sundays out of six was the 68th, the comforting and inspiring contents of which were to the effect that the Lord would go to battle, would destroy and scatter His enemies..... The sermon ended with terrible threats of hell and eternal damnation, the sufferings of the damned and the various chambers of hell were described in the fullest detail. I often felt sick with terror ..... the miseries I endured after such harangues are indecribable.” Elkeen moes homself afvra of hy 'n uitverkorn<sup>e</sup> is, want alleen hulle kan die kloue van die duiwel <sup>4)</sup> ontduik.

Die skrywer wat hemelsbreed in opvatting van ds. Faure verskil en baie jare later eers geskryf het, het ongetwyfeld oordrywe. Tog is dit waar dat hierdie eienskap by hom in die vroegste tyd aanwesig was en hy het dit nooit heeltemal verloor nie. Die gedagte van 'n komende Regter wat rekenskap eis, bly hom  
steeds/....

- 
1. De Volksvriend, 15 Aug. 1863.
  2. K.B. 1875. 118
  3. Idem.
  4. D.P. Faure: Life and Times, voetnoot p. 21.

steeds by. Met sy intreerede oor Joh. 1 v. 29 sluit hy af met die gedagte dat die Lam van God eendag Regter sal wees: „Dan sal wanhoop u vervoeeren, wanneer g̃y het Lam, dat een soenoffer voor de sonden geworden is, nu als Regter van het heelal verhoogd, u sult hooren toeroepen: Ga weg van my, g̃y die my in den tyd der genade hebt versmaad. Dan sult g̃y kermen, maar niemand sal de tranen van uwe oogen afwieschen.....”<sup>1)</sup>

In 'n preek oor die huisgodsdienst word ook gesê dat die Regter eendag aan die seun sal vra: watter nut het jy uit die godsdienstonderrig getrek? 'n Leerrede oor die hel met al sy ellende kom in die Z.A. Tydschrift<sup>2)</sup> voor en kan van Faure afkomstig wees. Die prediker betoog dat die prediking oor die Goddelike liefde nie altyd die gewenste uitwerking het nie, sodat hy 'n ander middel wil beproef n.l. 'n onderwerp behandel „dat het ontzettendste is, dat onse verbeelding sich immer kan voorstellen, en op het hooren van welks naam alleen sy reeds een kille huivering doet gevoelen”.

Die hoofkenmerk van sy kanselwerk egter was dat dit 'n sterk evangeliese strekking gehad het. Soos vantevore opgemerk, het hy 'n tikkie van die supra-naturalisme van Holland weggehad, soos uit die eerste nommers van sy Tydschrift gestraal het. Hy het die taal van sy tyd oorgeneem en gebruik. In sy preke word die godsdienst graag as deugdelik aangeprys, „Behoorde men se (die kinders) met by elke geleentheid van het schadelijke en schandelijke der ondeugd te oortuigen, en het schoone en beminnelijke der deugd hen voor oogen te houden?”<sup>3)</sup>

In wese was hy die supra-naturele godsdienst egter nie toegedaan nie. Dit kan ons veelvuldig uit sy prediking staaf. Ek dink aan 'n preek in Engels in die Skotse kerk gelewer, waar sy suiwere hamartologie en soteriologie ons bekoor. „Thousands of  
rans/.....

- 
1. N.Z.A.T. 1824. 336.
  2. 1832. 325. Dr. Faure plaas gereeld in elke uitgawe van die N.Z.A.T. en De Honigby 'n leerrede, meesal sonder die naam van die prediker te noem; al is dit dikwels sy letterkundige produk, kan dit nie met sekerheid bepaal word nie.
  3. N.Z.A.T. 1833. 403.

rans ten thousands of rivers of oil, however costly the sacrifice, could not rescue the guilty sons and daughters of Adam, or purchase the pardon of one single transgression. Christ alone has done it. He promised to pay the ransom for man, sinful man. Gethsemane witnessed his groans. Calvary drank his blood; that precious blood, which he shed for the remission of sins: for without the shedding of blood there could be no forgiveness." In 'n pragtige Engels, waaroor hy beskik het, verkondig hy die bloed van Christus as enigste redmiddel vir die sondaar.

Wanneer hy die waarde van die erediens beskryf, noem hy die inhoud van die evangelieverkondiging: ellende van die mens, bekering, geloof, heiligmaking.<sup>2)</sup> Oor hierdie waarhede preek hy innig. Met so wanneer hy die pligte van die leraar in die prediking weergee.<sup>3)</sup>

Sy evangeliese ywer kom egter nie op so'n duidelike manier in sy preke te voorskyn as in die geval van di. van Lier en W. Robertson nie. Hy spreek sy hoorders nie direk aan dwars deur die rede nie, maar wag tot die einde. Sy leerredes gee die indruk van swaar en styf te wees. Hier egter kom weer die persoonlikheid van die predikant te pas. Abraham Faure was 'n innige gelowige, vir wie die redding van siele swaar op die hart gedruk het. Hy sê dat menslike krag en welsprekenheid die sondaar nie kan bekeer nie, maar as ons gedring word deur die liefde van Christus en vuriger en ernstiger in die gebed met die Here om sy seën en die mededeling van sy Gees worstel, wanneer ons ons voorberei vir die kansel, en daarna ewe volhardend en ernstig is in die/.....

- 
1. Salvation offered to all - A sermon preached in the Scottish Church, Cape Town, by Abraham Faure, senior minister of the Dutch Reformed Church, Cape Town. Printed at the special request of the office bearers and congregation (Cape Town 1840).
  2. Leerrede oor Ex. 20 v. 24, N.Z.A.T. 1839. 169.
  3. Leerrede over den pligt en de wedydsache betrekking van Leeraar en gemeente; uitgesproken door den Wel-Eerw. A. Faure, in de Wynberg kerk, op Zondag den 7den December 1834, by gelegenheid van de bevestiging van den Wel-Eerw. P.E. Faure, tot leeraar aldaar (Cassette kantoor, no. 1, Gravestraat, Kaapstad 1835). N.Z.A.T. 1835. 323 v.v.

die binnekamer, dan sal die woord nie tot die oor alleen nie; <sup>1)</sup>  
 maar tot die hart gebring word.

Prof. N.J. Hofmeyr het getuig dat die prediking in Kaapstad destyds baie formeel en statig was, maar dat Faure as uitsondering meer innig gepreek het. <sup>2)</sup> Ds. E. de Beer sê dat A. Faure evangelies gepreek het, meer so as Spyker en Heyns „die het woord voerden naar den trant destyds in Nederland in orthodoxe kringen gangbaar“. <sup>3)</sup> Hy was daarom 'n geliefde leraar, getuige die feit dat hy so'n dankbare gehoor in die Gestig en in die Nieuwe kerk getrek het.

Daarby was hy getrou aan die suiwere Calvinistiese beskouing en het dit in die stryd teen die Liberalisme sterk gehandhaaf. Dr. Robertson sê dat met die aanhoor van sy eerste rede 'n mens kon hoor dat hy 'n regsinnige en getroue verkondiger van die evangelie is. <sup>4)</sup> Toe ds. Dirk Postma hom oor Sondag en van die Heidelbergse Kategismus hoor, skryf hy huistoe dat dit was „met sulk een innig genoeg, als ik immer onder ons kon smaken“. <sup>5)</sup>

#### Geleentheidsprediker.

Omdat hy so'n uitsmuntende redenaar was is hy dikwels versoek om as feesprediker op te tree. Ons het hom reeds ontmoet by die hoeksteenlegging en inwyding van die Nieuwe kerk, by die bevestiging van ds. P.E. Faure, die ingebruikneem van die Wynbergse kerk, die opening van die herstelde hoofkerk in Kaapstad. <sup>6)</sup> Toe hy 25 jaar in diens was, het hy op 7 Aug. 1842 tot teks gekies: „Hulp van God verkregen hebbende, sta ik tot op desen dag toe“ (Hand. 26 v. 22 a). <sup>7)</sup> Hy roem die genade van God in sy lewe, selfs toe hy jonk was en die diens van die wêreld gesoek het. Van die 15 leraars wat hom help inseeën het, was nog net twee oorgebly. Faure was besonder gelukkig met sy tekskeuse op sulke/.....

- 
1. Acta Synodi 1862, sessie 25.
  2. J.D. Kestell: Leven van Prof. N.J. Hofmeyr, 10.
  3. De Vereeniging, 24 Feb. 1910 p.279.
  4. K.B. 1875. 102.
  5. Herman: De Hollandsch - Geref. kerk van Z.A. tegen de sendeling D. Postma, 13.
  6. De Honigby 1841. 33 - 52.
  7. De Honigby 1843. 33 - 47.

sulke geleenthede.

Hy was baie teleurgestel dat so weinig van die oesfees in 1752 gemaak is en pleit by die staat om 6 April 1852 tot 'n openbare feesdag en dag van danksegging uit te roep. Hy trap om die Sinodale kommissie te beweeg om namens die kerk so'n versoek te rig. Daar was 'n besluit 200 jaar tevore geneem om dit elke jaar te vier.<sup>1)</sup> Die Sinode self het nie aan 'n aanbeveling van 1826 in die verband gehoor gegee nie. Behalwe die fees van die kerk het die staat geen vinger verroer om die dag in ere te hou nie. Faure moes aan die Sinodale kommissie meedeel dat die regering die saak „uit geheel ander oogpunt schynt te beskouwen“.

Sy eis feesrede op daardie dag in die Grootte kerk van Kaapstad gehou en in die lig uitgegee, het 'n historiese dokument geword.<sup>2)</sup> As liefhebber van die vaderlandse kerkgeskiedenis het hy allerlei voetnote bygewerk, wat dit 'n ware goudmyn van kerkhistoriese materiaal maak. Trouens, 'n groot deel van daardie geskiedenis het hy self ondervind. So kon hy van die eerste Sinode vertel: „wy vergaderden in het vorige Godshuis voor desen predikstoel. Wy telden toen nog maar dertien gemeenten“. Uit 'n homiletiese oogpunt beskou egter staan die preek nie sterk nie, want dit is in laaste instansie geen Woordverkondigings nie. Dit is wel 'n les in die geskiedenis. Hy het weer 'n mooi teks en noem dit telkens, maar die verdere rede is los van die verband. Waarskynlik het die prediker dit self gevoel want hy noem sy stuk 'n „redevoering“ en geen „preek“ nie.

Dit was soms die leemte in Faure se prediking: hy verhandel 'n onderwerp en nie die skrif so seer nie. Sy leerrede oor „de huisselyke godsdiens“<sup>3)</sup> het tot teks „Ek en my huis,

ons/.....

- 
1. K.B. 1852. 64
  2. Redevoering by het tweede eeuw-feest ter herinnering aan de vestiging der Christelyke kerk in Z.A. gehouden in de Grootte kerk in de Kaapstad op Dingsdag den 6 April 1852 door Abraham Faure (Kaapstad, van de Sandt de Villiers en Tier 1852).
  3. N.Z.A.T. 1833. 399 - 423. 'n Verdere voorbeeld wever het nut het belang en de noodzakelykheid van de waarneming der openbare godsdiens“, De Honigby 1841. 33.

ons sal die Here dien", maar dan word tot in besonderhede uitgewerk wat onder huisgodediens verstaan word en hoe ons dit moet nakom, sonder om ooit weer aan Josua en die verband te dink. In die reël egter probeer hy om die gedagte van die Skrifwoord by die hoorder te laat diep inslaan en om dit te bereik maak hy gebruik van 'n reeks retoriese vrae. Hierdie laaste was baie kenmerkend van Abraham Faure se verkondiging.

Aan die einde van sy intreerede vra hy: „sult gý met stryden om deur de enge poort in te gaan? Wat baat u anders te weten dat Christus het Lam Gods is, en gý soudt op hem niet sien? Wat sal het u baten te weten dat Hy de sonde der wereld wegneemt, en gy soudt in de sonde volharden?"<sup>1)</sup> Sy byna verwyte retoriiese vrae in die Eeufeesrede het daartoe gelei dat die uitwerking groot was.

Al het hy gejuig dat met die totstandkoming van die kweekskool die N.G. kerk meer selfstandigheid verkry en hy self met albei sy voete in die periode van verandering gestaan het, tog het sy prediking nie genoeg daarmee rekening gehou nie. Intuitief het hy gevoel dat daar vereenvoudiging moet intree en het hy sy tydskrif-preke altyd as „eenvoudige leerredenen" bestempel. Ergens sê hy: „wanneer toch de waarheden op geen bevattelyke wyse worden voorgesteld, hoe kan men dan redelyker wýse verwachten, dat nut sal worden gesticht, dat het verstand sal worden onderrigt, of het hart worden geroerd?"<sup>2)</sup> Sy eie leerredes was egter alles behalwe voorbeelde van eenvoud. In die eerste plek was dit veels te lank en dan was die bou daarvan te ingewikkeld. Ons gee hiervan 'n proewe uit Joh. 1 v. 29 b.

#### I. Christus word die Lam van God genoem.

Die verskil tussen die lam en die Lam.

(1) Sy onskuld;

(2) Geduld en sagmoedigheid;

(3) Aan/.....

1. N.Z.A.T. 1824. 335.

2. Leerrede over den pligt, ens., 16.

- (3) Aan vele gevare blootgestel;
- (4) Lam van groot waarde.

Waarom is Hy Lam van God genoem?

- (1) Die wet eis dit;
- (2) Dis die Lam wat God versorg;
- (3) God het die Lam aangeneem.

II. Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

- (1) Deur die dra van die straf van die sonde;
- (2) Want Hy het aan Gods geregtigheid voldaan;
- (3) Hy het vir ons 'n volkome en gedurige vergewing verwerf;
- (4) Vrymaking van die krag van die sonde is verwerf;
- (5) Vernietiging van die bestaan van die sonde is verseker;

III. Christus as Lam van God ons besondere aandag waardig.

Kyk na Hom:

- (1) Met ernstige aandag;
- (2) Met vurige liefde;
- (3) Met warm gevoel van dankbaarheid;
- (4) Met afhanklikheid;
- (5) Deel Hom aan andere.

Toepassing.

Die onderwerp laat ons sien:

- (1) Hoe groot 'n kwaad die sonde is;
- (2) Die oneindige liefde van God;
- (3) Probeer om deel te hê aan die verlossing deur die Lam verwerf;
- (4) Hier is troos vir die Christen.

Dr. Stephanus Petrus Heyns.Biografiese Besonderhede.

Die Supra-naturalisme in die Kaapse kerk was nie tot die eerste kwartaal van die neëntiende eeu beperk nie, maar het sy lote tot diep in die oorgangsperiode uitgesteek. Dr. S.P. Heyns is hiervan 'n voorbeeld. Gekweek in die homiletiese atmosfeer van Leiden het hy onder die invloed van die hoogleraars J. Clarisse en J.H. van der Palm gekom wat die supra-naturele godsdiens toegedaan was. Hy dra b.v. sy dissertasie aan viro celeberrimo Joanni Clarisse op. Hulle preke het ook op die rakke van die Afrikaanse dominees gestaan en het in die tydskrifte van Suid-Afrika verskyn. <sup>1)</sup> Ds. E. de Beer vertel b.v. met welke groot ingenomenheid hy as dertienjarige seun die leerredes van van der Palm gelees het. Later het hy met aandoening sy standbeeld in Leiden aangestaar. Die invloed van hierdie professore op die student sou natuurlik groter wees namate die kontak in Holland intiemer was. Heyns was veel aan hulle verskuldig.

Stephanus Petrus Heyns, op 15 Julie 1810 te Kaapstad gebore, was die kleinseun van Joseph Heyns wat aan die einde van die agtiende eeu van Weytsburg in Duitsland na Suid-Afrika gekom het en getroud was met Rosina Arendse, weduwee van Roelof Andriessse. <sup>3)</sup> Sy ouers is vroeg reeds dood sodat hy toevertrou is aan die grootvader van moederskant, S.P. Jordaan, van die Paarl. Hy was 'n leerling van die bekende pedagoog, Mnr. Horn en het in sy voorbereiding verder groot hulp van ds. T.J. Herold ontvang. By die dood van sy oupa het Stephanus 'n aansienlike erfposisie/....

- 
1. Leerredes van J. Clarisse kom voor in N.Z.A.T. 1837. 334, 401; 1838. 3, 83, 164, 243, 323, 403; 1839. 3, 83, 163; van van der Palm in N.Z.A.T. 1835. 346; 1840. 3, 163; 1841. 1; 1842. 83.
  2. E. de Beer oor ds. J.F. Berrangé, De Vereeniging 1908. 393.
  3. Informasie uit Eerw. A. Dreyer se plakboek, K.K.A.

eriporsie toegekomp wat hy benut het om verder te studeer.

In 1827 vertrek hy na Europa om hom by die universiteit van Leiden te laat inskrywe.<sup>1)</sup> Sy vlugheid van gees en talente het spoedig die aandag van Clarisse en van der Palm getrek. Hy verwerf twee goue medaljes vir die beste verhandelinge oor voorgeskrewe onderwerpe, een op Leiden en die ander op Groningen. Hy promoveer in 1835 op 'n proefskrif oor Gregorius van Nissa<sup>2)</sup> wat blyke gee van die jonge Kapenaar se wetenskaplike insig en vaardigheid, wat deur almal bewonder is.

As aanhangsel in die geskrif is 'n gedig opgeneem van J.J. de Gelder: „aan mynen vriend S.P. Heyns, by syne bevordering tot doktor in de Godgeleerdheid“, waarin o.a. die volgende vers voorkom:

„Ga na't oord, waar de asch bleef rusten  
 U soo dierbaar, u soo waard;  
 Schenk den vaderlandschen kusten  
 Al den schat door u vergaard.  
 Daar moge u't geluk verbeiden,  
 Daar loone u de vlyt met eer.“

Die jonge doktor keer in 1836 terug na sy geboorteland en preek daar vir die eerste keer in die Lutherse kerk van Kaapstad, terwyl die Ned. Geref. kerkgebou onder reparasie was. Hy neem tot teks Rom. 12 v. 12: „Verblydt u in den hoop“ en lewer 'n preek wat sowel wat inhoud as voordrag betref, hoog geroem word. Hy verleen preekhulp in Kaapstad van tyd tot tyd totdat hy op 21 April 1837 deur die goeweneur as tydelike leraar van die hoofgemeente gedurende die siekte van dr. A. Faure aangestel is. Toe dr. J.H. von Manger in 1839 aftree, het hy sy plek as derde leraar ingeneem, saam met dr. A. Faure en J. Spyker. Dit was sy eerste en enigste gemeente, wat hy vir agt en dertig jaar getrou gedien/.....

1. Stud. Alb. Kol. 1275.

2. Disputatio Historico - Theologica de Gregorio Nysseno: scripta Dr. S.P. Heyns (Iugduni Batavorum apud J.C. Cyfeer MDCCCXXXV)

gedien het. Sy intreerede verhandel 2 Kor. 12 v. 9: „Mynne genade is u genoeg“. In die verloop van jare het hy tweede predikant en later eerste predikant van die gemeente geword.

Sy geleerdheid het hom bekwaam om as hoogleraar in Nederlands en Hebreeus in die S.A. Athenaeum op te tree. Iemand wie te vertel dat hy daartoe genoop was om sy talryke kroos te kan onderhou.<sup>2)</sup> 'n Ander weerspreek 'n beswaar dat dr. Heyns te veel tyd aan die leese wy en sê dat hy nooit onwillig is om huisbesoek te doen wanneer hy daartoe versoek is nie.<sup>3)</sup> Hy het met getrouheid sy ampwerk verrig. Vir die opvoeding en onderwys het hy steeds geywer en het die liefdevolle agting van sy studente en die eerbied van sy mede-professore verwerf. Waardevolle dienste het hy verder bewys as eksaminator van die admissie-eksamen vir die kweekskool, as scriba van die Sendingkommissie,<sup>4)</sup> aan die Evangeliese Alliansie en die S.A. Bybelvereniging.

In Sept. 1873 het hy siek geword en is 'n paar maande daarna oorlede. Die regsgeleerde van Drakenstein, de Boer Masier, sing van sy uitvaart as volg:

„Hy is niet meer .... Een vriend is ons ontnomen!  
 Den kring ontruikt, waarin hÿ werken mogt.  
 Vloeit tranen! vloeit by 't dierbaar stof des vromen.  
 Hy is niet meer! die steeds uw welsÿn socht.  
 Hy is niet meer, Och! dat wy nooit vergeten  
 Al wat hy sprak tot heil van onse zielen:  
 Van eeuw'ge vreugd, by de aard niet af te meten.  
 Van 't salig sÿn, van 't juichend welkom heeten,  
 Van al wat hem niet reeds ten deele viel“.<sup>5)</sup>

As/.....

- 
1. A. Dreyer: De gemeente Kaapstad, De Gereformeerde Maandblad 1906. 194.
  2. De Zuid-Afrikaan, 17 Aug. 1845.
  3. De Zuid-Afrikaan, 3 Nov. 1856.
  4. K.B. 1855. 301.
  5. De Zuid-Afrikaan, 4 Okt. 1873.

As prediker.

Toe die voorsitter van die sinode van 1862 geleentheid gee om die vraag te bespreek waarom die evangelieverkondiging in die Kaapse kerk nie kragtiger is nie, het dr. Heyns ook aan die bespreking deelgeneem. Hy het gemeen dat die gebreke daarin tweërlei van aard is, verstandelik en gemoedelik. In die eerste plek berei die leraars hulle nie nougeset voor nie en verder is daar nie 'n lewendige geloof aan die goddelike sending en gesag van die prediker nie.<sup>1)</sup>

Hierdie twee leemtes het hy in sy prediking probeer aanvul. Sy leerredes spreek van noukeurige voorbereiding; dit word vol uitgeskryf, goed versorg na taal en styl en onderverdeel met baie verdelings. In 'n kerkraadsvergadering het hy eenkeer gepleit om 'n plaasvervanger vir ds. J. Spyker aan te stel, want hy weet wat dit beteken om tweemaal in die week op te tree; dit lê miskien by sy mindere begaafdheid of mindere bekwaamheid, maar hy besef dat dit moeilik is om aan een preek per week reg te doen.<sup>2)</sup> Hy het dus baie arbeid daaraan bestee.

Sir John Kotse vertel hoe hy as agtjarige kind die eredienste in die Grootte kerk bygewoon het om na ds. J. Spyker, ds. A. Faure en Heyns te luister. Hy sê: „Of the three dr. Heyns was considered the best preacher, and I thought so too when I was some years older.” Daar was egter een saak waarin hulle ooreengekom het, die preke was baie lank en die onderverdelings volop. Dit was vir hom steeds 'n verligting wanneer hy van die prediker se lippe „ten laaste” hoor.<sup>3)</sup>

Die tweede punt in die sinodale debat n.l. die bewussyn van goddelike outoriteit by die prediker, is ook uiters belangrik. Hy bedien die sleutelmag om oop en toe te sluit. In sy openingsrede/.....

1. Acta Synodi 1862, sessie 31.
2. De Zuid-Afrikaan, 21 Jan. 1864.
3. Kotse: Biographical Memoirs and Reminiscences, 13.

rede met geleentheid van die sinode van 1847 preek Heyns oor „Paulus as evangeliedienaar as 'n voorbeeld vir elke teenswoordige leraar waarvan die getroue navolging volstrek noodsaaklik is”,<sup>1)</sup> en beklemtoon o.a. die verantwoordelikheid van die prediker, waarvan hy eendag rekenakap sal moet gee. „Het is een onderscheidende eer geroepen te worden tot het prediken van het Evangelie! Het is een onschatbare voorregt door God in eene betrekking geplaatst te worden, waarin wĳ het last hebben om voor de dierbaarste belangen der gemeente te waken; om van God en syn genade te spreken; om de algenoegzaamheid van den Verlosser, en de erfenis des Geestes te verkondigen; om naast de voorstelling van den schrik des Heeren aan den onbekeerden sondaar, al de schatten te mogen plaatsen, welke aan armen uit genade, geheel om niet worden aangeboden”.

Dr. Heyns was terdees onder die indruk van die invloed wat rus op 'n lewendige prediking van die evangelie. Toe hy in 'n spesiale vergadering oor die „vrywillige beginsel” n.l. dat die gemeentes self die leraar moet onderhou, opstaan om daarteen te praat, het hy hierdie gevleuselde woorde uitgespreek: „Geef my kerken, en ik sal het getal uwer gevangenis verminderen! Geef my leraars, en uwe regters sullen sich hun werk uit de handen genomen sien! Brengt het volk onder den invloed van het Evangelie en de wetgewing, de regeering des lands, sĳ wordt eene gemakkelĳke, aangename taak.”<sup>2)</sup>

Daarom ook dat hy so'n goeie prediker was; hy het die preektaak ernstig beskou. Maar daarby was hy geseen met natuurlike gawes wat hom een van die welsprekendste kanselredenaars van sy tyd gemaak en hom altyd van 'n gehoor verseker het. As prediker was hy gekenmerk deur helderheid van styl en deftigheid van/.....

---

1. Acta Synodi 1847, S. 1. § p. 221.

2. K.B. 1854. 270.

1) van voordrag. Ds. D. Postma skryf dat hy na sy aankoms in Kaapstad dr. Heyns „met veel geneegen” hoor preek het en voeg daarby „ik kan u de versekering geven, hoe aansienlyk en deftig ook, eene christelyke eenvoudigheid, gulheid, openhartigheid heeft in alles den boventoon, op den predikstoel en in het huisgesin.”<sup>2)</sup> Hy verwag nog veel goeds van die Ned. Geref. kerk. Jammer dat hy later teen dieselfde kerk so onbroederlik opgetree het!

S.P. Heyns het veel van sy leermeester in die homiletiek, J. Clarisse, oorgeneem. Die Leidse hoogleraar het geleer dat die teks die grondslag van die preek moet bly en dit betreur dat al meer afgewyk word van die vorm van die homilie en daarvoor redevoeringe in die plek gestel word. Waarom tog? Verlang hulle eenheid in die behandeling? Dit was ook sy strewe en as jy die teks ontvou ooreenkomstig die oogmerk van die skrywer, dan ly die eenheid geensins daardeur nie.<sup>3)</sup> Heyns het ook voorkeur gegee aan die behandeling van 'n hele perikoop wat hy dan deel vir deel uitlê, maar hy wis om die eenheid van die geheel pragtig te bewaar.

4) Ons neem tot voorbeeld sy leerrede oor Gen. 6 v. 1 - 8. Dit is in een woord 'n pragtige preek. Hy maak erns met die eksegesi sonder om die hoorder te vermoei met wat hierdie of daardie uitlegger sê. Tog kan 'n mens bemerk dat heelwat preekarbeid daarop ter skuil. Hy verduidelik wat verstaan moet word onder die skrifwoorde „seuns van God”, „dogters van die mense”, „reuse”, „dit het die Here berou”. Sy verdeling is as volg:

1. Die toenemende sedebederf van die mensdom:

(a) Die aanleiding tot die sedebederf;

(b) Die aard van die sedebederf;

(c) Die/....

---

1. Dreyer in sy plakboek.

2. Postma: Geschiedenis der Gereformeerde kerk, 57.

3. Hartog: Geschiedenis van de predikkunde, 337.

4. De Honigby 184. 161 - 173.

(c) Die algemeenheid van die sedebederf.

II. Die handelwyse van God met die ou wêreld:

(a) Hy handel soos 'n vriend;

(b) Hy handel soos 'n liefdevolle vader;

(c) Hy handel soos 'n regter.

J. Clarisse het geglo dat die hele preek toepassing moet wees en daarin het die leerling hom ook nagevolg. Ds. Heyns het nie gewag tot aan die einde om die gehoor toe te spreek nie, maar aan die einde van elke punt sy toepassing gemaak. Dit het frisheid tot sy verkondiging verleen.

Sy taal en styl was bekoorlik. Wanneer hy dit het oor die reënboog van Noag, <sup>1)</sup> hoor ons hom: „Ja, wy weten het seer wel, de regenboog is een gewoon, natuurlyk verschynsel, ontstaan de door het breken der sonnestralen in de regendruppels. Maar wie sal daarom desselfs luister ontkennen? Of wien treft niet die bundel van veelseortige verwen, waarin de schitterendste kleuren naast elkander geplaatst sijn en door sachte overgangen in elkander smelten? Wie noemt den boog niet majestueus reikende tot aan de wolken en met sijnen voet op de aarde rustende?..... siet, Geliefden, den swakken sinnelyken mensch komt de algoede met nederbuigende liefde te gemoet.” In sy siening was hy digterlik.

Hy was ernstig op die kansel. Die keuse tussen dood en lewe, tussen oordeel en genade van God word verneem in die vier preke wat ons van hom besit. <sup>2)</sup> Veral is dit prominent in sy leerrede net na die dood van ds. J.H. von Manger en wel oor die teks: „Salig is van nou af die dode ens.” Hy beklemtoon telkens dat om salig te kan sterwe, jy salig moet lewe. „Kiest Hem dan als uwen Heer en Zaligmaker. Geloof in Hem, die self de bitterheid des doods gesmaakt heeft. Hoop op Hem, die het graf/.....

---

1. De Nieuwe wereld na den sondvloed, De Honigby 1841. 321 - 336.

2. Leerredes oor Gen. 6 v. 1 - 8, oor Gen. 8 v. 20 - 9 v.17, die sinodale preek oor Hand. 20 v. 27 en sy lykrede oor Openb. 14 : 13. Daar is verder 'n oordenking van hom oor Gen. 31 v. 13(a) in De Honigby. 1845. 1 v.v.

graf sijn geweld ontnomen, die het leven en de onverderfelykheid aan het licht gebragt heeft, die ook eenmaal u, steunende op sijn verdienstelyk lyden en sterven, sal doen deelen in die ruste, welke daar overblyft voor het volk Gods! " 1)

In een opsig verskil hy egter van Clarisse waar hy nie genoeg sielkunde in sy verkondiging bypas nie. Clarisse wou bevattelijke en onderskeidenlike prediking, maar Heyns kom nie sover nie. Veral in sy sinodale rede waar hy die behoeftes van die gemeente en die prediking behandel, sou 'n mens verwag dat hy veel dieper as die oppervlakte sou gedelf het. In sy eie preke het hy nie genoeg rekening gehou met die behoeftes van hulle wat voor hom in die banke sit nie. Sy leerredes was ook veels te lank.

Ons vind ook nie by hom daardie sterk evangeliese inslag soos b.v. by van Lier en Robertson nie. Hy het ook by dr. A. Faure in die verband afgesteek. Die Nieuwe kerk, waar laasgenoemde byna alleen gepreek het, was die „centrum van streng evangeliese prediking, meer zoo dan in de groote kerk, waar ds. Spyker en dr. Heyns het woord voerden naar den trant destyds in Nederland in orthodoxe kringen gangbaar." 2)

Dr. Heyns het eers sterk gesimpatiseer met ds. Kotze van Darling en sy liberale gevoelens, maar as leerling van J.H. van der Palm het hy, net soos sy leermeester, die veilige middeweg later probeer bewandel en hom ingewerp met die behoudende party in die kerk. 3) Hy was supra-naturalis gewees en dit het hom die warmte in die prediking ontnem.

- 
1. N.Z.A.R. 1842. 173.
  2. E.Z. de Beer: „Dr. J.J. Kotze“, De Vereeniging, 24 Feb. 1910, p. 279.
  3. S.P. Engelbrecht. Thomas Francois Burgers, 70.

Dr. Philip Eduard Faure.Sy loopbaan en rigting.

„Geen Evangeliedienaar kan op alle punte alles doen. Ook de overledene kon niet alles doen. Maar wy kunnen niet nalaten te wenschen, dat in vele opzichten allen mogen wezen gelyk hy was; niet nalatende te zeggen dat wý hem op dit gebied menigmaal hebben bewonderd en gewaardeerd". So skrywe iemand,<sup>1)</sup> waarskynlik Prof. J. Marais, by die dood van dr. P.E. Faure. Nie slegs het hy hoë poste in sy kerk bekleed nie, maar hy was bekend en bemind „ver over de wateren". Sy lewenswerk egter het geskied aan die Wynberg, maar hy vir byna 'n halwe eeu gestaan het. Philip Eduard Faure is nog 'n voorbeeld van 'n prediker wat sy hele bediening in een gemeente gewerk het en aan die einde daarvan was hy nog nie uitgepreek nie.

Hy was die jongste kind van die gesin, in 1811 gebore. Toe sy oudste broer, Abraham, in 1818 as leraar van Nederland terugkom en te Graaff-Reinet aangestel word, vergesel die jonge Philip hom daarheen om sy eerste skoolopleiding daar te geniet.<sup>2)</sup> Wanneer ds. A. Faure in 1822 na Kaapstad verhuis, trek hy ook saam. Reeds vroeg het hy bewus geword van die drang om evangeliebedienaar te word en in 1828 vertrek hy na Utrecht om die nodige opleiding daartoe te ontvang. Hy land daar net voor die dood van sy broer, Hendrik Emanuel. Tydens sy studiejare het die kort stryd, die s. g. „Tiendaagsche Veldtocht" tussen Holland en België, uitgebreek. Faure en J.C. le Febre Moorrees het by die Nederlandse leër aangesluit en hulle albei so onderskei dat hulle met die metale kruis versier is. Ds. Faure was in later jare daar baie op gesteld en het die onderskeidingsteken by sekere geleenthede op sy bors gedra.

Na/.....

- 
1. In memoriam, De Christen 1882. 590.
  2. Dreyer: Kerk-souvenir van Wynberg, Geskiedenis van die Honderjarige bestaan van die Ned. Geref. Gemeente Wynberg (1829 - 1929), 24 v.v.

Na volbragte studie, toelating en ordening tot die bediening in Holland in Mei 1834, het hy sonder versuim na sy geboorteland teruggekeer, omdat sy vader ernstig siek was. Toe hy 19 September tuis kom, was die vader reeds vier dae tevore begrawe, maar daar het 'n boodskap van die sterwende lippe vir hom gewag: „Preek die suiwere evangelie; preek Christus as Gekruisigde.“ Die seun het hierdie opdrag ter harte geneem.

Sy Eerw. was die eerste predikant van die Kaapse kerk wat, volgens besluit van die Sinode, amptelik by die Actuaris <sup>1)</sup> legitimeer is deur ondertekening van die formulier. Dit het geskied op 30 Sept. 1834. Sy eerste preek was in die hoofkerk op Sondag, 28 Sept., en wel oor die teks Hand. 10 v. 43, „welke hy op eene uitmuntende wyse heeft verklaard, en heeft inderdaad in sichselven een nieuw bewys opgeleverd, dat de roem der universiteiten in het land, waar sijn Eerw. sijn studien volbragt, al meer en meer bevestigd wordt.“ <sup>2)</sup>

Aangestel te Wynberg hou ds. A. Faure die bevestigingsrede oor 2 Tim. 4 v. 3 met tema die plig en wedersydse betrekking tussen leraar en gemeente.“ <sup>3)</sup> Aan die einde was daar 'n hartelike woord vir die jonger broer oor die moeilikhede van die dienswerk. Soos 'n refrein keer die vermaning van sy oorlede vader weer terug in sy ore: „predik Christus en dien gekruisigd“. Dan volg dit: „Laten uwe woorden als nagels en prikkelen sijn, welke het hart doordringen, en uw leven als een sterke hamer om de prikkelen in te dryven“.

Philip Faure was slegs 23 jaar oud toe hy die bediening ingaan. Daar het 'n groot mate van onverskilligheid aan die

Wynberg/.....

- 
1. N.Z.A.T. 1834. 397.
  2. De Zuid-Afrikaan, 3 Okt. 1834.
  3. N.Z.A.T. 1835. 323 - 349; ook apart gedruk.

Wynberg geheers, maar sy prediking, sy omgang, sy erns aan die een kant en vriendelikheid aan die ander kant, het weldra 'n verandering ten goede meegebring. Belangstelling is gewek en die kerklik-godsdienstige lewe bevorder.<sup>1)</sup> In 1829 is die gemeente gestig, in 1832 die kerk ingewy en in 1834 die eerste leraar ontvang. Toe elf jaar daarna die kerkgebou vergroot moes word, rapporteer iemand dat dit mooi was om die vordering te sien „onder die geestelyke leiding van dien werksamen en nÿverigen Leeraar, ds. P.E. Faure“.<sup>2)</sup> So seer word sy dienste waardeer dat in 1842 sy traktement van £200 na £250 verhoog word<sup>3)</sup> en in 1858 na £300.

Toe hy slegs 36 jaar oud was, is hy gekies tot moderator synodi; met uitsondering van A. Murray, Jnr. was hy die jongste moderator van die kerk. Tot vier maal is hy tot hierdie waardigheid verhoog, terwyl hy drie keer as assessor synodi optree. Hy was curator van die Kweekskool, quaestor van die sinodale en predikante-weduweefonds, scriba van die eerste admissie-eksamen van die seminarie, lid van die sinodale kommissie, scriba van die Kaapse ring, redakteur van die eerste uitgawe van ons Kerkalmanak (1850) en lid van die redaksie van Elpis. Toe twee invloedryke manne in die kerk gesoek is om na die Voortrekkers af te reis, is hy en dr. W. Robertson gekies.<sup>4)</sup> In 1856 is hy ver-eer tot doktor in die godgeleerdheid honoris causa deur die teologiese fakulteit van die akademie van die Ned. Geref. kerk op Nieuw-Brunswyk in Noord-Amerika vir goeie dienste wat hy verrig het.

Nadat hy Wynberg 48 jaar lank bedien het, het hy in die ouderdom van 72 jaar gesterwe. Sy invloed is teruggelei na die helder hoof, sy gesonde oordeel, sy takt, en sakekennis, sy vaardigheid/.....

- 
1. In memoriam, De Christen, 1882. 590.
  2. De Zuid-Afrikaan, 9 Mei 1843.
  3. Idem, 1 Julie 1842.
  4. Dreyer a.w. 30.
  5. K.B. 1856. 386.

digheid en gevatheid. Soms onverbiddelik en streng wis hy ook om op die bepaalde tyd toegewend te wees. Hy was besonder op hoogte met die kerkwet. Geseën met 'n goeie humeur besit hy verder 'n seggingskrag, en nie minder die nodige swygingskrag nie wat hom 'n aanwinst in kerklike vergaderinge gemaak het.

Wanneer ons dr. P.E. Faure se rigting nader wil bepaal, dan sien ons eers dat hy behoudend was. Hy het 'n besliste houding teen die Liberalisme in Suid-Afrika ingeneem. Wanneer da. J. Spyker in De Kerkbode vir „Epos“ kwalik neem omdat hy Nederlandse dominees betig van ketterye, skrywe Faure: „Ik sta selfs voor een geboren Nederlander niet achter in liefde en gehechtheid aan onze Moederkerk; maar die liefde maakt mij niet blind voor hare gebreken..... Met schromelykste dat haar (de dogterkerk) soude kunnen gebeuren, is te vallen in den toestand waarin hare moeder thans verkeert t.w. leeraars over haar te hebben, die de 2) nodigste en troostrykste waarheden tot saligheid loochenen.“ Ja, hy skrywe saam met P. Huet 'n waarskuwing teen die rasionalistiese gevoelens van die nuwe blad De Onderzoeker. Hy sê dat die Liberalisme 'n gif is „nog gevaarlyker voor de ziel, dan het 3) doodelykste venyn voor het ligchaam.“

Daarby was hy innig vroom. Dit word vertel dat hy en dr. Robertson elke dag op reis na die emigrante saamgebied het. Een keer het hulle vir 'n paar dae versuim om dit te doen en toe ontmoet hulle die enigste ongeluk van die tog. Hy het dit onmiddellik aan hul nalatigheid toegeskrywe. 4) Kinderlik was sy omgang met God. Aanvanklik was hy teen die opwekking gekant, maar toe hy die heerlike gevolge daarvan aanskou, het sy vooroordele weggeval. 5) Nooit egter het hy tot allerlei metodistiese praktyke/.....

- 
1. In memoriam, De Christen 1862. 590.
  2. K.B. 1855. 414.
  3. Eene stem van waarschuwing tegen „De Onderzoeker“ (Wynberg 1860)
  4. Dyke: Home Re-Union, 11.
  5. Acta Synodi 1862, sessie 19.

praktyke gekom nie; daarvoor was hy te veel calvinis gewees.

As tere gelowige het hy verder hard geywer vir die sending. Trouens, hy was wat dit betref sy meeste tydgenote ver vooruit. Dadelik het hy onder die kleurlinge begin preek en in die loop van sy ampstermyn 398 aangeneem.<sup>2)</sup> Hulle het saam in sy kerk aanbid totdat later vir hulle 'n eie gebou opgetrek is en toe die Sinode in 1880 daartoe oorgaan om 'n eie Sendingkerk te stig, was daar in Wynberg 'n bloeiende gemeente om opgeneem te word.

Wat sy politieke gevoelens aangaan, Faure was 'n getroue ondersteuner van die Engelse Regering in die land. Miskien was hy onder die invloed van sy ouer broer, Abraham. Sy lojaliteit teenoor die Britte het duidelik tot openbaring gekom tydens sy preekreis onder die Voortrekkers. Wanneer die hoeksteen van Simonstad se kerkgebou gelê word, tree hy as feesredenaar op en sê dat hy nie kan nalaat nie om die geleentheid te gebruik om die Regeerder van die Heelal te dank dat ons geplaas is onder die gebied van 'n Vorstin, van wie se weldadige regering hulle 'n getuenis onder die hoeksteen geplaas het as 'n gedenkteken vir volgende geslagte van die liefde van 'n getroue volk teenoor 'n regverdige en edele koningin.<sup>3)</sup>

Daarom ook dat dit vir hom 'n logiese stap is om die Hollandse en die Engelse kerk aan die Kaap te help verenig. Hy skrywe aan biskop Gray dat hy alles in sy vermoë sal doen om by die volgende sinode dit deur te voer.<sup>4)</sup> Gelukkig dat ander Faure se gevoelens nie gedeel het nie, anders was daar geen Ned. Geref. kerk vandag meer nie.

As/.....

- 
1. Toe die kerk weens nuwe beskouinge dreig om in verwarring te raak, ag hy dit sy plig as moderater synodi om sekere sate uit die Instituties van Calvyn te laat herdruk en toon hom as 'n Calvyn-kenner. K.B. 1862.
  2. In memoriam, De Christen 1882. 590.
  3. K.B. 1855. 414, 415.
  4. The Unity of Christendom: A correspondence relative to proposals for union between the English and Dutch reformed churches in S.A. (Cape Town 1871).

Dit lyk of P.E. Faure 'n gesogte lykprediker was. <sup>1)</sup>  
 Hy het self swaar verliese in eie huis deurgemaak en het in  
 1838 'n seuntjie deur die dood afgegee. <sup>2)</sup> Die Sondag daarna  
 verskyn hy op sy kansel om oor Mk. 8 v. 34 te preek. „Zyne  
 woorden maakten eenen diepen indruk op de harten der toehoorders,  
 wien gemoederen reeds met weemoed bezielde waren,” skryf „Een  
 Toehoorder” in die koerant. „De redevoering was voortreffelyk;  
 immers geen taal is zoo welsprekend, dan die welke uit het hart  
 tot het hart spreekt, en niets vertoert het hart meer en maakt  
 hetselve vatbaarder voor zachte en deugsame gewaarwordingen, dan  
 de taal van een diep bedroefden vader te hooren..... Gelukkig  
 eene gemeente, die sulc eenen Leeraar besit?.” <sup>3)</sup>

Hy hou die lykrede van die bekende kommissaris politiek  
 van die eerste sinode, Sir J.A. Truter, in 1845 in die Grootte  
 kerk, Kaapstad. Dit is net 'n eenvoudige vertelling van hoe  
 die oorledene hom voorberei het vir die dood. 'n Interessante  
 historiese mededeling, weinig bekend, kom daarin voor n.l. dat  
 J.A. Truter die eintlike stigter van die gemeente Wynberg was.  
 Na 'n besondere verkwikkende geestelike ondervinding het hy die  
 heilige voorneme opgeneem om 'n afsonderlike gemeente in die na-  
 byheid van Kaapstad te stig en daarin het hy geslaag. So het  
 hy dankbaarheid aan God gebring. <sup>4)</sup>

'n Soortgelyke plig moes dr. Faure vervul by die afsterwe  
 van sy oom, Abraham Faure, van Kaapstad. Alhoewel hy 'n teks  
 aanges, is die rede geen preek nie, maar 'n toespraak aan  
 vriende rondom die graf. <sup>5)</sup> Toe die Amerikaanse sendeling, John  
 Scudder, op pad van Madras, waar hy werksaam was, aan die Kaap  
 sterwe, het ds. P.E. Faure in Hollands ook die begrafenisdiens  
 waargeneem/.....

- 
1. Omdat hy so dikwels elders moes optree en sy kansel dus moes verlaat, het hy begin om in die dagbladsprekbeurte aan te kondig vgl. De Zuid-Afrikaan, 21 April 1837.
  2. In 1847 ook 'n dogtertjie verloor, De Zuid-Afrikaan, 2 Sept. 1847.
  3. De Zuid-Afrikaan, 20 Julie 1838.
  4. De Honigby 1845. 190 - 196.
  5. Toespraak aan egnige vriende by de ter aarde bestelling van het stoffelyk overschot van den wel-edelen Heer Abraham Faure senior, overleden in Tachtigjaren ouderdom in de Kaapstad op Maandag nacht, den 12 Oct. 1846 (Kaapstad 1847).

waargeneem. Sy teks was uit Openb. 14 v. 13: „Zalig sijn de dooden, die in den Heere sterven“ en dit was ook net 'n kort toespraak. Sy eindwoord word gerig aan sy mede-dienaars,<sup>1)</sup> om te vra of hulle getrou is in die verkondiging van die woord. Hierdie toespraak was die aanleiding daartoe dat die familie Scudder die Rutgers Kollege, by wie hul oerwegende invloed gehad het, oorreed het om aan P.E. Faure die doktorsgraad toe te ken. Sy broer, Abraham Faure, het tegelyk ook geprofiteer van die welwillende gebaar.

Die predikant van Wynberg was verder die aanwesige persoon om die teraardbestelling van ds. T.J. Herold van Stellenbosch te lei. 'n Aanwesige vertel van sy verskyning op die met lamfer omboorde kansel, die indrukwekkende gelaat met sy lang, witgrys vloeiende baard, dog sonder snor op die bolip. 'n Doodse stilte heers wanneer die „vorse redenaar“ Ps. 90 lees „soals alleen kan een die in Utrecht met mede studenten aan de hollandse-belgiese oorlog heeft meegedaan sowel als aan Nederlandse studie; want het sou heiligschkennis sijn om het „plat Afrikaans“ van de huidige dag te wagen.“ Die preek word beskryf as „een treffende en welsprekende rede“; met tranen in sy oë troos die prediker die groot familie Herold.<sup>2)</sup>

Dr. P.E. Faure het by die viering van sy veertigjarige ampsbediening verklaar dat hy 5,557 keer die evangelie verkondig het.<sup>3)</sup> Soos iemand wat in die hoëskole van Nederland die preekkuns aangeleer het, was hy deftig en hoogdrawend in sy verkondiging. J.S. de Lima skryf van hom en die Kaapstadse leraars, A. Faure, S.P. Heyns en J. Spyker, dat hulle manne is wie se geleerdheid, spreektrant en godgeleerde kennis, nie maklik te evenaar is nie; om sulke deurwrogte leerredes op te stel soos hierdie predikers lewer, vereis dae aaneen. Hy noem hulle/.....

1. Funeral addresses delivered in Dutch by the Rev. P.E. Faure of Wynberg and in English by Rev. W. Robertson of Swellendam on occasion of the interment of the Rev. John Scudder M.D., missionary of the Dutch Reformed Church at Madras (Cape Town 1855); K.B. 1855. 24.
2. G.A. Maeder: Uit de Oude en Nieuwe Afrikaanse Doos, 61, 62.
3. Dreyer: Kerksouvenir van Wynberg, 31.

hulle „puik-predikers“.<sup>1)</sup>

Proewe hiervan vind ons in die preke wat van P.E. Faure voorhande is. Hulle is keurig opgestel, streng na die eis van die homiletiek, met heelwat verdelings en omslagtige sinwendings. Hulle is baie lank. Sy „Leerrede by eene voorbereiding voor het Heilige Avondmaal“<sup>1)</sup> is wel nie so lank soos die vroeër genoemde preek van ds. J.F. Bode nie, maar bevat tog 5,670 woorde. Honderd jaar het intussen verby gegaan, die tye het verander en andermaal het die volk korter preke verlang. Hulle het ook nie aan die hoëskole van Europa gestudeer en kon die ingewikkelde boodskappe van die predikers nie ten volle waardeer nie. Dit was 'n oorgangstydperk.

Die hierbo genoemde aanmerking van ds. G.A. Maeder oor die „plat Afrikaans“ is ook betekenisvol. Hy sê dat by die begrafnis van ds. Herold sou die gewone taal van die volk nie pas nie, want die hele geleentheid was te deftig daarvoor. Afrikaans het al sterker posgevat onder die lidmate van die Ned. Geref. kerk, maar die kanseltaal sou tot lank nog Nederlands bly. En tog is die moedertaal die sleutel tot die hart.

Niemand anders as dr. Faure self was oortuig daarvan dat die gehalte van preektrant bo die kerf van die gewone hoorder was nie. Op die Sinode van 1862 spreek hy dit as sy weloorwoë mening uit dat die teenswoordige manier van preek nie aan die behoefte van die gemeente beantwoord nie. Sy ondervinding het hom geleer dat „sýne prediking over waarheden in het afgetrokkene, naar de regelen der predikkunde, oneindig minder indrukt maakt dan eenvoudige bybeleseningen, soo als sýne  
avondgodsdienst-/...

- 
1. Bedenkingen omtrent het maandwerkje voor de Jeugd van Cornelius van der Schalk getoetst op billykheid en rede, (gedrukt by J.S. de Lima, Kaapstad).
  2. De Honigby 1841. 257 - 271.

avondgodsdienstoefeningen meestal s̄yn.<sup>1)</sup>

In 1840 rapporteer hy aan die Ring dat hy met huisbesoek ontdek het hoe weinig Bybelkennis sy lidmate besit en daarom Sondagmiddae een keer per maand met Bybeloefeninge begin het. Dit moes die vorm van homilieë ingeneem het, 'n vers vir vers verklaring van die Skrif wat die ingewikkelde verdelinge van die gewone leerrede uitgeskakel het. Dr. W. Robertson van Swellendam was ook lief vir hierdie soort preekmetode. Aan die begin kon dr. Faure nog nie veel sukses rapporteer nie, maar drie jaar later was die Bybeloefening druk besoek.

Na die ontboesening van die Wynbergse predikant in die Sinode het ds. C. Murray (Clanwilliam) dit ook as sy mening geuit dat die verkondiging meer eenvoudig en na die hart van Jerusalem moet wees, maar gewaarsku dat 'n mens op die lange duur van 'n grondig bestudeerde prediking die meeste vrugte kan verwag. Ds. Luckhoff (Colesberg) vind dit goed om in die mōre die degeliker preek te hou en in die namiddag dit in 'n katekisasie duideliker te maak en te vereenvoudig. Dit is dus duidelik dat meer as een leraar besef het dat die hoogdrawende verkondiging van die tyd nie genoegsaam inslaan by die volk nie.

Dit wil egter nie s̄ dat Faure se bestudeerde preke sonder lewe en aktualiteit was nie. Intendeel, sy proefpredikasie oor 1 Kon. 18 v. 21 b : „Hoe lang hinkt ḡy op twee gedachten ens.” bevat pragtige instansies van krisisprediking wanneer hy sy hoorders die twee wē voorstel en aandring op 'n duidelike en besliste keuse. „En hoe lang, hoe lang, Toehoorders! zoudt ḡy nog besluiteloos willen s̄yn, aan wien ḡy u geheel en al sult toewyden? Hoe lang zoudt ḡy nog willen toelaten, dat vergiffenis van sonde, vrede des gemoeds en eene eeuwig saligheid ons wordt voorgesteld, sonder dat onwaardeerbaar/.....

---

1. Acta Synodi 1862, sessie 48.

baar geschenk met geheel uw hart aan te nemen? Zal de hongerige sich wel een oogenblik bedenken brood aan te nemen, wanneer hem sulks wordt aangeboden?.....Kiest u heden nog Jehova! Nu is het de welaangename tyd, nu is het de dag van saligheid." Dan haal hy die bekende Openb. 3 v. 20 aan om te laat volg: „Doet dan terstond voor Hem open, myne Geliefden! Hy klopt ook nu weder by u aan, doet de deur uwer harten voor Hem open, en wacht tog niet op het soo vreeselÿke gevaarlÿke, misschien sal Hy wederkomen. Het soude kunnen gebeuren, dat Hy nimmer weder by u aanklopt.”<sup>1)</sup>

Aan die einde van hierdie leerrede noem hy die vier vrae wat die nagmaalganger in Nederland by die voorbereiding voorgehou is, en toon daarmee dat ds. P.M. Ham nie enigste in Suid-Afrika was wat hierdie gewoonte gevolg het nie.

Ewe ernstig klink dit uit sy mond in sy predikasie oor „de hooge waarde van de godsdienst, sigtbaar in het onderscheid tusschen den dood van den godvruchtige en den goddeloose”. Die predikers het graag die tema van lewe en dood behandel om die hoorders te laat skrik en te laat besin. Ds. Faure maan hulle: „Zondears! die nog nooit het hart aan Jesus toegewÿd hebt, nog nimmer ernstig begeerd hebt veranderd te worden in het binnenste uws gemoeds, of sal het voor u niet hard sÿn langer de versenen tegen de prikkels te slaan, nog langer te blyven voortgaan in de sonde, tegen alle waarschuwingen aan? Jesus Christus, die u soo oneindig heeft liefgehad en syne siel voor u in den dood tot eene rantsoen gegeeven heeft, laat u door ons bidden, dat gÿ u met God versoent. Kust den Zoon, opdat Hy niet toorne!”<sup>2)</sup>

Philip Faure het sy gemeente nie klippe vir brood aangebied/.....

- 
1. De Honigby 1841. 265.
  2. Idem 1844. 299.

aangebied nie; dit was geestelike spys. Die skottel egter waarin dit opgedis was, die vorm waarin dit bevat was, het hersiening nodig gehad. Vereenvoudiging het noodsaaklik geword.

In sy verslag van die godsdiens kon hy in 1846 rapporteer dat die evangelie onder hulle nie alleen in woorde nie; maar ook in krag is. Twee jaar later sê hy dat die Genadestem van die evangelie die oor nie alleen bereik het nie, maar ook die hart getref het. In 1855 vind hy tekens dat die evangelieprediking 'n krag van God tot saligheid is vir sommige in die gemeente. Deur die verlae heen egter is daar ook 'n ondertoon van ontevredenheid en misnoedigheid. Die prediker verlang in 1856 na meer blyke van geestelike lewe en meerdere proewe van die kragtige uitwerking van die Woord van die Here. Hy sien geen besondere bekeringe van ontwaakte gemoedere nie.

Oor die algemeen genome is daar soveel uitwendige voorspoed, die eredienste word goed bygewoon, die mense lees meer stigtelike boeke, in die maatskaplike lewe het daar groot verandering gekom sedert die stigting van die gemeente Wynberg. Maar helaas! dit is alles 'n gedaante van godsaligheid, sonder die nodige krag; daar was geen nuwe aanwinste vir die Koninkryk nie, niemand wat onder oortuiging van sonde tot die gekruisigde Verlosser die toevlug geneem het nie.

Hierdie weeklag is ook tekenend van die kerk in sy tydperk van transisie. Daar was baie uiterlike vorm, maar die gewenste krag en lewe het ontbreek.

Nadat die herlewing ook in Wynberg ondervind is, kom daar 'n gunstiger toon in die rapporte aan die Ring. In 1864 is die kerkgang veel verbeter en mense kom die leraar opsoek oor hul sielsbelange; die katekisasie word druk bygewoon; die huisgodsdiens word waargeneem; wat veral verblydend is, is dat die verandering in wandel dieper as die oppervlakte gegaan het.

Ds. Pieter Nicolaas Ham.Sy loopbaan.

Aan die adres van die Skotse predikante is die beskuldiging gerig dat hulle preekbundels uit Nederland meegeneem en daaruit leerredes voorgedra het. Hierdie bewering is reeds weerlê. Een Hollandse prediker in Suid-Afrika is ook van plagiaat verdink en moes homself daaromtrent verdedig. Hy was Pieter Nicolaas Ham. Nie daarom egter sal die naam van P.N. Ham altyd in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis onthou word nie, maar wel om sy mislukte poging om die „uitgeweke“ Boere in Natal te bereik en hom onder hulle te gaan vestig.

Ham is in Amsterdam gebore in die jaar 1811 en was 'n afstammeling van die geleerde Rotterdamsse predikant, ds. Adrianus Ham. Aan die beroemde Latynse skool van Amsterdam het hy sy eerste onderwys geniet om later na Utrecht te gaan tensinde hom in die teologie te bekwaam. Hy word kandidaat in 1832 en twee jaar later deur die provinsiale kerkbestuur van Gelderland tot die evangeliebediening toegelaat. Omdat daar so'n groot toevloed van proponente was, kon hy geen beroep ontvang nie. Hy help dus ou en afgeleefde dominees en dien drie jaar te Alkmaar as hulpprediker, waar hy baie liefde en agting ondervind. Gelukkig word sy dienste nou deur die kommissie om die geestelike belange van die Voortrekkers te bevorder, verkry en word hy in 1842 ongeordend na Suid-Afrika uitgestuur met die verwagting dat hy in Natal georden sal word. <sup>1)</sup> Die kommissie skryf dat as daar nie 'n leraar is om die ordening en bevestiging waar te neem nie, moet 'n ouderling dit maar verrig. <sup>2)</sup>

Die geveg tussen Boer en Brit was net afgehandel, sodat die Engelse bevelhebber nie prop. Ham wat deur die bekende/.....

- 
1. K.B. 1866. 308, 309.
  2. Brief van Amsterdamse Kommissie aan die kerkraad van Pietermaritzburg, Gerdener: Boustowwe, 28.

bekende Smellekamp vergesel was, tot Natal wou toelaat nie.

'n Kaapse blad <sup>1)</sup> sê later dat dit jammer is dat die „Brasilia“, die skip waarop Ham was, nie by Kaapstad aangedoen het nie, want as die goewerneur sy loutere godsdienstige oogmerke leer ken het, sou hy dadelik verlof verleen het om die Voortrekkers te besoek.

Dieselfde koerant skryf van hom: „Zyn lyden in het Heilig werk is veel en swaar geweest.“ Die rampe het waarlik met snelle tempe hom oorval. Nadat die „Brasilia“ toelating tot die hawe van Port Natal geweier is, is hy eers na Mosambique, vervolgens na Madagascar en eindelijk na Delagoabaai voortgedrywe. Van hier skryf hy aan die kerkraad dat hulle hom, sy vrou en biblioteek moet kom afhaal. Hy skryf: „Broeders, ik been seer verlangend u te sien, opdat ik u Christus en dien gekruist mag verkondigen, en opdat ik u eenige geestelyke gaven mag mededeelen, ten einde gÿ versterkt soudt worden, dat is, om mede vertroost te worden onder u door het onderlinge geloof, soo het uwe als het myne.“ <sup>2)</sup> Ons weet dat die Natalse gemeente net so sterk verlang het na sy oorkoms.

Terwyl hy op 'n antwoord wag, beswyk sy vrou, 'n pasgebore kindjie en die onderwyser Martinean aan koors en laat hom, wat alleen die siekte oorleef het, onder vreendes, wie se taal hy nie verstaan en van wie <sup>hy</sup> nie eens 'n geloofsgenoot is nie. Die „Brasilia“ keer na ses weke van Batavia terug, nadat die meeste matrose beswyk het, en wil prop. Ham terug na Europa neem, maar omdat die meeste skeepsvolk afgemat was, word die kaptein gedwing om Tafelbaai binne te loop. Gans uitgepat/.....

- 
1. De Zuid-Afrikaan, oorgeneem deur De Natalier, 17 Mei 1844.
  2. De Zuid-Afrikaan, 8 Maart 1844.

uitgeput en uiteraars maar het een van sy Utrechtse Akademie-  
 1) vriende hom nouliks herken, maar met ope arms ontvang en  
 2) probeer tuismaak.

Die toets vir 'n nuwe predikant was steeds om in die Grootse kerk op te tree. Nouliks herstel van sy siepende en gevaarlike siekte, gaan hy op die kansel en spreek 'n leerrede uit wat „syne verstand en hart eer aandoet, en waarvan de hooge opgetogenheid en stichting waarmede sy'n hoorders den tempel verlieten, het sprekendst bewys opleven“, volgens die daggers rapporteer.  
 3) Daar werd voortgegaan om te sê dat enige gemeente dankbaar behoort te wees om so'n walsprekende verkondiger van die Woord te besit.

Franschhoek was eers 'n buitewyk van die gemeente Paarl. Reeds vroeg is daar 'n kapel gebou en 'n Kommissie van Opsig aangestel om die geestelike belange van die omgewing te behartig. Eerw. Verhaagen is aangestel om die kleurlinge te bearbei, maar om ook die blankes te stig. So ingenome was hulle met hom, dat hulle hom vra om vir predikant te gaan leer en hy inwillig om na Europa vir die doel te vertrek. Hy kom ooreen om binne twee jaar uit en tuis te wees en daarna sal die kommissie geen verpligting teenoor hom meer hê nie. Prop. P.N. Ham arriveer toe juis in Kaapstad en die kommissie vra hom om tydelik te Franschhoek waar te neem. Hy antwoord egter dat hy nognie volkome herstel is nie, maar dat die ooreenkoms met Verhaagen hom verder in die pad staan. Eerw. Verhaagen laat weet intussen dat hy daarvan afsien om predikant te word. Die inwoners van die wyk Franschhoek rig vervolgens 'n versoekskrif aan die kerkraad van Paarl om Ham te orden as hulpprediker met  
 4) staanplek Franschhoek.

In „De Honigby“<sup>5)</sup> lees ons: „Het heeft Hare Majesteit behaagd/....

- 
1. Dr. P.E. Faure.
  2. K.B. 1866. 308.
  3. De Zuid-Afrikaan, 2 April 1844.
  4. J.A.S. Oberholster: Keufees - Gedenkboek Franschhoek, 'n Oersig van die geskiedenis van die gemeente 1845 - 1945 (Kaapstad 1945), 15.
  5. 1845. 328.

behaagd de beneeming goed te keuren van den Wel Eerw. Hr. Pieter Nicolaas Ham, als predikant van de Geref. gemeente aan den Franschenhoek."

In sy brief aan die kommissie, waarin hy die aanname van die beroep te kenne gee, sê Ham dat niks hom meer vreugde en rede tot dankbaarheid aan sy Groot Sender sal verskaf nie, dan dat hy mede bevorderlik mag word aan die ewige geluk van die gemeente. „Met mÿn gansche hart de Evangeliebediening toegedaan," vervolg hy, „wensch ik in bovengemelde gemeente mÿne dienstwerk te aanvaarden."<sup>1)</sup> Hy preek reeds op 14 Julie 1844 sy eerste leerrede aldaar met geleentheid van 'n dankseggingediens na die nagmaal.

Sy ordening vind plaas op 8 September in die kerkgebou aan die Paarl. Sy akademievriend, dr. P.E. Faure, spreek die rede uit na aanleiding van 1 Kor. 4 v. 1, 2, terwyl di. G.W.A. van der Lingen en A.F. du Toit saam met hom die hande oplê. Die Sondag daarna het ds. Ham sy intreespreek gegee oor 3 Joh. 4: „Ik heb geen meerdere blydschap dan hierin dat ik hoor dat mÿne kinde<sup>2)</sup>ren in de waarheid wandelen".

Slegs twee dae daarna vra 126 lidmate om afstigting. Hulle redeneer o.a. dat die afstande te groot is en in die winter is die rivier dikwels te vol. Die gemeente Franschhoek word in 1845 afgestig en ds. Ham is hulle volledige leraar.<sup>3)</sup>

Met groot geesdrif het hy sy arbeid begin. Op 'n kerkraadsvergadering van 29 Sept. 1846<sup>4)</sup> betuig hy sy begeerte om die inwendige bloei van die gemeente te bevorder en om onder die goddelike seën die geestelike lewe in die harte van die gemeentelede te laat aanwas. Hiertoë is veral dienstig 'n poging om die indruk van die plegtige voorstelling aan die gemeente lewendig te hou en hulle voortdurend aan die gelofte te herinner/.....

- 
1. Notulen der Commissie tot Opsigt, 6 Jun. 1844, 1/1, K.K.A.
  2. De Honigby 1844. 287.
  3. Oberholster A.W. 18, 19.
  4. Notule van die kerkraad.

herinner. Te Alkmaar was dit die gebruik om by die voorstel-  
ling 'n paar herderlike vermaninge en die vrae wat by die voor-  
bereiding gedoen word, in druk ter hand te stel. Die vergade-  
ring neem die voorstel aan, maar vind die drukkoste 'n beswaar.  
Ds. Ham belowe om dit uit eie sak te betaal indien die koste  
te hoog loop.

'n Ander gebruik wat hy invoer, was die vier vrae wat  
in Holland by die voorbereidingsdiens voor die nagmaal staande  
gestel is en waarop die kommunikante openlik moes antwoord. Dit  
is gewoonlik net na die preek voor die nagebed gedaan en was  
baie plegtig en heilsaam <sup>1)</sup>gewees. By die Sinode van 1842 reeds  
het die kerkraad voorgestel dat dit vir die hele kerk in Suid-  
Afrika gebruik sou word, maar daar is besluit om dit aan die  
goeddunke van elke kerkraad oor te laat. <sup>2)</sup>Franschhoek het vier  
jaar later die vier vrae ingevoer.

Die dominee het ook fluks aan die werk gespring om 'n  
nuwe kerk te bou en op Sondag 18 April 1847, kon dit ingewy  
word.

### Moelikhede.

Sy bediening was egter nie vry van spannende en moei-  
like tye nie. As 'n prediker nie vry is van aardse sorges nie,  
kan hy moeilik sy ampswerk ten beste verrig. Die staat het  
slegs £100 van sy traktement in plaas van die gebruikelike £200  
betaal, sodat die gemeente die res moes aansuiwer, maar hulle  
het nie kans daartoe gesien nie. Hy kry dus die kleinste  
salaris van alle predikante. Selfs die redakteur van 'n open-  
bare blad bemoesi hom daarin en pleit om verhoging vir die  
leraar, maar dit help niks <sup>3)</sup>nie. Toe hy later op Stellenbosch  
gewoon het, moes hy die kerkraad van Franschhoek aanskrywe om  
£25/.....

- 
1. Oberholster a.w. 36.
  2. De Zuid-Afrikaan, 27 Des. 1842.
  3. De Zuid-Afrikaan, 17 Okt. 1845.

£25 vir reparasies deur hom aan die pastorie aangebring.<sup>1)</sup> Sy reiskoste na Villiersdorp, die konsulent-gemeente, het hy vir jare ook nie ontvang nie.<sup>2)</sup>

Omdat die tug so streng was, het daar gedurig botsinge gekom en het die predikant gewoonlik persoonlik in die gedrang geraak. So was ds. Ham in die moeilikheid met J.P. Hugo oor 'n saak van sensuur, wat sy wan- en weerklanke in die burgerlike hof en sinode gehad het.<sup>3)</sup>

Nou begin Ham te bots met sy eie kerkraad, wat as gevolg het dat sy laaste bedieningsjare aldaar met newels omhang is. Dit begin deurdat hy telkens beswaar aanteken teen gekose kerkraadslede op grond daarvan dat daar bloedver antskap in die spel is. Hy wil die bestaande reglement daaromtrent konsekwent handhaaf. Toe hy eendag subiet weier om die kerkraadsvergaderinge langer by te woon, was dit soos 'n donderslag uit die bloue hemel. Hy wil geen redes vir sy optrede aangee nie, maar sal dit aan die King bekend maak.

'n Aantal vriende uit Stellenbosch bied hom nou 'n geskenk van £50 aan met die bede dat „die onkruid deur kwaadgesindes in sy gemeente gesaai en wat reeds diep wortel geskiet het, die goeie saad nie mag verstik nie, wat deur sy eerw. vir soveel jare reeds so getrou onder hulle uitgestrooi het....<sup>4)</sup>”

Ds. Ham is natuurlik met hierdie bewys van waardering baie ingenome. Hy vind hierin 'n aanduiding dat daar buite sy gemeente vriende is op wie hy kan roem en wat 'n leraar nie verguis, belaster, versmaad en misken nie. Hy reep nou die andere toe: Here, vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Hieruit/.....

- 
1. Franschhoek Ink. Br. 1845 - 1913, 3/1, K.K.A.
  2. Oberholster a.w. 45. Die kerkraad gee darem in 1844 'n beurs van £36 aan hom as blyk van waardering en hoogagting, terwyl Villiersdorp sy konsulents salaris verhoog, K.B. 1859. 44.
  3. Idem, 51 - 57; De Zuid-Afrikaan, 14 Feb. 1848.
  4. Het Volksblad, 4 April 1863.

Hieruit blyk dat die verdeeldheid in die gemeente ernstige afmetings aangeneem het. Die volgende stap was dat die kerkraad sy bedanking indien en 'n brief aan die voorsitter van die Ring stuur dat hulle „nie langer wens om in dié toestand in die kerk van Christus te dien nie“. Ds. Ham weier ook nog steeds om kerkraadsvergaderinge by te woon. Hoe hy onder sulke omstandighede nog kon gepreek het, begryp ons nie. Dit was duidelik dat die Boeremense met hierdie Hollander nie oor die weg kon kom nie, omdat hy in sovele sake 'n ander uitkyk as hulle gehad het.

'n Aantal lede vergader in J.P. Kriel se woning en besluit om die dominee te versoek om te bedank. Sy ondersteuners egter was hieroor baie kwaad, omdat dit geen wettige vergadering was nie! By die Sinode van 1863 bring hy die kwessie self te berde en 'n kommissie van ondersoek word uit die boesem van die vergadering aangestel met die opdrag om aan die Sinodale kommissie te rapporteer. Hulle vergader op Franschhoek op 2 Nov. 1863 en neem kennis van elf besware teen die leraar. Die Sinodale kommissie is daarna van mening dat die onenigheid sodanig is dat ds. Ham liefs sy ontslag moet aanvra. 'n Paar lidmate het toegestem om vir drie jaar aaneen £150 jaarliks aan hom uit te betaal.<sup>2)</sup>

Vier dae later, 27 April 1864, vergader sy ondersteuners onder voorsitterskap van F.C.M. Voigt en J.E. de Boer Maxier en besluit om met leedwese kennis te neem „dat hul leraar gevra is om sy gewigtige amp neer te lê, dat dit hulle bedroef dat laster en eerroof sy goeie naam bevlek het, dog dat by hulle geen greintjie verlore gegaan het van hul agting en liefde vir hom nie.“ Hierdie besluit is aan ds. Ham deurgestuur onderteken deur 132 lidmate. Verder is besluit dat hy in private huise dienste moes hou, maar Ouderling A.H. le Roux het gelukkig op/.....

---

1. Oberholster a.w. 72.

2. Acta Synodale Commissie, Apr. 1864, S. 2. 4. p. 22, K.K.A.

kig op die onwettige hiervan gewys en dit verhoed, sodat 'n  
 1)  
 erger skeuring afgeweer is.

Twee weke na die besluit van die Sinodale kommissie het ds. P.N. Ham van die gemeente afskeid geneem. Sy teks is uit Heb. 13 v. 8 met die hoofgedagte dat Jesus Christus altyd dieselfde bly. Nieteenstaande die reënagtige weer was daar baie mense van Stellenbosch, Paarl en Drakenstein, sodat die kerk - volgens die geykte term - „opgepropt vol” was. Die kerkraad het blykbaar verneem dat ds. Ham hom van alle beledigende taal sal onthou en het daarom ook die afskeidsdiens bygewoon. Daar het egter harde woorde geval, want die kerkraad is nie gespaar nie. „Lang heb ik gearzeld, kerkraad van Franschoek,” was sy woorde, „u toe te spreken en u het volgende toe te voegen: meer dan nege maanden hebt ge in het afgelopen jaar uwen pligt als zoodanig verwaarloosd en uwen duren en plegtigen eed geschonden, door nimmer ter kerke te komen, en my te assisteren by het uitdelen der H. Sacramenten, terwyl de overige tyden dat gÿ wel de Godsdienstoefeningen bywoondet, byna niemand uwer by de namiddagdienst op sÿnen post was, schandelyk hebt ge alsoo uwen pligt verwaarloosd, en waart, in plaats van voorgangers, tot een slecht voorbeeld voor de gansche gemeente.”<sup>2)</sup>

Hy gaan voort deur een te verwyt dat hy nag en dag rondgery het teneinde valse verklaringe op te spoor en op allerlei wyse sy eer en goeie naam te beklad. Pateties is sy uitroep: „Doch dat gÿ mÿ de kroon van mÿne gryse haren hebt trachten af te rukken, dit kan ik vergeten, maar dat gÿ mÿne deugsame en brave echtgenote die u toch niets gedaan heeft eenen nagel in haar doodkist hebt geslagen, dit te vergeten is my onmogelyk, doch gylieden hebt het ten kwade gedacht, maar God  
 sal/.....

- 
1. Oberholster a.w. 81.
  2. De Volksvriend, 18 Mei 1864.

sal het ten goede doen gedÿen."

Volgens die koerantberig het die kerkraadslede by die aanvang van die toepassing opgestaan, maar later gaan sit. Hulle het toe 'n onverskillige houding probeer toon, maar dit was duidelik dat „hunne harten van angst en wroeging te samen krompen, getuige hunne doodsbleeke gelaatskleur en onrustig heen en weder schuiven". Hierna het die prediker ook die gemeente en voorleser toegesprek en hulle versoek om Ps. 134 te sing. Aandoenlik was dit toe die mense onder 'n stortvloed van tranes aan sy versoek voldoen! Sommige bly in die kerk later sit, terwyl andere hulle stoele, kussings, boeke en voetbanke wegdra.

Die afskeid van die konsulentgemeente was net so bewoë. Die korrespondent van Villiersdorp deel mee dat die teks uit Hand. 20 v. 26, 27 was en dat die gemoedsaandoeninge<sup>2)</sup> op die aangesigte van vele sigbaar was.

Ongeveer twee maande later is ds. Ham na Stellenbosch vertrek en is uitgeleide gedoen deur 'n erewag van 24 perde-ruiters. By Voigt se huis was ongeveer 200 mense waar 'n adres voorgelees is, as ook 'n gedig van die heer Gaukes. Op Stellenbosch het hy preekbeurte in die Lutherse kerk waargeneem tot dat hy aan die begin van 1866 na Willowmore 'n beroep aanneem. Hier was hy egter nie lank nie, want hy is in dieselfde jaar oorlede.

Die besware teen hom.

Toe die ad hoc-kommissie van die Sinode ondersoek na sake in Franschhoek kom instel het, kon 'n paar klagte teen die leraar te boek gestel word.<sup>3)</sup> Ons het reeds gesien dat hy geweier het om die kerkraadsvergaderinge by te woon. Dit het hulle teen/.....

1. K.B. 1864.

2. De Zuid-Afrikaan, 18 Feb. 1864.

3. Sien hul rapport aan die Sinodale Kommissie, S. 2. 4. p. 61 v.v. K.K.A.

teen hom gehad. Ook dat hy van tyd tot tyd groot verdeeldheid en daarom steuring in die gemeente veroorsaak het. Hy verlaat b.v. die gemeente sonder kennisgewing aan enige lid van die kerkrad, sodat allerlei ongereeldhede plaasvind. Hy deel verder die nagmaal uit sonder om dit self te gebruik.

'n Ernstige aanklag teen hom was dat hy hom aan drank-misbruik sou skuldig gemaak, het. Ds. Ham self het nie ontken dat hy wÿn drink nie, maar het verklaar dat niemand hom nog ooit dronk gesien het nie. Hy sê: „Wÿn en spiritualia sÿn even goed saken ons door den Hemel geschonken om te gebruik en niet om te misbruik(en); men kan te veel gebruik maken van alles selfs van water, koffÿ, thee, doch inter uti et abuti maxima est differentia.” Hy sou ook van die kansel gesê het dat die Here Jesus 'n vriend van bruilofte en maaltye was en daarom die gemeente aanspoor om sy voorbeeld te volg.<sup>1)</sup> In teenstelling met wat hy hierbo sê, het 'n paar lidmate getuig dat hulle hom wel in 'n onbekwame toestand gesien het. Die Sinodale Kommissie het met die behandeling van die verslag hom binnegeroep, gewaarsku om versigtig te wees en selfs alle skyn van kwaad te vermy.<sup>2)</sup>

Ds. Ham was sterk gekant teen bidure soos dit in daardie dae onder invloed van die herlewing tot ontplooiing gekom het. Hy sou, volgens die aanklag, een persoon afgeraad het om daaraan deel te neem en gesê dat hulle gek sou word as hulle langer daarheen gaan. Hy self erken dat hy selde gebruik maak van openbare bidstonde, maar nie daarteen is, mits daar geen ongereeldhede plaasvind nie. Hy sal hom hou aan die aanbeveling van die Sinode in die verband. Sy rigting word hierin duidelik gesien.

Die Franschhoekse leraar het openlik met die Liberalisme wat/.....

- 
1. De Volksvriend, 30 Apr. 1863.
  2. Acta Syn. Comm. 1864, 8. 2. 4. p. 22.

me wat toe met alle krag sy kop in die Kaapse kerk opgesteek het, gesimpatiseer. Toe ds. Kotse van Darling by die Sinode van 1862 in die gedrang kom na aanleiding van sy opmerking dat vraag sestig van die Heidelbergse Kategismus taal is wat pas in die mond van die heiden, het ds. Ham laat aanteken dat hy in die minderheid m.a.w. ten gunste van ds. Kotse gestem het.<sup>1)</sup> Dit het sommige van sy gemeente hom ook ten kwade gedui. Sy liberale gevoelens het verder openbaar geword in sy beskerming van ds. van Warmelo wat van Holland oorgekom het maar geweier het om hom aan 'n colloquium doctum deur die Kaapse kerk te onderwerp. Omdat hy die wette nie onderteken het nie, mog hy nie gereeld preek nie. Tog het ds. J. Spyker hom vir ses maande laat preek en het ds. Ham hom in Franschoek ook op die kansel toegelaat.<sup>2)</sup>

Ter verdediging het hy meermaal in sy voorafsprake gesê dat die gemeente nie weet wat „liberaal” beteken nie.<sup>3)</sup> Hy sou ook regsinnige predikers nie op sy preekstoel laat preek het nie. Toe serw. Groenewoud in die skoolvertrek godsdiens gehou het, het ds. Ham in 'n naburige kamer gaan sit om 'n sigaar te rook en so hard gepraat dat verskeie toehoorders gesteur was daardeur. Met ander geleenthede was hy teenwoordig in die erediens, maar het ook daar hom onstigtelik gedra.<sup>4)</sup> Hy van sy kant kla dat predikante soms buite sy wete om gevra is om in sy gemeente preekbeurt te kom waarnaem.<sup>5)</sup>

Eindelik die voorlees van gedrukte leerredes. Hy sou op Sondag 19 April 1863, hom daaraan skuldig gemaak het. Vroeër het dieselfde verskynsel hom voorgedoen. Wat sommige veral gelaak het, was dat hy na bogenoemde Sondag nie geskroom het om  
 hom/.....

- 
1. Acta Synodi 1862, sessie 31.
  2. De Volksvriend, 20 JUN. 1863.
  3. Idem, 30 April, 1863.
  4. S. 2. 4. p. 88. K.K.A.
  5. K.B. 1862. 355.

hom te verdedig nie en ander uit te kryt vir lasteraars en eerroers en te ontken dat hy ooit gedrukte preke gebruik het. Ds. Ham het voet by stuk gehou dat hy nie plagiaat gepleeg het nie en daarop gewys dat die kerkraad dadelik na die godsdiens-oefening die preek moes opgevra het, want dan kon die lede hulle van die waarheid oortuig het. Die kommissie van ondersoek se bevinding was dat hy hom nie heeltemal van die aantyging kon vryspreek nie!<sup>1)</sup>

#### As prediker.

Pieter Nicolaas Ham was 'n gesogte prediker. Dikwels is hy gevra om met geleentheid op te tree en die woord te doen. Op 10 Oktober 1844 hou die S.A. Bybelvereniging hul jaarvergadering in die Lutherse kerk, Kaapstad en preek Ham 'n „tref-fende redevoering“ oor Luk. 10 v. 18: „Ik sag den Satan, als een bliksem, uit den hemel vallen“ en noem Bybelverspreiding een van die mees gepaste middele om die eindelike ondergang van die ryk van duisternis te bewerkstellig.<sup>2)</sup> 'n Jaar daarna is hy andermaal die feesredenaar.<sup>3)</sup>

Op die ses-en-veertigste jaardag van die S.A. Sending-genootskap preek hy uit Neh. 2 v. 20: „De God van den hemel, die sal het ons doen gelukken“, wat as 'n woortreffelyke leer-rede<sup>4)</sup> bestempel word. Met die herdenking van die aankoms van die Franse vlugtelinge in Suid-Afrika neem hy tot teks Job 33 v. 13: „My antwoordt niet van al syne daden“. By dié geleentheid plaas die heer D. Hugo 'n bierglas met water op die kansel<sup>5)</sup> 'n glas deur sy voorouers uit Frankryk saamgebring.

Neg voor sy toetree tot Franschoek en tydens sy eerste bedieningsjare het hy telkens die pen opgeneem om heel korte bydraes tot De Honigby te lewer. Dit was in die vorm  
van/.....

- 
1. S. 2. 4p. 61, K.K.A.
  2. De Honigby 1844. 320.
  3. De Zuid-Afrikaan, 17 Okt. 1845.
  4. De Honigby 1845. 329; De Zuid-Afrikaan, 14 Okt. 1845.
  5. De Zuid-Afrikaan, 6 Sept. 1844.

van kort anekdotes of artikels b.v. „Anecdote van den Wel-Eerw. Heer Jacob Hervey“, 'n eenvoudige verklaring van Hand. 2 v. 1 - 4, „De Gezondste en Gelukkigste Plaats in de Wereld“, 'n ondersoek na die leer, omtrent die doel van Jesus se lyde en sterwe, volgens die vier evangeliste, en 'n brief van 'n misdadiger onder die vonnis van die dood.<sup>1)</sup> Hier leer ons hom ken as iemand met 'n vaardige pen en as iemand wat 'n gesonde teologiese opleiding agter die rug het.

Ham was besonder net in sy handskrif, in die hou van notule en in die bewaar van archivalia. Elke los blaadjie het hy sorgvuldig gehou, soos b.v. die afkondiginge wat voorleser Voigt aan hom op die kansel oerhandig het. Hy het 'n mooi sisteem van elke keer die name van gekose kerksraadslede af te merk wat hy afgelees het. Hierdie netheid word ook gesien in die afskrywe en voorbereiding van sy preke.

Ons besit vier geskrewe leerredes van hom, twee in 'n tydskrif en twee afsonderlik in druk uitgegee. Sy gewone metode is dié van die analities-sintetiese met 'n eenvoudige indeling van sy stof soos sy preek oor die woorde van Jesus: „Wilt gyliden ook niet weggaan?“ (1) die vraag en (2) 'n hartelike belydenis.<sup>2)</sup> Die toepassing kom alreeds aan die einde en vorm 'n geringe deel van die geheel.

Daartussen het hy kostelike juweeltjies, soos in sy toepassing in sy lydenspreek oor Matt. 26 v. 6 - 13.<sup>3)</sup> „O! dat wý dit van harten geloofden; dat wý in dat lyden onse versoening/...

- 
1. De Honigby 1844. 175, 191, 252, 327.
  2. Leerrede over Johannes VI : 67 tot 69 uitgesproken in de Evangelisch - Lutherse kerk, op den avond van den 24 sten October 1847 door P.W. Ham, predikant te Franschoek (Van de Sandt de Villiers, Kasteelstraat, Kaapstad 1847).
  3. De salving van Jezus te Bethanië door Maria, uitgesproken te Franschoek, den 9den Februarij 1845, De Honigby 1845. 107 - 117.

versoening met God mogten soeken. Dit is de eenige weg, sondaren! dien wý u tot behoudenis kunnen aanwýsen. Slaat dien weg in, en soekt daarin uw heil en saligheid. Jesus stierf onschuldig aan het kruis, opdat Hy ons, die schuldig sýn, soude vryspreken en in het besit stellen van ongekende saligheden."

Ds. Ham toon egter dat hy hom nie by hierdie geykte Hollandse metode neerlê nie, want in 'n preek oor 1 Kor. 10 v. 12: „Zoo dan die meent te staan, sie toe, dat hy niet valle"<sup>1)</sup> maak hy op voortreflike wyse gebruik van die homilie. Hy het dit veral oor die verloëning van die Heiland deur Petrus te doen en strooi die toepassing soos saadkorrels langs die pad. Hierdie preek is waarlik mooi en doeltreffend.

Veel meer oor die doel en aard van sy verkondiging vind ons in sy afskeidsrede op Stellenbosch uitgespreek.<sup>2)</sup> Nadat hy 16 maande in die Lutherse kerk hulpdiens verrig het, neem hy afskeid om na Willowmore te gaan. Baie wat hy nou sê, geld ook vir Franschoek waar hy die grootste deel van sy arbeid volbring het, al maak hy soms 'n vergelyking en verwys hy hoe aangenaam hom dit was in Stellenbosch. „Geliefden, uwe liefde sal ik nooit vergeten, soo lang ik adem haal!" was sy woorde.

Hy sê dat hy as dienaar van Jesus Christus, in die oortuiging dat Hy geen kunstig verdigte fabel is, sy Naam gespreek het, vir die Jode wel 'n ergernis en vir die Grieke dwaasheid, maar tog 'n krag van God tot saligheid. Na mate hy deur eie oefening en deur gebede in die kennis van ons

Heer/.....

- 
1. De Hongby 1845. 139 - 146,
  2. Afskeidsrede naar aanleiding van Openb. 3: 3a, uitgesproken in de Evangelisch Lutherse kerk, te Stellenbosch, op en 28 sten October, 1865, door P.N. Ham, beroepen predikant te Willowmore (Kaapstad 1866).

Heer en Saligmaker opgewas het, na dié mate het hy hulle meer van Hom geleer.

„Zoo moet ik toch God danken,“ gaan hy voort, „dat Hy my die genade heeft verleend, om naar het beste insigt u het suiver Evangelie van Jesus Christus, sonder eenig mensche-lyk byvoegsel, te kunnen prediken.....Ik heb desen gewyden leerstoel tot geens geleerde verhandelingen of nutteloose twiststukken misbruikt, ik heb my niet veroorloofd, om met swierige woorden van menschelyke wysheid, kunstige welsprekenheid of hoogdravende sprekwysen uwe ooren te streelen, en uwe harten af te trekken van het eenvoudige Evangelie.“ Dit was volkome waar, sy prediking was eenvoudig en doeltreffend.

Heel evangelies klink dit aan die einde: „O, komt dan sorgeloos en onverschilligen, komt wereldsgesinde, die uwe dienst tusschen Christus en de wereld wil verdeelen, komt allen tot Jesus, die u roept: bekeert u, staat af van uwe ongeregtheden en bedenk nog op desen uwen dag wat tot uwe vrede dient. Nu is het nog de wel aangename tyd der saligheid.“

As ons Pieter Nicolaas Ham as prediker moet weeg, dan verbaas dit ons dat hy met sy opleiding, talente en opofferinge in diens van die Meester, nie meer op die kansel tot stand gebring het nie. Hy self gee ons 'n antwoord daarop. Hy sê dat hy die Heiland van die wereld en sy noodsaaklikheid, die gewig van die geloof en die goeie werke wel gepreek het, maar „niet met warnte, met dat gevoel en dien yver verkondigd heb, die noodig was om menschenharten te bekeeren.“<sup>1)</sup> Daar was by hom nie daardie vurige gees en evangeliese aandrang wat daar by 'n van Lier of 'n William Robertson was nie.

Dan gaan hy verder deur te sê: „Ik, eindelyk, die als ik op heſ voorbeeld sie, waarmede ik de gemeente in geloof, liefde en in godsaligheid had moeten voorgaan, met  
schaamte/.....

schaamte seggen moet: „Treed, O Heer! niet in het gerigt met uwen knecht, want voor U sou hy niet rechtvaardig sijn. Voor U souden syne werken ook niet vol gevonden worden.” Sy bescheidenheid tref ons terdees, maar, veral wat sy Franschhoekse bediening betref, is dit al te waar, dat sy voorbeeld nie altyd goed was nie. By die korrektheid in die letter van sy prediking het die geheiligde persoonlikheid ontbreek.

Dr. Gottlieb Wilhelm Anthonie van der Lingen.Sy studiejaar.

Ons het van Lier 'n meteor aan ons kerklike hemeltrans genoem wat vir alegs sewe jaar teen die einde van die agtiende eeu sy lig kon laat skyn. In die volgende eeu het nog 'n ster opgekom van geen geringer betekenis as hy nie. Vir 38 jaar het sy lig op die wandelaarspad geval om die weg na Bethlehem's krip en Golgotas kruis aan te wys. As ons by Gottlieb Wilhelm Anthonie van der Lingen kom, ontmoet ons 'n reus onder die predikers. By die besondere talente van die hoof, het hy gawes van die hart gepaar, wat selde in een mens saamgetrek word.

Hy het die lewenslig in Kaapstad op 29 Mei 1804 aanskou en was die seun van Aart Antonie van der Lingen, een van die sendelinge van die L.M.S. en Agatha Catharina van der Scheyft, die aangenome dogter van dr. en mev. Gottlieb Wilhelm Bruckner. Sy eerste jaar het hy aan die oostergrens deurgebring, waar sy vader die lewensbrood aan inboorlinge gebreek het en vir 'n tyd kapelaan van die Cape Corps was, 'n kleurlingregiment as „bufferstaat” tussen die blankes en naturelle. Dit was die dae van Slagteransk en die vierde kafferoorlog, gebeurtenisse wat op sy jong gemoed indrukke moes nagelaat het.

Sy ouers was innig godvresende mense en het baie dae in die veld hulle afgesonder om te bid en vas. Die vurige begeerte was dat die enigste seun evangeliedienaar moet word. Sy vader het hom daartoe voor sy geboorte en die moeder by die doopsbediening aan die Here gewy. Die kleine Wilhelm se geliefkoosde vermaak was om die „prediker” te speel. Van 'n preekgestoelte, twee kissies op mekaar gepak, spreek hy sy hoorders toe en verwag strenge oplettenheid van hulle. Soms kla hy oor die ongodsdienstigheid van sy speelmaats wat sy

„gemeente”/.....

1)  
„gemeente“uitmaak.

Wat ook al sy nering eendag mag wees, sy ouers besluit om hom na Holland te vergesel teneinde aan die seun die beste voorbereiding vir sy lewenswerk te besorg. Die oupa was nog in die lewe in Harmelen, naby Utrecht, en het sy seun met gesin hartelik verwelkom. Die jare 1818 - 1821 het die jonge van der Lingen op die Latynse skool van Utrecht deurgebring om daarna sy voorbereidende studies in die letters en filosofie aan die universiteit te begin. Sy vlugheid van gees en stalle geheue het dadelik die aandag getrek. In 1821 sterf sy vader wat vir hom 'n groot verlies beteken. Gedurig het hy om die bekering van sy kind gebid; hy moet bekeer, hy sal bekeer word! Wilhelm kon die sterfbed-indrukke nie maklik van hom wegskuif nie.

Na sy kandidaats-eksamen studeer hy onder die besieling van Rooyaards, J. Heringa en H. Bouwman. Net soos met baie ander alumni die geval was, het hulle hom <sup>nie</sup>/deurslaggewend beïnvloed sodat hy 'n supra-naturalis geword het nie; maar was sy huislike agtergrond waarskynlik te evangelies - piëtisties daarvoor. Dit lyk eerder of hy in hierdie tyd voeling met die reveil-mense in Holland gesoek het, want da Costa het in latere lewe steeds in hom 'n bewonderaar gevind. <sup>2)</sup>

Toe hy 21 jaar oud was het sy bekering plaasgevind. Hy het onseker van sy roeping geword en probeer wegkom van die stroom waarin sy ouers hom gelei het, maar tevergeefs. Gedurende die liewe se lentetyd het hy mooi blomme gepluk, dog hulle het by die eerste aanakouing reeds verwelk. Die Roos van Saron, die Lelie van die Dale, het hom nog nie bekoor nie:

Hy/.....

- 
1. M. de Villiers: Herinnering aan het leven en den arbeid van den weleerw. seer geleerden heer G.W.A. van der Lingen, in leven herder en leeraar der Nederd. Gereformeerde Gemeente aan de Paarl (Utrecht 1874), 7: Lewensbesonderhede hoofsaaklik hieraan ontleen. Voortaan aangehaal as „Herinnering“.
  2. Tydpreeken, 101; F.L. Cachet: Vyftien jaren in Z.A., 9.

Hy wil soldaat word, maar sy moeder waarku hom: jy moet die Here seek; jy moet bekeer word, dan sal jy sy herout wees!

'n Eenvoudige landman sê aan hom: kom tot 'n vaste besluit! 'n woord wat deur 'n leraar in die kerk herhaal word. 'n Roomsgeesinde boek oor 'n strenger lewensreëling laat hom besluit om meer nougeset te wandel, maar die bederf van sy hart ontmoedig hom. Daarna ontvang hy 'n naamlose brief met hierdie inhoud: jy is nie ver van die koninkryk van God nie; deur die pogings egter beërf jy dit nimmer nie, maar sien op Jesus. Hierdie oortuiging van die volslae onmag van die mens tot enig goed het later 'n kenmerk van sy prediking geword. Vir agt maande bly hy in die aaklige toestand van duisternis en rondalingering.

'n Gelowige student, Kohlbrugge, voeg hom toe: jy is deur die satan gebind. Teen die aand van die volgende dag, terwyl hy heen en weer in sy kamer stap, kom daar 'n wonderlike gewaarwording oor sy hele liggaam terwyl 'n rooivaal gedaante van hom weggaan en deur die venster verdwyn. 'n Vreugde en liefde vir die Verlosser oormeester hom nou, 'n ekstatiëse <sup>1)</sup> ondervinding wat hom tien dae bybly.

In hierdie dae ontmoet hy Karl Gutschlaff wat hom voor<sup>2</sup> berei vir die sending in China. Hierdie aanraking het by hom die drang na die sendingveld wakker geroep, maar sy moeder wou hom na China nie volg nie, sedat hy die plan laat vaar. Sy professore dring by hom aan om sy doktoraal af te lê, maar hy weier omdat hy slegs wou promoveer met die oog op China en in Suid-Afrika wil hy tog nie by sy ander medebroers uitblink nie. Die dood van Hendrik Faure en 'n beroep na Swartland laat hom besluit om van verdere studie af te sien en na sy vaderland te vertrek. Hy word eers deur die Haugse Kommissie op 25

Maart/.....

---

1. Herinnering, 19.

Maart 1830 plegtig georden met oplegging van hande. Dit word vertel dat sy proefpreek wat die teks „Maar die natuurlike mens neem die dinge van God nie aan nie” verhandel, aanstoot gegee het. Daar was 'n gemor onder die gehoor, omdat hulle meen dat 'n pas beginnende nie so'n hoë toon hoort aan te slaan nie.

Eerste en enigste gemeente.

Die plek op Swartland is reeds deur die Goewerneur aangevul, sodat van der Lingen in die Paarl aangestel word. Op 5 Junie, die datum waarop die doop 27 jare tevore aan hom bedien is, is hy in 1831 daar bevestig. Ds. A. Faure, sy latere intieme vriend, het die bevestigingsrede uitgespreek, terwyl hy die namiddag sy intreespreek lewer na aanleiding van Ps. 51 v. 17: „Heere, open myne lippen, soo sal myn mond Uwen lof verkondigen”. Die hoofgedagtes was: (1) die ver- naamste plig van die leraar, om die lof van die Here te ver- kondig; (2) sy eie onvermoë om hierdie plig betamelik uit te voer en (3) die noodsaaklike voorwaarde en die onfeilbare middel daartoe, die genot van die guns en die gemeenskap van God.<sup>1)</sup>

Die eerste indruk van die gemeente was bekommering en droefheid, want sy voorkoms was sieklik en treurig. Die Goewerneur kon nie begryp dat die Paarl so'n sieklike jongeling begeer nie. Sy hele vertoning was van iemand wat aan die grense van die tyd wandel. In die namiddag egter is die vrees by baie getemper, want hy voer die Woord met veel vuur en lewe; sy stem is ook sterker as wat verwag is. Die pre- diking word met hoë ingenomenheid geniet en die gemeente gaan met vreugde uitnekaar. Hulle byvalsbetuiginge het hom

eintlik/.....

---

1. G.B.A. Gerdener: Enkele groot figure uit ons kerkge- skiedenis: ds. G.W.A. van der Lingen, K.B. 1946. 601.

eintlik gekwel, soos hy aan A. Faure skryf.<sup>1)</sup>

In sy enigste gemeente het ds. van der Lingen sy beste kragte gegee; daar het hy op 7 November 1869 in die tuig gesterwe. Hy het die gemeente kragdadig in die geloof opgebou, veral van die kansel af. Die curia specialis was by hom nie lieflingsarbeid nie, want sy persoonlikheid was te geslote sodat hy nie maklik met sy medemens gemeng het nie. Meermaal moes sy moeder hom opwek om 'n kranke te gaan besoek. Later is hy met Mej. Vos van Kaapstad getroud, wat hom getrou bygestaan het.

Volgens sy dagindeling blyk dit dat baie ure op 'n dag aan wetenskaplike studie bestee is. Algaande het ds. van der Lingen 'n buitengewone geleerde geword, sodat sy invloed nie dié van 'n gewone dorpspredikant gebly het nie, maar ver die grense van sy gemeente oorskry het. Ds. F. Lion Cachet meen<sup>2)</sup> dat sy groot geleerdheid nouliks in Afrika waardeer is. Ds. P.D.M. Huet wat steeds getuig dat hy in die Paarlse pastorie die Pêrel van groot waarde ontdek het, skryf dat hy nimmer iemand ontmoet het met so'n allesomvattende kennis nie, in wie se brein sulke onuitputtelike en steeds vermeerderende skatte van geleerdheid verborge was. By die maaltye is hy onthaal op 'n verhandeling van die mees uiteenlopende vakke van studie of kuns; oue en nuwe, Oosterse en Westerse taal en letterkunde, krygskuns, natuurkunde, godgeleerdheid, mineralogie, die profesieë. Hy dink dat van der Lingen in Europa groot vermaardheid sou verwerf het.<sup>3)</sup> 'n Soortgelyke getuienis kom van 'n ander waarskynlik A. Faure: „Elk woord, dat over sijn lippen ging, was wetenschap.”<sup>4)</sup>

Sy boekery het hierdie getuienisse dat studie vir hom

'n /.....

- 
1. Herinnering, 28.
  2. Vyftien Jaren in Z.A., 9.
  3. Levenschets, 35.
  4. K.B. 1869. 376, in memoriam.

'n liefhebber, dat hy 'n universele geleerde was, gerugsteun. Een-derde van sy boeke (1,000 werke) was godgeleerd, een-vierde geskiedenis en oudheidkunde, een-vyfde tale, letter-<sup>1)</sup>kunde en sedes van nasies, een-vyfde wysbegeerte en aardkunde. Teologie was egter steeds die middepunt van sy studie. Sy rakke was gepak met die preekbundels van Hugh Blair, C. Broers, G. Bonnet, E.A. Berger, Bossuet, Bouillier, W. Broes, P. Chevallier, I.J. Dermout, Lucas Egeling, J. Heringa, J. Hinlopen, J. Clarisse, Broerius Broes, B. Smytegeld, en J.H. van der Palm.

Niemand was seker meer geskik om as die eerste hoogleraar van die pasgestigte kweekskool te fungeer nie, maar sy beskeidenheid het dit nie toegelaat nie. Hy het die beroep bedank<sup>2)</sup> en verkies om in eie gemeente te bly.

Hierdie veelsydigheid van kennis was nie 'n dorre verstandelike besit nie. Al is dit jammer dat hy nie meer geskryf het nie, straal sy kennis en vernuf deur al sy preke en artikels wat hy soms vir die kerklike tydskrifte gestuur het.<sup>3)</sup> 'n Groot werk oor De Openbaring het onvoltooi gebly.<sup>4)</sup> Ander produkte van hom word later genoem.

In kerklike vergaderings was hy 'n man van buitengewone gewig; sy woord het altyd 'n diepe indruk gelaat. Dit het nie in sy aard gely om 'n werksame aandeel aan die beraadslaginge te neem en b.v. sy plek agter die groentafel te vind nie. Hy het te veel teen die stroom gebeur en in die reël net gepraat wanneer beginsels op die spel kom. By die sinode van 1837 dien hy op die kommissie van revisie. Sy ongesteldheid verhinder/.....

- 
1. Catalogus van een Belangryke Versameling goed geconditioneerde Boeken in onderscheidene talen, atlanten en kaarten, nagelaten door Ds. G.W.A. van der Lingen, p.p. 74, 4003 items.
  2. Herinnering, 64.
  3. K.B. 1849. 75 (Apokaliptiese Fragmente).
  4. Verhandeling over de Apocalypse en de daarin geopenbaarde Geschiedenis der Kerk van Christus, soveel vervuld is; dit word gesê dat die skrywer die stuk gestaak het, omdat die papier, waarop dit gedruk is, so sleg was.

verhinder hom om die Sinode van 1842 by te woon wat tot die bekende Ordonnansie van 1843 gelei het. Hy was egter nie tevrede daarmee nie, soos blyk uit sy Staat van Godsdiens in 1843, waar hy van die Ordonnansie praat as 'n „administratief-despotische wetsontwerp, hetwelk aan ons Kerkgenootschap deselfde onvruchtbare moeite, verdeeldheid en scheuring voorspelt, die door deselfs welgelykend voorbeeld in de Nederlandsch Kerk reeds is veroorsaakt geworden.”<sup>1)</sup> Ds. van der Lingen het oor elke onderwerp 'n onafhanklike beskouing gehad.

Daarby het hy oor 'n welversnede pen beskik wat sy teenstander meedoënloos kon hekkel. Ds. A. Faure het in De Gereformeerde Kerkbode berig dat die Sinodale Kommissie lede waarsku om nie die geloof te slaan wat sekere koerante omtrent kerklike persone en sake skryf nie, want sodoeende word berigte die wêreld ingestuur wat onnoukeurig is. De Zuid-Afrikaan reageer skerp daarteen en val die kerk aan. Nou skryf van der Lingen spitsvondig en geleerd:<sup>2)</sup> „Aangesien men nu die kennis niet in den slaap, of in het leven van een courant verkrijgt, zult gij het niet vreemd vinden, zoo ik u vraag, waar gij dezelve gevonden hebt? Is het boeken? Zoo, zeker? Dan zult gy wel zeer familiair sijn met de verzamelingen van Bahsius, Mabillon en Muratori; met de Bysantyners en Benedictyners; met de Acta sanctorum? Hoe hebt gij dit alles nooit gesien? Ook niet de magazynen van Basnage, Schilterus, Struvius, Leibnitz, Westphalen, Menckenius Hakluyt, ens. ens? Hoe is het mogelyk? Maar gij kent toch du Chesne en Thuanus, of ten minste, Dupin? He! ook niet Baronius, de Centuriatores en de Martelaarspiegel?.....” Hy was 'n moeilike man om mee te disputeer.

Maar/.....

- 
1. Algemeen Reglement van 1816, sien Gerdener a.w. 601.
  2. Iet, doch niet al, wat er te zeggen is op de oordeelveling van den Papieren Zuid-Afrikaan over eene sekere waarschuwing, welke de Synodale Commissie der Ned. Geref. Kerk in Z.A. uitgevaardigd heeft. Een woord voor leden der Nederduitsche Geref. kerk: G.W.A. van der Lingen (Kaapstad 1853).

Maar om tot sy gemeente terug te kom. Volgens die verslae wat hy elke jaar aan die Ring opstuur, het die kwik van die warstemeteter ook op en af gegaan. Een ding egter staan vas, sy Woordprediking was 'n magtige hefboom om die gemeente en gemeenskap op te hef. Voor die jare 1860 en 1861 was daar 'n doodsheid wat hom diep gekwel het. Hoe heerlik dan wanneer hy na die herlewing in 1861 kan getuig dat die kerkgang so goed is dat mense op die trappe van die galery moet sit en andere by die deure omdraai. Waar so baie mense gewoonlik 'n geruis veroorsaak, is die kenmerk van sy eredienste 'n diepe stilte wat aandui dat daar groter opmerk-<sup>1)</sup>saamheid en belangstelling in die prediking is.

#### As prediker.

'n Man van middelbare lengte, so sien Frans Lion Cachet hom, met 'n ernstige en tog so vriendelike gelaat, en met 'n paar oë wat alles wil deurdring. Yster wilskrag, deur Chris-<sup>2)</sup>telike liefde, deur genade getemper, was op sy gesig geteken. 'n Engelsman beskryf hom in die sinodale vergadering „with his blanched face, grey locks, velvet skull-cap, and lappet dropping from the shoulders down the back”. Hy lyk soos een van die lede van die Sinode van Dordt wat weer in lewende lywe sy verskyning op aarde gemaak het.<sup>3)</sup>

Hy was nooit robuus wat sy liggaamskragte betref nie. Die koors wat hom voor sy intree aangetas het, het nou sy gestel begin verwoes. Elke derde dag op 'n bepaalde uur in die nêre kom die aanval terug. In 1838 vat hy een nag 'n dodelike koue, wat later in galstene ontwikkel, sodat hy vir drie jaar sy kanselwerk nie kan behartig nie. Vier jaar later het hy selfs 'n lang reis deur die Karo onderneem om herstel te soek. Dikwels het hy hom vroeg in die koue waters van die Bergrivier gaan baai.

Na/.....

- 
1. Staat van Godsdiens, l. l. 9 p 344, K.K.A.
  2. Vyftien Jaren in Z.A., 9.
  3. Herinnering, 129.

Na die hervatting van sy pligte het dit geblyk dat die beproewing hom geestelik gebaat het. Die aardse tiran, die openbare mening, het hy nie meer gevrees nie; of hy geprys of gelaak word, kan hom nou nie meer skeel nie. Hy is net verantwoordelik teenoor God. Nie dat hy vantevore nie bewus was van hierdie dinge nie, maar nadat hy die doodsweet op die gelaat gehad het, sit die waarhede nie in sy gedagtes alleen nie, maar ook in sy gevoel.

Ook sy prediking het nou verandering ondergaan. „Het is my in het gedenkwaardige tydstip gebleken,” sê hy, „dat hy die getrouwe dienstknecht is, die zich onwederstaanlyk gedrongen voelt om in de stulpen der armen, op de uitgangen, en waar de gelegenheid aanbiedt, zoo goed als hy kan, al ware het ook met onbesnedene lippen en kinderpraat, den Heer Christus te verkondigen.”<sup>1)</sup> Hy het hom voorgeneem om nou nie meer na die reëls van die gewoonte of van die welsprekenheid of die predikkunde te preek nie, maar eenvoudig en reguit te praat. Meer as een hoogleraar in die welsprekenheid sal eendag in die vuur gewerp word omdat hy sy talent begrawe het.

Uit sy oorgeblewe leerredes blyk dit egter nie dat hy bogenoemde voorneme uitgevoer het nie, want hulle is nog net so degelik opgestel soos voorheen. Maar hy het hom waarskynlik in sy toepassing, waarvan hy dikwels 'n skets voor hom gehad het, meer daarop toegelê om die behoeftes van sy gehoor te raak.

Het soos sy vriend, Abraham Faure, het hy voortdurend met liggaamlike swakheid te kampe gehad. Dit was doringsteke en vuisslae, in die taal van die Apostel Paulus. Dit het soms aanleiding gegee tot vlae van mismoedigheid. In sy laaste jare het daar verder huislike besoekings gekom wat hom neergedruk het. Van 16 kinders het hy op een stadium reeds 7 nees afgee. In een van sy troostelose momente het hy

onverwags/.....

---

1. Idem, 60, 61.

onverwags in die Wynbergse kerk die Here Jesus gesien, terwyl hy hoor: „Simon, gý wankelmoedige, soon van Jona, soon der duive, der schuchtere, hebt gý mý lief?”<sup>1)</sup> Van der Lingen was meermaal onderhewig aan sulke visioene b.v. by sy bekering. Op die bekende Pinksterdag het hy sneeuvalke sien val en teen die aand van sy lewe ondervind hy ook 'n sonderlinge ontmoeting van 'n man en vrou wat ewe skielik verdwyn.<sup>2)</sup>

Sy neerslagtigheid was nie slegs aan liggaamlike en huislike beproewings te wyte nie. Sedert sy bekering het hy die Here nog in 'n knegtelike gestalte gedien en nie die ware vryheid geniet nie. Nu en dan breek daar vir hom 'n ligstraal deur, maar dit is van korte duur. In 'n oomblik van pessimisme kla hy: „En hierin (evangeliebediening) ben ik onbekwaam, voorbeeldeloos onbekwaam, onbegryplik onbekwaam. Lusteloos en afkeerig omdat ik onbekwaam ben.”<sup>3)</sup> Met Pinkster 1861 het daar vir hom gelukkig verandering gekom. Hy het hom by die biddende gemeente as 'n hulpelose gevoeg, maar kon later triomfantelik uitroep: „Het is Pinksteren! Het is Pinksteren!” Tot sy moeder sê hy: „Hoevele jaren heb ik den Heer niet als knecht gediend, maar wat is het onderscheid groot Hem te dienen als een soon! nu besef ik die vryheid.”<sup>4)</sup>

Wat ons egter ook tref, is dat hierdie verandering in sy geestelike ontwikkeling nie 'n ge-sweredigde uitwerking op sy prediking gehad het nie. Dit skyn of hy in hoofsaak as prediker gebly het wat hy in so'n hoër mate was, 'n Elia, 'n verkondiger van Gods volkomehede en die mens se verdoemelikheid.<sup>5)</sup>

Sy houding op die kansel sowel as in die omgang met die gemeente was eerbiedwekkend en tref elkeen wat op hom let. Sy voorkoms was deftig, soms gestreng. Sy preke word uitgeskryf, maar hy probeer dit te memoriseer en bestudeer sy gebare vir elke/.....

- 
1. Idem, 95.
  2. Idem, 290.
  3. Idem, 94.
  4. Idem, 198.
  5. Elpis 1874. 186.

vir elke onderdeel. Na enige jare onder sy gehoor te wees, sê 'n lidmaat dat as hy doof moet word, sal hy, deur op ds. van der Lingen te let, weet watter onderwerp hy behandel, weens die noukeurigheid van sy gestikulasies. Sy stem, alhoewel nie baie sterk nie, klink helder en aangenaam, sodat dit die hoorder nie vermoei nie. Sy styl was enigins stroef en alleen die opmerksame hoorder kon sy redeneringe met vrug volg. Hy het egter in 'n hoë mate die kuns verstaan om die verhandelde op die hart van die gemeente te druk.<sup>1)</sup>

Hy het veel arbeid bestee aan die voorbereiding vir sy kanseloptrede en het geen middel ongebruik gelaat om 'n volledige verklaring van die gekose stof te gee nie. Sy manuskrip is vol van Hebreuse letters. Hy maak gebruik van die grondteks<sup>2)</sup> en vergelyk dit dan met ander vertalings.<sup>3)</sup> Die studie van filologie en vergelykende taalwetenskap was een van sy stokperdjies. Sy leerredes was verskriklik lank. Ds. J.R. Albertyn Sar., gee sy herinnering van so'n erediens, hoe die preek alleen een uur en die nagebed 20 minute geduur het.<sup>4)</sup> Ds. van der Lingen kon egter dit nie oor sy hart kry om die gemeente onvoldaan huistoe te stuur met nie gencegsame materiaal om te oordink nie.

Die Paarlse leraar was beroemd vir sy oratoriese talent.<sup>5)</sup> Dikwels is hy versoek om in Kaapstad te preek by die jaarlikse vergadering van die sendelinggenootskap of van die Bybelvereniging. Hy het die saad van die lewe aan alle plekke gesaai. Veral het die gelowiges in sy gemeente sy preektalente geniet en hulle geskaar rondom hom om versterk te word.<sup>6)</sup> Die gewone man het hom moeilik begryp, want hy het

nie/.....

- 
1. Herinnering, 33.
  2. Tydpreeken door G.W.A. van der Lingen, in leven predikant der Nederduitsch-Gereformeerde Gemeente aan de Paarl (Paarl, D.F. du Toit 1880), 35, 51.
  3. Heidelbergse Kategismus, Sondag 10 p. 19. Sy preke oor die Kategismus is vir ons in manuskripvorm bewaar gebly en is aan my geleen deur Prof. dr. D.J. Keet.
  4. Leven en Preken, 26.
  5. Het Volksblad, 3 Des. 1857.
  6. K.B. 1869. 376.

nie neergedaal na die vlak van sy lewe nie, maar probeer hom optrek na sy hoogte toe.

Hy het verskeie elemente van ware grootheid besit, maar mis die harmonie van die onderskeie bestanddele wat nodig is om 'n karakter van die eerste grootte te vorm. Ds. van der Lingen was te afgeslote van natuur en het selde met mense vry omgegaan, sodat hy hul behoeftes nie beter kon leer ken nie. As huisbesoek by hom meer aan die orde was, sou die sielkunde-element meer tot sy reg in die kansel gekom het. Hy het verder oor geen praktiese sin beskik nie, getuige die mislukkinge van sy bank- en die Namakwalandse kopermyn- onder-<sup>1)</sup>neemings. In meer as een opsig was hy eksentriek en staan in dié en ander opsigte baie naby aan di. Robert Shand en Dirk van Velden. 'n Mens moes hulle van naby ken om hulle reg te waardeer.

Voordat ons tot die behandeling van die verskillende maanseringe van sy verkondiging oorgaan, staan ons nog 'n oomblik stil by die prediker as volkman. In teenstelling met sy intieme vriend, A. Faure, en sovele ander van sy kollegas, het hy die vryheidstrewes van die Voortrekkers met sy sienersoog raakgesien en hulle belange in die Sinode bepleit. Die Herderlike Brief van 1837 wat soveel aanstoot aan die emigrante besorg het, het in ds. van der Lingen van die Paarl 'n gedugte teenstander gevind. Gen. A.W.J. Pretorius het hom dan ook in radeloosheid na hom gewend „om een goede gereformeerde Leeraar” en daarby gevoeg „terwyl wý weet dat U Ed. een<sup>2)</sup> ware Afrikaan ben”.

In die Sinode van 1857, toe die stigting van die kweekskool onder bespreking was, het hy voorgestel dat „de Hoogleeraren niet alleen op die kweekakool, maar op die studenten collegien en in hunne huisgesinnen Hollandsch zouden spreken.”<sup>3)</sup>

Hy/.....

- 
1. Herinnering, 92 en 130 v.v.
  2. Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 14.
  3. Acta Synodi 1857, sessie 4; K.B. 1857. 365.

Hy was te bang dat professore van Amerika ingevoer en die Nederduitse karakter van ons kerk daardeur in gevaar gestel word. Sy voorstel het met meerderheid van stemme verongeluk. Ds. S.J. du Toit getuig dat ds. v.d. Lingen die eerste was om liefde vir die Afrikaanse taal by hom op te wek. Deur hom is hy oorreed om vir die admissie-eksamen 'n Griekse Herdersang van Theokritus in Afrikaans te vertaal, om aan te toon hoeveel <sup>1)</sup> beter Afrikaans as Hollands is. In hierdie opsig was die Paarlse leraar 'n ware Voortrekker gewes.

#### Geweteprediking.

In die tydperk van sy swaarkry en lyding het hy hom voorgeneem om sy prediking beter in te rig tot sondecortuiging en te onderskei tussen hulle wat net „Here, Here” roep en hulle wat wel die wil van die Vader doen. 'n Algemene voorstelling van die sonde, sê hy, doen in sy dae geen nut nie; dat almal sondaars is, is 'n goeie verskoning vir elkeen in die besonder dat hy dit ook is. Praat 'n mens oor die sonde hoe hard, niemand trek hom dit aan nie, maar vind selfs genoeë daarin. „O, dit was so'n ernstige preek”, sê hulle. Die prediker moet net nie die sonde by die naam noem nie en uitroep: „jy is die man” nie, want dan erger dit hulle. Aldus ds. van <sup>2)</sup> der Lingen.

Sy vinnige optrede teen die Sondagstreine en die ont-heiliging van die Rusdag in die algemeen is oorbekend. Met <sup>3)</sup> soos Robert Shand het hy gestry vir die eer van God. Ander sondes het hy gestreem: „hoogmoed, verwaandheid, in kort boosheid van Beliaskinders; voeg daarby die na alleenheersing strewende leuen, misleiding, bedrog en diewery”. Om in sy eie taal voort te gaan: „Daarin het geloof geven aan  
vertrouwen/.....

- 
1. J.D. du Toit: Ds. S.J. du Toit in weg en werk, 9, 108.
  2. Herinnering, 156.
  3. Vgl. Zondagstreinen, gepreek op 9 Mrt. 1862, Tydpreeken 90.

vertrouwen op, en navolgen van ingevleeschte duivelen, die sich tot leeraren en voorbeelden opwerpen in de kunst om allerlei sulke ongeregtigheden listiglyk te plegen. Kan het naar waarheid ontkend worden, dat, met het geslacht van dit tweede deel der negentiende eeuw, eene weelde en dartelheid opgewassen is, die ten sekeren voorteeken van maatschappelyke verbryseling en goddelyke wraak vestrekt?<sup>1)</sup>

In die artikulering van die ongeregtigheid het van der Lingen geen mensevrees geken nie. Soos 'n profet van ouds het hy hulle gewaaraku. Wanneer die sonde dan by die naam genoem is, rig hy hom tot die gewete. „Beeft sondare?” sê hy in sy leerrede oor Deut. 10 v. 20,<sup>2)</sup> „bedenkende dat gý behoort tot desulken, welken sýn wraakwaard treffen sal; dat soo sýne lankmoedigheid Hem niet weerhield, sýne wraak u nie verdolgen sou. Want als ongeloovige sýt gý hier, of als wereldling of als schynheilige, of als onverschillige ontrent de groote waarheid. Geeft uw geweten in desen oogenblikken geen getuienis van uwe schuld?”

Hy wou die kinders van God opskerp tot waaksaamheid en om hulle gewete te raak, maak hy, net soos Abraham Faure, gebruik van retoriese vrae. 'n Voorbeeld hiervan vind ons in die slot van sy rede oor „Ontwikkeling in boosheid.”<sup>3)</sup> Die Here Jesus moet as koning heers. Maar - wie onderwerp hulle aan Hom, behalwe 'n klein kudde? Onderwerp die trone hulle wat prag, weelde, bloeddronkenheid en geweld dra? Onderwerp die regbanke hulle, wat die heerskappy van Christus verloën, die gemenste vervolg, en handel soos die Bees in Openb. 13? Onderwerp die staatsliede en volksvertegenwoordigers hulle, wat alles bepaal na die skynbare, steeds afwisselende behoeftes van die wêreld en geen hoëre mag erken dan die algemene of besondere belang/.....

- 
1. Preek oor Amos 6 v. 1, Herinnering, 259.
  2. Tydpreeken, 123.
  3. Tydpreeken, 204.

belang nie?" Ensovoorts. Met hierdie vroe bereik hy later 'n kulminerende effek.

Ook die geharde sondaar moes getref en tot ontwaking geroep word. Daarom was dit eens: „Ontwaak, ongelukkig medemenschi! slapen aan den rand des afgronds, de stem word reeds vernomen: ‚De Heer komt!‘ De sterke Held, de Leeuw uit Juda's stam, is in aantogt.” Op 'n ander keer: „Ontwaak, gelukkige die nog op vaste bodem ontwaken kunt. Nog is er uitkomst. Doch gÿ sÿt reeds gekomen tot aan den oever der eeuwige vuursee, die haar gloeiende golven bulderend naar u toe en om u heen wentelt.....Nog eene schrede....en....het is geschied..... en gÿ dwarlt brullende naar de bulderende diepte.”<sup>1)</sup>

Toe hy gewaar word dat die dag van sy ontbinding aanstaande is, het sy corredende en pleitende stem begin swyg en het hy soos 'n Boanerges opgetree. Die regverdige oordeel van God en die verskriklike vergelding aan die veragters van die genade word nou met alle krag van taal verkondig.<sup>2)</sup> Dat hy nie net die lerende element van die preek degelik behartig het nie, maar dit op die hoorders terdeë toegepas en hulle direk toegesprek het, daarin lê veel van die geheim van ds. van der Lingen se sukses.

#### Evangeliese prediking.

Hy het egter nie by die donder van Sinai bly staan nie, maar die sagte gesuis van die evangelieboodskap veelvuldig laat hoor. Na die „eeuwige vuursee” en „bulderende diepte” beluister ons hierdie sagter tone: „Maar nog is er uitkomst - daar verheft sich eene rots, van welke de verbranding verschrikt terug tuimelt! De rots is Golgotha, is het kruis der versoening, is ..... Jesug! Haast u, spoedt u, vliegt naar het kruis..... naar Jezus, om uws levens wil! Ziet, Hy wenkt!....  
Ziet.....

---

1. Herinnering, 37.

2. Idem, 272.

Ziet, Hy strekt syne doorboorde handen naar u uit.... Hoort,  
Hy bidt: „Vader, vergeef hun alles!” Hoort, Hy roept u:  
Wendt u naar My en word behouden.”<sup>1)</sup>

Hierdie kuns het hy meesterlik verstaan om sondaars uit  
te nooi na die Kruis. Met soos by van Lier hoor ons telkens  
in sy toepaslike deel: „vlug na Jesus”.<sup>2)</sup> Sy pleitredes om  
tot 'n keuse te kom, was dringend en raak: „Zullen engelen  
sich over u verheugen of sullen duivelen sich over u ver-  
blyden, vreugde ontsteken in den hemelen of in de hel?  
Medemenschen, ik bid u in den naam van God, komt tot besluit,  
verklaart u voor den Heere Jesus!”<sup>3)</sup> Hy het gedurig die  
sleutelmag bedien, om oep en toe te sluit.

G.W.A. van der Lingen, soos ons hom veral leer ken  
uit die beskrywing van sy dogter, het diep gevoel oor gods-  
dienstige sake en aan sy Here innig verkleef gewees. Dit  
was aan die wortel van sy verkondiging. Toe in die Sinode<sup>4)</sup>  
'n broederlike onderhoud gehou word oor die prediking van die  
kerk, was sy bydrae dit, dat die vereniging met Christus vir  
die kerk, vir elke mens, alles behoort te wees. Die groot  
behoefte is altyd, veral nou, om die behoefte aan vereniging  
en gemeenskaps oefening met Christus te leer ken, die behoefte  
te voel en te treur oor die gemis daaraan. As hierdie ver-  
houding reg kom, sal dit nie nodig wees om prysvrae uit te  
skryf nie.<sup>5)</sup>

Ds. van der Lingen staan bekend as die „Vader van die  
Pinksterbidure” in die Ned. Geref. kerk, omdat die gewoonte  
om tussen Hemelvaart en Pinkstersondag bidure te reël met  
die oog op voorbereiding vir Pinkster in sy gemeente eerste  
posgevat/.....

- 
1. Idem, 37.
  2. Idem, 66, Tydpreeken, 154.
  3. Herinnering, 157.
  4. Acta Synodi 1862, Sessie 48.
  5. Ds. W.A. Krige het voorgestel dat 'n prysvraag oor wat die beste soort prediking is, uitgeskryf sal word.

posgevat het. Hy self het getuig dat tydens die herlewing van 1861 hy 'n persoonlike seën ontvang het. As nugtere Calvinis het hy egter nie met alles in verband met die herlewing saamgestem nie. Die onsuivere Wesleyaanse element van flou te val en almal saam hardop te bid, het hy dadelik teengegaan. In 'n preek, spesiaal daarop gerig,<sup>1)</sup> beskrywe hy dit as 'n onsinnige dwepery. So'n sielskrankheid tas eers die senuweegestel aan en is uiters aansteeklik. Hierdie drywery het die Christendom in die verlede baie skade berokken b.v. toe Luther en Calvyn met die Roomse breek, het die Wederdopers se uitspattighede hul hande vir 'n groot deel gebind.

Deur sy tydige optrede het hy die kwaad in eie gemeente, sowel as elders, afgeweer, en is die goeie uit die herlewing bewaar geword.

Hy het die opwekking in die lig van die profesieë en die tekens van die tye as baie belangrik beskou. Hy meen dat dit die laaste groot herlewing voor die groot afval sal wees en oordeel om gronde vir sy oertuiging in Openb. 15 en Ps. 110 te vind. Daarom mag niemand die teenwoordige opwekking smaad nie.<sup>2)</sup> Hy vind dat die teks Jes. 59 v. 19 b in die herlewing bewaarheid word, dat die Here in stilte en sonder haas daardeur 'n banier opwerp teen die stroom van die Liberalisme.<sup>3)</sup> Oor die waarde van sy toekomsverwagtings handel ons later.

Die Paarlse dominee het van oordrewe gevoel op en onder die kansel niks gehou nie. Hy sê dat „sommigen in desen tyd al seer snakken naar eene sentimentele stichting, door middelen, die het senuwgestel aandoen. Bewegende woorden, roerende voorstellen, aandoenlyke schilderingen

kunnen/.....

- 
1. Tydens de Opwekking, Tydpreeken, 101.
  2. In 'n voorlesing voor die Evangeliese Alliansie, Elpis 1861. 118.
  3. Leerrede oor Jes. 59 v. 19 b, Tydpreeken, 111.

kunnen ongetwyfeld stichten; - maar wat veroorzaken s̄ in den regel meer dan het gesicht van sterfbed - en begrafenis-toonelen, die soo ras vergeten als gesien s̄n? Ware, voor tyd en eeuwigheid vruchtbare stichting heeft altyd oortuiging tot grondslag, die wederom door waarheid geschraagd word<sup>1)</sup>t."

Die Woord van God was altyd sy uitgangspunt en dit het hy gebring aan die gehoor met al die krag tot sy beskikking om die verstand te oorreed en daarna die gevoel en die wil. Da. D. van Velden getuig by sy begrafenis:<sup>2)</sup> „Z̄n redenen waren ontleend aan, gegrond op, geput uit Gods Woord. U die God vreest was s̄ne taal een licht, dat de duisternis opklaarde sodat die diepten der heilgeheimen des H. Geestes u ontsloten werden." Om blywende sēn op 'n preek te verwag, moet die toehoorder eers oortuig word van die waarheid van Gods Woord.

Dit wil egter nie s̄ dat sy leerredes dorre skolastieke vertō was nie. Inteendeel, dit was gerig tot die volle persoonlikheid van die individu en was deurtrek met diepe gevoel. Daar het baie bekerings in sy bediening plaasgevind.

#### Prediking teen die Liberalisme.

Reeds met sy eerste optrede op Suid-Afrikaanse bodem het ds. van der Lingen ondubbelsinnig laat blyk dat hy hom inwerp met die regsinniges. Mense soek om hul diepste behoeftes te bevredig by die wetenskap, die spiritisme of by die vrysinnigheid, s̄ hy, maar daar is net een suiwere bronwel n.l. die kerk met sy regsinnige leerstellinge.<sup>3)</sup> Met sy sensitiewe veelhorings/.....

- 
1. Getuigenissen des ongeloofs, gepreek in die St. Maartenskerk, Kaapstad, 29 Okt. 1852 en Paarl, 16 Nov. 1856, Tydpreeken, 23.
  2. Leerrede uitgesproken te Paarl, Zondag 24 Nov. 1869, ter geleentheid van het onverwacht en soo treffend afsterven van den wel Eerw. G.W.A. van der Lingen door D.v.Velden, predikant der Nederd. Geref. kerk te Lady Smith, Kolonie de Kaap de Goede Hoop (Kaapstad 1870), 10.
  3. Preek oor 2 Kor. 13 v. 13, uitgespreek in Kaapstad op 23 Jan. 1831, N.Z.A.T. 1831. 3 v.v.

voelhorings het hy gou-gou gewaar geword dat die „Rationalismus of Nieuwe Licht“ van Europa op 'n bedekte wyse na sy land ingevoer word. Daarom ag hy dit noodsaaklik om in 1853 'n leerrede uit te spreek, waarin hy die hooftrekke van die nuwe leer verhandel. Hy vergelyk hierdie ongeloof by 'n slang wat giftige basilisk-eiers uitbroei en as dit stukkend gedruk word, bare daar 'n adder uit (Jes. 59 v. 5) Sy konklusie is: „Ieder valsch profet of leeraar mag vergeleken worden tegelyk met den Basiliscus, die alles vergiftigt wat binnen het bereik van sijn adem komt, en met den Satan, die hem vervult met den geest der boosheid en der leugen.“<sup>1)</sup> Hy noem hulle verder „een antichristelyk rot van dieven en moordenaren“. Sy taal was besonder skerp gewees.

In sy verslae aan die Ring het hy nou feitelik gereeld melding gemaak van hierdie gevaar wat die kerk bedreig.

„Rusteloose wargeesten,“ skryf hy in 1850, „sochten yverig voordeel te doen met de vrees, de nieuweidsgesest en de vry-sinnige opgewondenheid; sochten godsdienst en kerk dienstbaar te maken aan de staatkundige beweging, of anders den stroom tegen kerk en godsdienst te keren.“<sup>2)</sup> In 1860 kon hy rapporteer dat min van sy lede van die nuwe leringe „of liever het opgewarnde Arianisme en Socinianisme“ indrukke ontvang het.<sup>3)</sup> Vier jaar later tipeer hy die Rasionalisme as „de geest der hel“ wat hom openbaar deur „het soogenaamde liberalisme (liever: libertinisme) en andere vloekbare samenspanningen tegen God en sijnen Gesalfden“.<sup>4)</sup>

Ook in die kerklike vergaderings het hy sy stem laat hoor. In die Sinode van 1862 hou hy 'n snydende toespraak teen die „leuenpredikers“ wat op 'n oneerlike wyse legitimasie in die kerk verkry het. Hy word deur een van hulle, ds. J.J.

Kotze/.....

- 
1. Tydpreeken, 35.
  2. Staat van die Godsdienst 1850.
  3. Staat van die Godsdienst 1860.
  4. Staat van die Godsdienst 1864.

Kotse van Darling, tot orde geroep. Meteens onderbreek ds. van der Lingen sy rede, kyk met fonkelende oë, soos hy alleen kon kyk, na die kant vanwaar die stem kom, en sê: „Wie is het die m̄ daar tot de orde roept? Zal ik u seggen, wie buiten de orde is? Een wolf in schaaps-klederen, een verrader onder de broederen, 'n Judas onder de apostelen; die is buiten de orde, ik niet.” Die effek van hierdie woorde was oorweldigend.<sup>1)</sup>

Die kansel was egter die plek waar hy hom die meeste tuisgevoel en hom die hardste ingespan het teen die dreigende gevaar. Met heroutgeskal kondig hy elke teken van die aanval aan. Die middels wat aangewend word om die Liberalisme in Suid-Afrika te vestig is die volgende: koerante en vlugskrifte, die verandering in die kerklike kiesreg, die ontheiliging van die Sabbat (Sondagstreine), die verowering van die gereghowe en verkragting van die kerklike tug.<sup>2)</sup> In 1849 wy hy 'n hele preek „Tegen de Leugenprofete” en betreur die ver-<sup>3)</sup>skynsel dat die volk eerder die leuen as die waarheid glo.

Toe die slag gelewer word en die kerk die stryd teen die liberale dominees in die gereghof verloor, het van der Lingen bitter teleurgestel gewees. Die vraag was: wat gaan die kerk doen, hom daarby neerlê of protesteer? Veral het hierdie vraag dringend geword, toe die kerk na die Geheime Raad appelleer maar ook in die ongelyk gestel word! Ds. van der Lingen, vegter soos hy was, wou die knie nie buig nie, maar het verkies dat die Ned. Geref kerk die voorbeeld van die Skotse kerk in 1842 moet volg, deur weg te breek van die staat.<sup>4)</sup>

In 'n leerrede aan die Paarl, en later te Wellington uitgespreek vra hy nou: „Is nu de Gereformeerde kerk in Zuid-Afrika/....

- 
1. 'n Herinnering van ds. J.R. Albertyn, Leven en Preken, 42.
  2. Leerrede oor Jes. 59 v. 19 b., Tydpreeken, 113.
  3. Tydpreeken, 174 v.v.
  4. Herinnering, 221.

Afrika een ware Christelyke kerk? Behoort sy tot het Zion Gods? Wy sullen sien! Indien sy de magt en het regt, hetwelk de Zaligmaker haar gegeeven heeft, sich laat ontnemen dan doet sy blyken dat sy tot de wereld behoort; dat sy geen ware Christelyke kerk is. Dan verdient sy niets beters, dan is sy niets anders waardig dan dat Basan opspringt tegen haar.<sup>1)</sup> Toe die Sinode in 1870 weer vergader, word besluit om die geensuurde lede op las van die regter terug te ontvang. Ds. van der Lingen het vir hierdie vernedering gespaar gebly, want die dood het hom die vorige jaar reeds wegeneem.

Dit spreek vanself dat hierdie stryder vir die gereformeerde waarheid baie vyande gemaak het. Vele het hulle geerger van sy direkte prediking. Maar dikwels was dit te wyte aan gebreke in die prediker self. Sy onmenskundigheid, om maar een te noem, het mense meermal afgestoot. Wanneer iemand wat die kweekskool teenwerk en toevallig ook 'n Liberalis was, tot ouderling van Kaapstad gekies word, dan is dit 'n oorlogeverklaring vir ds. van der Lingen. Dit is apostasie sê hy, ja die hele kerk is nou apostaat.

Nog 'n voorbeeld. Volgens sy beskouing was die onderwys saak van die kerk en nie van die Staat nie. Die Goewermentskole spruit s.i. uit die Rewolusie. Toe enige lidmate van sy gemeente hom teenstaan in sy onderneming van die Gimnasium, wil hy geen toesprake by die nagmaal hou nie, maar hom net tot die formulier bepaal. Later preek hy tog en sê o.a. „Myne vrienden! de Zaligmaker had regt ook eenen Judas het bondsegel toe te reiken, maar had hy wel regt het uit Zyne hand te nemen?.....Ach, beproeft uselven!<sup>2)</sup> Hy stel die ondersteuners van die regeringakole dus gelyk aan Judasse. Dit was 'n onbillike vergelyking!

#### Tydprediking.

As daar een kenmerk is wat aan die verkondiging van Js.

G.W.A./.....

- 
1. Sy teks was Ps. 68 v. 16 - 18, Tydpreeken, 60.
  2. Herinnering, 269.

G.W.A. van der Lingen eie was, dan is dit dat hy nie in abstrakte gepreek het nie, maar met die tekens van die tye verband gehou het.<sup>1)</sup> Dit was die geheim dat hy die aandag van sy hoorders van begin tot einde kon bind. 'n Gebeurtenis in die gemeente, in die land of in die wêreld het dikwels die aanleiding gegee tot die keuse van sy onderwerp.

Terwyl hy een middag op pad na die kerk was, breek 'n heilige storm los op die dorp. Baie aanwesiges is met skrik vervul. Na die votum gee hy Ps. 29 v. 2 aan om te sing en in plaas van sy beoogde teks, die woorde van die psalmis (29 v. 3): „De God der eere dondert“. En terwyl hy met opgewekte gees en 'n bewoë hart die onderwerp ontvou, skyn dit asof die hemele self aan sy woorde getuienis gee. Die indruk op die gemeente was blywend.<sup>2)</sup>

Meer as iemand anders in die kerk was hy bewus daarvan dat groot veranderinge ten opsigte van kerk, land en volk aan die gang was. Deur die stoomkommunikasie en ander snelle verbindingslinies, deur immigrasie en wrywing van menings word „onsekerhede en lasterlyke gruwelen“, wat Europa in daardie tyd eerstroom, Suid-Afrika binnegedra.<sup>3)</sup> Hy noem die nuwe invloede „een sekeren onreinen geest“, wat onrus genoem kan word. Die toenemende handel en die vrye instellinge gee voedsel aan die rustelose moeisug met wêreldse aangeleenthede. Daaruit vloei weer versoekings vir sy lidmate. „Die versoekingen helaas!“ sê hy, „worden menigvuldiger, en de toenemende wereldgesindheid werkt haar in de hand. Eene vermetelheid in het sondigen begint hier den toon te geven, welke tevoren onbekend was..... Ik sta ontroerd stil voor een akelig voorbeduidsel! Gy nu, die door de opkomende nieuwigheden bekoerd, u gaarne laat gebruiken door dien geest van onrust, staat ook gy stil, en siet den weg waarop men u brengen wil.“<sup>4)</sup>

By/.....

- 
1. Ds. S.J. du Toit wat 'n bundel preke van hom peragereed gemaak het, gee dit as opskrif „Tydpreeken“.
  2. Idem, 31.
  3. Tydpreeken, 169.
  4. De Verdraagsaamheid Gods miskend, Tydpreeken, 144, 145.

By sy heenvaart het De Volksvriend gesê dat ds. van der Lingen 'n eensame pad bewandel het. Deur die gans eienaardige in hom het hy tuis gevoel in die verlede en in die toekoms, maar geensins in die hede nie. Daar was haas in hom geen aanrakingspunte met sy tyd en tydgenote nie. „Hy wandelde deur de wereld als een van Israels profeten, die 's werelde ondergang sag naderen.“<sup>1)</sup> En tog al is dit waar dat hy „niet gekend, niet te kennen, niet te gronden“ was - soos 'n lidmaat hom beskryf,<sup>2)</sup> het hy nie los van die teenwoordige gestaan nie, maar het hy die tekens van die tye met meegaande toekomsverwagtings uitgebuit om sy gemeente in die hede te bevoordeel. Hy het wel aanrakingspunte met sy eeu gehad, soos 'n mens veral in sy tydprediking veelvuldig gewaar word.

„Soos 'n profeet van Israel wat die wereld se ondergang sien nader“.....Dit is 'n raak tekening van hom. Hy het feitelik alles in die lig van die Rewolusie en die weerkomende Christus gesien. Wanneer die bandiete deur Engeland na Suid-Afrika gestuur word, vind hierdie „besoeking“ in sy kansel werkklank.<sup>3)</sup> Die hele Kaapland is in opstand en beroering hieroor, maar net hy alleen sien 'n dieperliggende beginsel agter die gebeure. Dit is vir hom weer die leer van die Rewolusie, dat die minderheid onder die meerderheid moet buig. „Het Engelsche liberalisme is niets anders dan revolutionaire halfheid. Volgens het revolutionaire stelsel nu moet de regerende magt, die den wil des volks uitvoert, alles doen wat de meerderheid des volks eischt.“ Engeland glo dat die Ryk te gronde moet gaan, as die bannelinge nie na die kolonies gestuur word nie en wil geweld daartoe gebruik.<sup>4)</sup> Ons weet dat die Kaapenaars se verset met sukses bekroon was.

Wanneer/.....

- 
1. Herinnering, 125.
  2. Idem, 159.
  3. Ek het in geen ander preek kommentaar hierop aangetref nie. Die leemte in die prediking van die oorgangstydperk was juis dat dit so weinig aktueel was. Van der Lingen was hierop 'n uitsondering.
  4. Herinnering, 85.

Wanneer hy die Sondagtreine bekamp, sien hy weer daaragter een van die middels van die Ongeloof om in Suid-Afrika pos te vat, n.l. die ontheiliging van die Sabbat en die vertrapping van die hemelse geboorte.<sup>1)</sup> Toe besluit word om die spoorweg tussen Kaapstad en Paarl ook op Sondag vir die publiek oop te stel, het ds. van der Lingen sy gemeente in die kerkgebou vergader en opgewek om hulle nie net van Sondagreise te onthou nie, maar die treindiens op weksdae ook te boikot. „Haat ook den rok die van het vleesch bevlekt is,” was sy advies. 'n Maatskappy is gestig om 'n omnibus te laat loop tussen Paarl en Kaapstad, waarvan hy een van die direkteure was.

Ongelukkig het daar verdeeldheid onder die gelowiges oor die kwessie ontstaan en het sommige predikante hulle van die trein op weksdae bedien. Daarmee was die Paarlse dominee baie ontevrede en preek dat nie na die voorbeeld van ander omgekyk moet word nie, want as rigskoer van wandel geld alleen die Bybel. „Indien er in onse dagen een Nebukadnezars beeld wierde opgerigt, soudat gý u welligt verwondere te sien, hoevele der getabberde vadersen daarvoor nederknielden.....de geheele aarde verwonderde sich achter het Beest. Dus sýn sýne tegenstanders weinigen.”<sup>2)</sup>

Ook hier het hy sake gaan verwar en al te kras opgetree. Selfs prof. M.J. Hofmeyr het geoordeel dat van die trein op gewone dae gebruik gemaak kan word,<sup>3)</sup> maar hy was tog geen aanbieder van die Bees nie? In elk geval, die aksie het geslaag, en Sondagtreine is gestaak!

Sedert die Sinode van 1849 was dit die gebruik van die kerk om van tyd tot tyd die gemeentes bymekaar te roep vir vootmoediging en voorbidding. Voor die Krimoorlog in 1854 het Engeland ook die kolonies gevra om te help bid vir die oorwinning/.....

- 
1. Tydpreeken, 113; sien sy hele leerrede teen die euwel, 85 - 91.
  2. Herinnering, 211..
  3. K.B. 4 Junie 1862.

ning en daarna is 'n algemene dankdag weer gevier. Met albei geseenthede het ds. van der Lingen preke gelewer<sup>1)</sup> wat getuig van sy diepe insig in die wêreldgebeurtenisse en van sy erva- renheid in die verklaring van die profesie. Al woon hy aan die suidpunt van Afrika was hy ingestem op die golfengete van Europa en probeer hy aan die hand van die Skrif om sy kudde te lei na waters waar rus is.

#### Apokaliptiese prediking.

Sy tydprediking en profetiese belangstelling is onlos- maaklik aan mekaar verbonde. Toe hy nog in Europa student was het die profesie<sup>2)</sup> hom bekoor. Deur 'n toevallige vergelyking van die grondteks met ou vertalinge het hy tot die slotsom ge- raak dat Esagiël se voorsegging aangaande Gog en Magog nog on- vervuld is en op 'n toekomstige verhuising van die Russe na Suidoos-Asie<sup>3)</sup> sien. Sy insigte was teen die heersende beskou- ing en hy weet van geen gesag op wie hy hom kan beroep nie. Die oorwinnaars van die Turke staan toe nog so seer in guns by al die partye op die vasteland, dat sy uitlegging met veront- waardiging begroet kon word. Die algemene gevoele was dat die voorsegging reeds in die oertye, of in die middeleeue, in die Tartaanse oorlo<sup>2)</sup> vervul is. Later egter het die veelvul- dig geblyk dat sy uitleg juist was en het ander gesaghebbendes hom daarin gesteun.

Toe hy diens aan die Pauli gedoen het, het hierdie be- langstelling verdiep. Hy het byna dadelik die gemeente gewys op die gebeurtenisse van die tyd, dat 'n verwoestende stroom in aantog is en hulle verkondig dat die dae nie meer ver weg is waarin die mens van die sonde openbaar sal word nie. Die vyand sal sy bose aanslae nie met vervolging begin nie, maar deur verleiding tot dwaling bring.<sup>3)</sup> Dat so'n prediking groot ontroering/....

- 
1. Tydpreeken nos. 4 en 5.
  2. Voorwoord vi, Aanwysingen betreffende die afkomst en bestemming van sommige Noordsche volken door Gottl; Wilh. Ant. van der Lingen (Kaapstad, Richert Pike, 1842).
  3. Herinnering, 34.

ontroering te weeggebring het in dae toe in ons land orals nog rus en veiligheid hoogty gevier het, toe die verwerping van die Bybel en dergelike skrikbeelde nog seue ver in die toekomst gedink was, kan 'n mens maklik begryp.

Die opmerksames onder sy gehoor was geheg aan die denkbeeld van daardie dae dat die tye algaande sal verbeter. Deur die beywering van Sendeling- en Bybelgenootskappe sal die godsdienstige toestand van die volke meer en meer bevorder word, die evangelie sal orals sy vrye loop hê totdat die aarde vol van die kennis van die Here is. Ds. van der Lingen het hierdie gedagte in 'n preek ontsenu deur daarop te wys dat die vrydenkers en ewolusioniste van die eeu ook so redeneer, maar die ervaring en Skrif getuig teen hulle.<sup>1)</sup> Is die gesondheid van die mens beter as voorheen? Staan die sedelikheid vandag hoër? Is die kerke reiner, heiliger, beter as vorige tye? Nee, die Heilige Skrif self konstateer: „Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg aandeën; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word” (Openb. 22 v. 11, a). Toe die gemeente uit sy mond verneem dat Christus self sal kom en tot stand bring wat deur die beste poging van alle gelowiges nie kan geskied nie, was hulle aanvanklik in die war gebring en wis nie wat om van die saak te maak nie.

Hy het hom dus eers weerhou om sy gedagtes te vry te ontwikkel, maar hy kon nie swyg van 'n waarheid waarvan sy siel deurdring was nie. Luid weerklink in die gemeente die wagwoord van die Apostels: Maranata, tot verskrikking van die onverskilliges; Maranata, tot bemoediging van vreesagtiges en Maranata, tot versterking van die gelowiges!<sup>2)</sup>

In 1833 hou hy 'n redevoering in die Gestig, Kaapstad, oor Esegel 38 en 39, wat opskudding veroorsaak, maar later op  
aandrang/.....

- 
1. Ontwikkeling in boosheid, Tydpreeken, 191.
  2. Herinnering, 35.
  3. G.W.A. van der Lingen: Aanwysingen, 53 v.v.

aandrag van dr. A. Faure en andere, in druk verskyn. Die boek bevat 'n „ondersoek na die oorsprong en benaming van Rusland“, waarin hy die stelling verdedig dat Europees-Sarmatia Rusland is, genoem na 'n volk genaamd Rhoos, Rhoosch, Ros of Rosch (Esag. 38 v. 2)<sup>1)</sup> Hierdie studie, verryk met talryke aantekeninge, gee ons 'n denkbeeld van sy breë belesenheid en ensiklopediese geleerdheid.

In sy eerste lesing verklaar hy Esag. 38 v. 14 - 24 as volg: in die eindtyd sal Gog, 'n Noordse alleenheerser van die Russe en aanverwante volke, met 'n magtige leër na Suidoos-Asië trek met die doelwit om buit i.p.v. soldy aan sy leër te gee; hy sal die leërs van Israel daar ontmoet, wat pas van alle wêrelddele na Palestina verhuis het om die land te bewoon, en sal verslaan word; terstond daarna sal die algemene bekering van Israel plaasvind en die sigbare Godsryk in die beloofde land herstel word.<sup>2)</sup>

Ds. S.J. du Toit wat ds. van der Lingen sy geestelike vader noem, by wie hy belangstelling vir die profesieë ontvang het, verskil van hom deur te meen dat Rusland nie onder aanvoering van die Antichris sal optrek nie, maar juis teen die Antichris, wat as valse Joodse Messias heerskappy in Jerusalem voer.<sup>3)</sup> Wat ons egter tref is dat ds. van der Lingen destyds reeds die aandag gevestig het op Rusland as 'n mag waarmee in die eindtye rekening gehou sal moet word. Op hierdie tydstip staan Rusland as 'n Antichristelike nasie sterker as ooit van tevore.

So vroeg soos 1853 voorspel hy reeds die opkoms van die kommunisme. In tekste soos Ps. 9 v. 19 en 72 v. 4 sien hy voorsegginge dat die besitreg gewysig sal word; dat hulle wat oorvloed het, dit sal verloor en vice versa. Sosialisme word deur hom ook geteken, soos dit hom openbaar in vryheid van/.....

1. K.B. 4 Junie 1862

2. Tydpreeken nos. 4 en 5.

3. J.D. du Toit: Ds. S.J. du Toit in weg en werk, 302.

van uitwendige geboorte en die afskaffing van die huweliksband.<sup>1)</sup>  
 Die klassestryd met die opkoms van die arbeidersklas word verder reeds deur hom raakgesien: „Er is een tyd op handen, wanneer het vuur der tweedragt tusschen de verschillende standen in lichterlaaije vlam zal uitbreken, en in alle, of bykans alle staten van het Europese stelsel zich verspreiden. Dan wapenen sich de armen, onder volksleiders, tegen de ryken; de arbeiders tegen hen, die het werk der onbemiddelden gewoon sijn te bekostigen.”<sup>2)</sup> Hier het die profet nie misgetas nie, want hierdie verskynsels het hulle reeds rykelik ontplooi.

In 1848 het die Franse Rewolusie sterk onder die aandag gekom wat hom aangespoor het tot noukeuriger beoefening van sy lieflingstudie, die uitlê van die profesieë. Hy vertaal 'n Duitse werkie van Höpfner,<sup>3)</sup> waarin 'n aanval gemaak word op die „orakels der openbare meening” en waarin op die tekens van die naderende parousie gelet word. Sy geleerdheid straal weer uit die annotasies.

Dit meen hy juis is die gebrek in sy kerk, dat die toekomsverwagting nie vuriger gepreek word nie. Daarom is daar gerustheid, slaperigheid en onverskilligheid onder die mense. Daarom is hulle belus op die wêreldse dinge en twis hulle oor bysake, vorms en instellings. „Wat my betref,” roep hy uit, „myn nieren verlangen seer in mynen schoot, verlangen mynen Verlosser met myne oogen te aanschouwen. Maar hoe sult Gy my vinden, regtvaardige God, als Gy komt!”<sup>4)</sup>

Hy is egter nie altyd ewe gelukkig in sy voorspellings nie. Waar die profesieë van die Bybel ophou, probeer hy soms self te profeteer.<sup>5)</sup> Dit is juis die fout van hulle wat voorsegginge/.....

- 
1. Getuigenissen des Ongeloofs, Tydpreeken, 20.
  2. Aanwysingen, 32, Tydpreeken, 205.
  3. Welke tyd in de Prophetische Geschiedenis der wereld is 1848? Schriftuurlyk beantwoord door eenen Duitschen Godgeleerde (Kaapstad, van de Sandt de Villiers, Kaapstad 1849).
  4. Getuigenissen des ongeloofs, Tydpreeken, 26, 27.
  5. Vgl. Tydpreeken, 114; Aanwysingen, 47, 48.

segginge van die Bybel te letterlik interpreteer en meen dat hulle vir elke moeilike teks 'n verklaring het. Ds. van der Lingen was pre-milleniër en het geglo aan 'n letterlike Duisendjarige ryk.<sup>1)</sup>

Die eindhoofstukke van die wêreldbeloop stel hy as volg voor: die vergadering van die Jode in Judea; gelyktydige toeneming van die mag van die Noordse volke en hul uitbreiding na Midde-Afrika; daarna die grootste woelinge van die Antichris; die tien stamme vergader hulle ook in Palestina; die herbou van die tempel; daarop vind die uittoeg van die Noordse volke (Eseg. 38, 39) na Asië plaas waar hulle deur Goddelike tussenkoms verslaan word; staatsomwentelinge en burgeroorloë; en dan die Einde: die koms van Christus.<sup>2)</sup>

Met hierdie opvatting gaan ek nie saam nie. Om net by een stil te staan n.l. die herbou van die tempel. As die Jode weer na Palestina moet teruggaan om die tempel te herstel, dan moet die offerkultus herleef met sy altare en offerandes. Maar dan het Christus vrugtelos gesterwe om die skaduweebedeling tot niet te maak. Nee, die Nuwe Testament ken geen priester behalwe ons Hoëpriester, Jesus Christus nie, geen ander offerande as wat Hy aan die kruis volbring het nie. Al was die Chiliisme die heersende beskouing van die daer van ds. van der Lingen, het die gereformeerde waarheid intussen sodanig gekristalliseer dat dit nie meer as Skrifgetrou aanvaar word nie.

In die Paarlse gemeente egter het die apokaliptiese prediking in 'n tyd van oorgang sy nut gehad. Een lid getuig: „Voor my heeft die verkondiging gewerkt als de schrik des Heeren om mĳ tot den eenigen Behouder te doen vlugten.”<sup>3)</sup>

Katagismusprediking/.....

1. Herinnering, 88.
2. Dankdag voor den vrede na den Russischen Oorlog, Tydpreeken, 81.
3. Herinnering, 101.

Kategismusprediking.

Op die Sinode van 1862 het hy voorgestel dat die reglement i.s. die Kategismusprediking sal lui, „minstens <sup>1)</sup> twaalf malen 's jaars". Sommige leraars het hulle net tot twaalf preke per jaar bepaal, terwyl ds. van der Lingen skynbaar wou dat hulle meer daaraan moes doen. Hy self, te oordeel na die reeks oorgeblewe preke oor die Heidelbergse Kategismus, het gewoeker met sy talent en met vaardigheid die Sondagsafdeling uitgewerk.

Ek weet nie of daar meer sulke reekse van hom bestaan het nie, maar dis duidelik dat hy hierdie reeks meermaal gebruik het. Bo aan die preke staan veral twee jaartalle, 1850 en 1866, terwyl los velle papier ingesluit word, waarop nuwe applikasies aangestip is. Om ou preeksketse telkens te gebruik is seker nie aanbevelingswaardig nie, alhoewel met die Kategismus uitsondering gemaak kan word.

Hy groepeer elke Sondagsafdeling tot een leerrede en het nie die gewoonte om allerlei opsplitsinge en kombinasies te vervaardig nie. Daarin volg hy die konserwatiewe weg. Verder voorsien hy elke preek met 'n teks, terwyl hy die loca probantia getrou aanhaal en verklaar om die gedagtes van die H. Skrif tot die bewussyn van die gemeente te laat deurdring. Uit 'n liturgiese oogpunt is die voorlees van 'n woord van die H. Skrif voor die predikasio te verdedig, omdat dit toon dat tans met die bediening van die Woord 'n aanvang gemaak word. Uit 'n homiletiese oogpunt egter is 'n teks in hierdie verband onnodig, want die prediking daarna is ex scriptura, soos duidelik blyk uit die verskillende bewysplekke. <sup>2)</sup> 'n Teks dek ook moeilik die materie van 'n hele Sondagsafdeling, word dikwels op die klank af gekies en leen hom so net tot motto-prediking. Bernardus Smytegelt voer in sy „Op des Christens eenige Troost" geen tekswoorde by die begin/.....

- 
1. Acta Synodi 1862, Sessie 31.
  2. Hoekstra: Gereformeerde Homiletiek, 230.

begin aan nie.

Die analities-sintetiese metode behaal, wat die Ned. Geref kerk betref, in ds. van der Lingen se prediking sy glanspunt. Hy hou van die drieverdeling. Sondag 10 oor die Voorsienigheid verdeel hy as volg: (1) 'n verklaring van die feit van die Voorsienigheid; (2) 'n nadere ontwikkeling hoe die Voorsienigheid werk en (3) 'n aanwysing watter heilsame invloed die geloof aan hierdie leer onder alle omstandighede op ons kan uitoefen.

Waar die belydenisskrifte uit 'n worstelstryd met die onsuivere leer tot aansyn gekom het, spreek dit vanself dat die apologetiese element daarin onderstreep sal word. Die prediker mag egter nie net by die Roomse en Lutherse misbruike stil staan nie, maar ingryp in die hedendaagse samelewing, die teenwoordige verhoudinge en strominge. Ds. van der Lingen is uiters aktueel in sy kategismusprediking en toon sy gemeente die menses van die moderne dwalinge veelvuldig aan.

Handelende oor die suiwere kerkbegryp val hy die Roomse leer van extra ecclesiam nulla salus aan <sup>1)</sup> en voeg daarby: „het is niet te min waar en bewysbaar dat de boven-dryvende aanhang onder de leden der Engelsche Bisschoppelyke kerk in dit land Puseyisten sijn en als sodanige diens stel-regal dryven met hetselfde begrip en doel, als de Roomschen.“ Volgens hulle behoort slegs diene tot die ware kerk wat deur hulle biskoppe gedoop is. Dit was juis toe die Anglikane in ons land vordering gemaak en op allerlei maniere probeer prosoliete werf. <sup>2)</sup> Veral probeer hul biskoppe om die sakramente aan die N.O. kerkmense uit te deel. <sup>3)</sup> Aan die Paarl maak hulle steuring deur 'n sending daar te stig. <sup>4)</sup> Ds. van der Lingen het die verkeerde beginsels van hierdie kerk .. aangetoon/.....

- 
1. Sondag 21. 5 - 7.
  2. Het Volksblad, 6 Aug. 1857
  3. Klagtes van Piketberg en Malmesbury, Het Volksblad, 23 Jun. 1857 en 12 Aug. 1856.
  4. Staat van die Godsdiens 1855; ook Het Volksblad 17 Jan. 1856.

aangetoon.

Tydens die kerklike stryd teen die moderne dwalings het sy kategismusprediking daarmee rekening gehou. Een van hul leringe was die ontkenning van die persoonlikheid van die Heilige Gees. Prekende oor hierdie leerstuk<sup>1)</sup> hoor ons: „Geloof hy (de belyder) met de Arianen en Macedonianen der vierde eeuw onser tydrekening en met de Neologen en Rationalisten van onsen tyd, dat de H. Geest slechts een heilige gesindheid is in God, den Vader en den Zoon, of eene kracht of eigenschap van het Goddelijke wesen? Geloof hy met andere dwaalgeesten (b.v. Laudius) dat de Schrift, onder die benaming den Engel des Heeren, of wel het engelendom vermeldt?“ Dan kontinueer hy en die regte lyn aan te stippel.

Van die prediker kan verder verwag word om sonder om kasuisties te wess, riglyne vir die etiese lewe aan te gee. Veral leen die afdelings oor die tweede tafel van die tien geboois hulle daartoe. Ds. van der Lingen stel daarin nie teleur nie. Intiem gesels hy met sy gemeente oor die sondes van die sewende gebod.<sup>2)</sup> Hy vind hoereerders selfs onder die fatsoenlikste van sy mense. Die oorsake daartoe is dat die huwelikstaat nie eerbaar in die gedagtes gehou word nie. Die ouers voed hulle kinders vir die onreinheid op deur hulle so skamel en onbehoorlik te klee. By bruilofte vind daar vertonings plaas wat meewerk om die hartstogte op te wak.

Komende tot die agste gebod bestraf hy die verfynde vorms van diefstal: „Is daar iets deur u gekoop met geleende geld, wat u onder allerlei voorwendsels die eienaar bly onthou? Wat is dit nie te beklag nie dat daar soveel dievery plaasvind deur die onregmatige toeiening van dinge, soos grond, water, weiveld, ed.m.? Wat is dit bedroewend dat soveel dievery gepleeg word deur die neem van oormatige hoë loon en onverdiende wins? Wat is dit 'n skandvlek op die  
Christen-naam/.....

- 
1. Sondag 20, 3.
  2. Sondag 41. 22, 23.

Christen-naam, dat so baie deur lieg of leuenagtige swye bedrog pleeg in die handel....." <sup>1)</sup> Genoeg om te toon dat ds. van der Lingen nie 'n vreemdeling buite die praktiese lewe was nie.

Dit is te wagte dat kategismusprediking in die eerste plek didakties van karakter sal wees. Behalwe die etiek, soos hierbo geskets, munt die Paarlse leraar ook in die dogmatiek uit. Trouens, soms is dit darem te diepsinnig en geleerd vir die eenvoudige hoorder. <sup>2)</sup> Wat die stuk van die uitverkiezing betref staan hy op 'n eng gereformeerde standpunt, sonder om, soos Robert Shand, dit geduring uit te kraam. Hy definieer dit as volg: „de verkiesing nu is het byzondere besluit van God, waardoor Hy, van eeuwigheid, onveranderlyk heeft vastgesteld de heerlijkheid sÿner genade te openbaren aan sekere menschen, die Hy door het geloof in sÿnen Zoon wilde saligen.” As hy kom by die nie-geroepenes, verklaar hy dat hulle nie tot die kerk van Christus behoort nie, dus na die wet wat God hulle ingeskape het geoordeel sal word; en aangesien die wet hulle skuldig verklaar, sal hulle in die ewigheid as sondaars behandel word, derhalwe verlore gaan. <sup>3)</sup>

Die „deppers” aan die Oostergrens van die kolonie sou dus met hom veel genoë geneem het. Trouens, sy Calvinistiese beskouings was so uitgesproke, dat met sy heengaan, baie van sy aanhangers nie tevrede was met die nuwe leraar, ds. van de Wall, nie en 'n nuwe gemeente, Noorder Paarl, gestig het met ds. S.J. du Toit aan die hoof. <sup>4)</sup>

Ds. van der Lingen het na aanleiding van sy eie ervaring die diepe onnag van die sondaar tot enig goed in sy verkondiging geteken. <sup>5)</sup> Na God alleen moet die toevlug geneem word.

Hierdie/.....

- 
1. Sondag 42. 23 - 25.
  2. Vgl. Sondag 20. 7.
  3. Sondag 21. 15, 28.
  4. J.D. du Toit a.w. 17.
  5. Herinnering, 17, 25; Sondag 3. 27, 30.

Hierdie verantwoordelikheid van die mens se kant het hy nooit vergeet nie. Soos ons reeds gesien het, was hy baie evangelies aangels en het aangedring op bekering. Hy kon pleit met sy hoorders. Luister na hom: „Zult gý niet ophouden met den Duivel u te verbroederen tegen uw eigen belang en het regt van uwen Zaligmaker? Zult gý niet? Wilt gý niet? Niet hooren? Niet overtuigd sýn? Niet gehoorsamen? Het sý soo! God dwingt niet. Het sý verre van ný iemand te willen dwingen.”<sup>1)</sup>

Dan herinner hy weer dat die gawe van die Heilige Gees deur die geloof aangeneem moet word om behoue te kan wees. „Door het geloof moeten wý den Heilige Geest aannemen; maar de H. Geest moet zich aan ons geven en in ons werken, zoo wý gelooven sullen.”<sup>2)</sup> Die twee kante van die saak, die Goddelike en menslike aandeel indie saligheid, is deur hom eweredig beklemtoon. Maar in die lig van wat hy omtrent die Heilige Gees hierbo sê, en goeie Calvinis wat hy is, is dit so onverklaarbaar dat hy, en sovele Kaapse kerkleiers, gedurig gepraat het van 'n „uitsterting” van die Heilige Gees met die herlewing;<sup>3)</sup> dat hy kon skryf dat die Heilige Gees vir die laaste eue Hom teruggetrek, sodat die gelowiges „verweesd” agtergebly het.<sup>4)</sup> Die Here Jesus het immers belowe dat Hy die Vader sal bid en Hy sal hulle 'n ander Trooster gee om by hulle te bly tot in ewigheid.....Hy sal hulle nie as wese agter laat nie.<sup>5)</sup>

- 
- 1.. Sondag 1. 25.
  2. Sondag 20. 15.
  3. Staat van die Godsdiens Paarl 1858.
  4. Idem 1860.
  5. Joh. 14 v. 16, 18.

HOOFSTUK 51DS. ANDRIES FRANCOIS DU TOIT.Sy loopbaan.

Andries Francois du Toit, gebore op 16 Junie 1811, was 'n seun van die Paarl en het al sy jongelingsjare daar deurgebring. Later sou hy vir 31 jaar die leraar van 'n afgestigte deel van daardie gemeente wees. Met sy intreepreek getuig hy teenoor sy ouers: „Gy hebt my van myne eerste jeugd af aan met den besten Heer en Meester reeds bekend gemaakt en de eerste saden van kennis en deugd in my gestrooid.”<sup>1)</sup> Hy het dus geen onstuimige bekeringsgeskiedenis deurgemaak, sees baie ander van ons predikers nie, maar as verbondskind het hy reeds vroeg bewus geword van sy kindskap. Dit sou kleur aan sy latere prediking verleen.

Toe die seun sy begeerte bekendmaak om evangeliedienaar te word, het die ouers geen opoffering te groot geag om die middele te vind en hom na Europa te stuur nie. As student te Utrecht het hy kennis gemaak met proff. J. Heringa E.s., Rooyards en H. Bouwman en ook met A.C. Stucki, wat later op sy aandrang na Suid-Afrika gekom en op pad na die Voortrekkers beswyk het.<sup>2)</sup> Die aanraking met die Europese kultuur het die jonge Afrikaner ten goede gekom en hom bekwaam om as geestelike leier in sy eie land op te tree.

Wagenmakersvallei was toe nog 'n buitewyk van die gemeente Paarl, maar het al meer tot selfstandigheid begin ontwikkel, na mate die afstand na die Paarl vir hulle te groot geword het. 'n Boukommissie is op 29 Jan. 1838 gekies om 'n kerk vir hulle te bou. Reeds voor die afstigting soek hulle na 'n predikant, al sou hy provisioneel tweede predikant van die Paarl wees. Op 25 Aug. 1838 skryf hulle aan student A.F. du Toit in Utrecht dat hulle hom graag tot prediker wil hê, sodra hy afgestudeer is. As die Goewerneur die traktement

nie/.....

- 
1. Zeventien leerreden van wylen ds. Andries Francois du Toit in leven leeraar der Nederduitsche Gereformeerde Gemeente, Wellington, Kaap de Goede Hoop (Kaapstad, Smuts en Hofmeyr, 1878), 13.
  2. Maj. Stucki: Reis naar en verblyf aan de Kaap en te Natal,

nie wil verseker nie, sal hulle self daarvoor instaan.<sup>1)</sup>

Op hierdie versoek het hy gunstig geantwoord. Hy skryf dat hy bly is oor hulle beroep „dewyl het myne blywende lust en begeerte is, om niet alleen, onder de leiding van Gods Geest self in het geloof aan het dierbare Evangelie bevestigd te worden, maar ook om door den Heer der kerk verwaardigd te worden hetselve ook spoedig aan myner medesondaren te mogen verkondigen en zoo nog een middel in Gods hand te worden, om nog velen myner medesondaren tot Hem en syne dienst op te leiden.”<sup>2)</sup>

Na sy eksamen en toelating tot die preekdiens het hy dadelik teruggekeer na die werkkring wat vir hom wag. Volgens gewoonte preek hy eers op 21 Julie 1839 in die kerk van Kaapstad, 'n leerrede wat hy die Sondag daarna aan die Paarl herhaal. Daar was 'n deurlopende kenmerk in sy persoon en werk n.l. beskeidenheid. Dit straal ook weer duidelik uit hierdie rede, wat tot teks het: „Wie ben ik, Heere Heere! en wat is myn huis, dat Gy my tot hiertoe gebragt hebt!” (2 Sam. 7v.18b). In sy inleiding betuig hy: „Ja, ik gevoel het, myne eigene ervaring is nog soo gering, om anderen den eenigen weg die ten leven leidt, te willen verkondigen.” As hy die gewigtige pos van voorganger in die Christelike kerk oorweeg, dan is dit met „huivering en schroomvalligheid.” 'n Mengeling van aandoeninge laat hom amper van sy onderneming afskrik.<sup>3)</sup>

Van sy eerste Paarlse optrede word gerapporteer dat die kerkgebou „opgepropt vol” was en dat baie verplig was om by die deure om te draai. Die mense het met „behoorlyke aandacht” na die leerrede geluister, wat voldoening aan elkeen gegee het wat teenwoordig was. Die berig eindig met die felisitasie: „Wy wenschen de Herv. Gemeente geluk met desen aanwinst tot onse kerk, van een Koloniaal Leeraar.”<sup>4)</sup>

n/.....

- 
1. Brief by Mev. J.A.S. Oberholster: Gedenkboek van die N.G. Gemeente te Wellington 1840 - 1940, 48.
  2. Brieweboek van ds. A.F. du Toit, K.K.A. Brief d.d. Utrecht, 28 Jan. 1839.
  3. Zeventien Leerreden, 81. Sien ook de Honigby 1839. 319.
  4. De Zuid-Afrikaan, 26 Jul. 1839.

'n Uitnodiging word aan die nuwe dominee deur die wyk Wagenmakersvallei gerig om in hul Oefeningshuis te kom preek. Hy voldoen daaraan op 'n Woensdag en wel oor die teks Joh. 10 v. 27 - 29 terwyl „elk ten hoogste voldaan was.”<sup>1)</sup>

In die „Gouvernements Gasette” van 19 Junie 1840 word nou berig dat die grenslyne van die nuwe gemeente Wellington deur die Gouverneur goedgekeur en ds. A.F. du Toit tot permanente leraar benoem is.<sup>2)</sup> Sy bevestiging word deur dr. P.E. Faure behartig, nadat ds. van der Lingen hom weens „onpaslikheid” verskoon het. Al was die Bergrivier vol, sodat die mense van Paarl se kant nie kon oorkom nie, was die belangstelling baie groot. Dr. Faure het hulle gelukkig met „dese nu volkomene Kerkelyke Establisment”, waarna hul ouers reikhalsend uitgesien het.<sup>3)</sup>

In die namiddag het die bevestigde leraar sy intreepreek gelewer. „Zoo sta ik,” is sy inleidingswoorde, „dan hier in den naam van mynen Zender, door u, O! Gemeente van Wellington! als Herder en Leeraar erkend en aangenomen en als zoodanig in het morgenuur plegtig in myne bediening bevestigd. Niet sonder huivering ben ik, dit belyd ik volgaarne, desen leerstoel opgeklimmen, te meer als ik let op myne jeugdige jaren, geringen vermogens en menigvuldige tekortkomingen. Maar vooral, wanneer ik die in vergelyking bring met het gewigt der bediening om een voorganger in de Gemeente van Christus te sijn.”<sup>4)</sup>

Die indruk van die preek is in die kerkradsnotule opgesom as „seer uitgewerkt, en tot bysondere voldoening aan sijn gemeente, verklaard en toegepast,”<sup>5)</sup> terwyl De Honigby getuig dat die dag deur die inwoners van die omgewing nie maklik vergeet sal word nie.<sup>6)</sup>

As grondlegger van die gemeente Wellington het ds. du

Toit/.....

- 
1. De Zuid-Afrikaan, 11 Okt. 1839.
  2. De Honigby 1840, 287.
  3. Gedenkboek, 27; De Honigby 1840. 352.
  4. Zeventien Leerredenen, 1.
  5. Gedenkboek, 28.
  6. De Honigby 1840. 352.

Toit vernam arbeid verrig. Die geestelike ontwikkeling het met 'n gestadige opdraende lyn geloop. Daarvan getuig die jaarlikse verslae aan die Ring. Na sy dood is van die Wellingtonse leraar gesê dat hy nederig en opreg was, beminlik in die omgang en veral verdraagsaam teenoor andersdenkendes opgetree het. As gevolg van sy sagmoedigheid het die gemeente hom dan ook voortdurend in rus en eendrag verheug.<sup>1)</sup> Daar was rusies, maar dit het nie hul oorsprong by die leraar gehad nie. In 1849 was daar 'n kwessie oor die maak van leuningstoele vir die kerk wat sy weerklank tot in die Sinodale kommissie teruggevind het.<sup>2)</sup> In 1851 hoor ons van 'n maandelange krankheid van die leraar, maar wat die gemeente aangaan verbly hulle hul „over de vrede en de liefde, waardoor sy aan elkander gebonden sijn”.<sup>3)</sup>

'n Hoogtepunt is bereik met die opwekking van 1860. Twee jaar tevore maak die Staat van Godsdiens reeds melding van 'n verlanse na vernuwing en heiliging van die lidmate en dan lees ons: „Wy kunnen met innige blydschap en dankbaarheid aan God zeggen dat de gemeente van Wellington gedurende de laatste drie weken (volgens ons oordeel), eene zoo groote verandering ten goede ondergaan heeft als sedert derselver stigting niet is geschied.”<sup>4)</sup> Verskillende verenigings vir gebed en Bybelstudie ontstaan nou; goddelose huise is in bedehuise verander; ligsinnige jongelinge is tans voorbidders. Kortom, daar is 'n hele roering in die doodsbeendere, herlewing het gekom. Hierdie verandering ten goede was nie vir een of twee jaar nie, maar het lank geduur.

Ds. S.J. du Toit vertel dat sy Oom Andries saam met di. G.W.A. van der Lingen en D. van Velden teen die herlewing gekant was en 'n strenge preek daarteen op grond van Matt. 6. v. 6 gehou het. Hy het die verskillende soorte van gebed volgens die Bybel uiteengesit en gewaarsku teen die hedendaagse bidure.<sup>5)</sup> Volgens/.....

- 
1. De Zuid-Afrikaan, 2 Maart 1871.
  2. Staat van die Godsdiens, 1849; sien ook 1855.
  3. Idem 1851
  4. Idem 1860.
  5. J.D. du Toit: Ds. S.J. du Toit in weg en werk, 8 en 353.

Volgens sy manier van skrywe in die godsdiensverslae egte lyk dit nie of ds. A.F. du Toit in beginsel teen die opwekking gekant was nie, maar dat hy net soos ds. van der Lingen gewaarsku het teen 'n oordrewe gevoelsgodsdiens en die uitspattinge van die Amerikaanse „revivals“.

Een van die gevolge van die herlewing was dat die kerkgebou te klein word om die gemeente te bedien en dat tot vergroting daarvan oorgegaan moes word. Op 18 Feb. 1861 het die hoeksteenlegging vir die vergroting en op 15 Okt. die inwyding plaasgevind. Dr. P.E. Faure, die getroue vriend van die gemeente was albei kere teenwoordig, terwyl die plaaslike leraar die woord gebring het. Sy teks in die laaste geval was: „Gaatsyn poorten in met lof“.<sup>1)</sup>

Anders was dit egter met die begrafnis van ds. A.F. du Toit, toe was daar geen N.O. predikant teenwoordig nie. Sommige lede het hierdie versuim as 'n affront beskou en gedreig dat as die Sinode weer kom geld vra, hulle sal weet hoe om te handel. Eerw. Bisseux neem nou die lykrede waar en maak melding van die oorledene se verdienste, veral sy suiwere verkondiging van die evangelie.

#### Getroue en degelike prediking.

Op versoek van vele lidmate en vriende het 'n bundel preke van ds. du Toit na sy dood die lig gesien.<sup>2)</sup> Die keuse van die stof is bepaal deur die wens van die intekenaars op die werk. In vooruitsig is gestel 'n vervolgbundel, maar dit het nooit tot werklikheid gekom nie. In die plek daarvan besit ons tog 28 preke van hom in manuskripvorm,<sup>3)</sup> drie waarvan reeds in genoemde bundel afgedruk is. Ons beskik dus oor genoegsame gegevens om 'n denkbeeld van sy kanselwerk te kry.

Dit/.....

- 
1. K.B. 1861. 332.
  2. Zeventien Leerreden, sien Voorwoord, voortaan aangehaal as „Leerredenen“.
  3. Deur d.s. F.J.B. Malan, Bredasdorp, aan my goedgunstig geleen.

Dit tref ons dat die prediker nougesette arbeid aan die voorbereiding van sy leerredes bestee het. Hy skrywe hulle volledig neer tot die „Amen” toe, en dit in mooi leesbare handskrif. Sy styl en taal is eenvoudig maar deftig. Hy maak geen poging om digterlik te wees nie en so'n sin „Ik bid u dat gý door den bloeienden amandelboom, door uwe grýse haren moogt bewogen worden”<sup>1)</sup> is 'n uitsondering. Sy stywe Hollands maak dit tog soms duister vir die hoorder wanneer die opgeslote waarheid in die teks „diensbaar” gemaak word aan „het besturen van onse Christelyke goedestemming” in plaas van dit toe te pas op die gemeente.<sup>2)</sup>

Sy verdeling is gestereotipeerd: (1) die verband van die teks; (2) die waarhede daarin opgesluit en (3) die toepassing daarvan. Die teks as sedanig word dus nooit in twee of meer onderverdelings opgesplitste sodat dit deur die hoorder makliker gevolg en onthou kan word nie, maar word in toto in die eerste afdeling geaksentueer. Die applikasie wag ook nou tot die einde, terwyl die preek meer effektief sou gewees het, indien die hoorder vroeër reeds direk aangespreek gewees het. Afgesien hiervan, die prediker maak werk daarvan om sy stof met baie verdelings te verhandel. Dit is vir ons duidelik dat van Costersse nog nie die leermeester was van ons Afrikaanse seuns in Utrecht nie, want later sou hulle baie beter met die verdeling van hul teks ongaan.<sup>3)</sup>

Voordat ons van die formale kant van sy verkondiging afstap, noem ons nog die daadzaak dat hy selfs die aanbeveling tot die kollekte neergeskryf het: „De Gemeente word versoekt om wel te doen aan hare behoeftige medemenschen en tot in standhouding van de openbare eeredienst. Betuigt den alsoo den Heer eenigermate uwe wederliefde en dankbaarheid voor het menigvuldige goede aan u betoond. Volgt Hem in liefde en weldadigheid na omtrend desulken, die uwe hulp behoeven.

Moge/.....

- 
1. Hemelvaart van Jesus, Leerredenen, 216.
  2. Tegen selfverheffing, Leerredenen, 97.
  3. J.E. du Toit; Ds. S.J. du Toit in weg en werk, 20.

Moge de God der liefde en trouw op dat werk uwer wederliefde met welgevallen nedersien en hetselve met de beste segeninge<sup>1)</sup> bekroonen.

'n Voorbeeld van 'n voor- en nagebed deur hom neergepen, word aangetref in 'n preek oor Luk. 2 v. 1 - 7.

Ds. du Toit het blykbaar hom nie toegelê op die behandeling van moeilike of frappante tekste nie, maar wat hy ons oorgelewer het, is suiwere woordverkondiging. Dit was hom te doen om die Woord en nogmaals die Woord. Selfs by sy geleentheidsprediking gaan hy nie, soos die meeste predikers, 'n onderwerp of „topic“ behandel nie, maar bepaal hom in die eerste plek by sy teks. 'n Mens sou b.v. verwag dat hy in sy Hervormingsrede meer oor die hervorming moes praat en nie algemene waarhede raak nie.<sup>2)</sup>

Die prediker openbaar hom verder as iemand wat die Woord van God reg sny. Sy eksegesië is baie goed. Mooi b.v. is sy verduideliking van Pred. 7 v. 18 hoe dat die dag van ons dood by 'n goeie naam, en die dag waarop iemand gebore word by goeie olie, vergelyk word.<sup>3)</sup> Wanneer daar kritiese vrae geopper word, sonder om die hoorder met besonderhede te vermoel, kies hy elke keer die behoudende standpunt.<sup>4)</sup>

Andries du Toit het hom in Europa nie laat wegleur deur elke wind van lering nie, maar by die beproefde gereformeerde pad gebly. Hy het nooit skerp kant gekies b.v. in die stryd teen die Liberalisme nie, maar in stilte sy oortuigings in praktyk gestel. In die uitverkiesing van God het hy heelhartig gegle, soos blyk uit sy leerrede oor Joh. 10 v. 27 - 29:<sup>5)</sup> „Het (die skape) waren de sodanigen, die Hem van God de Vader gegeven waren, geroepen, uitverkorenen van voor de grondlegging der wereld, die Hy met eene ewige liefde heeft/.....

- 
1. Leerrede oor 2 Sam. 7 v. 18 b, in m.s. vorm.
  2. Leerredenen, 136; vgl. verder die preke „Na den dood van Ds. van der Lingen“ en „Onder rampen“ in Leerredenen.
  3. Idem, 67.
  4. Idem, 65, 100, 101 en 103.
  5. MS - vorm p. 5 en 10.

heeft liefgehad..... De Heere segt daarom ook te regt. Ik geef hun het ewige leven; sodat het niet is desgenen die wil, noch desgenen die loopt, doch des ontfermenden Gods."

Daaruit vloeit sy voortdurende beklemtoning van die onmag van die natuurlike mens om iets goeds te doen. Om met sy vorige leerrede te kontinueer: „En hoe sou het ook moegelyk sijn, dat een sondaar voor sichselven het ewige leven soude verwerven, daar hy ons beskrywen wordt, als van nature dood sijnde door de sonden en misdaden (Eph. 2:1), onrein en melaatsch van het hoofd tot de voetsolen, onbekwaam tot enig geestelyk goed en geneigd tot alle kwaad." Hierdie snaar het hy gereeld aangeroer.<sup>1)</sup> Die sondaarsmens kan homself nie bekeer nie, sodat daar 'n geboorte van Bo moet geskied.

Sy genade-prediking wat hierop volg, is mooi en helder: „Komt dan ook gij vry tot de genadetroon met het oog op het kruis van Christus! Belydt en betreur het daar voor God, dat gij arme sondaars sijt! Dan sal de gebeurde genade ook uw deel worden en sult ook gij, van sonden ontslagen, met blydschap naar uw huis mogen terugkeeren."<sup>2)</sup>

Om sy gehoor daartoe te beweeg om tot 'n definitiewe besluit te geraak, gebruik die prediker allerlei drangredes. Hy dreig nie, soos di. A. Faure en G.W.A. van der Lingen, met die strawwe van die hel nie, maar herinner sy gemeente graag daaraan dat die dood onverwags kan intree. Die nag kom wanneer niemand meer kan werk nie.<sup>3)</sup> Wie weet of hulle in die volgende nag nie voor die Regter van die wêreld opgeeis sal word nie?<sup>4)</sup> Die bekering mag nie, soos die van die moordenaar, tot op die sterfbed uitgestel word nie.<sup>5)</sup>

Ten/.....

- 
1. Leerredenen, 41, 43, 90, 183 en 242.
  2. Idem, De Fariseër en de Tollenaar, 45.
  3. Idem, Na den dood van Ds. v.d. Lingen, 77.
  4. Idem, Hemelvaart van Jesus, 219.
  5. Idem, De Kruiselingen, 172.

Teneinde meer effek by sy oproep te kry, besig hy by wyse van uitsondering onderskeidenlike prediking. Gewoonlik onderakei hy tussen onbekeerde sendaars en godvrugtiges, wat apart toegesprek word.<sup>1)</sup> Andersins vind hy die volgende groepe: onbekeerdes, eiegeregtigdes, naam-christene, bekommerdes en opreg gelowiges.<sup>2)</sup> Die psigologiese element, soos deur die Coccejane toegepas, kon egter nie tot sy reg in ds. du Toit se preke nie. Hy het nie genoegsaam rekening gehou met die behoeftes van die kudde nie.

Hy was 'n boodskapdraer van liefde en was by uitstek die man vir vrede en eensgesindheid. Wanneer hy oor die liefde van God handel, dan lewer hy van sy beste.<sup>3)</sup> So het hy ook die gemeente tot onderlinge liefde opgewek. By voorkeur rig hy hom tot die gelowiges om hulle op te bou en te bemoedig. As hulle kla oor gebrek aan kennis, geloof en ywer, dan wys hy hulle op die bome wat ook stadig groei. Hulle moet geduld beoefen.<sup>4)</sup> As lusteloosheid en flouheid hul kwel, onthou hulle is mense en nie Engele nie!<sup>5)</sup> Vir die gelowiges te midde van rampe het hy 'n spesiale boodskap.<sup>6)</sup> 'n Mens kry die indruk dat hy hom daarop toelê om die kinders van die Here te bedien; meer as die evangelisasie-element, die verwaarloosdes en heidene, te behartig.

Ds. A.F. du Toit was nie 'n imponerende prediker wat aandag getrek het nie. Hy het nie die sondes van die maatskappy van die kansel aangerand en die gemeente daarteen gewaarsku nie. Wanneer hy 'n dankdag na die droogte hou, enume-reer hy die sondes wat as 'n ban in hul midde beskou kan word, heel vaag weg: ongeloof, valsche godsdienst, afwyking van God, beginselloosheid.<sup>7)</sup> Dit raak nie die gewete nie! Ons vind/.....

- 
1. Idem, Kersdag, 155, 156.
  2. Leerrede oor Joh. 10 v. 27 - 29 in ms.-vorm p.p. 15 - 20.
  3. Sien sy preek oor Joh. 3 v. 16 in ms. - vorm.
  4. Leerredenen, Hervormingsrede, 142.
  5. Idem, Kersdag, 158.
  6. Leerrede oor Joh. 16 v. 32 b.
  7. Leerredenen, 27.

vind by hom dus geen melding van die maatskaplike euwels van sy tyd soos die resies, dobbelary, dronkenskap e.d.m. nie. Hy verkeer in 'n periode van transisie; hy beseef dat sy volk nie meer Nederlanders is nie, maar „Afrikaanders,”<sup>1)</sup> en tog is sy prediking oor die algemeen weinig daarop ingestel.

Ds. du Toit was self bewus daarvan dat hy nie oor buitengewone talente beskik nie. Al hou hy die sluitingsrede van die Sinode van 1847<sup>2)</sup> - waarin hy weer verskoning vra vir sy onbekwaamheid en gebreke - kom hy nooit agter die groentafel of presteer hy nooit in meerdere kerklike vergaderings nie. Tog was hy die getroue getuie wat sy Sender nie oneer aangedoen het nie. Die monument van sy werke staan uitgebeitel in die harte van hulle wat gedurig onder sy verkondiging gesit het.

#### Besluit.

Die Ned. Geref kerk van die tweede kwartaal van die neentiende eeu staan in die teken van transisie. Dit was 'n periode van verskuiwing en verandering.

Nie slegs het groot getalle van lidmate na die Noorde verhuis nie, maar die agtergeblewenes het vir hulself, wat kerk en volk betref, rekenskap begin gee. Uit reaksie teen die verengelsing - beleid het 'n suiwere kern almeer bewus geword van hul nasieskap as Afrikaners en sies erfgoed leer waardeer. Hulle het 'n taal gepraat wat later Afrikaans genoem is.

Uit reaksie teen die inkomende Liberalisme het die kerk sy bande met die Moederkerk van Holland losgemaak, 'n eie kweekskool vir predikers gestig en dus al meer selfstandig geword. In die maatskaplike lewe het daar ook groot veranderinge ingetree, omdat die sedes en gewoontes van oorsee die land binnegestroom het.

Met/.....

1. Iden, 28.

2. Preek oor 1 Sam. 7 v. 12 b, S. 1. 7. 639 v.v.

Met hierdie veranderinge het die kansel nie genoeg rekening gehou nie. Die predikers was of Hollanders of het in Holland studeer en het op die model van van der Palm en ander Nederlandse predikante voortgegaan, sonder om op die eise van plaaslike omstandighede genoegsaam te let. Die leerredes was hoogdrawend, deftig, ingewikkeld en het die voorwerplike waarheid baie beklemtoon. Die taal was akademies en geleerd, wat vir die Afrikaners soms duister was, sodat hulle nie die hoogste stigting kon geniet nie. Die prediking het ook nie genoeg tred gehou met die tye en die sosiale veranderinge rondom hulle in ag geneem nie. Ds. van der Lingen was hierin 'n uitsondering.

Daar het intussen 'n verstarring en doodsheid op die kerklike erf ingetree en baie getuig dat die kansel oor die algemeen nie 'n kragtige hefboom is om verbetering aan te bring nie. Daar word nou na uitweë gesoek. Sommige meen dat die heil lê in 'n grootskaalse herlewing, ander in die Liberalisme. Die prediking is in die smeltkroes en is op koers om in eie bane te ontwikkel.

SAMEVATTING.

Die inhoud van die evangelieboodskap bly onveranderlik deur die eeue, maar die vorm waarin dit deur die kerk aan die mens gebring word, verander van tyd tot tyd.

Die preekvorm van die ou kerk van Holland het 'n ontwikkelingsgang gehad van analise, sintese en 'n vereniging van die twee metodes, wat in die loop van die jare in Suid-Afrika sy weerklank gevind het. Die eerste verkondiging van sieketroosters, voorlesers en predikante aan die Kaap was op die ou Hollandse lees geskoei. Die leerredes was lank, ontledend, deurspek met talryke subdivisies, en daarby skolasties. Met ds. M. Borchers, leerling van P. Chevallier, egter word die sintetiese metode met sy skampere Skrifuitleg aangetref. In die verdere tye sou hierdie vorm nog steeds by predikers opduik, maar die analities-sintetiese preekbou het gou die plek daarvan ingeneem, omdat dit die ewels van beide analise en sintese vermy het. Hierdie metode het op die Suid-Afrikaanse kansel, soos by monde van ds. G.W.A. van der Lingen, glanspunte bereik.

Al bly die inhoud van die evangelieprediking dieselfde, dit word gekleur deur sekere geestesstrominge wat soms die gees van die mens betower en die kerk dus beïnvloed. So kort na Dordt het die Nederlandse prediking in die teken van regsinnigheid gestaan, van verdediging van die ou waarheid teenoor Roomse en Remonstrante. Die leerredes was gekenmerk deur skriftuurlikheid, polemieks en dogmatisme. Dit alles het sy neerslag gevind in die kanselwerk van die Kaapse kerk, waar die leerredes al te lank, geleerd, intellektualisties en droog bevind is. Waar die geloofsleer bekantoon word, het die praktyk van die godsaligheid skade gely en het die vromes verlang na preke wat ook die hart naas die hoof voed.

Teen die middel van die agtiende eeu egter het daar, onder invloed van die Gereformeerde Piëtisme veral, 'n reaksie ingetree. Die streng analitiese metode word nou versag deur

'n/.....

'n mistiespraktiese sin. Die etiese element van die Protestantisme is deur predikers soos van Lier en M.C. Vos benadruk, terwyl hulle aandring op bekering en goeie werke. Hart en gewete van die hoorder word aangeraak, sodat sigbare resultate op die prediking volg. Die strenge Calvinisme van Nederland kry hier nou 'n soepelheid en innigheid onder die Afrikaanse son, wat dit vroeër nie geken het nie. Die Voortrekkers het die voordrag van hierdie godsdiensvorm hoog waardeer.

Op 'n ander manier sou daar ook reaksie teen die dorre Skolastisisme in die prediking kom n.l. van die kant van die Verligting en Supra-naturalisme. Met die oorgang na die neentiende eeu word hierdie rigting in die Kaapse kerk kennelik waargeneem. Van die kansel word die deug opghemel en die plig van die lidmaat beklemtoon, terwyl Christus as Saligmaker nie met veel gloed aanbeveel word nie. Moraal-prediking het sy verskyning gemaak. Hierdie voorliefde vir die „redelike godsdiens” word onder baie gevind, al het dit nie - dank sy die Piëtisme onder andere - al die predikers beïnvloed nie. Dit sou in elk geval die weg tot die latere Liberalisme baan. Om nou van „deug” en „plig” te preek, het mode geword. Die aksent van die Supra-naturalisme het baie van die warmte uit die verkondiging van sommige predikers gesteel, maar aan die ander kant was die beklemtoning van die sedekunde 'n welkome bydrae op daardie tydstip.

Vir die geskiedenis van die prediking in Suid-Afrika is die toevoeging van die Skotse predikante belangrik. Afkomstig uit 'n land met verhewe kanseltradisies het hulle goeie elemente van oorsee meegebring. Die Skotse Calvinisme uit hom veral in die Puritanisme wat 'n nougesette handhawing van die etiese beginsels van die godsdiens bepleit het. So kry hulle die resultaat van 'n eenvoudige lewe, reinheid van sedes en soberheid in die genieting. Maar hulle het ook 'n innigheid/.....

innigheid van godsdiens ingevoer wat in verband gestaan het met die „evangelicals“. So het hulle die lyn van H.R. van Lier e.a. weer opgeneem. Die Skotte se opvatting van die predestinasioleer was „broad, liberal, catholic“ en dit moes in die prediking van die meeste van hulle openbaar word. Hierdie vertolking het al meer die standpunt van die Ned. Geref kerk geword. Die sterk voorkeur vir alles wat Brits is, het die Skotse predikers verder die element van nasionalisme laat mis, sodat hulle die Boer nie steeds in sy gemoed kon raak nie. Hulle sterk meewerking tot die invoering van Engelse eredienste het selfs bygedra om die Hollandse karakter van die Kaapse kerk te benadeel.

In die tweede helfte van die neentiende eeu staan die kerk met sy kansel in die teken van oorgang. Dit was veral 'n transisie tot selfstandigwording. Weens die opkomende Liberalisme is die offisiële band met die Ned, Herv. kerk van Holland gebreek. Intussen het 'n eie volks- en taalgevoel ontwikkel sodat die deftige Nederlandse predikasies nie die maksimum stigting gegee het nie. Die kerk het 'n eie Calvinisme en selfstandige karakter al meer opgebou. Die drang na 'n prediking wat beter aanpas by die behoeftes van die tyd, word nou bespeur. Die stigting van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch sou daartoe meehelp. Om dit na te gaan sou die taak van 'n verdere ondersoek wees.

I. Gepubliseerde Preke.

- Berrangé J.C.,** Godsdienstige Redevoering by kerkwyding aan den Tygerberg.  
Leerredenen Derde Eeuwgetyde der Kerkhervorming Kaapstad 1818.
- Bode J.F.,** De Heerlykheid en kragt van 't Evangelium, Amsterdam 1761.
- Du Toit A.F.,** Zeventien Leerredenen, Kaapstad 1878.
- Döhne J.L.,** Redevoering over Mattheus IX. 35 - 38, Kaapstad 1836.
- Faure A.,** Redevoering by het tweede eeuw-feest, Kaapstad 1852.  
Salvation offered to all, Cape Town 1840.  
Leerrede over den pligt en wedersydse betrekking van Leeraar en gemeente, Kaapstad 1835.
- Faure P.E.** Funeral Address, John Scudder, Cape Town 1855.
- Fleck C.,** Christus de Geliefde des Vaders, Amsterdam 1818.  
Leerredenen over verschillende onderwerpen, Amsterdam 1821.
- Ham P.M.,** Leerrede over Joh. VI: 67 - 69, Kaapstad 1847.  
Afscheidsrede over Openb. 3 : 3a, Kaapstad 1866.
- Hofmeyr N.J.,** Uw Koningryk kome, Kaapstad 1851.
- Huet P.,** Petrus Voorsegging vervuld in onsen tyd Kaapstad 1866.  
Leerrede over Luk. 22 : 32.

Morgan/.....

---

1. Op S.A. bodem deur N.G. predikante vervaardig.

- Morgan G.,** Leerrede over de Pligten van Christenen, Kaapstad 1835.  
 An address to Children, Cape Town 1844.  
 A sermon preached in the Scottish Church 28th May 1854.  
 A sermon preached Friday, 12th Jan. 1866. Christ the Head of the Church, Cape Town 1857.
- Murray A. Snr.,** Leerrede uitgesproken by de opening v.d. Synode 1862, Kaapstad 1862.
- Murray J.,** De Volksprediker, Kaapstad 1871.
- Robertson W.,** De Prediking van Christus, Kaapstad 1842.  
 Apostolic Preaching Explained and Exemplified, Cape Town 1855.  
 Eene Leerrede uitgesproken te Swellendam, Kaapstad 1845.  
 Zestal Leerredenen, Utrecht 1860.  
 Christus de Gekruiste, Kaapstad 1848.  
 De Beproeving van den dienstknecht een teken voor het volk.  
 Ordination of Rev. Dyke, Kaapstad.  
 De bekommering eens leeraars, Kaapstad 1848.  
 Ministerial Anxiety, Cape Town 1848.
- Serrurier J.P.,** Leerrede uitgesproken by stigting van Weeshuis, Kaapstad 1815.  
 Lykreden over Pieter Baron van Reede van Oudtshoorn, Amsterdam 1773.
- Shand R.,** Sermon preached at Swellendam, Cape Town 1878.  
 Christus de Gekruisigde, Kaapstad 1873.  
 Twaalf Preeken, Utrecht Kaapstad 1875.
- Simond P.,** La vraye Adoration et les vrais Adorateurs, Haarlem 1707.

- Spyker J., Opwekkings Rede Bybelvereeniging.  
Leerrede over de eindelyke vernietiging des doods.
- Van der Lingen G.W.A., Tydpreeken, Paarl 1880.
- Van der Riet T.J., Leerrede gehouden op 6 April 1852,  
Kaapstad 1852.
- Van der Spuy P., Dank-Altair, Gode ter eere opgericht,  
Utrecht 1753.
- Van Gendt W. e.a., Dagelyksche Offerhanden  
Predicatie over Jesaia XLIX: 1 - 8,  
Amsterdam 1743.
- Van Lier H.R., Eenvoudige Leerredenen, 3de druk,  
Amsterdam 1834.  
Nagelatene Leerredenen, 2de druk  
Amsterdam 1836.
- Van Velden D., Leerrede by het afsterven van ds.  
G.W.A. v.d. Lingen, Kaapstad. 1870.
- Von Manger J.H., Nagelatene Leerredenen, Kaapstad 1843.

1)

II. Ongepubliseerde Preke.

- Berrangé J.C., Kerkelyke Redevoering by het sluiten  
van de Alg. Kerkvergadering.
- Borcherds M., Synodale Slotrede 1826.  
Synodale openingsrede 1826.
- Du Toit A.F., Leerredenen.  
Synodale leerrede over 1 Sam. 7: 12b.
- Edgar J., Synodale slotrede 1829.
- Fraser C., Honderd-ee-n-en-vyftig Leerredenen.
- Heyns S.P., Synodale Leerrede 1847 : Paulus als  
Evangeliedienaar.
- Murray A. Snr., Leerredenen.
- Robertson W., Synodale Openingsrede 1842.  
Synodale Slotrede 1852.
- Thom G., Plans, Gosport 1809.
- Van der Lingen G.W.A., Heidelbergsche Kategismus.

## III. Algemene/.....

---

1. Op S.A. bodem deur N.G. predikante vervaardig.

III. Algemene werke.

- Ackermann J.D., De Ondervindelyke Bekeringsweg van  
Hester Venter, Kaapstad 1853.  
Afscheiding in de N.G. Gemeente Tulbagh in 1843.
- Albertyn J.R., Leven en Preken, Londen 1922.
- Album Studiosorum Academiae Groninganse, Historisch Ge-  
nootschap van Groningen.
- Arthur W., De Vuurtong, Kaapstad 1868.
- Baker J., Home Re-Union, Cape Town 1894.
- Balfour G., Presbyterianism in the Colonies,  
Edinburgh 1899.
- Balleine, History of the Evangelical Party.
- Bayne P., The Free Church of Scotland, Edin-  
burgh 1894.
- Beyer, Journaal gehouden van Nederland naar  
Zuid-Afrika.
- Backhouse J., Extracts from Letters.
- Biesterfeld P., Schets van de Symboliek, Kampen 1912.
- Borcherds P.B. Autobiographical Memoir, Cape Town  
1861.
- Borcherds M., De Maan, Kaapstad 1858.
- Bosman E., Laatste woorden van Hermanus L.  
Bosman, Kaapstad 1855.
- Bosman F.C.L., Drama en Toneel in S.A.
- Botha C.G., Social Life in Cape Colony in 18th  
Century.
- Brouwer A.M., Taak van de kerk in Nederlandse volks-  
en staatsgemeenskap.
- Bulacus J., Huyspostille, Amsterdam.
- Bullinger, Sermonum Decades.
- Cachet F.L., Vyftien Jaren in Z.A.
- Callenbach J.R., Justus Heurnius
- Calvyn J., Institutie, vert. Sisoo, Delft 1931.
- Catalogus van Versameling van G.W.A. v.d. Lingen.

Chanquion /.....

749.  
 Changuion A.N.E., Geschiedenis der Fransche Protestant-  
 sche Vlughtelingen.
- Cobbin I., Memoir of Mrs. C.L. Thom.
- Conradie E., Hollandse Skrywers uit S.A., Kaapstad  
 1934.
- Cunningham, Church History of Scotland, 2 dele.
- De Klerk P.J.S., Kerk en Sending in S.A.
- De Lima J.S., Bedenkingen omtrent Maandwerkje,  
 Kaapstad.  
 Ter herinnering aan de hoeksteenleg-  
 ging van de Nieuwe Kerk, Kaapstad 1833.
- De Villiers M., Herinnering aan ds. G.W.A. v.d.Lingen,  
 Utrecht 1874.
- De Vooght M., Reis naar en Verblyf aan de Kaap en  
 te Natal.
- De Wet J., Beknopte Geschiedenis v.d. Ned. Herv.  
 kerk. Kaapstad 1888.
- Dodd C.H., Apostolic Preaching and its Develop-  
 ments, London 1936.
- Doddridge P., Oorsprong en voortgang van ware  
 godsdienstigheid, Kaapstad 1858.
- Dominicus F.C., Het Huiselyk en Maatschappelyk Leven  
 van de Z.-Afrikaner.
- Dreyer A., Kerksouvenir van Durbanville, Kaap-  
 stad 1926.  
 Eeuwfeest-Album N.G. Kerk 1824,  
 Kaapstad 1924.  
 Kerksouvenir van die gemeente Albanie,  
 Kaapstad 1931.  
 Kerksouvenir van Wynberg 1829 - 1929,  
 Kaapstad 1929.  
 Historisch Album van N.G. Kerk in Z.A.,  
 Kaapstad 1907.  
 Die Kaapse Kerk en die Groot Trek.  
 Die Voortrekkers en hul kerk, Kaap-  
 stad 1932.

Du/.....

- Du Plessis J.,      **A History of Christian Missions.**  
**Het Leven van Andrew Murray, Kaapstad**  
**1920.**
- Du Toit J.D.,      **Ds. S.J. du Toit in weg en werk,**  
**Paarl 1917.**
- Egeling L.,      **De Weg der Zaligheid 2 dele, Amster-**  
**dam 1835.**
- Engelbrecht S.P.,      **Thomas Francois Burgers, Pretoria -**  
**Kaapstad 1933.**  
**Geskiedenis v.d. Ned. Herv. kerk van**  
**Afrika, Pretoria - Kaapstad 1936.**
- Fairbridge D.,      **Lady Anne Barnard at the Cape of Good**  
**Hope.**
- Faure A.,      **Bybelsch Leesboek voor Kranken, Kaap-**  
**stad 1844.**
- Faure D.P.,      **My Life and Times.**
- Faure P.E.,      **Eene Stem van Waarschuwing tegen De**  
**Onderzoeker, Wynberg 1860.**  
**The Unity of Christendom, Cape Town**  
**1871.**  
**De Zaak van den Heer D. van Velden,**  
**Kaapstad 1850.**  
**Toespraak aan eenige Vrienden, Kaap-**  
**stad 1847.**
- Fawcett J.,      **Account of 18 Months' Residence.**
- Fleck C.,      **Herderlyke Brief aan Gemeente, Kaap-**  
**stad 1818.**
- Fraser J.G.,      **Episodes in my Life, Cape Town 1922.**
- Fouche L.,      **Dagboek van Adam Tas.**
- Garvie E.A.,      **The Christian Preacher, Edinburgh 1920.**
- Gerdener G.B.A.,      **Sarel Cilliers.**  
**Die Boodschap van 'n Man, Stellenbosch**  
**1943.**  
**Ons Kerk in die Transgariep, Kaapstad**  
**1934.**

- Gerdener G.B.A., Baanbrekers onder die Suiderkruis,  
Stellenbosch 1941.
- Gedenkskriften der Maatschappij van Zendingen.
- Gedenkboek van die Teol. Seminarie, Driekwart-Eeufees,  
Stellenbosch, 1934.
- Geschiedenis v.h. Ontstaan der Geref Gem. Kruisvallei,  
Kaapstad 1886.
- Geschiedverhaal van Genadendal, de eerste Zendingstasie  
in Z.A. Kaapstad 1893.
- Geyer A.L., Die Stellenbosse Gemeente in 18de  
Eeu.
- Graham, The Social Life of Scotland in 18th  
Century, London 1909.
- Greyling E., Goddiensonderwys in die kerk, Stel-  
lenbosch 1942.
- Groen van Prinsterer G., Het Paryasse Zendinggenoot-  
schap, Gravenhage 1847.
- Gunning J.H., Onze Eredienst, Groningen 1890.
- Hamerama T. e.a. De Geschiedenis van de Christelyke  
kerk, Potchefstroom 1911.
- Höpfner, Welke tyd in de Prophetische Geschied-  
enis is 1848, Kaapstad 1849.
- Halloran L., A Funeral Sermon.  
Redevoering over overwinning door de  
Britsche vloot, Kaapstad 1808.
- Hartog J., Geschiedenis v.d. Predikkunde, Utrecht  
1867.
- Hellenbroek A., Bybelsche Keurstoffen.
- Henderson G.D., Religious Life in 17th Century  
Scotland, Cambridge 1937.
- Herman, De Hollandsch - Geref. kerk van Z.A.  
tegen de sendeling D. Postma.

Heyns/.....

- 752.
- Heyns S.P., Disputation Historico - Theologica  
de Gregoria Nysseno.
- Hoekstra T., Gereformeerde Homiletiek.
- Hoge J., Geskiedenis van die Lutherse kerk  
aan die Kaap, Argief-Jaarboek 1938.II
- Huet P.D.M. Een Levenschets, Amsterdam - Kaapstad.  
Eene Kudde en een Herder.  
Afrikaansche Gedichten, 8ste druk  
Rotterdam 1930.  
Een Woord by de verschyning van De  
Onderzoeker, Kaapstad 1860.  
Het Lyden deser wereld, Amsterdam  
1868.  
Na Vyf Jaren, Amsterdam 1891.
- Jones R., Universal Charity of the Gospel, Cape  
Town 1813.  
Benefits of Religious Education, Cape  
Town.
- Joubert W.A., De Verhouding van Gelooven en Weten.
- Kearnes A.C., A brief Sketch of the Church of Eng-  
land in S.A., 1913.
- Keet D.J. , Die Voortrekkers en die Sending,  
Pretoria 1939.
- Kernkamp G.W., De Utrechtsche Academie, Utrecht 1936.
- Kestell J.D., Leven van Prof. M.J. Hofmeyr, Kaap-  
stad 1911.
- Ker J., A History of Preaching, London 1888.
- Kirby, The Diary of Andrew Smith, V.R.S.
- Kicherer J., Berichten aangaande syne sending,  
Amsterdam 1835.
- Kist E., Leerredenen over Gods Deugden,  
Dordrecht 1824.  
Beoefeningsleer, Kaapstad 1861.  
De Goddelyke Voorsienigheid, Kaapstad  
1838.
- Kolbe P. Naukeurige Beschryving van de Kaap,

- Amsterdam 1727.
- Kock J.H.M., De Ned. Geref. Gem. Kruisvallei, 1898.  
 Kotse, Biographical Memoirs and Reminiscences  
 Koers in die Krisis, dl. I. Stellenbosch 1935  
 Lauts U., De Kaapsche Landverhuizers, Leyden  
 1847.  
 Lichtenstein H., Reisen in Südlichen Africa, Berlin 1811.  
 Los S.O., Kort Overzicht v.d. Geref Kerken in  
 Z.A.  
 Mel C., De Heraut der Eeuwigheid, Amsterdam  
 1752.  
 Mentzel O.F., Beschreibung des Afrikanischen Vor-  
 gebirges, Glogan 1787.  
 Morgan G., Remarks on the Scottish Church, Cape  
 Town 1846.  
 A Lecture on Calvin, Cape Town 1864.  
 Address of the S.A. Evangelical  
 Alliance, Cape Town 1858.  
 Mackay J., The Church in the Highlands.  
 Maeder G.A., Uit de Oude en Nieuwe Doos, Kaapstad  
 1917.  
 Malan J.H., Die Opkoms van 'n Republiek.  
 Marais J.I., Geschiedenis der N.G. kerk in Z.A.,  
 Stellenbosch 1919.  
 Moorrees A., Die Ned. Geref. kerk in S.A., Kaapstad  
 1937.  
 Muir, The Church of Scotland.  
 Murray H., In the Early Days, 1906.  
 The Andrew Murray Family Register.  
 M.N., Unto Children's Children.  
 Murray J., Katechisatie Boek, Kaapstad 1921.  
 Nienaber P.J., Di Evangelii in de Volkstaal, Johannes  
 burg 1943.

Oberholster/.....

- Oberholster J.A.S. Keufees-Gedenkboek Franschhoek,  
Kaapstad 1945.  
Kwart Millenium Gedenkboek Paarl,  
Paarl 1941.
- Oberholster M., Gedenkboek N.G. Gem. Wellington,  
Paarl 1940.
- Orpen J.M., Reminiscences of Life in S.A.
- Philip J., Memoir of Mrs. Mathilda Smith.
- Porter W., The Porter Speeches, Cape Town 1886.
- Preller G., Voortrekkerwetgewing.
- Pretorius H.S. e.a., Voortrekker-Argiefstukke.
- Postma D., Geschiedenis van de Geref. kerk.  
Reglementen voor Ned. Herv. kerk in Z.A. 1825.
- Reitsma J., Geschiedenis v.d. Hervormde kerk der  
Nederlanden.
- Rooijaards H.J., De Ned.-Geref kerk in Z.A., Archief  
voor Kerkelyke Gesch. dl. 8.
- Schotel G.D.J., De Openbare Eredienst der Nedl.  
Herv. kerk, Haarlem 1870.
- Scholts du P., Die Afrikaner en sy Taal.
- Shand R., Bidstonden, Swellendam 1860.
- Schoon H.F., Dagboek van Erasmus Smit, Kaapstad  
1897.
- Smit A.P., Na Honderd Jaar, Calvinia, Kaapstad  
1947.  
Gedenkboek Gemeente Swartland,  
Kaapstad.  
Gedenkboek Gemeente Beaufort-Wes,  
Kaapstad.
- Smytegeld B., Des Christens heil en cieraad,  
Nykerk, 1858.  
Des Christens eenige Troost.
- Spyker J., Ontwikkeling v.h. voorstel.  
Mynse Gewaarwording.

- Spoeistra C., Kerkelyk en Godsdienstig Leven der Boeren.  
Zyn de Boeren vyanden der Zending?  
Zwolle 1901.
- State of the Cape in 1822, London 1823.
- Stuart J., De Hollandsche Afrikanen, Amsterdam 1854.
- Ten Bruggen Cate, De Ryks-Universiteit te Groningen, Groningen 1930.
- Theal, G.M., History before 1795.  
History after 1795.  
Chronicles of the Cape Commanders.
- Thom G., Narrative of Mr. Richard Shepherd, London 1816.
- Tyler Gray M. W., Stories of Early American Missionaries in S.A.
- Van Boetselaar van  
Dubbeldam C.W. Th., De Geref. kerken in Nederland.
- Van Broekhuizen H., Wordingsgeskiedenis v.d. Hollandse kerke in S.A., Pretoria - Kaapstad 1922.
- Van der Merwe J.P., Die Bataafse Republiek.
- Van der Lingen G.W.A., Aanwysingen Noordsche Volken, Kaapstad 1842.  
Iet, doch niet al.
- Van Gendt W., Middel der Vergelyking tusschen Gereformeerden en Lutherse, Amsterdam 1740.  
Dagelyksche Offeranden, Amsterdam 1745.  
Onderzoek der Paapsche Misse, Amsterdam 1738.
- Van Kooij F., Geschiedenis der Christelyke kerk, Utrecht 1882.
- Van Lier H.R., Power of Grace.

- Van Lier C.A.,           Dagboek, Utrecht 1804.
- Van Riebeeck J.,       Dagverhaal, Utrecht 1884.
- Van Oostersee J.,      Practische Theologie 2 dele, Utrecht  
1895.
- Van Troostenburg de  
Bruyn, C.A.L.,         De Herv. Kerk in Ned. Oost-Indië.
- Van Veen S.D.,         Eene Eeu van Worsteling, Groningen  
1904.
- Van Velden D.,         Memoirs, Kaapstad.
- Van Veldhuizen A.,    Hoe te preeken in desen tyd?
- Vos M.C.,               Merkwaardige Verhaal, B.B.V. 1911
- Vos G.J.,               Geschiedenis der Vaderlandsche kerk.  
Voortrekker-gedenkboek, Univ. van Pretoria, 1938.
- Went F.A.F.C.,         Het Universitaire Leven in Nederland  
(’S Gravenhage).
- Woodside D.,           The Soul of a Scottish Church.
- Wypkema A.,            De Invloed van Nederland op Z.A.,  
Republiek, Pretoria 1939.
- Ipey en Dermout,      Geschiedenis v.d. Herv. Christelyke  
kerk in Nederland.

IV. Ongepubliseerde werke.

- Borcherds P.B.,        Journaal gehouden op de Briquarsche  
Expeditie (Mendelsohn-versameling).
- Heyns H.A.,            Die Kerklike Werkzaamhede van  
Abraham Faure.
- Jooste J.P.,            Die Verhouding van Kerk en Staat aan  
die Kaap.
- Olivier P.L.,          Susanna Catharina Smit (geb. Maritz).
- Smit S.C.,              Dagboek.

V. Tydskrifte, Koerante en Woordsboeke.

- Almanak van die Ned. Herv. kerk van Afrika 1946.
- De Boeksaal der Geleerde Wereld.
- De Bie en Loosjes : Biographisch Woordenboek.
- De Christen.

De/.....

De Christelyke Encyclopedie.

Credo, onder redaksie van prof. V. Hepp.

Dictionary of National Biography.

Elpis.

The Friend.

Die Gereformeerde Vaandel.

De Gereformeerde Kerkbode.

De Gereformeerde Maandblad.

Graham's Town Journal.

Hervormde Teologiese Studies.

De Honigby.

Die Huisgenoot.

Kaapsche Courant of Afrikaansche Berigten.

Kaapsche Cyclopedie.

Die Kerkblad.

Jaarboek v.d. Gefed. Ned. Geref. kerke.

The Meditator.

Molhuysen en Blok: Nieuw Nederlandsch Biographisch  
Woordenboek.

The Missionary Herald.

The Natal Standard and Farmer's Courant.

The Natal Witness.

The Natal Mercury.

De Onderzoeker.

De Overbergache Courant.

South African Commercial Advertiser.

Van der Aa : Biographisch Woordenboek.

De Versamelaar.

De Volksvriend.

De Volkstem.

Met Volksblad.

De Vereeniging.

Wetten en Bepalingen der Ned. Geref. kerk.

De Ware Patriot.

De Zuid-Afrikaan.

VI. Ongerubiseerde Argiefstukke.

Acta Synodi v.d. Ned. Geref. kerk, K.K.A.

Acta v.d. Synodale Commissie, K.K.A.

Acta Synodi Noord Hollandsch, Klassikale Argief, Amsterdam.

Acta Alg. Kerkvergadering N.H. of G. kerk in Z.A.R.

Notulen v.d. Eerste Ring, K.K.A.

Staat van Godsdienst aan Ringe, K.K.A.

Notulen Kerkraad Kaapstad, K.K.A.

Notulen Kerkraad Stellenbosch.

Notulen kerkraad Franschhoek, K.K.A.

Notulen kerkraad Tulbagh, K.K.A.

Notulen der Commissie tot Opsigt, Franschhoek, K.K.A.

Resolusies Politieke Raad, K.S.A.

Brieven van het Gouvernement 1790 - 1830, K.S.A.

Bode - Papiere, Acc. 129, K.S.A.

Brievenboek van ds. A.F. du Toit, K.K.A.

Resolusieboek Kerkraad Kaapstad, K.K.A.

Aanwinste, N.S.A.

Korrespondensie-Lêer, N.S.A.

Lants-Kolleksie, T.S.A.

VII. Gepubliseerde Argiefstukke.

Acta Synodi Dordrecht 1618.

Notulen van Byeenkomsten Geref. kerken onder het Kruis.

Handelingen v.d. Vierde Alg. Synodale Kerkvergadering van de Geref. kerk.

Notulen van Comm. - Genl. J.A. de Mist.

Correspondentie tussen den Eerw. kerkraad der N.H. Gemeente en een aantal leden.

Leibbrandt C.,           Precis of the Archives.

Theal G.M.,           Abstract of Debates and Resolutions.

Belangryke Historische Dokumenten.

Records.

Dreyer/.....

759.

- Dreyer A., Die Kaapse kerk en die Groot Trek.  
Boustewwe III.
- Spoolstra C., Boustoffen I en II.
- Gerdener G.B.A., Boustewwe vir Kerkgeskiedenis.
- Bird J., The Annals of Natal.